# GEHEIMENIS VAN DIE EEUE

*Het u uself al ooit afgevra: “Wie is ek?
Wat is ek? Hoekom is ek” U is ‘n raaisel.
Die wêreld om u is ‘n raaisel.
Nou kan u ook verstaan!*

HERBERT W. ARMSTRONG

# GEHEIM
## VAN
## DIE
## EEUE

# GEHEIM VAN DIE EEUE

***Het u uself al ooit afgevra: "Wie is ek? Wat is ek? Hoekom is ek" U is 'n raaisel. Die wêreld om u is 'n raaisel. Nou kan u ook verstaan!***

**HERBERT W. ARMSTRONG**

*Ek wil graag my dank aan Aaron Dean betuig, vir die hulp wat hy verleen het met die skrywe en voorbereiding van hierdie boek. Weens my swak sig sou hierdie boek, sonder sy hulp, nooit die lig kon sien nie.*

**Hierdie boek mag nie verkoop word nie.**
Dit is ‘n gratis opvoedkundige diens in
die openbare belang, en word deur die
Filadelfia Kerk van God gepubliseer.

© 1985, 2003, 2005, 2007, 2009 Filadelfia Kerk van God
*Alle regte voorbehou*

Gedruk in die Verenigde State van Amerika
Bybeltekse in hierdie publikasie is ontneem vanuit
die 1953 Afrikaanse Vertaling vertaling,
tensy andersins gemeld.

*Ek wil graag hierdie boek ter nagedagtenis*
*aan my vrou van 50 gelukkige jare,*
*Loma Armstrong, opdra*

# *Skrywer se Verklaring*

Hoekom het ek hierdie boek geskryf? Ek het 'n lang, aktiewe, lewe gelei, gevul met interessanthede wat oor die laaste agt en 'n half jaar van die 19de eeu, en die twintigste eeu tot op hede, strek.

Ek het perd en perdekar era, die outomobiel en industrieële era, die vliegtuig en die atoom eras en nou die ruimte in, beleef. Ek het die eras van die landelike-boere van Amerika gesien terwyl hulle al singende van geluk agter hul perd getrekte ploeë loop, asook die stedelike era waarin die Middewestelike Amerikaanse boere kerm en spook vir meer regering-subsidies om die verwoesting van plaaslewe te voorkom.

Ek het die ontsaglike vooruitgang en prestasies in industrie en tegnologie, van hierdie twintigste eeu, gesien ontvou. In teenstelling, het ek ook die onrusbarende eskalasie van ontsettende euwels, misdaad en geweld waargeneem, en hoe die smeltkroes van atoom oorlog, ontwikkel om die hele menslike ras in die huidige bestel met uitwissing te dreig. Hierdie toestand en feite is inderdaad verborgenhede [duisterhede, geheime] wat tot nou toe onopgelos is en dit nou nodig is, om te verklaar.

Ek het oor die die hele aarde gereis. Met rykes, armes en diegene tussenin kennis gemaak. By aanvoerders in industrieë, keisers, konings, presidente en eerste ministers besoek afgelê. Ek het met die ongeletterdes en armoediges kennis gemaak en van

naderby leer ken. Ek het hierdie wêreld, eerstehands soos min ander, van naby beskou.

Deur hierdie lang, polsende veelbewoë lewe, het ek baie vrae aan myself gestel, wat diep verborge raaisels was, en vir hierdie wêreld in sy geheel, steeds onbeantwoord en onverklaarbaar is.

Toe ek maar vyf jaar oud was, het my vader aan my gesê, dat ek in volwassenheid ‘n Filadelfiese prokureur sou word, omrede ek deurentyd so baie vrae oor so baie dinge, wat ek wou VERSTAAN, gevra het. Ek het gesmag om te kon VERSTAAN. God het aan Koning Salomo, die mees verstandigste man wat ooit gelewe het, en wat wysheid begeer het, wysheid bo almal gegee. Na soveel jare, besef ek nou, dat dieselfde God ook aan my BEGRIP vir hierdie lewe se diepste geheime wat in die meeste harte, ‘n blywende raaisel is, gegee het.

Hoe het dit alles gebeur? Ek was in ‘n Protestantse Kerk grootgemaak tot op ouderdom 18 en het, egter nooit, gehoor dat hierdie kwellende vrae, ooit in die Kerk beantwoord is nie. Sou die Bybel egter hierdie vrae beantwoord, hoekom is daar dan so baie denominasies van Christelikheid en so baie onenigheid oor wat die Bybel verklaar?

Maar wie kan die Bybel verstaan? Tewens, ek het dit beslis nooit verstaan nie, en selfs al kon ‘n mens dit verstaan, kan mens die Bybel glo? Spreek dit met outoriteit? Hierdie vraag het my verwar en sal die oplossing van hierdie raaisel in hierdie boekdeel duidelik gemaak word. Ek het op 34-jarige ouderdom, in die jaar 1926, begin verstaan. Dit, het egter net daar begin. Die finale kristalhelder rede waaroor ek aangespoor was om hierdie boek te skryf, het nie ten volle tot my verstand deurgedring, tot Desember 1984 nie. Dit was ‘n oorweldigende besef –‘n vername waarheid—wat in hierdie boek duidelik gemaak sal word.

Gedurende die somer van 1926 is my gedagtes vir die waarheid wat in hierdie boek gedek sal word, geopen.

Ek het myself afgevra: “WIE is ek? WAT is ek? HOEKOM is ek?” Ek het gepoog om die antwoord daarop te beredeneer, maar kon nie. Dit was ‘n raaisel. Toe, gedurende die herfs, was ek met ‘n kwellende uitdaging oor ‘n bybelse vraag en die teorie van evolusie, gekonfronteer. Die gevolg was dat my verstand vir verbasende vistas, diepgaande kennis en begrip oopgemaak was.

Dit het alles begin met die vraag oor die teorie van evolusie en die godsdienstige vraag oor Sondagviering.

Ek was bewus daarvan dat die Bybel die wêreld se nommer een boek verkoper was. Vir my egter, was dit nog altyd 'n raaisel. Ek kon dit eenvoudig net nie verstaan nie.

Ek het gesê, "Die Bybel sê, 'Jy moet Sondag vier.'" Ek was gevra hoe ek dit weet, en of ek dit in die Bybel, gelees het?

My antwoord daarop was dat al die kerke Sondag vier en dat dit my mening was dat hulle bron vir die leerstelling, die Bybel was.

My huwelik was egter na aanleiding van die vraag op die spel. Dit het my genoodsaak om 'n in diepte studie en navorsing ten opsigte van die Bybel, asook die teorie van evolusie, wat op daardie tydstip baie vinnig op die gebied van hoër-onderwys aanvaarding begin verkry het, aan te voor.

My in diepte studie van die werke van Darwin, Huxley, Haekel en dies meer het daartoe gelei dat ek die gesag van die Bybel en selfs die bestaan van God, bevraagteken het.

Hierdie intelletuele denkers het bewus geword van die toename in kennis van die heelal. Hulle kon egter nie daarin slaag om hierdie toename van kennis met die godsdienstige denke van hul tyd te vereenselwig nie. My navorsing, oor die denke van die grondlêers van die teorie van evolusie, het my herinner, oor, wat, ek in die agtste Psalm gelees het—hoe Koning Dawid, 'n monarg van 'n outydse volk, na die sterre in die hemelruim gekyk het, die uitgestrektheid van die heelal waargeneem het en begin wonder het. In sy gedagtes het hy gewonder oor wat hy was? Wat was die mens—in hierdie ontsaglike uitgestrektheid van 'n eindelose heelal? Ek het gevind dat hierdie eertydse koning nooit die volle antwoord op die vrae wat sy gedagtes geteister het, gekry het nie. Later egter, tydens dieselfde navorsing, het ek agtergekom dat die finale antwoord aan die Apostel Paulus onthul was en in hoofstuk twee van die boek Hebreërs, verduidelik word. Ek was vasberade om volkome bewyse van God se bestaan en die gesag van die Bybel te kry, of om beide te verwerp. Ek het besef dat die meeste mense 'n geloof op onverskillige veronderstelling glo of verwerp, op grond van wat hulle ookal hoor of geleer is, of sonder enige bewyse aanvaar het. My behoefte was om te verstaan. Ek wou ook op grondige en positiewe bewyse, sekerheid verkry, en nie maar net op aanvaarding van wensdenkery berus nie.

Na baie maande, van feitlik dag-en nag se intensiewe studie, is die antwoorde aan my openbaar, met getuienis wat absoluut en positief was.

Ek kon nie langer die bestaan van God as vanselfsprekend aanvaar, net omdat ek dit altyd gehoor het, of so geleer was nie. Nou het ek onteenseglike en positiewe bewyse vir die bestaan van 'n Allerhoogste Skeppergod en die absolute outoriteit van die Bybel, as die Woord van God, gekry—die geopenbaarde boodskap en kennis van God aan die mensdom.

Ek het gevind die Bybel 'n gekodeerde boek is, met antwoorde daarin vir die vernaamste geheime wat die mensdom konfronteer.

Die openbaring van hierdie geheime was selfs vir die Kerk van God verlore, alhoewel die openbaring daarvan in die geskrifte van die Bybel bewaar is. Hoekom dan, het die wêreld dit nog nooit ten volle verstaan nie? Juis omdat die Bybel 'n gekodeerde boek is, en nie bedoel is om verstaan te word, tot in ons dae in hierdie laaste helfte van die twintigste eeu nie. Gedurende my nag-en-dag studie, het ek agtergekom hoekom dit die mees onverstaanbare, boek is, nieteenstaande, dit die wêreld se beste verkoper is. Die volledige verduideliking, of waarheid, van enige onderwerp, word selde, volkome in een reël of vers duidelik. Ander gedeeltes, faktore of fassette van die onderwerp word gewoonlik in een of verskeie ander reëls en verse in verskeie ander dele van die Bybel, in die Ou-of Nuwe Testament, bevat. 'n Ware en volle begrip van die onderwerp is voordelig alleenlik wanneer hierdie en verskeie ander gedeeltes, wat dwarsdeur die Bybel versprei is, bymekaar gebring word.

Vergesigte van kennis en begrip, wat die vernaamste raaisels van die lewe vir die meerderheid mense inhou, is voor my verbaasde oë en verstand duidelik gemaak. Dit is in daardie boek opgeteken dat, in die dae waarin hierdie geslag lewe, die grootste geheim, duidelik sal word. Dit was inderdaad, aan my verbaasde gemoed, so gewees.

Ek het geleer dat die Bybel soos 'n legkaart is—duisende gedeeltes wat saamgevoeg moet word—en daardie gedeeltes kan net op een manier aanmekaar gelas word. Eers dan word die prentjie kristalhelder vir diegene wat bereid is om te glo wat ons Skepper sê.

Hierdie boek bring slegs die baie gedeeltes van die groot legkaart bymekaar, sodat dit duidelik verstaan kan word.

Vergelyk gedurig met u eie Bybel, soos wat u hierdie boek, lees-en herlees. Sien met u eie oë die waarhede in u Bybel. Terwyl u dit doen, moet u gemoed oopgestel wees, sodat God u in Sy WAARHEID in kan lei. Dit sal alles sin maak soos nog nooit tevore nie.

Tyd sal moontlik bewys dat hierdie die belangrikste boek is wat tydens die afgelope 1,900 jaar gskryf is. Nie vanweë literêre voortreflikheid, vleiende taalgebruik of geleerdheid, wat met opset vermy is nie. Maar omdat dit dié belangrikste kennis, wat nog ooit geopenbaar is—deur die allermagtigste bron van intelligensie—en die mens vanaf sy ontstaan dronkgeslaan het, in eenvoudig verstaanbare taal opklaar.

Die mensdom is verblind oor wie, wat en waarom die mens is—hoe die mens op die aarde verskyn het. Die mens is gemistifiseer deur sy onbekwaamheid om sy probleme op te los, of om antwoorde te bekom vir die verbysterende vrae oor die mens en die wêreld wat hy bewoon.

Al hierdie geheime is reeds lank gelede deur die een oppermagtigste bron van alle kennis geopenbaar, maar in ‘n gekodifiseerde boodskap wat nie toegelaat is om geopenbaar en gedekodifiseer te word, tot in ons tyd nie.

Gedurende die eerste eeu is die Kerk met ‘n ander evangelie geinfiltreer. Menige valse leerstellings en valse kerke het onder die vaandel van ‘tradisionele Christendom’ op die toneel verskyn. Die hele wêreld is mislei, soos wat God in Openbaring 12:9 bekend maak. Hierdie basiese waarhede is in verborgenheid gehul. Selfs eerlike en welmenende mense in die bediening het die leerstelling ooreenkomstig die kerke se tradisionele wyse van oorlewering ontvang. Hulle het aanvaar dat hierdie valse leerstellings die ware leerstellings van die Bybel is. Pleks daarvan dat die verskeie stukke van die legkaart sinvol en behoorlik bymekaar gevoeg word, het dit die praktyk en gewoonte geword om ‘n valse leerstelling wat reeds geglo word, in ‘n besondere skrifgedeelte, wat uit verband geneem is, in te lees. Met ander woorde, beteken dit, dat die skrif uitgelê word, om dit wat reeds aangeleer en geglo word, te pas. Die Bybel is selfvertolkend en het dus nie vertolking nodig nie. Dit word duidelik wanneer

die onderskeie skrifgedeeltes van elke onderwerp behoorlik by mekaar gebring word, soos wat die Bybel self sê, "hier 'n bietjie, daar 'n bietjie"(Jesaja 28:10). Selfs die wêreld van verklaarde tradisionele Christendom is verlei.

Ek het etlike kere reeds gesê dat dit moeiliker is om 'n foutiewe veronderstelde waarheid af te leer, as wat dit is om 'n nuwe waarheid aan te leer. Selfs in hierdie 58 jaar wat verby is, het ek nie ten volle die veelseggendheid, van die feit, wat in Genesis 3:22-24, openbaar is, besef nie—dat God in werklikheid, die Heilige Gees en ewige lewe vir die mensdom, oor die algemeen af gesluit het, totdat Satan met Jesus Christus se wederkoms verwyder sou word. Tradisionele Christendom se leer aanvaar nog altyd dat daar 'n stryd tussen God en Satan is—dat God desperaat is "om die wêreld te red," maar dat Satan hierdie groot twis wen. Met ander woorde, God het vir Jesus Christus met Sy eerste koms gestuur, sodat Hy kon probeer om hierdie stryd met Satan wat steeds woed, te wen. Tradisionele Christendom, leer dat, "wie ookal wil, mag kom" om deur Jesus "gered" te word.

Ek het oor etlike jare gedeeltelik tot die besef gekom dat hierdie veronderstelling vergissing is, en het die waarheid hieroor, egter, baie onlangs eers vir my kristal-helder geword. Hierdie waarheid is werklik oorweldigend. Dit verhelder 'n geheim wat eens in duisternis gehul was.

Aangesien dit God se tyd vir die skryf van hierdie boek is, word dit vertrou dat menige oë vir die waarheid van hierdie lank verborge geheime, geopen sal word

En nou, in my 93ste jaar, is ek gelei om hierdie boek, voordat hierdie merkwaardige lewe eindig, te skryf om vir almal wat graag wil weet, die antwoorde wat die opperste verstand van God in Sy Woord openbaar—te voorsien, indien ons maar net gewillig sal wees om daardie Woord te wil verstaan.

# *Inhoudsopgawe*

**SKRYWER SE VERKLARING** .................................................. ix

**VOORWOORD** ........................................................................ 1

**INLEIDING**
**Hoe die Sewe Geheime Geopenbaar was** ...................................... 6

**HOOFSTUK ENE**
**Wie en Wat is God?** .................................................................... 27

**HOOFSTUK TWEE**
**Geheim van Engele en Bose Geeste** ............................................. 50

**HOOFSTUK DRIE**
**Die Geheim Van Mens....................................................82**

**HOOFSTUK VIER**
**Geheim van die Beskawing ............................................ 117**

**HOOFSTUK VYF**
**Geheim van Israel........................................................ 137**

**HOOFSTUK SES**
**Geheim van die Kerk................................................... 171**

**HOOFSTUK SEWE**
**Geheim van die Koninkryk van God .............................. 251**

# *Voorwoord*

HET U AL OOIT VIR USELF AFGEVRA: "WIE IS EK? WAT IS ek? Hoekom is ek?" Die wêreld om jou is 'n raaisel. U, self is 'n raaisel. U het nog nooit u eie brein gesien, of die setel van u intellek en alles wat u is nie.

U hele lewe is gehul in raaisels. By nadere oorweging is u hele bestaan 'n raaisel. Het u eenvoudig maar net onstaan as gevolg van onintelligente aardse magte, sonder enige betekenis of doel? Of was u deur 'n Almagtige God geskep, wat oor ooperste intellek beskik, vir 'n spesifieke doel wat ook in verborgenheid gehul is? Inderwaarheid, is die hardnekkige tradisie regdeur mensegeskiedenis omtrent die Skepper so 'n groot raaisel dat hoër opvoedkunde in die Westerse Wêreld poog om die raaisel op te los, deur feitlik eenstemmige aanvaarding aan die teorie van evolusie te verleen.

Opvoedkundige verspreiding in die menslike ras het eers in die 15de eeu 'n aanvang geneem, na die uitvinding van die drukkery. Soos wat opvoeding versprei het—en intellektualisme ontvou het—soos wat die kennis van astronomie, kennis van die heelal vermeerder het, het denkers vrae begin vra. Wat van die hele uitgestrektheid van die heelal? Hoe het dit ontstaan? Rasionale wetenskaplike georienteerde denkers het gevind dat hulle nie ontvouende kennis van 'n uitbreidende heelal met die leer of geloof soos wat hulle dit geken het deur die Rooms Katolieke Kerk of Protestantisme wat die Westerse

wêreld gedomineer het, kon vereenselwig nie. Die leer van 'n lang-harige, half-vroulike beskrywing van Jesus en die konsep van 'n God, bestaande uit onsigbare gees was nie intellektueel bevredigend vir hulle nie. Dit alles was 'n kollosale raaisel. In die skyn van eie verklaarde, geleerdheid het hulle gepoog om die raaisel te vermy, bloot op grond van materialisme. Hulle het hulle nuuskierigheid tevrede gestel, deur te poog om 'n oplossing in die raaisel van afkoms, bestaan en lewe, te verkry, deur middel van ' n selfbevredigende, materialistiese verduideliking.

Die teorie van evolusie, het geleidelik ontwikkel, in denkende, en tog onkundige verstande wat gevul was met intellektuele ydelheid. Hierdie denke het in die teorie van "gebruik en onbruik" van de Lamarck, ontwikkel. Op sy hakke het Charles Darwin, met sy teorie van "oorlewing van die sterkste," gevolg. Darwin is egter oorlede, baie onseker van sy eie stellings. Twee kollegas egter, Haeckel en Huxley, het hewig gestry vir die publieke aanvaarding van Darwin se teorie.

Maar was hierdie menslike verstande, gevul met intellektuele ydelheid oor hul mensgemaakte teorie, dan meer alwetend as die Alwetende wat hulle geskape het? Die teorie van evolusie is deur menslike brein versin in 'n poging om die teenwoordigheid van 'n skepping sonder 'n voorafbestaande goddelike Skepper te verduidelik.

Sou die almagtige God u Skepper wees en Hy bestaan as die goddelike Skepper van al wat is, dan ontvou die geheim van God, in volgorde van tyd, as die eerste en vernaamste raaisel van almal.

Wie en wat is God? Dit is 'n geheim wat nie deur enige geloof, verstaan word nie, nie deur die wetenskap verduidelik word nie, en ongeleerd deur hoër opvoedkunde. Die intellektuele ydele ontwerpers van die evolusie teorie, het gevind dat die bestaan van God soos deur die godsdiens aangebied word, 'n raaisel is wat hulle nie verstaan of aanvaar nie. Maar die godsdienstiges wat deur hulle verwerp is, het self nie die geheim van God verstaan nie. Dit is egter so, dat God hom deur Sy Woord, die Heilige Bybel openbaar, indien hierdie godsdiens yweraars net God se openbaring wil glo. God openbaar hom in Sy Woord, die Bybel, maar feitlik niemand verstaan dit nie. "Die Bybel is 'n boek wat niemand verstaan nie," het outeur Bruce Barton,

gesê. Die Bybel is op sigself die basiese raaisel wat alle raaisels openbaar.

Indien die waarheid oor God, raaisel nommer een is, wat in die Bybel openbaar word, dan is die waarheid in verband met engele en bose geeste sekerlik raaisel nommer twee. Is die bestaan van geestelike wesens feite of mites? Is daar in werklikheid ‘n duiwel? Is hy, deur God geskep? Indien daar heilige engele is, wat is hulle doel en funksie? Dit word duidelik in die Bybel verklaar dat hierdie wêreld deur ‘n onsienlike vorstedom van bose geeste, regeer word. Word mense en selfs regerings, vandag deur bose geeste geaffekteer? Word selfs u eie lewe deur bose geeste geaffekteer? Dit wil voorkom asof hierdie vraag ook deur verborgenheid omhul is.

Die raaisel van jou eie lewe—of selfs die mensdom in geheel, is sekerlik raaisel nommer drie. Wat en hoekom is die mensdom? Is die mens ‘n onsterflike siel? Weet die dooies wat die lewendes doen? Het mens, ’n vleeslike wese van vlees en bloed, ‘n onverganklike siel binne in hom? Is daar betekenis en doel in die lewe van ‘n mens? Het ons geëvolueer deur onintelligente materiële magte, sonder enige betekenis of doel? Hoekom is mense beset met oënskynlike onoplosbare probleme?

Vierde in lyn van hierdie onverstaanbare raaisels is die beskawing wat in die mens se wêreld ontwikkel het. Hoe het dit ontwikkel? Hoekom vind ons ‘n wêreld van asemrowende vordering en vooruitgang, insgelyks en paradoksaal met ontsettende en stygende euwels? Hoekom kan die slimmes wat ruimtevaartuie, rekenaars bou en wetenskaplike wonders in tegnologie en in industrieë verrig, nie die probleme oplos, wat die mensdom se onvermoë demonstreer, nie?

Volgende in die ontwikkeling van die menslike gemeenskap is die raaisel van die Jood en die outydse volk van Israel. Is die Jode die outydse volk van Israel? Hoekom het God een spesiale nasie op die been gebring? Hoekom het God hierdie “volk uitverkies?” Is hulle God se “begunstigdes?” Diskrimineer God teenoor ander nasies? Trek God sekere persone voor? Wat is die doel van Israel, in die goddelike bestemming, van dinge?

Kom nou by die raaisel van die Kerk. Hoekom moet daar, die instelling van die Kerk in die wêreld wees? Is daar ‘n doel daarvoor, wat nie eens deur die geloof van tradisionele

Christendom verstaan word nie? Bestaan die Kerk uit net een Kerk wat deur Christus gestig is, of bestaan dit uit 'n menigte van sektes en denominasies? Is die Kerk goed georganiseer ooreenkomstig 'n definitiewe patroon deur Christus, daargestel? Is daar regering en gesag in die Kerk? Is dit 'n groot universele Kerk met miljoene lede of is dit 'n klein Kerk wat vervolg word? Hoe kan die ware Kerk vandag deur enige iemand herken word?

Eindelik, hoekom die raaisel van die koninkryk van God? Christus se boodskap was "die koninkryk van God." Is die koninkryk van God iets wat binne-in elke persoon is? Is dit iets wat in mense se hart, tot stand kom? Is dit die instelling van die Kerk? Of is dit totaal en al iets, anders? Waarom dan hierdie geheim oor die evangelie van Jesus Christus?

Hierdie is die SEWE BESONDERE GEHEIME wat die lewe van elke mens op hierdie aarde raak. Die EENVOUDIGE WAARHEID omtrent hierdie raaisels, word in die Bybel geopenbaar. Oënskynlik begryp nóg die kerke, nóg die teoloë dit.

Hoekom nie? Die Bybel is tog die grondslag raaisel van alles.

Wanneer die Bybel van begin tot einde deurgelees word, raak mens verbouereerd. Die Bybel kan nie soos enige ander boek gelees word nie. Dit is 'n raaisel omdat dit 'n gekodeerde boek is. Dit is soos 'n legkaart wat uit duisende stukkies van verskeie vorme bestaan en net op een manier inmekaar pas. Die waarhede wat in die Bybel bevat word, word hier 'n bietjie, daar 'n bietjie geopenbaar. Dit kom verspreid deur die Bybel voor en kan net deur die Heilige Gees geopenbaar word aan diegene, watin volle oorgawe aan God, gewillig is om hul dwalinge en foute te erken en Christus as die Woord van God, te GLO. Christus was daardie Woord in persoon en die Bybel is dieselfde woord in druk.

Slegs die Heilige Gees kan begrip vir die Woord van God aan die menslike verstand open. Niemand kan die Heilige Gees besit sonder volle berou en absolute geloof in Christus, sowel as onvoorwaardelik te glo wat Hy sê, nie. Berou volg alleenlik na erkenning van sonde—van oortreding en ongeloof. Blykbaar is die moeilikste ding vir 'n mens, om te erken dat hy verkeerd is—om 'n verkeerde geloof en oortuiging te bely—om valse kennis te verleer en ware kennis aan te leer.

Is dit dan geen wonder dat hierdie, die boek is wat niemand ken of verstaan nie?—of sekerlik feitlik niemand nie.

God het opsetlik Sy boek gekodeer sodat dit nie, voor die moderne tyd van vandag, verstaan kan word nie. Hoekom is dit moedswilliglik gedoen? Selfs dit is ‘n raaisel. Die volgende bladsye, sal dit openbaar.

In die 12de hoofstuk van Daniël lees ons dat selfs hy, ‘n toegewyde man van God, nie kon verstaan wat aan hom gegee was om as deel van die Bybel te skryf nie. Hy hoor, maar, verstaan nie, het hy gesê. Die bekendmakende engel het aan hom gesê, “Gaan heen, Daniël, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe.”

Daardie tyd is nou. God het begrip vir Sy Woord aan Sy uitverkorenes, diegene wat hulself in totale oorgawe aan Hom en Sy geseënde, heilige Woord oorgegee het, verleen. In die 12de hoofstuk van Daniël, sê dit, aan die einde sal die “verstandiges” verstaan, maar “geeneen van die goddelose mense sal verstaan nie.” Wie, dan, is daardie “verstandiges” wat die Bybel mag verstaan?

“Die vrees van die Here is die beginsel van die wysheid” (Psalm 111:10) en “almal wat dit [Sy gebooie] beoefen, het ‘n goeie [begrip].” (Die KJV haal dit so aan, ‘*a good understanding have all they that do his commandments*’) Tradisionele Christendom, egter verloën, oor die algemeen God se gebooie—en beweer dat hulle (die gebooie) aan die kruis vasgespyker was, derhalwe is daarmee weggedoen. Daarom is leraars en teoloë van georganiseerde “Christendom,” nie in staat om die Heilige Bybel te verstaan nie.

Hoe kan ons in hierdie boek dit verstaan, en aan die leser die verbysterende raaisels openbaar? Hierdie vraag, sal in die Inleiding hierna, beantwoord word.

# *Inleiding*

# *Hoe die Sewe Geheime Geopenbaar was*

Die wêreld se nommer een bekommernis vandag is die vraag of die mensdom kan oorleef! Die wetenskap en tegnologie het wapens van massa verwoesting geproduseer, wat *alle menslike lewe* op hierdie aarde kan uitdelg!

So baie nasies besit vandag kernwapens dat een malle die Derde Wêreld Oorlog kan laat ontvlam. Hierdie kernoorlog kan die hele mensdom op hierdie planeet uitwis.

Tog sou die waarheid van God—indien dit bekend was en mense daarop reageer—die mensdom van hierdie bedreiging, met al sy boosheid, kon red.

Staan 'n oomblik stil.

Dink hieroor.

Ons lewe in 'n wêreld wat oënskynlik ver gevorderd is in die wetenskap, tegnologie, hoër opvoedkunde en die verspreidng van kennis. Mense dink dit is 'n wêreld van geweldige vooruitgang. Ons stuur mense na die maan om daar te kere te gaan en bring hulle veilig terug aarde toe. 'n Onbemande ruimtetuig land op die planeet Mars en foto's van die planeet se oppervlak, wat van naby geneem is, word na die aarde teruggestuur. Ander onbemande ruimte-tuie vlieg naby die planeet Jupiter verby, en verbasende fotos van Jupiter en die ringe van die planeet Saturnus word geneem en teruggestuur. Mensharte en ander organe word deur chirurge oorgeplant.

Dit is 'n betowerende, veruklike wêreld waar werk meesal deur masjinerie gedoen word met die druk van 'n knoppie. Dit is die bekorende wêreld van gemaklikheid, luuksheid en losbandigheid.

Maar in teenstelling daarmee is dit ook 'n wêreld van ONKUNDE! Selfs die geleerdes *weet nie* hoe om hul eie probleme en die wêreld se euwels op te los nie. Hulle *weet nie* van 'n wêreld van VREDE of die WARE WAARDES van die lewe nie!

Ongeveer helfte van die wêreld se bevolking is ongeletterd, en in die greep van volslae armoede, en lewe hulle in vuilheid en smerigheid. Die streng maaier van hongersnood en siekte veroorsaak die verlies van miljoene menselewens.

Dit is 'n ongelukkige, rustelose en gefrustreerde wêreld, wat 'n hopelose toekoms in die gesig staar. Dit is 'n wêreld wat deurtrek is met stygende misdaad, geweld, immoraliteit, onregverdiheid (selfs in howe), oneerlikheid, korrupsie in regerings en besigheid, voortdurende oorloë, wat nou op 'n *finale* kern Wêreldoorlog III, dui.

Hoekom hierdie teenstrydigheid van "VOORUITGANG" te midde VAN AGTERUITGANG?

## *GOD SE WAARHEID SOU DIT OPGELOS HET!*

Egte geloof—God se waarheid gemagtig deur die liefde van God wat deur Sy Heilge Gees oorgedra word—sou die weg na geluk, oorvloed en ewige verlossing aangedui het.

Wanneer u sien wat met die wêreld se gelowe verkeerd is, sal u die *oorsaak* van alle wêreldse boosheid, duidelik kan aanwys!

Wat is godsdiens? Dit word gedefinieer as die aanbidding van, en diens aan God of die bo-natuurlike. Dit is die verwantskap tussen die mens en sy Skepper. Sommige gelowe het die definisie daarvan verdraai. Hulle aanbid nie hulle Skepper nie, maar aanbid die gode, wat *hulle vir hulleself,* geskep het. Geloof is betrokkenheid, optrede, beginsels, lewensweg en begrip van die hiernamaals.

Die ware OORSAKE van al die wêreldse geloofsverwarring—en al die booshede daarvan, word in SEWE BASIESE GEHEIME (RAAISELS) geopenbaar. Hierdie raaisels maak hierdie babilon, van godsdienstige verwarring en gevolglike wêreld chaos, uit vir wat dit is!

Maar God se tyd het gekom! Hy stuur nou 'n stem wat met uitgebreide krag, tot aan die uithoeke van die wêreld, uitroep, om die *weg vanuit* hierdie dwase malligheid, na 'n wêreld van VREDE en geregtigheid, wat binnekort hierdie aarde sal *aangryp*, te lei.

In die boek van Jesaja is daar 'n "NOU" profesie: "'n Stem van een wat roep: Berei in die woestyn die weg van die Here….hef jou stem op met mag; hef dit op, wees nie bevrees nie; sê….Kyk, die Here sal kom as 'n Sterke, en Sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig" (Jesaja 40:3, 9-10).

Daardie stem roep nou uit!

Dit word deur die profeet Maleági, bevestig : "KYK, Ek stuur my boodskapper wat die weg voor My uit sal baan; dan sal skielik na sy tempel kom die Here na wie julle soek, naamlik die engel van die verbond, na wie julle 'n begeerte het. Kyk, Hy kom, sê die Here van die leërskare" (Maleági 3:1).

## *DIE ELIA WAT KOM*

Beide profesieë, het 'n tweeledige bedoeling. Eerstens verwys dit na Johannes die Doper, wat die weg vir Jesus se bediening as mens, meer as 1,900 jaar gelede, voorberei het. MAAR, as 'n model, of voorloper, voorspel hierdie profesieë, van een wat die weg sal voorberei, vir die Wederkoms van Jesus Christus as die Koning van konings en Here van die here, om OOR AL DIE NASIES TE REGEER!

Maleági se profesie, net soos die van Jesaja s'n, indien verder as die eerste vers gelees word, verwys na 'n menslike boodskapper wat die weg voorberei vir Christus se dreigende Wederkoms, hierdie keer in oppergesag, KRAG EN GLORIE as Heerser oor alle nasies!

Die beginsel van hierdie tweeledigheid moet verstaan word. Hierdie profesieë verwys na 'n voorbeeld en die vervulling daarvan.

Johannes die Doper was 'n stem wat in die *fisiese* wildernis in die omgewing van die Jordaanrivier uitgeroep het, en die weg gebaan het vir Jesus se *fisiese* eerste koms, na die *stoflike* tempel te Jerusalem, na die *fisiese* Juda toe. Dit was egter net 'n tipe of voorloper van 'n stem wat "opgehef word," (geweldig vergroot

deur hedendaagse drukwerk, radio en TV) wat uitroep te midde van vandag se *geestelike* wildernis van geloofsverwarring, om die dreigende Wederkoms van Christus, as die geestelik VERHEERLIKTE Christus wat na Sy geestelike tempel kom (Sy Kerk wat na geestelike onvergangklikheid verrys) aan te kondig (Efésiërs 2:21-22).

Meer as 1,900 jaar gelede, het Christus gekom om die TOEKOMSTIGE Koninkryk van God aan te kondig. Hierdie keer kom Hy om die daardie koninkryk te VESTIG. Hierdie laaste waarskuwende boodskap, in die eindtyd, word nou met versterkte krag WÊRELDWYD uitgestuur.

Dit is 'n boodskap wat na konings, keisers, presidente, eerste ministers van nasies—en na hulle mense, op al die vastelande en nasies van die wêreld uitgaan!

Hoe kan 'n mens in hierdie eeu van geloofsverwarring, die sewe basiese geheime (raaisels) van die eeue te wete kom, midde in die wêreldaangrypende, versameling van gelowe?

Hoekom is mense in Thailand oor die algemeen Boeddiste; dié in Italië, Frankryk en Spanje Katoliek en die in die Arabiese lande, Islamities? Hoofsaaklik, omrede hulle en diegene om hulle, groot geword en geleer het om daardie gelowe outomaties te aanvaar. Om te verwag dat een van hulle die waarheid (wat vir hulle verberg is, en wat ook teenstrydig met hul leerstellings wat hulle vanaf kindsbeen tot in volwassenheid omhul het) sou ontdek, sal wees om die onmoontlike te verwag.

Hoekom glo die meerderheid mense die dinge wat hulle glo? Daar is egter min mense wat op terugblik, hulself afvra hoe hulle dit wat hulle glo en wat in hulle gedagtes vasgelê is, aanvaar het.

## *DIE BRON VAN WAARHEID*

U het seker al prente van die standbeeld *Die Denker* gesien. "'n Alleensittende man wat vooroor leun, elmboë op knieë, 'n hand wat sy kop stut. Daar sit hy, in die veronderstelling dat hy diep in gedagte is, uur na uur, dag na dag—net dinkende!

Die veronderstelling is dat die standbeeld die wyse skilder, waarop sommige van die wêreld se gelowe tot stand gekom het.

Maar *Die Denker* het niks gehad om *van* te dink nie! Daar is geen fondasie vir sy gedagtes nie. Geen feite waarop hy sy gissings kon baseer nie.

Die menslike verstand is nie toegerus om waarheid te bedink waar daar nie 'n grondslag vir daardie waarheid bestaan nie!

Dit wil egter voorkom asof min, rêrig *dink!*

Die meeste mense aanvaar met onverskilligheid dit wat hulle van kindsbeen af geleer word. Later, wanneer volwassenheid bereik word, aanvaar hulle dit wat hulle by herhaling gehoor, gelees of geleer het. Hulle gaan gewoonlik saam met die stroom, sonder om enige iets te bevraagteken. Meeste mense besef nie dat hulle net onverskillig aanvaar het wat hulle glo – sonder om dit te bevraagteken of te bewys. Tog sal hulle hul oortuigings kragtig en emosioneel verdedig. Dit het menslike natuur geword om saam met die stroom te vloei—om saam met die menigte te gaan—om te glo en te handel soos diegene om hulle.

Verder, is die meeste mense koppig om te glo, wat hulle onwillig is om te glo. Daar is die ou gesegde wat sê, "hy wat teen sy sin oortuig word bly steeds van dieselfde opinie."

Ek was ook nie anders nie. Ekself, en met eie wilskrag, sou nooit hierdie UITMUNTENDE WAARHEDE ontdek het nie.

Maar dan, die profeet Moses sou ook nooit die waarhede waaroor hy geskryf het ontdek het nie—die eerste vyf boeke van die Bybel. Dit het 'n wonderwerk van GOD geverg, met die insident van die brandende bos, sodat God sy gedagtes vir die dinge van GOD kon oopmaak. Moses het nie vir God gesoek nie. God het Moses geroep en is hy opgedra om 'n taak te verrig. Selfs toe hy deur die stem van God gekonfronteer was, het hy geprotesteer. Hy het gehakkel! Hy was van mening dat hy nie vir die taak kwalifiseer nie. Hy het egter ingestem toe God hom meedeel dat Hy Aäron, sy broer, as woordvoerder sou hê. God se opdrag was onweerstaanbaar en Moses het toegegee.

Eeue later, sou die die Apostel Paulus, nooit uit eie wil, God se WAARHEDE kon besef of openbaar nie. Op daardie tydstip het hy "dreigemente en moord geblaas teen die dissipels van die Here" (Handelinge 9:1). Maar die lewende Jesus het hom met blindheid getref, hom tot besinning gebring, en daarna opgelei om Sy (Christus) se besluite uit te voer. Christus het persoonlik, vir hom baie van die WAARHEDE wat u hierin sal lees, bekend gemaak.

Hoe het dit dan gebeur dat ek die kosbare WAARHEID begin verstaan het? Baie beslis nie uit my eie uit, of omdat ek daarna

gesoek het of vanweë my eie deugsaamheid nie. Jesus Christus het my egter op ‘n heel ander wyse getref, as die ondervinding wat Paulus gehad het, maar nietemin, net so pynlik en doeltreffend.

Sulke basiese WAARHEDE word *geopenbaar* en nie deur enige menslike verstand uitgedink nie. Dit is van God afkomstig en nie van enige mens nie! In al die gevalle wat in die Bybel genoem word, was die inisiatief altyd God s’n!

Jeremia het geprotesteer dat hy te jonk was. God het egter gesê: “Moenie sê: ek is jonk nie; want na wie Ek jou ookal stuur, moet jy gaan; en wat Ek jou ookal beveel, moet jy spreek” (Jeremia 1:7). Jesaja het geprotesteer dat hy ’n man van onrein lippe was. God het dit egter bewerk dat hy die bepaalde opdrag aanvaar het. Jona het met n skip gevlug, maar God het hom gedwing om die boodskap wat Hy aan hom opgedra het, af te lewer. Petrus en Andréas wou vissermanne wees, maar Christus het hulle geroep, om alles te versaak en hom te volg.

Eendersyds wou ek ‘n advertensie-man wees, maar God het my, deur omstandighede wat nie van my keuse was, na die missie wat Hy vir my in voorraad gehou het, gebring.

Ek wil dit net hier weer herhaal, die spil van die hele aangeleentheid is: dit is God se inisiatief. Sy doel sal deurgevoer word. Die wêreld is vol gelowe, wat hul oorsprong in die verbeelding, redenering en spekulasie van sekere mense gehad het. Hulle het egter geen ware basis gehad, waarvandaan hulle kon redeneer nie. Alle WAARHEID word deur God GEOPENBAAR!

Het almal egter nie toegang tot bybelse waarhede nie? Ja, maar mense is van *mening* dat die *kerke* leer wat in die Bybel openbaar word.

So, nou gee ek aan u, ‘n verkorte begrip van die ondervinding waarmee Jesus Christus my mee getref het en VERBASENDE WAARHEDE aan die lig gebring het! Bybelse waarhede wat *nie* deur kerke geglo of geleer word nie

## *DIE ONTWAKING—VONK VAN AMBISIE ONTVLAM*

Ek is van gewone, stabiele en eerlike ouers gebore, met voorouers in die Kwaker geloof. My familie stamboom is nagespoor tot by

Edward die Eerste, van Engeland, en ‘n lyn wat terug gevoer word na Koning Dawid van outydse Israel. Ek was verbaas om hierdie afstamming te ontdek, en die feit dat een sy van my familie, werklik van “die huis van Dawid” was. My voorvaders het vanaf Engeland na Pennsylvania met William Penn geëmigreer, ‘n honderd jaar voordat die Verenigde State ‘n nasie geword het.

Vanaf my vroegste kinderjare is ek in die Kwaker geloof grootgemaak, maar geloofs belangstelling, gedurende die vormings jare, was passief.

Op 18 jarige ouderdom, is alle belangstelling in godsdiens verloor en kerk bywoning gestaak. Ek het op 18, ‘n intensiewe self-analise, van beroepe-en professies onderneem, om te bepaal waar ek tuishoort—om te voorkom dat ek ‘n onpas nommer is.

Selfs op daardie ouderdom het ek reeds waargeneem dat die meeste mense slagoffers van omstandighede was. Min het ooit intelligent vir hul toekomstige lewens beplan. Baie of die meerderheid, het bloot gewerk, in wat ookal beskikbaar was. Hulle het nie gekies waar, in watter deel van die land, of die wêreld, hulle sou woon nie. Hulle is deur omstandighede gestamp en gestoot. Diegene wat ‘n kollege bygewoon het, het ‘n rigting of beroep wat op daardie tydstip aanloklik voorgekom het, gevolg.

Toe ek nog net 16 was, het ‘n vakansie werkgewer, deur lof vir welgedane werk en deur algemene aansporing, die vlam van ambisie wat in my binneste gebrand het, wakker gemaak. Ambisie is nie net die begeerte om uit te voer nie, dit omsluit ook die wil en deursettingsvermoë om die *prys te betaal!*

Hierdie indringende ontleding op 18-jarige ouderdom, het my na die advertensie beroep en ‘n besigheids lewe gelei. Ek het ywerig gestudeer, “middernag olie gebrand,” en nie ag geslaan op jeugdige plesiere nie.

Ongewone sukses is behaal. Met harde werk, het ek‘n reputasie as ‘n “woeler” bekom. Ek het ywerig gestudeer en het gestreef om myself te verbeter. Al hierdie dinge, het natuurlik groter selfvertroue ontwikkel, wat later deur ‘n ander tipe vertroue—GELOOF in Christus—vervang is.

My werkskeuses was waar ek kon leer en “myself aan my werkgewers verkoop,” in gebiede en omstandighede waar ek met suksesvolle mense in aanraking kon kom.

Gedurende 1915 het ek my eie besigheid as 'n drukkersverteenwoordiger, in Chicago, Illinois, gevestig. Ek het daarin geslaag om die nege vernaamste banke in die Verenigde State se tydskrifte te verteenwoordig—tydskrifte wat deur banke se hoofbeamptes gelees word. Ek het met die presidente van baie van die grootste korporasies in die Midde-Weste sake gedoen. Ek, het staats- en nasionale bankiers se konvensies bygewoon, en met baie van die vooraanstaande bankiers van Suid LaSalle straat, Chicago en Wall straat, New York, kennis gemaak. Op 28-jarige ouderdom was my inkomste gelykstaande aan ongeveer $375,000 per jaar, sou dit teen vandag se dollar waarde gemeet word.

Dit was op hierdie suksesvolle hoëvlak van my vroeë besigheid, dat God met my begin werk het en ek was onlangs getroud.

## *DIE ONHERKENDE ROEPSTEM*

Enkele dae na ons huwelik, terwyl ons in Chicago woonagtig was, het my eggenote 'n droom gehad, wat so duidelik en indrukwekkend was dat dit haar besonderlik geskud het. Dit was so realisties dat dit meer soos 'n visioen voorgekom het. Vir twee, of drie dae na die droom, het dit voorgekom asof alles onwerklik was—asof in 'n waas—dat alleenlik hierdie uitsonderlike droom waar was.

In haar droom het ek en sy net 'n blok of twee vanaf ons woning, die breë kruising waar Broadway en Sheridan Straat diagonaal kruis, oorgesteek. Skielik het daar 'n ontsagwekkende skouspel in die lug verskyn. Dit was 'n verbysterende skouspel—die lug word gevul met 'n massiewe soliede massa van briljante sterre, in die vorm van 'n reuse banier. Die sterre het begin bewe, van mekaar af weg beweeg, en dan verdwyn. In die droom het sy my aandag op die verdwynende sterre gevestig, toe 'n ander groot groepering van flitsende sterre te voorskyn kom, dan bewende, van mekaar skei, en verdwyn soos wat die voriges gedoen het.

Soos wat sy en ek, in haar droom, opwaarts na die verdwynende sterre gestaar het, het drie groot wit voëls skielik tussen ons en die verdwynende sterre verskyn. Hierdie voëls het

op ons afgepeil en soos wat hulle nader gekom het, het sy gesien dat hulle engele was.

“Toe,” skryf my eggenote ‘n paar dae later na die droom, in ‘n brief aan my moeder wat ek onlangs tussen familiefoto’s raakgeloop het, “het dit vir my duidelik geword dat Christus sou kom en ek was so gelukkig dat ek van blydskap gehuil het. Skielik het ek aan Herbert gedink en was ek bietjie bekommerd.” Sy het geweet, dat ek min belangstelling in godsdienstige dinge gehad het, alhoewel ons twee of drie keer ‘n diens, by ‘n kerk op die hoek bygewoon het.

In haar droom, het dit gelyk of “Christus neergedaal het en voor ons kom staan het. In die begin was ek ietwat onseker en huiwerig oor ons ontvangs, daar ek onthou het dat ons, ons Bybelstudie verwaarloos het en ons gedagtes op ander dinge toegespits was, en nie op Sy belange nie. Maar toe ons by hom kom, het hy ons omhels en was ons so bly! Ek het gedink dat al die mense in die wêreld, hom sien kom het. Sover as wat ons kon sien, het mense in die strate van hierdie breë kruising ingestorm. Sommiges was bly en ander bevrees.

Toe blyk dit dat hy in ‘n engel verander het. Ek was eers baie teleurgesteld, totdat hy my meegedeel het, dat Christus werklik oor ‘n kort tydjie sou terugkeer.”

Gedurende daardie tyd, het ons die rolprent teaters dikwels besoek. Sy vra toe die engel of dit verkeerd was. Hy het geantwoord, dat Christus belangrike werk gehad het, wat ons, ter voorbereiding vir sy wederkoms, moes doen—en sou daar nie tyd wees vir “rolprente” nie. (Dit was tydens die dae van “stil” prente) Daarna het die engel en die hele spektakel blykbaar verdwyn, en het sy geskok en verwonderd, wakker geword!

Sy het my daardie oggend van haar droom vertel. Ek was ietwat verbouereerd en wou nie daaroor nadink nie, maar was ook te bang om dit totaal te vermy. Ek het ‘n logiese ontwyking daarvan vir myself bedink en ook hoe om dit op te los.

“Hoekom vertel jy dit nie aan die leraar van die kerk op die hoek nie, en vra hom of dit enige iets beteken,” het ek voorgestel.

Daarmee, het ek geslaag om die aangeleentheid uit my gedagtes te laat gaan.

Laat ek hier sê dat in 99,999 kere uit 100,000 gevalle, waar mense dink dat God met hulle in ‘n droom of visioen in

hierdie dae en in hierdie eeu, praat, dit skone verbeelding of self-hipnose of selfmisleiding is. Maar sou hierdie ‘n visioen van God afkomstig wees, het ek soos Jona, gepoog om te vlug. Daarna egter, het God in sy eie tyd, op geen onsekere wyse, met my gehandel, selfs soos Hy met Moses, Jesaja, Jeremia, Jona, Andréas, Petrus en die apostel Paulus gehandel het.

## *BESIGHEID VERBROKKEL*

Toe gebeur daardie skielike, verwoestende depressie van 1920, wat nie lank geduur het nie, maar rampspoedig was. My groot advertensie-inkomsterekeninge was in die plaastrekker- en implemente en ander vervaardigingsgebiede, eerder as met die Metropolitaanse Banke. Al my grootkommissie kliënte, insluitende sulke korporasies soos Goodyear Tyre & Rubber, J.I.Case, Moline Plow, John Deere and Company, Emmerson-Brantingham en Dalton adding Machine, het in die ontvanger se hande beland. Een bekende nasionale president van ‘n korporasie, ‘n kennis van my, het selfmoord gepleeg. My besigheid is onder my voete weggevee, nie as gevolg van enige gebrek aan my kant nie, maar deur magte buite my beheer.

Vanuit Portland, Oregon, waar my familie gevestig was, het ek ‘n advertensiediens gestig vir die eienaars van wasserye. Die wasgoedindustrie was 11de in die land, betreffende dollar volume besigheid, alhoewel nog steeds die mees agterlike. Ek het toe met ‘n doeltreffendheidsdeskundige saamgespan, wat volgens my mening die beste in die land op hierdie gebied was. Ons het slegs kliënte aanvaar wat ingestem het dat ons hul besigheid op ‘n meer doeltreffende basis plaas—beide in kwaliteit van skoonmaak diens en besigheidsbedryf metodes, waaroor ek toesig gehou het. Ek moes in staat wees om beloftes in advertensies te maak, waaraan my kliënte kon voldoen.

Maar in 1926 het ‘n nasionale advertensie agentskap wat in die Ooste gesetel was, aan die ‘Laundry Owner’s National Association’ ‘n goedertrou-brief gegee—om groot advertensie spasie in nasionale vrouetydskrifte te bekom. Die genootskap het die mag gehad om elk van sy lede te verplig om aan hierdie tydskrifadvertensie verbonde te wees, teen ‘n koste gelykstaande

aan plus minus 85 persent van elke lid se advertensie-uitgawes. Ek het geen kennis van hiervan gedra totdat die aangeleentheid afgehandel was nie. Op daardie stadium het ek die besigheidsvolume van elk van my kliënte verdubbel en selfs verdriedubbel. My besigheid was aan die groei. Weereens is die mat van ‘n baie suksesvolle besigheid onder my voete uitgepluk, sonder dat ek enige beheer daaroor gehad het.

Daar was egter ‘n rede daarvoor—God het my besigheid van my af weggeneem.

## *VERONTRUSTENDE TWEELEDIGE UITDAGINGS*

In die herfs van 1926, op ouderdom 34 het dit voorgekom asof die plafon ineen gestort het, en was ek verpletter! Ek was voor twee verontrustende uitdagings gestel.

My vrou het, na nege jaar se gelukkige huwelik, begin om die sewende-dag Sabbat na te kom, pleks van Sondag!

Ek was onsteld! Ek was kwaad. Sover dit my betref, was dit geloofsdwepery! Wat sou my besigheids-vennote dink? Sy het beweer dat sy die leerstelling in die Bybel gevind het.

Al die argumente het dadelik in my gedagtes opgekom, wat niks gebaat het nie.

“Maar die Bybel sê,” het ek geprotesteer, “Jy moet SONDAG onderhou!”

“Kan jy dit vir my in die Bybel wys?” vra sy.

“Wel, nee” het ek geantwoord. “Ek weet nie veel van die Bybel af nie. My belangstelling en studie was in ‘n besigheidsrigting. Maar al die kerke kan sekerlik nie verkeerd wees nie—hulle kry dit wat hulle in glo, in die Bybel, en almal van hulle onderhou Sondag.”

“Indien,” en sy glimlag kalm—vir my egter ergerlik—“jy vir my in die Bybel kan wys, waar Sondag onderhouding opgedra word, sal ek daarheen terugkeer.”

Daar was nie ‘n manier om hierdie uitdaging te ontduik nie. My huwelik het daarvan afgehang!

Gelyktydig, het ‘n skoonsuster, wat onlangs in die huwelik bevestig was en nuut uit ’n kollege uit, ‘n tweede vernederende uitdaging aan my gerig.

"Herbert Armstrong," het sy neerhalend gesê, "jy is eenvoudig *onkundig!* Enige een wat 'n bietjie opleiding het, *weet* dat menselewe deur evolusie ontstaan het."

Ek was trots. En ek het geensins my studies en opleiding verontagsaam nie. Ek was van mening dat ek vertroud was met die feite van evolusie, en het nie daarin geglo nie. Ek moes egter erken dat ek hierdie aangeleentheid, nie deeglik-en-in-diepte nagevors het nie.

Hierdie uitdaging, so kort op die hakke van my eggenote se "geloofsdwepery," was vernederend. Hierdie dubbele skok vir my hoogmoed, het my getref onmiddellik na die tweede keer dat my besigheid verwoes is. Die effek was verwoestend. Dit was uiters frustrerend. Nieteenstaande dit, was ek vasberade om beide my vrou en skoonsuster verkeerd te bewys.

Die dubbele uitdaging het my tot 'n vasberade, feitlik dag-en-nag navorsing, gedryf. Daardie intensiewe studie het vir sowat 6 maande geduur, voordat ek die bewese antwoord gevind het. Die studie het tot vandag toe nog nooit opgehou nie.

Beide uitdagings het 'n beginpunt in gemeen—die boek Génesis in die Bybel, met die oorsprong tema—alhoewel dit net die begin was.

Beide hierdie uitdagings het opgeduik, gedurende 'n tyd in my lewe wat ek baie tyd op hande gehad het. Ek het met intense konsentrasie in hierdie studie ingespring.

## *BYBEL NAVORSING EN DARWIN*

My navorsing het nie in Genesis begin nie. Eers het ek in die werke van Darwin, Lyell, Haeckel, Huxley, Spencer, Vogt, Chamberlin en More, en selfs die vroeëre werke van Lamarck en sy teorie van "gebruik en onbruik," wat Darwin se hipotese van "oorlewing van die sterkste" voorafgegaan het, gedelf.

Daardie geskrifte het onmiddelik oortuigend voorgekom. (Om feitlik geheel en al universele aanvaarding in die wêreld van hoër opvoeding te kon verwerf, moes dit noodwendig so wees). Ek het maklik verstaan hoe die gesigsveld van opvoedkunde in die greep van 'n evolusionêre konsep, vasgevang kon word.

Evolusie is diegene wat agnosties en ateiste is, se poging om die aanwesigheid van 'n skepping sonder die bestaan van 'n intelligente Skepper, te verklaar.

Hierdie aanvangsfase van my navorsing het my geloof in God se bestaan, erg geskud. Ek het besef dat ek sommer maar net die realiteit van God *aanvaar* het, omdat ek dit as kind gehoor en sonder meer aanvaar het. Vir 'n wyle het my kop gedraai. Was alles wat ek ooit geglo het, bloot 'n mite en dwaling? Nou was ek vasberade om die WAARHEID vir seker te weet. My gemoed was nou van idees en gelowe wat ek vantevore aanvaar het, gesuiwer.

Van alles wat oor evolusie geskryf was, het Dr. P.E. More menige teenstrydighede in die teorie uitgewys. Nieteenstaande het selfs hy, totaal met die algehele leerstelling akkoord gegaan.

Maar nou moes ek, eerstens, die bestaan van God bewys of weerlê. Derhalwe was hierdie studie geensins oppervlakkig of onverskillig nie. Ek het met hierdie navorsing aangegaan asof my lewe daarvan afgehang het—soos, dit en my huwelik, feitlik was. Ek het ook boeke wat die kwessie andersyds benader het, bestudeer.

Voldoende om hier te sê, dat ek onweerlegbare BEWYS van die bestaan van God die Skepper gevind het—ek positiewe bewyse gevind dat die teorie van evolusie bedrog is. Nieteenstaande, oorweldigende kollege breingespoelde opvattings ten spyt. Ek het die bevrediging gehad om die erkenning van 'n Ph.D. gegradueerde, wat ten volle in die evolusieteorie gedompel is—wie vir baie jare gegradueerde werk by die Universiteit van Chicago, en Columbia verrig het—dat ek baie beslis die stam van die evolusieboom afgekap het. Soos Dr. More egter, was sy ook so terdeë in evolusie gebreinspoel dat sy moes voortgaan, in dit wat sy erken het as bewys van die valsheid daarvan.

Ek het ook die plesier gehad om my skoonsuster haar woorde, wat my as onkundig voorgestel het, "terug te trek." Wat ook alles ydelheid was, daar ek nog nie op daardie stadium dit uit my lewe uigeroei het nie.

Ek het die realiteit van DIE GROOT ALMAGTIGE GOD bewys! My eggenote se uitdaging, daarenteen, het steeds my gedagtes geteister. Ek het reeds tydens my navorsing oor evolusie, Génesis bestudeer.

Ek was bewus daarvan dat die gelowe van die wêreld hul eie onderskeie heilige geskrifte gehad het. Ek het verwag om sodra die realiteit van God bewys was, voort te gaan met vergelykende gelowe, om vas te stel of hul geskrifte gesaghebbend was. Deur watter van hierdie—indien enige—praat God met die mensdom?

Aangesien ek in elk geval die kwessie van Sabbat onderhouding moes navors, en ek alreeds in Genesis gedelf het, het ek besluit om my studie van die Bybel voort te sit.

## *'N LEERSTELLING OP 'N KEER*

Vroeg reeds, het ek in Romeine 6:23, op die volgende afgekom, "Want die loon van die sonde is die dood." Ek het verbaas gestop. 'n "Loon" is wat iemand betaal word vir wat hy gedoen het. Hier het ek na 'n verklaring gestaar wat 'n lynregte teenstelling is met dit wat ek in Sondagskool, (voor ouderdom 18), geleer het.

"Hoe kan dit wees?" het ek verbaas gevra. "In die kerk was ek geleer dat die loon van sonde was, om VIR EWIG in die brandende vuur van die hel te LEWE."

Nog 'n skok het gekom toe ek die laaste gedeelte van daardie vers lees, "maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here."

"Maar, ek dag dat ek reeds die ewige lewe besit—ek is, of het—'n onsterflike siel. Hoekom het ek dit nodig as 'n genadegawe?" het ek dit ontnugtered bevraagteken.

Ek het die woord *siel,* met 'n Bybelkonkordans, nagevors. Tweekeer het ek die uitdrukking gevind, "die siel wat sondig, die moet sterwe" (Eségiël 18:4 en 18:20).

Ek onthou toe dat ek in Génesis 2 gelees het dat God vir die eerste mense, wie siele was, gesê het, "maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy *sekerlik sterwe*".

In Genesis 2:7 het ek gelees hoe God die mens uit die stof van die aarde gevorm het en die asem van die lewe, in sy neus in geblaas het. So het die mens (stof—materie) "'n lewende siel geword." Dit word duidelik gestel dat die siel fisies is—uit materie gevorm. Ek het gevind dat die woord, *siel* in Hebreeus as *nephesh* vertaal word en in Genesis 1, is al drie—voëls, vis en diere—*nephesh* genoem, soos wat Moses geinspireer was om te skryf.

Vervolgens, lees ek toevallig waar Christus gesê het, "En niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het. Naamlik die Seun van die mens" (Johannes 3:13). Ek het die leerstellings omtrent die hemel en hel

verder nagevors. Ek het gesien waar die geinspireerde Petrus, op die dag waarop hy die Heilige Gees ontvang het, gesê het, “Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie” (Handelinge 2:34).

Tydens my in-diepte Bybel studie, het ek al die bybelse bystand—konkordanse, Grieks-Engels, en Hebreeus-Engelse woordeboeke, verklarende handboeke, Bybelse woordeboeke en godsdienstige ensiklopedies, tot my beskikking gehad. Laasgenoemde drie, het ek gevind, was die werk van geleerde maar wêreldse gesindhede. Met geskiedkundige feite en gevalle van materiële en fisiese eienskappe, is hulle van groot hulp met navorsing. Maar in gevalle van God se openbaring van ‘n geestelike aard, het ek gevind dat hulle van min hulp was.

Ek het ook, in twyfelagtige gedeeltes, die Hebreeuse Ou Testament en die Griekse Nuwe Testament, met die woordeboeke gebruik. Ek het ook alle vertalings of verklarings wat uitgegee was—vernaamlik die van Moffat, Ferrar Fenton, Smith-Goodspeed, Amerikaanse Hersiende, en die Williams Nuwe Testament, gebruik.

## *MY ONDERVINDINGS UNIEK*

My navorsing het totaal verskil van die van studente in ‘n kweekskool. Hulle absorbeer die leerstellings wat deur hul denominasies voorgeskryf word. Geleerdheid het ‘n geval van geheue opleiding geword. Dit word van die kind en die student verwag om wat ookal aangebied word, te aanvaar en te memoriseer.

Byvoorbeeld, ’n kleinseun van my in ‘n elementêre klas, is deur ‘n onderwyser gevra, “Wie het Amerika ontdek?”

“Die Indiane,” was die onmiddellike antwoord van my kleinseun. Die onderwyser was verbaas.

“Nee, Larry, weet jy nie dat Columbus, Amerika ontdek het nie?”

“Nee, Juffrou, die Indiane was reeds hier, om Columbus welkom te heet, toe hy uiteindelik hier aangekom het.”

Die knaap het nul vir sy antwoord gekry, en was ernstig vermaan om te onthou dat die boek sê, dat Colombus Amerika ontdek het!

'n Leerling of 'n student in hoërskool of universiteit, word gegradeer op dit wat hy memoriseer en glo van die leerstellings uit die handboek, van die onderwyser, instrukteur of professor.

In die eerste fop eksemplaar van die *"The Plain Truth"* tydskrif wat ek in 1927 opgestel het—sewe jaar voor die publisering daarvan—het ek 'n prent van 'n klaskamer, met kinders wat by lessenaars sit, elkeen met 'n tregter in die kop, deur 'n kunstenaar laat teken. Die onderwyser het met 'n beker, voorafbereide propaganda in elke kind se kop in gegooi.

Studente wat by 'n Metodiste kweekskool ingeskryf is, ontvang Metodistiese leerstellings wat in sy verstand opgeneem word. Dieselfde gebeur met 'n Katolieke student wat by 'n Katolieke Kweekskool ingeskryf is. Dieselfde gebeur met die Presbiteriaanse student in 'n Presbiteriaanse kweekskool. Aan 'n Geskiedenisstudent in Duitsland word 'n sekere uitleg ten opsigte van Wêreld-Oorloë I en II voorgehou, terwyl 'n student in Amerika 'n ietwat anderse voorstelling van dieselfde aangeleentheid sal ontvang.

Ek was egter spesiaal deur die lewende God geroep. Ek het gepoog om die teenoorgestelde, van dit wat duidelik en onmiskenbaar in die Bybel VERKLAAR word, te bewys. Ek is deur Christus geleer en gewys dat die dinge wat ek nie wou glo nie, die WAARHEID was!

Jesus Christus is die *persoonlike* Woord van God. Hy het die oorspronklike 12 apostels en die apostel Paulus, persoonlik, onderrig. Die Bybel is vandag DIESELFDE Woord van God in DRUK. Derhalwe, is dit dieselfde Jesus wat beide die oorspronklike apostels, beginnende in die jaar 27 N.C. en myself 1,900 jaar later, in 1927, onderrig het.

Laat ek hier byvoeg, dat my studie van God se openbaring van die waarheid nooit gestaak is nie. Later het Christus my gebruik om drie kuns kolleges—insluitende een in Engeland, te stig. Deur aanhoudende studie, onderrig en medewerking met ander geestelik georienteerde lede van die fakulteit in teologiese kursusse, het my verstand OOP gebly. Kennis van God se geopenbaarde waarheid het net vermeerder.

Maar tydens my oorspronklike studie van 6 maande, het ek die proses van ONTlering ondergaan—en ontdek dat kerkleerstellings, diametries die teenoorgestelde van Bybelse WAARHEID is!

## *"DIE MINSTE WEES"*

Hierdie is nie die plek vir 'n uitgerekte, uitvoerige mededeling van my intensiewe soeke in die Bybel, en van my bekering nie. Ek wou tot *my* bevrediging bewys dat "al die kerke nie verkeerd kan wees nie, dat hulle leerstellings uit die Bybel ontneem is!" Die belangrike punt hier is die eenvoudige feit, dat ek onweerlegbare BEWYSE van 'n goddelike inspirasie en oppermagtigste OUTORITEIT van die Heilige Bybel (soos dit oorspronklik geskryf is) as die geopenbaarde Woord van God, gevind het. Selfs al die sogenaamde teenstrydigheid het tydens onbevooroordeelde studie, verdwyn.

Die moeilikste ding vir enige menslike verstand, is om te erken hy verkeerd was. Dit was nie vir my makliker as vir iemand anders nie. God het my egter vanwee omstandighede, tot by daardie punt gebring waar ek gewillig was.

Met groot onsteltenis en ergernis, sover dit my eggenote se sogenaamde "dwepery" betref was ek verplig "om die minste te wees." Dit was nie *wat* ek *toe* wou glo nie. Teen hierdie tyd egter, was ek 'n ernstig gestraf. Ek moes BEWESE waarheid, afgesien van wat ek wou glo, aanvaar!

In hierdie, die mees ernstigste argument wat ooit tussen ons plaasgevind het, was dit vernederend om teenoor my eggenote te erken dat sy reg was en dat ek verkeerd was.

## *ONTNUGTERING*

Tot my algehele teleurstellende verbasing, het ek vasgestel dat baie van die populêre kerk leerstellings en praktyke *nie* op Bybelse waarhede gegrond was nie. Die oorsprong daarvan, soos uit die geskiedenis nagevors, was vanuit die heidendom ontneem. Daar is talle Bybelse profesieë wat dit voorspel het. Die verstommende, ongelooflike WAARHEID is dat die OORSPRONG van die populêre gelowe en praktyke van 'n belydende Christendom, grootliks heidense, menslike redenering en gewoonte was, en NIE *vanuit die Bybel verkry is nie!*

Eers het ek getwyfel, daarna het ek vir getuienis gesoek, en het ek BEWYSE gevind dat God bestaan—dat die Heilige Bybel, letterlik, Sy geestelike geinspireerde openbaring en

opdrag aan die mensdom is. Ek het geleer dat jou God, die een is wie jy GEHOORSAAM. *Here* beteken MEESTER—die *een* wie jy GEHOORSAAM! Ek het agtergekom dat die meeste mense *valse* gode aanbid, en teen die een ware Skepper wat die opperste REGEERDER van die heelal is, in opstand is.

Die hele argument het om GEHOORSAAMHEID aan God gedraai.

Die waarheid waartoe my oë geopen was, het my by ‘n kruising in my lewe gebring. Om te aanvaar het beteken dat ek my lot moes deel met ‘n klas van nederige en beskeie mense wie ek as minderwaardig beskou het. Dit het beteken dat ek afgesny word van die hoë-en magtiges-en die welgesteldes van hierdie wêreld, waartoe ek geaspireer het. Dit het ook die finale verplettering van my YDELHEID beteken. Dit het ‘n totale *verandering van lewenswyse meegebring*!

## *STRYD OM LEWE EN DOOD*

Dit het egte BEROU beteken, want nou het ek tot die besef gekom dat ek God se wette oortree. Ek was besig om teen God te rebelleer op baie meer terreine as net oortreding van die Sabbatsgebod. Dit het beteken dat ek my huidige leefwyse moes verander en GOD SE WEG moes navolg—die weg van sy BYBEL—om ooreenkomstig elke woord in die Bybel, te lewe, pleks van die weë van die samelewing of die wellus van die vlees of van ydelheid.

Dit was ’n keuse van watter WEG ek vir die res van my lewe sou volg. Ek het sekerlik die KRUISPAD bereik!

Ek was platgeslaan. Alhoewel ek dit nie toe besef het nie—was dit God wat dit uitgevoer het. Herhaalde besigheidsneerlae, mislukking na mislukking, het my self-vertroue vernietig. Ek was geestelik gebroke. Die EIE-EK in my wou egter nie sterf nie. Ek wou probeer om weer op te staan uit die smadelike neerlaag en weereens probeer om die breë en gewilde WEG van ydelheid van hierdie wêreld te bewandel.

Ek was tog deel van hierdie wêreld. Ek het op daardie tydstip nog nie besef dat dit nie God se wêreld was nie, maar Satan s’n. Die besef het mettertyd tot my deurgedring dat aanvaarding van God se waarheid, beteken het, dat jy uit die wêreld geroep

word—versaaking van die wêreld en die se gewoontes, en tot 'n groot mate ook my vriende en deelgenote in die wêreld. Om die weg en gewoontes, belange, plesiere van die wêreld op te gee, was soos om te sterf. Ek wou nie sterf nie. Ek is oortuig daarvan dat een van die grootste toetse wat iemand, wat deur God geroep is, in die gesig staar, is om die weë van hierdie wêreld en jou deel daarin, op te sê. Ek het egter nou geweet dat die weg van hierdie wêreld VERKEERD was! Ek weet dat die uiteindelike straf, die DOOD was. Maar ek wou nie *nou* doodgaan nie! Dit was werklik 'n stryd om LEWE—'n stryd om lewe en dood. Op die ou end, het ek die stryd verloor, soos wat ek al die ander wêreldse stryde in die onlangse jare verloor het.

In finale desperaatheid het ek myself aan Sy genade oorgegee. Sou Hy my lewe kon gebruik, kon Hy dit kry—nie in selfmoord nie, maar as 'n *lewende* offer, wat Hy ooreenkomstig Sy wil kon gebruik. My lewe het nie vir my verdere waarde gehad nie. Ek was van mening dat ek maar net 'n waardelose stuk gemors was, nie eens werd om op die ashoop gegooi te word nie.

Jesus Christus het my lewe gekoop en vir my lewe met syne betaal. My lewe het waarlik aan hom *behoort* en nou het ek aan hom gesê dat Hy dit maar kon kry!

Van toe af, was hierdie waardelose lewe van my, God s'n. Ek kon nie insien hoe dit vir Hom enige waarde kon hê nie. Dit was egter syne om as instrument te gebruik, sou dit vir Hom van enige nut kon wees.

## *Blydskap IN NEDERLAAG*

Hierdie oorgawe aan God—hierdie BEROU—hierdie OPSEGGING VAN die wêreld, van vriende, deelgenote en van alles—was die bitterste pil wat ek nog ooit moes sluk. Tog was dit die *enigste* medisyne wat ooit genesing in my lewe bewerkstellig het!

Ek het begin besef, dat ek onbeskryflike blydskap in hierdie volkome nederlaag ondervind. Ek het werklik blydskap ondervind in my Bybelstudie—in die ontdekking van WAARHEDE, wat tot hiertoe, vir my bewustheid versteek was. In oorgawe aan God en in volle berou, het ek onbeskryflike BLYDSKAP ervaar, om JESUS CHRISTUS as my persoonlike Verlosser en tans my Hoë Priester, te aanvaar.

Ek het begin om alle dinge in 'n nuwe en heel anderse lig te sien. *Hoekom* moes dit 'n moeilike en pynlike ervaring wees, om aan my Skepper en my God oor te gee? *Hoekom* was dit pynlik, om in oorgawe God se regte weë *gehoorsaam* te wees? HOEKOM? NOU, het ek 'n nuwe sienswyse ten opsigte van die lewe verkry.

Op een of ander manier het ek 'n nuwe broederskap en vriendskap in my lewe ervaar. Ek het bewus geword, van kontak en kameraadskap met Christus en met God die Vader.

Wanneer ek Bybel lees en bestudeer, het God met *my* gepraat, ek het daarvan gehou om te luister! Ek het begin om te bid, en geweet dat ek met God praat. Ek was op daardie stadium, nie goed met God bekend nie. Deur aanhoudende geselskap en kontak met mekaar leer jy om iemand *beter* te ken.

Ek het voortgegaan om die Bybel te bestudeer. Ek het begin om die dinge wat ek geleer het, in artikel vorm te skryf. Ten tye, het ek nie vermoed dat hierdie geskrifte van my ooit gepubliseer sou word nie. Ek het dit bloot vir my eie voldoening geskryf, omdat dit ook 'n manier was om met die studie meer te leer.

Ek kan ook nou, saam met die apostel Paulus sê, "dat die evangelie wat deur my verkondig [is], nie na die mens is nie. Want ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of geleer nie, maar deur 'n openbaring van Jesus Christus....Maar toe dit God behaag....om Sy Seun in my te openbaar....het ek dadelik nie vlees en bloed geraadpleeg nie: ook het ek nie [na 'n teologiese kweekskool gegaan nie, maar was die Woord van God (in skrif) my deur Jesus Christus geleer]" (Galásiërs 1:11-12,15-17).

Dit is waarom ek gesê het dat die ervaring wat ek so pynlik ondergaan het in hierdie oorspronklike studie, uniek in mense lewe en gedrag in ons tyd was. Ek is nie bewus van enige ander godsdienstige leier wat sy leringe op so 'n wyse bekom het nie. Hierdie wêreld se godsdienstige leerstellings is nie van GOD nie! Alleenlik God is onfeilbaar korrek!

Gedurende die lente van 1927, is my VERSTAND SKOONGEVEE! *Ontledig* van alle vorige veronderstellings en oortuigings—ek het 'n pynlike ondervinding beleef.

Tweemaal het winsgewende besighede ineengestort, wat my total gefrustreer het!

Daarna is ek gebring om te erken dat watter christelike oortuigings ek gehad het, teenstrydig met God se waarheid was.

Nie net dit wat ek geglo het nie, maar ook dit wat die kerke van die wêreld geglo het!

Ek was pap geslaan! Ek was gebring om my eie nietigheid en ontoereikendheid te besef. Ek was deur die groot majesteuse God verower—na werklike *berou*—en ook na 'n klipharde soliede geloof in Jesus Christus en die Woord van God, gebring. Ek is tot volledige oorgawe van God en Sy Woord gebring.

Ek is gedoop, en die invulling van God se Heilige Gees het my verstand oopgemaak om die onuitspreeklike blydskap—dat ek God en Jesus Christus ken—die waarheid weet—asook die warmte van God se heilige liefde ervaar!

Wat ek voorheen gehaat het, het ek nou lief gekry. Ek het die grootste en mees absorberende blydskap van my lewe gevind om *aan te gaan* en die goue gedeeltes van die waarheid van God se Woord, uit te delf. 'n Nuwe entoesiasme in Bybel studie het nou pos gevat.

Deur die jare vanaf my bekering, is ek gelei om God se openbaring van die sewe bybelse geheime, wat die verstand van die mensdom verydel het te verstaan, en om die enigste waaragtige kerk wat Jesus Christus in 31 n.C. op die dag van Pinkster ingestel het, te vind.

Evolusioniste, opvoedkundiges, wetenskaplikes, gelowiges wat vergeefs worstel om die geheime van die eeue te ontleed—die oorsprong van materie, die heelal en van die mens—die geheim van die mensdom—die asemrowende begaafdheid van die mens, teenstrydig en parrallel met sy eie boosheid—besonderse menslike verstand wat ongelooflike dinge uitvoer, maar nie in staat is om menslike probleme op te los nie.

Nou openbaar ek 'n verbasende, rasionele, deurbraak aan die leser met gesonde verstand, die sewe vernaamste geheime wat die hele mensdom verbyster het.

# 1

# *Wie en Wat is God?*

Ek was op pad terug na my hotel in Nieu-Dehli na 'n private konferensie met wyle Mev. Indira Gandhi, Eerste Minister van Indië, enkele jare gelede. Sedert ek in Indië aangekom het, het ek opgemerk dat vee, sonder oppassers, in die strate dwaal. Ek het dit nog nooit vantevore in ander lande waargeneem nie.

"Dwaal hierdie vee nie te ver van hul tuiste af nie?" het ek het die motorbestuurder gevra.

"O ja," het hy geantwoord.

"Maar hoe," vra ek, "indien die vee so ver in die strate afdwaal, vind hul eienaars hulle om hulle snags op stal te kry?"

Die bestuurder het geglimlag, "Die eienaars soek hulle nie. Die vee weet waar hul eienaars woon, en gaan self saans huistoe."

Onmiddellik het ek aan 'n gedeelte in die eerste hoofstuk van Jesaja gedink, wat ek nog nooit vantevore behoorlik begryp het nie, nie voor hierdie lewende verduideliking nie.

"Hoor, o hemele, en luister o aarde, want die Here spreek: Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar húlle het teen my oortree. 'n Os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie. Wee die sondige nasie, die volk swaar van skuld, die geslag van kwaaddoeners, die kinders wat verderflik handel! Hulle het die Here verlaat.... hulle het agtertoe weggedraai" (Jesaja 1:2-4).

Dit was van die ou volk Israel gesê, 'n volk aan wie God homself, met talle bewyse en wonderwerke, geopenbaar het.

Hoeveel minder weet ander volke van God af—oor WIE en WAT God is!

Nieteenstaande, ander nasies is ook mense, net soos die volk Israel. Reg met die aanvang van hierdie hoofstuk, is dit belangrik dat u kennis neem dat God hierdie mense Sy eie kinders noem. Daar is baie mense wat sê, "God is net nie werklik vir my nie." God is vir hulle 'n groot raaisel. Hul eie vaders is eg en kom nie voor as 'n raaisel nie.

## *HOEKOM WIL DIT VOORKOM ASOF GOD ONWERKLIK IS?*

Ek vertrou dat ons in hierdie hoofstuk daarin sal slaag om God so werklik vir u te maak, soos wat u eie menslike vader vir u is. God openbaar homself in die Bybel, sou ons dit net wil verstaan, sodat Hy vir ons 'n werklikheid kan wees.

Vir die mense van die Romeinse Ryk, het God die apostel Paulus, geïnspireer om te skryf:

"Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar aan al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid *die waarheid onderdruk*, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle openbaar. Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld in sy werke [fisies] verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, [geestelikheid] sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hulle oorlegginge en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword" (Romeine 1:18-22).

Die biljoene wat nou op die aarde lewe is nie net onwetend oor die belangrikste kennis—van WIE en WAT God is nie—dit wil voorkom, asof *hulle nie wil weet nie!* Hulle is gewilliglik, onkundig oor hierdie mees belangrikste kennis en verhouding moontlik in 'n mens se lewe!

*Verbysterend*—maar WAAR!

Waarom is mense *gewilliglik* onkundig omtrent die mens se belangrikste verhouding? Net een verduideliking is moontlik! Alle nasies is *mislei*! (Openbaring 12:9). Die *feit* van hierdie

universele verleiding maak dit bewese, dat 'n magtige VERLEIER bestaan! Meer hieroor later.

## *GOD ONWERKLIK VIR OUES*

Die eerste man, Adam, het toe hy vir homself van die boom van kennis van goed en kwaad geneem het, het hy terselfdertyd God as Skepper verwerp. God het sekerlik ietwat van homself, sekere kennis, aan Adam geopenbaar.

Nietemin, het Adam homself van God die Skepper, onttrek. Sommige van die kennis wat God aan Adam bekend gemaak het, is sonder twyfel met sukses, van vader na seun vir baie geslagte, oorgedra. Christus het Abel, Adam se tweede seun "regverdige Abel" genoem. Hy het deur 'n lam te offer, die regte ding gedoen. Later het "Henog met God gewandel." God het met Noag gepraat en hom instruksies vir die bou van die ark, gegee.

Sekere historiese verslae, na die vloed, impliseer dat Sem, een van Noag se drie seuns, sekere kennis van die ware God gehad het. Ongetwyfeld egter, soos wat die een geslag die ander gevolg het, het hulle kennis van God grootliks verwronge geraak.

Nimrod, soos in hoofstuk 4 van hierdie boek uiteengesit, het homself feitlik as 'n god voorgedoen. Mettertyd, het die kennis van God deur die geslagte en eeue heen, feitlik verlore gegaan. Die ou heidense nasies het menige afgode van hout, klei, steen en ander materiale vervaardig. Daar is menige voorbeelde van diesulke afgode wat deur argeologiese opgrawings verkry is, en in museums, te siene is. Soos wat die apostel Paulus gesê het, hulle het die skepsel eerder as die Skepper vereer.(Romeine 1:25).

## *EERSTE EEU N.C. KONSEP*

Kom ons by die Nuwe Testament, kry ons 'n vlugtige blik van die onkunde, omtrent enige kennis van God. Die geleerdes van hierdie wêreld in die eerste eeu was die intellektueles van Athene. Sommige van hulle het Paulus in Athene raakgeloop.

"En sommige van die Epikuréïese en die Stoïsynse wysgere het met hom gestry, en sommige het gesê: Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? Ander weer: Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode—omdat hy aan hulle die

evangelie van Jesus en die opstanding verkondig het. En hulle het hom geneem en op die Areópagus gebring en gesê: Kan ons verneem wat hierdie nuwe leer is wat deur u verkondig word?….

"Paulus gaan toe in die middel van die Areópagus staan en sê: Atheners ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is. Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altar gevind waarop geskrywe is : AAN 'N ONBEKENDE GOD. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle. Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, … Hy [wat] self aan almal lewe en asem en alles gee. En hy het uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die aarde te woon … want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons …" (Handelinge 17:18-19, 22-26, 28).

En wat nou, van die geleerdes van ons Westerse wêreld, *vandag*? Mens sou dink dat die mees hoogsgeleerdes, behoort te weet WIE en WAT God is! Veronderstel dat u op 'n lukraak wyse 100 universiteitsdekane sou vra, "Glo u in God?" Miskien sal daar drie of vier wees wat sal antwoord, "O, ja ek glo in die bestaan van God—as 'eerste oorsaak.' (God is eerste ontwerper)." Hulle kan egter nie sê, WIE en WAT God is nie! Hulle kan jou nie sê hoe God lyk nie! God is vir hulle onwerklik. Met ander woorde, hy is 'n raaisel. Miskien sal 'n verdere ses of agt van die honderd erken dat hulle agnosties is—hulle is onseker of God bestaan.

Ek het reeds gesê, dat hedendaagse onderwys 'n geval van geheue-inprenting geword het. Vanaf die elementêre grade tot by hoër gradueerings van studie, is ons opvoedkundige stelsels gevul met voorafbepaalde konsepte, ideologieë en 'n mengsel van feite en fabels, wat in die geheues van onskuldige kinders, jongmense en volwassenes ingespuit word. Studente in ons skool opsette word gegradeer oor hoe goed hulle aanvaar, memoriseer, herhaal en toetse skryf oor die dinge wat hulle geleer word—of dit nou waar of valshede is.

Die fabel van evolusie word universeel deur moderne opvoeding aanvaar. Dit is die agnostici en ateiste se poging om die bestaan van 'n skepping, sonder die voorafbestaan van 'n Skepper, te verduidelik. Dit verwyder God uit die prentjie uit. In hul poging om God heeltemal te verwyder verblind hulle hulself vir die raaisel.

## *STOFLIKE SKEPPING LYK WERKLIK*

Die skepping is van materie, sigbaar en daarom skyn dit werklik te wees. Die stelsel van moderne opvoeding het totaal materialisties geword. Die moderne wetenskaplike konsep, ontken dat die onsigbare en die geestelike bestaan. Alhoewel, al ons oënskynlike onoplosbare probleme en die euwels van hierdie wêreld, van nature geestelik is.

Hierbo, het ek uit die eerste hoofstuk van die boek Romeine aangehaal. Die 28ste vers sê, "…hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie". Baie min of niks word van God geleer nie, selfs in die elementêre grade is die basiese konsep—die BENADERING tot kennis—evolusie.

Is dit dan enigsins 'n wonder dat die geleerdes geensins weet WIE of WAT God is nie? Hulle glo dit wat hulle geleer was.

Soos wat ek nou hier skryf, het ek net onlangs teruggekeer van my tweede, vierdaagse besoek aan Beijing (Peking), as die eerste geestelike leier van die Christelike wêreld, wat deur die regering uitgenooi was om voor groot groepe in die Chinese hoofstad op te tree. In privaat gesprekke het ek die vise-voorsitter van die National People's Congress, Tan Zhen-lin, en nou, tydens die tweede besoek, Deng Xiaoping wat die ongetwyfelde leier van China is, ontmoet.

Tydens my besoek aldaar, het ek met die Chinese leier, wat die hoof amptenaar is wat nou die gesindheid en oortuigings van meer as EEN BILJOEN mense—amper 'n kwart van die wêreld se bevolking, be-invloed, gesprek gevoer. China is die grootste nasie ter wêreld, in terme van bevolking. In die verre ou tyd was hul geloof voorvader aanbidding. Daarna was dit Konfusianisme, wat met Taoisme gewedywer het. Later is Boedisme vanaf Indië ingevoer, toe Christelikheid en vandag is die nasie Kommuniste—ateiste.

Ek het gevind dat China se leiers baie hartlik, vriendelik en beleefd is—maar is beslis nie nou besorg oor WIE en WAT God is nie. Ek het nie gepoog om hullle te vertel WIE en WAT God is nie, ek het egter aan leiers in twee groot en belangrike gehore vertel wat God binnekort gaan doen—en het ek hierdie boek wat ek besig is om te skryf, aangekondig.

Indië is die tweede grootste nasie. Wat weet hulle omtrent WIE en WAT God is? NIKS!

Rusland het die derde grootste bevolking. Hulle het vroeër Russiese Ortodokse Christelikheid beoefen, nou ateisme.

Ek veroordeel of beoordeel gladnie hierdie mense nie—ek aanvaar dat hulle net so welmenend is, as enige iemand anders. Hulle word ook nie NOU deur God geoordeel nie—wat ek later sal verduidelik. Nog minder verdoem Hy hulle. Hy het hulle lief en sal hulle almal in sy eie tyd roep om ewige verlossing te verkry. Maar hulle WEET NIE WIE of WAT God is nie.

In antieke Egipte het hulle die afgode, Isis en Osiris, aanbid. Die Grieke en Romeine van ouds het mitologiese gode soos Jupiter, Hermes, Dionysus, Apollo, Diana en talle andere gehad. Hulle het nie geweet nie, en hulle mense van vandag weet ook nie WIE en WAT God is nie. Maar HOEKOM?

## *HOEKOM GEWILLIGLIK ONKUNDIG?*

Reeds in die eerste aanhaling van die eerste hoofstuk van Romeine, het ek 'n rede gegee—hulle het *gewilliglik* onkundig (dwaas) geword omtrent die dinge van die ware God. Maar *HOEKOM?* Hoekom *gewilliglik* onkundig? In Romeine 8:7 word dit duidelik gestel, dat dit wat die vlees bedink vyandskap teen God is. Dit beteken nie noodwendig dat al die gedagtes van diegene wat onbekeerd is, aktief, aspris, en opsetlik vyandig is nie. Die meeste mense is op passiewe wyse, vyandig teenoor God. Gewoonweg, dink hulle net eenvoudig nie oor God nie. Wanneer God genoem word, is dit vir hulle 'n verleentheid en probeer hulle die onderwerp van bespreking verander. Heel moontlik besef hul nie eers dat hulle enigsins vyandiggesind teenoor God is nie. Tog is dit juis die rede waarom hulle, sielkundig gesproke, die onderwerp wil vermy. Met ander woorde, die gemiddelde persoon het 'n onbewustelike, passiewe vyandigheid teenoor God. Sonder 'n werklike besef wil hulle hê dat God "Sy neus uit hul besigheid moet hou"—behalwe wanneer hulle in groot moeilikheid is en dan om God se hulp uitroep.

Geestelike, onsigbare dinge is vir hulle 'n duisterheid. Hulle verstaan nie hierdie dinge nie, ongeag hoe werklik dit ookal mag wees, omdat hulle dit nie kan sien nie. Dit bly dus 'n diep geheim en dus ontken hulle die bestaan daarvan.

Daar was 'n rede vir hierdie gewillige onkunde. En die Bybel verklaar duidelik wat die redes daarvoor is. Hierdie redes is

tweeledig, nl.: 1) dit wat prehistories gebeur het, en 2) wat deur God persoonlik ingestel is, as gevolg van Adam se oorspronklike sonde. Dít (wat in die volgende twee hoofstukke verduidelik sal word), sowel as die REDE vir die toenemende bedorwenheid van vandag se wêreld, word baie duidelik deur die Almagtige God, in Sy woord—die Heilge Bybel—geopenbaar. Dit sal duideliker word soos ons vorder.

Maar eers, wat openbaar die Bybel oor WIE en WAT God is? Dit is a*lleenlik* in hierdie geïnspireerde boek, wat God homself aan ons openbaar. Maar die mensdom, oor die algemeen, het nog nooit geglo *wat God sê* nie! God het persoonlik met Adam en Eva, die eerste mense wat geskape was, van aangesig tot aangesig gepraat. Daarna het Hy toegelaat dat Satan hulle nader. Satan het daarin geslaag om Adam, deur sy vrou, by te kom. Ons oorspronklike voorouers, het Satan geglo toe hy vir hulle gesê het, "Julle sal gewis *nie* sterwe nie," toe hulle die verbode vrugte gesteel het. En dit nadat God aan hulle gesê het, "Julle sal sekerlik sterwe."

Vierduisend jaar later het net 120 mense geglo wat Christus hulle vertel het terwyl Hy op aarde was (Handelinge 1:15), alhoewel Hy Sy boodskap aan veelvuldige duisende verkondig het.

Dit is geen wonder dan, dat nie een van hierdie gelowe, sektes en denominasies, behalwe vir die klein, vervolgde Kerk wat deur Jesus Christus (31 n.C.) beginnende met die 120, gestig is, God glo nie. Dit beteken dat nie een van hierdie ander glo wat God in Sy Woord sê nie. Wie en wat God is, word baie duidelik en omomwonde in Sy Woord openbaar! Daar is egter 'n rede vir hulle onkunde, wat soos ons aangaan, duidelik sal word.

Maar nou, WIE en WAT is God dan? Hoe openbaar Hy homself? Ek het reeds die Apostel Paulus aangehaal waar hy aan die intellektualiste van Athene verduidelik het dat God die Skepper is, wat die MENS ontwerp, gevorm en geskep het.

Die profeet Jesaja haal God self aan, "By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? … Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie" (Jesaja 40:25-26).

Lees hierdie verse in die 1983 Afrikaanse Nuwe Vertaling, in meer moderne taal:

"Met wie kan julle my dan vergelyk, wie is soos Ek? … Kyk op na die hemel: wie het die sterre geskep? Hy wat die hemelse leër laat uittrek in hulle volle getal, dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het. Met sy groot krag, sy groot mag, sorg Hy dat nie een ontbreek nie."

Verder, sê God self aan die twyfelaars : "Stel julle saak, …, sê die Here, bring julle bewyse, sê die Koning van Jakob. Kom, sê vir ons wat gaan gebeur, sê vir ons wat beteken dit wat verby is sodat ons daaroor kan nadink en weet waarop dit uitloop. Of laat ons hoor wat gaan gebeur, sê vir ons wat in die toekoms gaan plaasvind dat ons kan weet of julle gode is. Doen iets, doen goed of kwaad, dan sal ons almal verbaas staan en skrik—maar" tart God die twyfelaar verder, "julle is niks, julle kan niks doen nie." (Jesaja 41:21-24, 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling). Hierdie skrifgedeeltes, openbaar die krag van God, maar nie wat God is, op 'n manier wat Hom vir die leser werklik maak nie. Daar is ander skrifgedeeltes wat dit moet doen.

## *GOD, SKEPPER VAN DIE HEELAL*

God, is Skepper van ALLES—van alles in die eindeloosheid van die heelal—die sterre, die sterrestelsels in die eindelose ruimte, hierdie wêreld, die mens en alles wat op die aarde is.

Dit is WAT God is—wat Hy *doen*. Hy SKEP! Hy ontwerp, vorm en fatsoeneer. Hy gee LEWE! Hy is die groot GEWER. Sy wet—sy wyse *van lewe*—is die weg van GEE, nie om net te KRY nie, wat wêrelds is.

Maar hoe *lyk* God? WIE is God? Daar is reeds talle opvattings. Sommige glo dat God, net die *goeie* is, of die goeie bedoelings, *binne* elke mens is—of net 'n deel van elke individuele mens is. Sommige huldig die mening dat God, 'n tipe van afgod was van goud of van silwer, of selfs uit 'n stuk hout uitgesny, of selfs van klip of ander materiaal. Terwyl Moses op die berg Sinai met God in gesprek was, het die Israelite gedink, dat God 'n goue kalf was, of soos een gelyk het.

Talle dink dat God 'n enkele, individiuele opperwese Personasie is. Sommige dink dat hy 'n gees was.

Die algemeen aanvaarbare lering van die Christendom is, dat God ‘n Drie-eenheid—God in drie persone: Vader, Seun en Heilige Gees is. Die woord *drie-eenheid* word egter nêrens in die Bybel gemeld, of deur die Bybel as ‘n leerstelling voorgehou nie. Meer daaroor later.

## GOD IN VOORGESKIEDENIS

Kom ons gaan terug na die begin, in voorgeskiedenis.

Indien u gevra sou word, waar in die Bybel sal die eerste beskrywing van God se bestaan, in ‘n bepaalde tydsopset [voorkom] gekry kan word, sou u bes moontlik sê, “In die heel eerste vers van die Bybel, Genesis 1:1, natuurlik.” Reg? Verkeerd!

In die vroegste tydsorde, word die eerste openbaring van WIE en WAT God is, in Johannes 1:1, in die Nuwe Testament, gekry.

“In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense” (Johannes 1:1-4).

“Die Woord” in hierdie aanhaling, is vertaal van die Griekse *logos* wat “segsman”, “woord” of “onthullende gedagte,” beteken. Die naam wat daar gebruik word, is dié van ‘n individiuele Personasie. Maar wie of wat is hierdie Logos? Neem kennis van die verduideliking in vers 14 : “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid”

Toe hy as Jesus Christus gebore was, was hy ‘n mens van vlees en bloed, hy kon gesien, aangeraak en betas word. Maar wat was hy? As God—die Logos? Die antwoord is in Johannes 4:24, “God is Gees,” en gees is onsigbaar. Ons, weet wat sy vorm, en gedaante as die mens, Jesus Christus was. Maar wat sy vorm en gedaante as die Woord was, sal later verduidelik word.

Die Woord is dus ‘n Personasie, wat vlees gemaak was—deur God verwek en deur hierdie verwekking, sy Vader geword het. Maar tydens die prehistoriese tyd van die eerste vers in Johannes 1, was die Woord (nog) nie die Seun van God nie. Hy het homself ontledig as ‘n Geestelike Godheid, om as ‘n mens verwek te

word. Deurdat hy deur God verwek is en deur Maria die maagd gebore is, het hy God se Seun geword .

Hier vind ons oorspronklik *twee Personasies*. Een is God. Saam met God in prehistoriese tyd, was nog 'n Personasie, wat ook God was—die een wat later, verwek en as Jesus Christus gebore is. Beide hierdie twee Personasies was egter gees, en nie vir mens oë sigbaar nie, tensy, bonatuurlik gemanifesteer word. Op die tydstip soos in vers een beskryf, was Jesus nie die Seun van God nie, en was God ook nie Sy Vader nie.

## WIE WAS MELGISÉDEK?

Betreffende die begin van sy bestaan vind ons in hoofstuk 7 van Hebreërs, 'n verdere beskrywing. Verwysende na Melgisédek, wie koning in Jerusalem in die dae van Abraham was, sê dit dat hy ook Priester van God, die Allerhoogste, was. Hierdie Melgisédek het van ewigheid geleef—"sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, *bly hy priester altyddeur*". (Hebreërs 7:3).

Siende, dat Melgisédek "gelykgestel aan die Seun van God" en altyddeur as Hoë Priester bly, en Jesus Christus tans Hoë Priester is, is Melgisédek en Jesus Christus een en dieselfde Persoon.

Dus was Christus, "sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, [in Abraham se tyd] sonder begin van dae of lewenseinde". God, self, het van *ewigheid* af saam met die Woord, bestaan. Jesus, toe hy "die Woord" was, was hy 'n onsterflike wese, wat ALTYD bestaan het—daar was nooit 'n tyd, wat hy nie bestaan het nie—sonder begin van dae. Hy was toe "gelykgestel", aan die seun van God—maar hy was toe nog nie die seun van God nie. Hy was ook God saam *met* God .

Hierdie uittreksels dui daarop, dat die Woord, in die begin—voordat enigiets geskep was—by God was, en hy, was terselfdertyd ook God. Nou hoe kan dit wees?

Daar mag 'n man met die naam van Jan wees. Hy mag moontlik saam met 'n man, met die van, Smit wees en Jan mag ook Smit wees, omdat hy die seun van Smit is en Smit is die familie-naam. Hulle is egter twee afsonderlike persone.

Die enigste verskil in bogemelde analogie is, dat die Woord ten tye van Johannes 1:1, nog nie die Seun van God was nie. Hy was egter *by* God en was ook God. Hulle was toe nog nie Vader en Seun nie—*hulle was en is* die KONINKRYK VAN GOD!

Daardie familie, bestaan, nou, uit God die Vader en Jesus Christus sy Seun, en talle mense wat reeds NOU verwekte Seuns van God is (Romeine 8:14, 16; 1 Johannes 3:2), en wat nou die Kerk van God vorm.

Hierdie FAMILIE aspek—die GODFAMILIE—is uiters belangrik, en sal later deeglik verduidelik word.

Maar nou, waar was ons?

Lank, voordat enigiets bestaan het, het twee Oppermagtige Wesens, wat vir ALTYD bestaan het. Mens se verstand, kan hierdie "altyd" nie begryp nie, maar kan ook nie werklik begryp *wat* elektrisiteit, is nie! Tog weet ons egter dat elektrisiteit bestaan en 'n werklikheid is.

## *HOE CHRISTUS SKEPPER WAS*

Nou terug na ons vraag, "WIE en WAT is God?" Voordat *enigeiets* ontstaan het, was daar God en die Woord, wat beide gees was, en nie materie nie, nietemin was hulle werklik Twee Persone—nie drie nie. En volgens vers 3 van Johannes 1, het alle dinge (die heelal) deur die Woord ontstaan.

Verstaan dit nou, deur Efésiërs 3:9 by te voeg:

"... God wat alles geskape het deur Jesus Christus,".

Laat ek verduidelik. In die eerste week van Januarie, 1914, was ek deur 'n nasionale tydskrif na Detroit, Michigan, gestuur om met Henry Ford 'n onderhoud te voer, vir 'n artikel oor sy sensasionele nuwe $5-'n-dag, loonbeleid. Ek het vir Henry Ford, geklee in 'n pak klere met wit boordjie en das, in die administrasie gebou gesien. Oorkant, in die reusagtige fabriek (destyds bekend as die Highland Park-fabriek), het ek miskien duisende werkers geklee in oorpakke gesien, waar hulle besig was om met masjinerie, aangedryf deur elektriese krag, te werk. Meneer Ford was die *vervaardiger* van die Ford motors genoem. Hy het egter die motors *deur* hierdie werkers vervaardig, wat die krag van elektrisiteit en masjinerie gebruik het.

Op dieselfde manier, is God die Vader die Skepper. Maar hy "het alle dinge geskep deur Jesus Christus". Jesus is die Woord. In Psalm

33:9 is geskryf, "Hy het gespreek en dit was". God gee aan Christus 'n opdrag (Johannes 8:28-29), wat dan as die werker praat en die Heilige Gees is die krag wat reageer en uitvoer wat Christus beveel.

Dus as ons verder lees, vanaf vers 12 van Kolossense 1, "en die Vader mag dank wat ons… oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, Hy is die Beeld van die onsienlike God [dieselfde voorkoms, vorm, gestalte en karakter],… want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte—alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand" (verse 12-13, 15-17).

Derhalwe openbaar God se Woord dat God en die Woord—twee opperste Wesens—ALTYD saam voordat daar enigeiets geskep was, bestaan het,—en dit sluit hierdie aarde en die heelal in sy geheel, in.

In die aanhaling hierbo, is Christus die beeld, vorm en gedaante van God. Miskien sal dit God meer duidelik maak indien u besef dat Hy dieselfde gedaante en vorm het as 'n mens het. Meer hieroor later.

Dus was daar 'n tyd wat hierdie twee wesens saam bestaan het, terwyl NIKS ANDERS bestaan het nie.

Geen melding van 'n derde Persoon nie—geen Gees nie. Is God dan beperk tot twee Persone? Die valse Drie-eenheid leerstelling beperk God egter tot drie Persone. Maar God is geensins beperk nie. Sy doel, is soos dikwels herhaal word, om homself te herskep sodat daar bes moontlik biljoene Godwesens sal wees. Dit is die valse Drie-eenheid leerstelling wat God beperk, wat Sy doel ontken en het klaarblyklik die ganse Christelike wêreld, mislei. Beide God en die Woord is GEES, en hulle kan hulle Gees projekteer. Laat ek verduidelik. Met ons gesigsvermoë kan ons iets aan die anderkant van 'n kamer sien, of selfs die son of selfs die sterre wat baie groter as ons son is, maar wat net baie verder is. Maar ons het geen beheer oor daardie onderwerpe deur ons gesigsvermoë nie. God kan egter sy gees na enige plek, ongeag distansie, projekteer, en kan hy deur sy Gees daarop reageer en selfs enigeiets verander soos wat hy wil. Hiertoe, is God alomteenwoordig.

Hoe lank moes hulle gedink, beplan en geprakseer het, voordat hulle enigsins iets begin skep het!

Materie—hierdie aarde, die sterre, nebula, sterrestelsels—was nie die eerste dinge wat hulle geskep het nie. *Hulle het engele geskep, voordat hulle materie geskep het* .

In die 38ste Hoofstuk van Job, praat God van die skepping. Hy sê dat al die engele van blydskap gejubel het tydens die skepping (vers 7). Dus het hulle reeds bestaan toe die aarde eers geskep was.

In Genesis 1:1, word verklaar dat God, die hemel en die aarde geskep het. In die oorspronklike Hebreeus, soos wat Moses dit geskryf (en ander vertalings) is hemel in die meervoud—*hemele*—wat impliseer dat die heelal en die aarde gelyktydig geskep was. Genesis 2:4 stel dit duidelik, "Dit is die begin van die hemele [meervoud] en die aarde toe hulle geskape was. Die dag toe die Here God die aarde en die hemel[e] gemaak het".

Alhoewel die woord *dag* wat hier genoem word, beteken nie noodwendig 'n vier-en-twintig uur dag in hierdie konteks nie, maar eerder 'n algemene periode van tyd. Dit kon derduisende, of miljoene jare gelede, gewees het. Engele is op hierdie aarde, geplaas voor die skepping van die mens. Siende dat hulle onsterflike geestelike wesens is, kon hulle vir duisende of selfs miljoene jare, voordat mense geskape is, hier op die aarde gewoon het. Hul getalle word nie deur God geopenbaar nie. Die aarde was eerstens die woning van die engele. Maar Judas 6 sê, "En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning [die aarde] verlaat het…."

## *WAT IS GOD SE VOORKOMS?*

Nou meer omtrent Wie en Wat God is.

God is Gees (Johannes 4:24). Hoekom is God nie vir so baie mense 'n werklikheid nie? Omdat God en die Woord Gees is en nie materie, nie vlees en bloed soos mense is nie. Vir mense oë is God *onsigbaar* (Kolossense 1:15). Dit lyk nie asof hy bestaan nie. Om 'n werklikheid te wees, wil die verstand natuurlik 'n besliste gedaante en vorm visualiseer. Nietemin het God 'n definitiewe vorm en gedaante, alhoewel hy gees is en nie materie nie.

Wat is God se vorm en gestalte?

In genesis 1:26 sê God, "Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis." Ons weet hoe mense lyk en hulle is God se beeld, gelykenis, vorm en gedaante.

Verskeie plekke in die Bybel word dit openbaar dat God ‘n gesig, neus, mond en ore het. Hy het hare op sy hoof en hy het arms en bene asook hande en vingers. Geen dier, hoender, voël, vis, insek of enige ander ding wat lewe, het hande soos menslike hande nie. Selfs sou daar ‘n ander lewende wese gewees het, waarvan ons weet, wat ‘n brein gehad het waarmee hy kon dink, sonder hande en vingers sou hy nie soos mens dinge kon ontwerp en maak soos wat ‘n mens dit kan doen nie.

God het voete, tone,‘n liggaam en verstand. Diere het ook ‘n brein, maar het egter nie verstand soos die mens nie.

Indien u weet hoe ‘n mens lyk, dan weet u ook wat die vorm en gedaante van God is, want Hy het die mens na sy ewebeeld geskep!

Een van Christus se dissipels het hom gevra hoe God die Vader lyk. Waarop Jesus geantwoord het: “Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien” (Johannes 14:9). Jesus het net soos die Vader gelyk. Jesus was eintlik “God met ons” (Matthéüs 1:23). Hy was die verwekte en gebore Seun van God.

Nou wat was Jesus se voorkoms? Dit was die van ‘n mens, daar hy ook die Seun van die Mens was. Hy het so baie soos ander Joodse mans van sy tyd gelyk, dat sy vyande vir Judas omgekoop het om hom gedurende die nag tussen ander mense, uit te wys en te identifiseer.

Dus weet ons dat God dieselfde vorm en gedaante as ‘n mens het. Ons weet ook dat Hy gees is en nie vlees en bloed, soos ‘n mens nie. Gees is vir mens se oë onsigbaar, tensy dit deur ‘n spesiale proses gemanifesteer word.

*Indien* so gemanifesteer sou ons beide God die Vader en Jesus Christus, nou verheerlik, in die hemel kon sien met gesigte, gevorm soos die van mense en helder soos die son in volle sterkte! Hul hoof en hare wit soos sneeu, oë soos ‘n vuurvlam, voete soos blink koper wat gloei soos ‘n oond (Openbaring 1:14-16).

## *GOD SE NATUUR EN KARAKTER*

Die belangrikste egter, is God se natuur, wat se tipe KARAKTER het Hy? Mens kan weet wat God is, tensy hy weet watter tipe KARAKTER God het nie!

Die KARAKTER, van beide God die Vader en Christus die Seun, is van geestelke heiligheid, geregtigheid en absolute volmaaktheid.

Daardie karakter kan in die een woord—LIEFDE, opgesom word, wat gedefinieer word as uitvloeiende liefdevolle besorgdheid. Dit is die weg van gee, bediening, meedeling, hulpverlening en nie die weg van "NEEM" nie.

Dit is die weg sonder begeerte, wellus, hebsug, ydelheid, selfsug, kompetisie, onenigheid, geweld, verwoesting, afguns, jaloesie, wrewel en bitterheid.

God se inherente geaardheid is die weg van VREDE, van REGVERDIGHEID, GENADE, GELUK EN VREUGDE, wat teenoor almal wat deur hom geskep is, uitgestraal word!

God en die Woord HET GELEWE. Wat het hulle gedoen? Hulle het geskep. Maar hoe het hulle gelewe—wat was hul "leefwyse"? Hulle het die weg van hul volmaakte karakter uitgelewe—die weg van uitstralende LIEFDE. God die Vader het, toe Jesus gedoop is, gesê, "Jy is my geLIEFDE Seun". God het die Woord, LIEF gehad en die Woord het God LIEF, gehad—in absolute gehoorsaamheid.

Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het? Hulle was absoluut eenstemmig en medewerkend. Twee kan ook nie in onafgebroke vrede met mekaar wandel nie, behalwe as een die hoof, of leier in beheer is nie. God was die leier.

Hul wyse van lewe het volmaakte vrede, samewerking, geluk en vervulling geproduseer. Hierdie WEG (wyse) van lewe het 'n WET geword. Wet is 'n kode van optrede, of verwantskap, tussen twee of meer. Mens kan byvoorbeeld die spelreëls van 'n sportswedstryd, die "wet" van die spel noem. Die teenwoordigheid van 'n wet eis 'n straf vir enige skending. Daar kan geen wet wees, wat nie 'n straf vir oortreding daarvan, het nie.

## *GOD – BEWERKER VAN REGERING*

Die werklikheid van wette, veronderstel REGERING. Regering is die administrasie en toepassing van wette deur iemand in gesag. Dit noodsaak gesaghebbende leierskap—een in beheer.

Toe die enigste bewuste Lewende Wesens bestaan het, was God die leier—in gesaghebbende beheer. Dus, selfs toe die

enigste bewuste Lewende Wesens, God en die Woord was, was daar REGERING met God as opperbevelhebber. Die regering van God is noodsaaklikerwys regering van bo na onder. Dit kan nie "regering deur die toestemming van diegene wat geregeer word, wees nie". Wette ontstaan en gaan van God uit—dit word nooit deur die mense ingestel nie—nooit bepaal diegene wat regeer word hoe die regering oor hulle sal regeer nie. Aangesien hulle ook ander bewuste, denkende lewende wesens geskep het, het dit die regering van God oor die hele skepping genoodsaak, met God as die Opperbevelhebber.

Ons menslike beskawing het die aanmatigende prerogatief aangeneem om wetgewing daar te stel. Menslike regerings, of dit nou, stedelik, distriks, staat of nasionaal is, het wetgewende liggaame—stadsrade, staatswetgewers, nasionale kongresse, Parlament, Reichstag, Diet of Knesset. Maar 6000 jaar se ervarings het gedemonstreer dat die mens absoluut onbevoeg is om te besluit wat reg of verkeerd is of om wette vir menslike gedrag of sy verhoudings, te formuleer.

Menslike wetgewende liggaame het so baie wette gemaak dat die gewone polisiebeamte in 'n stad, nie eens 'n gedeelte van die stadswette, wat hy moet toepas, kan onthou nie. Eens op 'n tyd was daar 'n strokiesverhaal in 'n koerant; 'daar behoort 'n wet te wees.' Die strokiesverhaal het natuurlik die draak gesteek met die idee dat menslike wetgewers so baie wette gemaak het, en tog nog daarin faal om 'n wet vir elke moontlike oortreding daar te stel.

God se wet daarinteen is geestelik en kan met die een eenvoudige, maar als omvattende woord—liefde—opgesom word. Sy wet, vir leiding van die menslike optrede is in twee belangrike gebooie, onderverdeel, naamlik liefde tot God en liefde tot jou naaste. Hierdie gebooie is in die 10 Gebooie verdeel. Jesus het hierdie gebooie, vergroot, deur aan te dui dat die beginsels daarvan feitlik elke moontlike menslike oortreding dek. Die derde hoofstuk van 2 Korinthiërs, dui aan dat God se wet in beginsel toegepas moet word. Dit kan in die een woord opgesom word—liefde. Nietemin is dit so volmaak, dat die toepassing van die beginsel daarvan, dit 'n allesomvattende wet maak. God is die enigste volmaakte wetgewer.

Daar moet onthou word dat die regering van God op die WET van God, gegrond is, wat die weg is van uitvloeiende

liefde, samewerking, en besorgdheid oor die welsyn van diegene wat regeer word. Hierdie wet van God bring vrede, blydskap, samewerking deur gehoorsaamheid.

## *GOD IS 'N FAMILIE*

Nou gaan ons weer terug na Genesis 1:1: "In die begin het God ..." Oorspronklik deur Moses in Hebreeus geskryf, soos wat hy deur God geïnspireer was. Die woord "God" wanneer in Hebreeus vertaal word, is *Elohim*—'n selfstandige of naamwoord, meervoudig in vorm, maar gewoonlik enkel in gramatikale gebruik. Dit is dieselfde soort woord, soos *familie, kerk, groep*—een famile met twee of meer lede—een kerk bestaande uit baie lede—een groep van verskeie mense.

Dit verwys na presies dieselfde Persone, bestaande uit die een God, soos wat ons dit in Johannes 1:1 gesien het—die Woord en God—en elkeen van hierdie twee Persone is God.

MET ANDER WOORDE, GOD IS NOU 'N FAMILIE van Persone, tot dusver bestaande uit net TWEE—God die Vader en Christus die Seun. Maar indien die Heilige Gees van God in iemand woon, en hy word deur die Heilige Gees gelei, is hy dan 'n verwekte kind van God (Romeine 8:14). Maar ten tye van Christus se wederkoms, in oppermagtigheid en in volle glorie—om die KONINKRYK VAN GOD te vestig en die REGERING VAN GOD wat deur Satan afgeskaf was, te herstel—sal almal wat deur God se Heilige Gees gevul en gelei word, as kinders van God WEER GEBORE word. Daardie GODFAMILIE SAL DAN AL DIE NASIES met die REGERING VAN GOD WAT HERSTEL IS, REGEER!

Die leerstelling van die Drie-eenheid *beperk* God na 'n sogenaamde drie Persone. Dit VERNIETIG die werklike evangelie van Christus! Sy evangelie is die goeie nuus van die KONINKRYK VAN GOD wat weldra hier sal wees—die enigste hoop van hierdie wêreld en sy deurmekaar mensdom!

Die Drie-eenheid leerstelling, in teenstelling, is die leerstelling van die valse godsdiens wat in Openbaring 17:5 genoem word: "Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde."

Deur daardie leerstelling saam met ander, het Satan die hele tradisionele Christendom, MISLEI.

## *DIE DRIE-EENHEID DOGMA*

Die algemeen aanvaarde lering van tradisionele Christendom is dat God 'n Drie-eenheid is—God in drie persone—Vader, Seun en Heilige Gees (wat in engels somtyds 'Ghost' genoem word).

Hoe het hierdie Drie-eenheid leerstelling in tradisionele Christendom posgevat?

Dit kom baie beslis nie van die Bybel af nie. Ek het reeds Openbaring 12:9 aangehaal, waar dit sê dat al die nasies deur Satan verlei is. Hoe het die slinkse Satan dan hierdie dogma in die "Christendom" laat posvat?

Die geskiedenis van hierdie vraag is baie interessant. Dit lyk ongelooflik dat 'n wese soos Satan, nie net die wêreld verlei het nie, maar ook die Christendom—juis die geloof wat die naam van Christus dra en veronderstel sy ware geloof te wees. Skynbaar ietwat teenstrydig, maar Satan het dit gedoen.

Hy het hierdie misleiding deur sy groot valse kerk—wat in 33 n.C. deur Simon die towenaar gestig is—bewerkstellig. Hierdie Simon word in die 8ste hoofstuk van die boek Handelinge beskryf as die leier van die Babiloniese geloof van verborgenheid, in Samaria. In 2 Konings 17:23-24, word dit geboekstaaf, dat Salamanéser, koning van Assirië, die noordelike koninkryk—die koninkryk van Israel—ingeval en verower het. Daarna het hy die mense van Samaria, noord van Jerusalem, weggevoer en mense van die provinsie van Babilon, van die Babiloniese geloof van verborgenheid, daarheen ingevoer. Hulle was natuurlik heidene gewees In die tyd van Christus het hulle in die gebied van noordelike Palestina gewoon. Die Jode van Judea wou niks met hulle te doen hê nie, en het hulle met minagting "honde" genoem. Gedurende die eerste eeu het hulle steeds aan die Babiloniese geloof van verborgenheid, vasgeklou.

Twee jaar nadat Christus, in 33n.C. op Pinksterdag, die Kerk van God uit die hemel gestig het, het die diaken Filippus, wat later 'n evangelis geword het, na Samaria gegaan en die evangelie van Christus verkondig. Hierdie Simon het saam met die skare gekom om na hom te luister.

Simon het die mense van daardie gebied betower, en het hulle hom as hul leier in die Babiloniese geloof gevolg, "en almal, klein en groot, het hom aangehang en gesê: Hy is die groot krag van God" (Handelinge 8:10).

Toe die mense egter vir Filippus, wat die Koninkryk van God verkondig het, geglo het, is hulle gedoop en het hierdie Simon dit reg gekry om saam met hulle gedoop te word.

Hy het daarna aan Petrus en Johannes omkoopgeld aangebied om aan hom krag te gee sodat wanneer hy sy hande op mense sou lê, hulle die Heilige Gees moes ontvang. Hieroor het Petrus hom kragtig berispe. Nieteenstaande het dié Simon homself 'n christen apostel bestempel en het hy die heidense Babiloniese geloof van verborgenheid, "Christendom," genoem. Hy het die leerstelling van "genade" vir die vergewing van sonde, aanvaar (wat die heidense gelowe nooit gehad het nie), maar het genade in ongebondenheid verander (Judas 4). Sy strewe was om sy heidense geloof, onder die naam "Christendom," in 'n universele geloof te omskep sodat hy daardeur politiese beheer, van die wêreld kon bekom.

Simon, die "pater" (Petrus) van sy huigelagtige godsdiens, het dit nie in sy leeftyd reggekry nie. Maar opvolgende leiers het egter later, met die hoofkwartier verskuif na Rome, politiese beheer van die Romeinse Ryk en sy ou middeleeuse opvolger, "Die Heilige Romeinse Ryk" bekom. Hierdie ryk is tans in die proses om in Europa te herrys!

## VALS EVANGELIE

Om en by die sesde dekade van die eerste eeu, het groot dele van die Midde-Ooste, van die ware evangelie afvallig geword en na 'n vals evangelie gedraai (Galásiërs 1:6-7). Die apostel Johannes het nog teen 90 n.C. gelewe. Hy het die boek van Openbaring geskryf terwyl hy op die eiland Patmos was.

'n Kort rukkie daarna, het die kerk wat deur Simon in 33 n.C. gestig is, probeer om die ware Christen Pasga, (Christus het die orde van lamoffers na ongesuurde brood en wyn verander), in die Babiloniese plegtigheid in te stel, wat nou Paasfees of "Easter" in Engels genoem word—vernoem na die godin Astarte of Ishtar.

Na die afsterwe van Johannes, het 'n dissipel van hom, by name Polycarp, 'n stryd met 'n biskop van Rome, wat toe reeds leier was van Simon se kerk was, gevoer omtrent die Pasga-Paasfees aangeleentheid.

Nog later, het Polycrates, ‘n dissipel van Christus se ware Christendom, ‘n nog hewiger stryd oor dieselfde Pasga-Paasfees kwessie met ‘n ander biskop van Rome gehad. Hierdie teologiese stryd, was bekend as die Quartodeciman Stryd. Polycrates het betoog, soos Jesus en die apostels geleer het, dat die Pasga in ‘n nuwe Christelike formaat, soos deur Jesus ingestel en deur die apostel Paulus bevestig (1 Korinthiërs 11), met die gebruik van brood en wyn, in plaas van die lam wat teen die aand, van die 14de, van Nisan (eerste maand van die heilige kalender, wat in die lente val) geoffer word, moes wees. Die kerk in Rome, het aangedring dat dit op ‘n Sondag moes plaasvind.

Ongeveer dieselfde tyd, was daar ‘n ander stryery tussen ‘n Dr. Arius, van Alexandria, ‘n Christenleier wat in 336 n.C. oorlede is, met ander biskoppe omdat hulle God ‘n Drie-Eenheid genoem het. Dr. Arius het die Drie-Eenheid lering ten sterkste betwis, maar het foute van sy eie ingevoer.

In 325 n.C. het Keiser Konstantyn die Niceneense Raad byeen geroep om hierdie polemiek, by te lê. Konstantyn was toe nog nie ‘n “Christen” nie, maar het as politieke leier beheer gehad. Die raad het beide die Paas-Sondag en die Drie-Eenhed leerstellings goedgekeur. Konstantyn, die burgerlike heerser, het dit ‘n wet gemaak. Maar hy was nie in staat om dit die waarheid te maak nie!

Satan het die hele wêreld mislei, betreffende WIE en WAT God is—asook oor Christus en die Heilige Gees. Ook oor die REGERING VAN GOD, gegrond op die geestelike WET VAN GOD. Verder oor WAT en WAAROM die mens is, wat saligheid is en hoe dit verkry word, wat die ware evangelie is, wat en hoekom die kerk is, en wat van die toekoms!

## SOOS WAT IS GOD?

Die woord Drie-eenheid word nêrens in die Bybel genoem nie. Soos wat ons verder gaan, gaan ek baie duidelik maak, dat God homself nie as ‘n “Drie-eenheid” beperk nie. Die verrassende waarheid, wanneer dit verstaan word, is die wonderlikste openbaring wat die menslike verstand kan ontvang of bevat!

Die heel eerste idee of lering dat God ‘n Drie-eenheid is, het in die laaste helfte van die tweede eeu—‘n honderd jaar

nadat die grootste deel van die Nuwe Testament geskryf was, kop uitgesteek. Die vals christendom, gebroedsel van Simon die towenaar, het hierdie leerstelling, tesame met die heidense Paastyd, flink bevorder. Die ware Kerk van God het dit kragtig teengestaan. Hierdie stryd het so ernstig geword, dat dit wêreldvrede bedreig het. Die heidense keiser van daardie tyd, Konstantyn, het die Raad van Nicea, byeen geroep, om hierdie strydvraag in orde te bring. Die ondersteuners van die Romeinse Keiser het die vervolgde Kerk van God by verre in getalle oortref.

In die boek van Openbaring vind ons die profesieë van hierdie twee kerke. In die twaalfde hoofstuk is die profesie van die ware Kerk van God, wat ernstig, vervolg was. Jesus het dit die "klein kudde," genoem. Die profesie van die groot valse kerk word in hoofstuk 17, gevind en word deur God, "Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" (vers 5), genoem. Sy ry en sit wydsbeen op die politiese regerings. Die hele wêreld sal van VERBASING snak (vers 8), wanneer hierdie religieuse-politiese middeleeuse "Heilige Romeinse Ryk" weer begin lewe! Dit is nou in die begin stadium, beginnende vanaf die Europese Gemeenskapsmark!

## *VALSE TEKS INGELAS*

Daar is net een klein aanhaling in die Bybel wat in die algemeen, deur aanhangers van die Drie-Eenheid leerstelling gebruik word, om die besondere leerstelling te ondersteun. Dit word in 1 Johannes 5:7-8 aangetref. Die aanhaling, tussen hakies: "Want daar is drie wat getuig [in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een; en daar is drie wat getuig op die aarde:] die Gees en die water en die bloed, en die drie is eenstemmig," is moontlik gedurende die 4 de eeu deur die vertalers, in die Latynse Vulgata, aangebring. Hulle kom glad nie in *enige* van die ouer Griekse manuskripte of in ander moderne Engelse vertalings voor nie. In Lux Verbi se 1983, Verklarende Bybel, word die volgende verklaar: 'By 7 sal lesers merk dat die bekende woorde in die 1933 vertaling: (daar is drie wat getuig) "in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een" in die huidige vertaling verdwyn het. Dit is woorde waarvan ons beslis weet dat dit eers later tot

die oospronklike teks bygevoeg is." Vers 7, in die Verklarende Bybel lees as volg : "Daar is dus drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen." Hierdie gedeelte was by die Latynse Vulgata bygevoeg, gedurende die stryery tussen Rome en Dr. Arius en God se mense.

Bybelse kommentare verklaar dat hierdie woorde nie in die apostel Johannes se manuskrip of in enige, bestaande kopieë daarvan geskryf was nie. In al drie die apostel Johannes se sendbriewe asook Openbaring, praat hy van die "Vader en …die Seun" (1 Johannes 1:3), maar nooit van "die Vader en die Woord" nie, alleenlik in hierdie ongeïnspireerde gedeelte van 1 Johannes 5:7-8.

Daar was 'n grondige rede waarom die aartsbedrieër, daardie onegte vers in die Latynse Vulgata ingevoeg wou hê, want vandaar het dit in die gemagtigde uitgawe ingekruip. Hierdie leerstelling van die Drie-eenheid, doen totaal en al weg met Jesus Christus se evangelie. Sy evangelie, wat hy van God die Vader aan die mensdom gebring het, is die BOODSKAP, die goeie nuus van die komende KONINKRYK VAN GOD! Dit is die een ding wat Satan veral wil verydel! Dit sal verduidelik word soos ons verder gaan.

'n Wêreld-beroemde evangelis het die volgende kwyt geraak, "Toe ek eers die Bybel, jare gelede begin studeer het, was die leerstelling van die Drie-eenheid een van die mees komplekse probleme wat ek teëgekom het. Dit bevat, 'n raaiselagtige aspek wat ek nog nooit kon ontleed nie. Alhoewel ek dit tot vandag toe steeds nie ten volle begryp nie, aanvaar ek dit as God se openbaring. Om die Drie-eenheid te verduidelik en te illustreer is een van die moeilikste take vir 'n Christen."

Baie daarvan het seker te doen, deurdat by talle plekke in moderne vertalings, die manlike voornaamwoord, *hy* in verband met die Heilige Gees, onverskilliglik gebruik word. Alhoewel nie altyd nie—somtyds word daar na die Heilige Gees in dieselfde vertalings, as *dit* verwys in die aanhaling, byvoorbeeld, waar die koms van die Heilige Gees op die gedenkwaardige dag van Pinkster, beskryf word.

## *UITSTORTING VAN HEILIGE GEES*

Die Heilige Gees het hoorbaar, soos 'n sterk wind, vanuit die hemel gekom, "en *dit* [die Heilige Gees] het die hele huis gevul

waar hulle gesit het." Daarna het die Heilige Gees *verskyn*—DUIDELIK SIGBAAR—gemanifesteer—"Hulle het *iets* [die Heilige Gees] soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het" (Handelinge 2:2-3 - Verklarende Bybel). In vers 18 haal Petrus uit die profeet Joël, die volgende aan, "…van my Gees *uitstort….*" Die Heilige Gees, kan dus soos water of 'n vloeistof, "UITGESTORT WORD." Kan een persoon in 'n ander gestort word—soos van God in diegene wat daar saam was? Johannes 7:37-39: "En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie."

Weer in Handelinge 10:45, "…dat die gawe van die Heilige Gees ook op die *heidene uitgestort* is."

## *OPSOMMING*

Eindelik, kortliks 'n opsomming: God is 'n FAMILIE, wat huidiglik uit die TWEE Persone van Johannes 1:1-4 bestaan, maar met baie duisende, reeds deur die Gees van God *verwek*, binne God se ware Kerk, wat aanstons met Christus se wederkoms, weergebore sal word. Jesus Christus, deur sy opstanding, was as die Seun van God, GEBORE deur die opstanding uit die dode (Romeine 1:4)—die *eerste* wat so in die Godfamilie gebore word (Romeine 8:29).

Beide God en Christus bestaan uit Gees, wat soos 'n mens se vorm en gedaante is, met oë soos vlamme van vuur en gesigte so helder soos die son in volle sterkte!

God is die skepper van alles wat bestaan. Beide God en die Woord (wie Christus geword het) bestaan van ewigheid af voordat enigiets anders bestaan het. Die Gees van God vloei uit hulle uit, waardeur God alomteenwoordig en alsiende is. God die Vader is die goddelike Vader van die Godfamilie, waarin ware bekeerde Christene, weergebore sal word.

# 2

# Geheim van Engele en Bose Geeste

Is daar enigiets meer geheimsinnig as die vraag oor die onsigbare geesteswêreld? Engele was nog altyd 'n raaisel vir meeste mense op aarde. Bestaan engele werklik? Bestaan Satan, die duiwel, regtig? Is Satan 'n letterlike, onsterflike wese? Het God 'n duiwel geskep?

Sommige gelowe aanbid gode wat hulle glo, bose geeste is. Sommige katedrale van die Christengeloof het watergeute wat met groot en lelike gesnede dier- en monsterkoppe versier is, wat bedoel is om bose geeste af te skrik.

Al die euwels en probleme in die wêreld word deur botsende gemoedere veroorsaak. Maar wat is die werklike rede vir diesulke gemoedere? Is daar enige verband tussen twisgierige houdings en die onsigbare geesteswêreld? Dit is, vir bykans alle mense, 'n diepe verborgenheid, maar die Bybel openbaar 'n baie letterlike, dog onsigbare wêreld—'n ander dimensie, soos sommige verkies om dit te noem—onherkenbaar vir ons vyf menslike sintuie, wat tesame met ons eie fisiese wêreld bestaan. Dit is die geesteswêreld.

In die eerste hoofstuk van Hebreërs lees ons van engele wat dien as God se boodskappers, wat deur God uitgestuur word om diegene wat Hy tot saligheid en die ewige lewe geroep het, te dien.

In Efesiërs 6 lees ons, "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die

wêreldheersers van die duisternis van hierdie wêreld, teen die bose geeste in die lug."

Hoe is dit moontlik? Hoekom is hierdie wêreld met soveel teenstrydighede en twisgierigheid in menslike verhoudinge gevul?

In Efesiërs 2:2 wandel mense "volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug [Satan], van die gees wat nou in die kinders van ongehoorsaamheid werk." Mense besef eenvoudig nie dat daar 'n onsigbare geestesmag is wat hierdie vyandige gedagtes in hulle verstand plaas nie.

Selfs vir belydende Christene is hierdie skrifgedeeltes 'n raaisel. Hoekom?

Hierdie onsigbare geesteswêreld (Kolossense.1:15-16), bestaan werklik, maar omdat dit onsigbaar is, is dit 'n raaisel. Die feit dat heilige engele en bose geeste heeltemal onsigbaar vir mense is, verminder nie die werklikheid van hul bestaan nie. Inteendeel, die onsigbare geesteswêreld is meer werklik as die materiële, sigbare wêreld. Net soos meeste mense nie weet wat elektrisiteit is nie, maar wel goed bekend is met die realiteit daarvan. Die Bybel verduidelik: "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in dié wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges, in wie die god van hierdie wêreld [Satan] die sinne verblind het (2 Korinthiërs 4:3-4). Satan is die god van hierdie wêreld.

Die tyd vir BEGRIP het aangebreek.

## *DIE HOOGSTE ONSIGBARE GESAG*

In Hoofstuk 1 was dit duidelik gestel dat God van alle ewigheid 'n familie, wat oorspronklik uit twee lede bestaan het, was—God en die Woord, wie omtrent 2000 jaar gelede as Jesus Christus gebore was. God is onsigbaar—die hoogste almagtigste Geesteswese. Ons het gesien dat God lewe. Hy werk! Wat doen Hy? Hy is die skeppende familie. Min mense besef dat die eerste ding wat God geskep het, nie die aarde, sonne of ander planete of die heelal was nie. Voor al hierdie dinge het Hy engele geskep, 'n geesteswêreld van ontelbare engele.

Die Grote God het deur die Woord, hierdie onsigbare wesens eerste ontwerp en gevorm—engele, elkeen individueel geskep—miljoene—of selfs biljoene van hulle! Hulle is werklike,

persoonlike geesteswesens, elkeen met ‘n verstand van groter kapasiteit en bekwaamheid as enige menslike verstand ooit. Hulle beskik oor gesindhede, voornemens en doelstellings. Die Skrif verklaar dat selfs Jesus, as mens “’n weinig minder as die engele gemaak was” (Hebreërs 2:7). Hulle is totaal uit gees saamgestel. Aan hulle was standhoudende lewe—inherente lewe—onsterflikheid gegee. Daar is geen bloed wat deur hul are sirkuleer nie, en het hulle nie nodig om suurstof in te asem om te kan lewe nie, maar het standhoudende lewe in hulself.

Omdat engele deur God geskape is word hulle in Job 1:6 seuns van God genoem, maar hulle was nie verwekte en gebore kinders van God nie.

## *WAAROM WAS ENGELE GESKEP?*

Waarom was onsigbare, gees-saamgestelde engele eerste, voor enigiets anders, geskep? Waarom was hulle, selfs voor fisiese materie of die fisiese heelal geskep? Waarom was hulle in die eerste plek geskep?

Jesus Christus het gesê: “Ek werk en My Vader werk” (Johannes 5:17). In Johannes 1:1-5 is dit geopenbaar dat God en die Woord (die Godfamilie) leef. In die vorige hoofstuk het ons gesien hoe hulle geleef het—in wedersydse liefde, algehele eenstemmigheid en perfekte harmonie. Maar as hulle gelewe het, wat het hulle gedoen? Hulle het geskape. ‘n Mens kan sê dat hulle Skeppers van beroep was. Om hulle te help met skeppingswerk, regering en bestuur van dit wat geskep sou word, het hulle allereers ander geesteswesens, op ‘n laer vlak as die Godfamilie, geskep. Engele was geskep om dienaars, agente en helpers in God se skepping te wees. Hulle was geskep om dienaars van die Lewende God te wees.

Van alle ewigheid was God die hoogste gesag, wat vir ons menslike verstand beteken dat God op die troon van alles wat bestaan, of sou bestaan, sit. In die 25ste hoofstuk van Exodus vind ons ‘n aardse beskrywing van die werklike troon van God in die hemel, in die beskrywing van die ark wat deur Moses, in ooreenstemming met God se opdragte, gebou was. Aan elke kant van God se troon was ‘n aartsengel (gérub). Hulle uitgestrekte vlerke moes die hele troon van God bedek. Dit beteken dat

hierdie hoër engele, betrokke was in die administrasie van die Regering van God oor die hele skepping. Hulle was helpers, dienaars, knegte wat God bygestaan het.

In die eerste hoofstuk van Hebreërs lees ons van engele. Hierdie hoofstuk begin met Jesus. "Hy, wat… die afdruk van Sy Wese en alle dinge dra deur die Woord van Sy krag… terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle. Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: 'U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer?' en weer: 'Ek sal vir Hom 'n Vader wees, en Hy sal vir My 'n Seun wees?' En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: 'En al die Engele van God moet Hom aanbid.' En van die engele sê Hy, wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme; maar van die Seun: 'U Troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u Koninkryk is 'n regverdige septer; U het geregtigheid lief gehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het o God, u God, U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle;' en: 'U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande…'"

"En, aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: 'Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete?' Is hulle nie almal dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die wat die saligheid sal beërwe nie?" (Verse 3-10, 13-14).

Mense is 'n weinig laer as engele geskape, maar beskik oor die ontsaglike potensiaal om veel hoër wesens as engele te word. Hierdie feit word uitgebring in die tweede hoofstuk van Hebreërs en sal in Hoofstuk 7 van hierdie werk behandel word.

In, Hoofstuk 3, sal ons bewys, dat mense as kinders van God verwek kan word maar tans nog ongebore is.

Dit sal vir meeste lesers totaal nuut wees dat engele geskep was voor die aarde en die res van die heelal tot stand gebring is. In Job 38:1-7, word verklaar dat die engele van blydskap gejubel het toe God die aarde geskep het. In Genesis 1 en 2 is bevestig dat die aarde en die res van die fisiese heelal gelyktydig geskep was.

Engele is onsigbare, onverganklike, geesteswesens met krag en kennis ver bo mense verhewe (2 Petrus 2:11). Hulle het van die begin af al die aktiwiteite van die mensdom gade geslaan en

weet dus meer van die menslike verstand, sielkunde, sosiologie, wetenskap en al die kunste as enige mens wat ooit gelewe het.

Engele vervul 'n groot rol in die uitvoering van God se doel vir die mensdom. Hulle is Sy onsigbare agente wat ons armsalige mense, wat die erfgename van saligheid is, dikwels in maniere bedien wat min van ons verstaan.

## *PERSOONLIKE ERVARINGE*

Beide my vrou en ek, het dit in persoonlike voorvalle ervaar.

Toe ons oudste dogter 'n baba was, het me. Armstrong met die kind langs haar teen die slaapkamermuur geslaap. Sy het 'n stem gehoor uitroep: "Skuif Beverly." Sy het gedink dit was 'n droom en het aanhou slaap. Die stem het weer geroep, 'n bietjie harder hierdie keer. Sy het half wakker geword, niks gesien nie, weereens gedink dis 'n droom, omgedraai en ingesluimer, toe die stem die derde maal roep, hierdie keer hard en dringend: "SKUIF BEVERLY." Verwilderd, beweeg sy die kind oor na haar ander kant toe, en 'n sekonde of twee later stort 'n portret in 'n swaar raam, wat teen die muur was direk bokant waar die kind geslaap het, op die bed neer. Dit kon die kind se kop verbrysel het, of haar ernstig beseer het. Die enigste verklaring is dat God 'n engel gestuur het om Beverly se lewe te red.

In die vroeë dae van my bediening, om en by 1934, was ek besig om my motor op 'n stormagtige nag, in 'n hewige reënbui, op 'n hoofweg Suid van Eugene, Oregon te bestuur. Ek het teen sowat 40 myl per uur gery op 'n baie kronkelende pad. Terwyl ek 'n skerp draai nader, het my motor se stuurwiel skielik hard na links geswaai, asof 'n onsigbare krag dit uit my hand geruk het. 'n Vragmotor se wrak was direk voor my. Ek het dit net gemis deur aan die linkerkant daarvan verby te glip. Dit was donker, en reg voor my het nog 'n motorwrak gestaan. Die stuurwiel was weereens uit my hande geruk skerp na regs gedraai. My motor het tussen die motor wat Noord-wys en die trok wat Suid-wys deurgeglip, terug op die regterbaan van die pad met net 'n duim te spaar tussen die twee wrakke. Ek het nog nooit vantevore soiets ervaar nie. Die stuurwiel van my motor was deur 'n mag buite my beheer en teen my hand wat die stuurwiel reguit vorentoe gehou het, gedraai!

'n Vorige keer, laat in 1927, binne die eerste jaar van my bekering, het ek 'n soortgelyke ervaring gehad.

## *ERVARING VAN DIE KROM RUGSTRING*

Nadat my eggenoot en ek 'n bietjie vooruitgang in die Bybelse begrip van genesing begin maak het, het Aimee Semple McPherson na Portland gekom.

Sy het 'n Evangelistiese veldtog in die Portland Auditorium gehou. My eggenoot en ek het dit een keer bygewoon, en ek het by 'n tweede geleentheid, alleen gegaan. Ons was besig om navorsing oor verskillende godsdienstige leerstellinge en groepe te doen. Ek kon die tweede keer nie in die saal inkom nie, daar dit stampvol was. 'n Deurwagter het my meegedeel dat ek moontlik by die agterdeur kon inglip as ek vinnig om die hoek kon haas. Ek het vinnig om die hoek gedraf en op 'n droewige gesig afgekom.

'n Vrou en kind was besig om 'n verwronge kreupel ou man, naby die verhoog ingang, uit 'n motor te help. Ek het nader gestaan om hulle te help. Die man het 'n baie verwronge rugstring gehad—ek kan nie nou meer onthou of dit van gewrigsontsteking, vanaf geboorte of iets anders was nie. Hy was geheel en al hulpeloos en 'n treurige gesig om te aanskou.

Ons het hom tot by die verhoogdeur gebring. Eintlik sou ek nooit binnegelaat geword het, as ek nie besig was om die kreupel man te help dra nie. Hy het gekom om deur die bekende vroue evangelis genees te word.

Ons kon nie me. McPherson voor die diens kontak nie, en ook nie daarna nie. Ek het toe maar die teleurgestelde kreupel terug in die motor gehelp.

"As u regtig genees wil wees," het ek aan hom gesê voordat hulle vertrek het, "sal ek graag na u huis toe kom om vir u te bid. Me. McPherson het geen krag in haarself om enige persoon te genees nie. Ek ook nie. Dit is alleenlik God wat kan genees, en ek weet wel wat Hy belowe het om te doen, en ek glo dat God my net so goed as vir me. McPherson sal verhoor—mits jy sal GLO wat God belowe het, en volkome in HOM sal glo en nie in die persoon wat vir jou bid nie."

Hulle het hul adres, net Suid van Fosterweg, vir my gegee. Die volgende dag het ek my broer Russel se motor, geleen en daarheen gery.

Ek het, deur Bybelstudie, van die onderwerp van genesing geleer, dat daar twee voorwaardes is wat God stel: 1) Ons moet *Sy gebooie bewaar* en die dinge doen wat vir Hom welgevallig is (1 Johannes 3:22); en 2) Ons moet waaragtig glo (Matthéüs 9:29).

Natuurlik het ek verstaan dat daar ‘n menigte mense is wat nog nie begryp dat alle gebooie van God gehoorsaam moet word nie—God kyk in die *hart*. Dit is die *gewilligheid* en die *gees* om te gehoorsaam, wat tel. Daarom word sommiges wat regtig GLO, genees, alhoewel hulle nie streng “gebooie-onderhouers” is nie. Wanneer hulle egter *kennis van die waarheid bekom*, moet hulle GEHOORSAAM wees. In hierdie geval was ek seker dat God wou hê dat ek aan hierdie mense moet verduidelik van Sy Gebooie en dat dit SONDE *is* om God se WET te oortree.

Dus het ek eers hierdie twee skrifgedeeltes gelees, en aan hulle verduidelik wat ek die afgelope ses maande geleer het oor God se Wette, veral oor God se Sabbat. Ek wou weet of hierdie kreupel en sy vrou ‘n gees van GEWILLIGHEID om God te gehoorsaam, het.

Hulle het nie. Ek het gevind dat hulle “Pinkstergesindes” was. Hulle het kerk toe gegaan vir die “goeie tyd,” wat hul daar geniet het. Hulle het heelwat gepraat oor die “goeie tyd” wat hulle by die kerk geniet. Hulle was spottend en snedig teenoor gehoorsaamheid aan God. Ek het toe aan hulle gesê dat, aangesien hulle nie God se geskrewe voorwaardes vir genesing wou nakom nie, ek nie vir hulle kon bid nie.

## *WAS HIERDIE ‘N ENGEL?*

Hierdie geval het swaar op my gemoed gedruk. Ek het innige meegevoel vir hierdie arme man gehad. Sy verstand was geensins verswak nie en ek het goed geweet dat God geensins SONDE verdra nie.

‘n Paar weke later het ek weer my broer se motor geleen en was ek besig om in Fosterweg te ry. Eintlik was my gedagtes op hierdie tydstip op ‘n heel ander sending, en die misvormde kreupel was glad nie deel daarvan nie. Ek was diep in gedagte oor ‘n heel ander saak.

Toe ek by die kruising van die straat, waarin die kreupel woon kom, het dit my aan hom herinner. Ek het skielik die

gedagte gekry dat ek hulle nog een keer moes besoek. Ek het egter dadelik die idée laat vaar, want hulle het ligsinnig opgetree en in werklikheid die kans tot *gehoorsaamheid* tot God, totaal versmaai. Ek het hulle uit my gedagtes gesit en was weereens diep in gedagte oor my huidige sending.

Toe gebeur 'n baie vreemde ding.

By die volgende kruising het die stuurwiel van die motor outomaties regs gedraai. Ek het dit voel draai en het probeer terughou, maar dit het sterk regs gedraai. Ek het met al my krag probeer om die stuurwiel reguit vorentoe te hou, maar tevergeefs. Die onsigbare mag het die wiel *teen* my volle krag gedraai. Die motor het regs, een blok Oos van waar die kreupel gewoon het, ingedraai.

Ek was verskrik. Soiets het nog vantevore met my gebeur nie. Ek het nie geweet wat om hiervan te dink nie, en het met die motor langs die randsteen stilgehou.

Dit was te laat om weer in die swaar verkeer van Fosterweg in te draai.

"Wel", het ek gedink, "ek sal tot aan die einde van die blok ry, links draai en dan terug in Fosterweg in beweeg."

Na 'n lang blok Suid op hierdie pad het dit *net* regs gedraai, daar was geen straat wat oos gedraai het nie. Om terug in Fosterweg te kom was ek gedwing om by die huis van die kreupel verby te ry.

"Was dit enigsins moontlik dat 'n engel my *forseer* het om hier in te draai?" Het ek, redelik verward deur die ondervinding, gewonder. Ek het besluit om by die kreupele se huis te stop en vir 'n rukkie in te loer net om seker te maak.

Ek het hom in die huis met bloedvergiftiging onderlede gekry. Die rooi streep vinnig besig om sy hart te nader.

Ek het hulle vertel wat op pad gebeur het.

"Ek weet nou", het ek gesê: "Dat God 'n engel gestuur het om my by julle te laat indraai. Ek glo dat God wil hê dat ek vir julle moet bid—dat Hy u van hierdie bloedvergiftiging sal genees om Sy krag aan u te bewys. Dan sal Hy u nog een kans gun om tot bekering te kom en Hom gehoorsaam te wees. As u dit sal doen sal Hy u rugstring reguit maak en u volkome gesond maak."

"So ek sal nou, as u wil, vir u bid en God vra om u van hierdie bloedvergiftiging te genees. Ek sal egter *nie* vir God vra om u

rugstring te genees alvorens u tot bekering kom en gewilligheid toon, om wat u self sien God beveel het, te gehoorsaam nie."

Hulle was nou desperaat. Hy het omtrent 12 ure gehad om te lewe. Hulle het nie meer grappies gemaak en geklets oor die "lekker tye" wat hulle by "pinkster dienste" ervaar het nie. Hulle wou hê ek moet vir hulle bid.

Ek was nie 'n ingeseënde leraar nie, dus het ek hom nie met olie gesalf nie. Ek het nog nooit in my lewe voor ander hardop gebid nie. Ek het dit aan hulle verduidelik en gesê dat ek net my hande op hom sou lê en dan stil bid, siende dat ek geen selfbewustheid wou ondervind deur hardop vir die eerste maal te bid, wat moontlik die erns en geloof van die oomblik sou bederf nie. Ek het absoluut geglo dat hy van die bloedvergiftiging genees sou word.

En hy was.

Ek het die volgende dag teruggekeer. Die bloedvergiftiging het hom onmiddellik verlaat toe ek gebid het. Maar nou tot my bittere smart en teleurstelling, was hulle alweer vol ligsinnigheid en sarkasme teenoor God se wet. Hulle was weereens besig om skertsend te gesels oor die "lekker tye" by "Pinkster" dienste.

Daar was niks wat ek verder kon doen nie. Dit was een van die grootste teleurstellings van my lewe en ek het hulle ook nooit weer gesien of van hulle gehoor nie.

## *GOD SE ONSIGBARE AGENTE*

God het engele wat spesiaal aangestel is om oor Sy Kerk toesig te hou en dit dwarsdeur die geskiedenis daarvan te bewaar (Openbaring 1:4, 16, 20; 2:1, 8, 12, 18; 3:1, 7, 14). Hy het engele wat ewigdeur dwarsoor die wêreld wandel om die algemene toestand daarvan dop te hou en aan Hom terugvoering te gee (Openbaring 5:6; Sagaría 4:10; 2 Kronieke 16:9).

En God het spesiaal aangestelde engele wat na Sy verwekte menslike kinders omsien (Handelinge 12:15; Matthéüs 18:10). God belowe: "Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë" (Psalms 91:11).

Twaalf van God se engele is aangestel as bewaarders oor die twaalf poorte van die nuwe Jerusalem (Openbaring 21:12), een vir elke stam van Israel. Hierdie twaalf is moontlik nou die aartsengel Mígael se assistente.

Engele is boodskappers. Hulle het aan Abraham, Lot, Hagar, Moses, Manoah, Gideon, Elia en baie ander van die profete en apostels verskyn.

Wanneer hierdie engele hulself aan mense openbaar het, was dit gewoonlik in die vorm van mense.

Die Bybel noem drie engele van hoë rang: hulle is Lucifer (die Môrester) (Jesaja 14:12) tans Satan, die Duiwel; Gabriël, wie by twee geleenthede aan Daniël verskyn het (Daniël 8:16; 9:21) en aan Sagaría, die vader van Johannes die Doper (Lukas 1:19) en later aan Maria die Moeder van Jesus (Lukas 1:26); en derdens Mígael, wat een van die *vernaamste vorste* genoem word (Daniël 10:13) en wat deur Judas geïdentifiseer word as 'n *aartsengel* (Judas 9). Mígael, is die aartsengel wie spesifiek aangestel is om die 12 stamme van Israel (Daniël 12:1; 10:2-13, 21) en die ware Kerk van God, vandag (Openbaring 12:7) te versorg.

## *DIE HOOGSTE SKEPPENDE UITVOERBAARHEID*

God bepaal die engele se verantwoordelikhede, maar Hy het hulle ook met VERSTAND—MET DIE VERMOË OM TE DINK, TE REDENEER, KEUSES EN BESLUITE TE MAAK, geskep!

Maar daar was een, uitstaande belangrike kwaliteit wat selfs God se skeppende mag nie dadelik, deur bevel kon skep nie—dieselfde perfekte, heilige, regverdige KARAKTER wat inherent in albei God en die Woord is!

Hierdie soort karakter moet, deur die KEUSE en DOEL van die een in wie dit tot stand kom, ONTWIKKEL word.

So let wel op hierdie lewensbelangrike waarheid—dat perfekte, heilige en regverdige *karakter* die hoogste skeppende uitvoerbaarheid, vir Almagtige God die Skepper is—dit is ook die weg na Sy uiteindelike, hoogste STREWE! Sy finale doelwit!

Maar HOE?

Ek herhaal, sulke perfekte karakter moet *ontwikkel* word. Dit behels die vrye keuse en besluit van 'n spesifieke individu, in wie dit geskep moet word. Maar verder, moet dit deur en van die Heilige God ingeboesem word, wie alleenlik sulke regverdige karakter het om te skenk.

Maar wat bedoel ons met regverdige karakter?

Perfekte, heilige en regverdige karakter is die vermoë van 'n aparte individu, om die ware en die regte weg van dit wat vals is, te onderskei. Uit vrye keuse, 'n vol en onvoorwaardelike oorgawe, aan God en Sy perfekte weg te maak—toe te gee in *onderworpenheid* aan God—om selfs in versoeking of eie begeerte, reg te *lewe* en dit wat reg is, te doen. Selfs dan is daardie heilige karakter, God se gawe. Dit kom deur ondergeskiktheid aan God, om Hom toe te laat om SY WET (God se regte manier van lewe) in so 'n spesifieke individu, wat so besluit en wil, in te boesem.

Eintlik kom hierdie perfekte karakter alleenlik van God, soos ingeboesem in hierdie eenheid van sy skepping, na sy vrywillige oorgawe, selfs na ernstige beproewing en toets.

Ek het etlike paragrawe aan hierdie aspek gewy, omdat hierdie, die hoogste spits van alle middele, in God se algehele DOEL is!

Nou ten opsigte van die prehistoriese engele: 1) God het hulle met verstand geskep, geskik om te dink en te redeneer, uit vrye wil keuses uit te oefen en besluite te neem; en 2) aan hulle duidelik SY WARE EN REGVERDIGE WEG geopenbaar. Maar God, moes noodwendig hulle vrye morele keuses toelaat om Sy regte weg te kies, of die teenoorgestelde weg van hul eie denkwyse te volg.

Wat was God se UITEINDELIKE DOEL vir die engele gewees? Dit is bo alle twyfel, dit wat nou vanweë die engele se opstandigheid, die bonatuurlike potensiaal van die mens geword het!

God het die hele, oneindige materiële heelal laat ontstaan—dit as toetsgrond vir positiewe, aktiewe en kreatiewe skeppingsgeleentheid geskep.

Eerstens het God engele geskep. Daarna het God die aarde en die heelal vir die engele asook vir die mensdom, wie later geskep sou word, gevorm en tot stand gebring.

God het nou nie net materie geskep nie, maar tesame met en in dit, ook energie en sulke wette soos wat die mens ontdek het in die gebiede van fisika en chemie. God het materie gevorm om in beide die organiese en anorganiese toestande teenwoordig te wees.

So kom ons nou tot dit wat in Génesis 1:1 openbaar is "In die begin [van die fisiese heelal] het God die hemele en die aarde geskape," wat materie en fisies is.

In die 1953 vertaling van die Afrikaanse Bybel, is die woord hemel in enkelvoud vertaal. In die oorspronklike Hebreeus soos

deur Moses geskryf, is dit in die meervoudvorm—*hemele*—dus het dit nie alleenlik betrekking op die aarde nie, maar die hele ganse materiële heelal.

Dus, dui dit daarop dat *op daardie tydstip*—ná die skepping van die engele—was die ganse heelal, tesame met ons aarde tot stand gebring. Ek vind sterk getuienis hiervan in ander Bybelverse en definitief in Génesis 2:4, geskryf.

## *DIE PERFEKTE SKEPPING*

Die oorspronklike Hebreeuse woorde (geskryf deur Moses) sinspeel op 'n perfekte skepping daar God Homself as Skepper van volmaaktheid, lig en prag openbaar. Elke aanhaling in die Bybel beskryf die kondisie van elke finale fase van die skepping van God as "baie goed"—perfek.

Hierdie eerste vers in die Bybel praat eintlik van die oorspronklike FISIESE skepping in sy geheel—die heelal—aarde *ingesluit*, moontlik miljoene jare gelede—vir sover dit die skepping aangaan, was dit pragtig en perfek—'n volmaakte voltooide skepping. God is 'n perfeksionis!

In Job 38:4, 7, praat God spesifiek van die skepping van die aarde. Hy sê al die engele (geskape "seuns van God") het gejubel van vreugde toe die aarde geskape was. Hierdie verse openbaar dat engele beslis *voor die aarde geskape was*—en selfs voor die *materiële* heelal. Die sonne, planete en sterliggame is almal materiële stof. Engele was individueel geskep, geesteswesens, ten volle gees.

Hierdie verse in Job sinspeel daarop dat engele die aarde bewoon het VOORDAT mense geskape was en 'n verrassing vir baie sal wees.

## *ENGELE OP AARDE HET GESONDIG*

Ander verse plaas ook engele op die aarde voor mense.

Sien 2 Petrus 2:4-6. Eerstens in tyd volgorde is "engele wat gesondig het." Volgende, die antidiluviaanse wêreld, beginnende met Adam tot en met die vloed en daarna Sodom en Gomorra.

Hierdie boek van boeke, wat die geopenbaarde kennis van God die Skepper bevat, sê vir ons dat God die engele uit gees geskep het,

maar kan jy jou dit voorstel dat engele sondige engele *geword* het? Engele was geskep met die mag om te dink, besluite te neem en keuses te maak, anders het hulle geen individualiteit van karakter nie. Aangesien *sonde* oortreding van God se wet is, het hierdie engele teen God se wet, wat die basis van God se regering is, gerebelleer.

Maar hoe en wanneer het die engele gesondig?

Let baie noukeurig op wat in 2 Petrus 2:4-5 geopenbaar word. "Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het." Die woorde "in die hel gewerp" in bogenoemde verse is 'n Engelse uitdrukking, vertaal vanuit die Grieks *tartarao*—uit *tartaros*," wat nêrens anders in die Bybel gevind word nie. *Tartaros* beteken 'n plek of staat van opsluiting.

Hierdie verse dui aan dat algehele sonde algehele verwoesting van die fisiese aarde veroorsaak het. Die sonde voor die sondvloed, wat met die sondvloed geëindig het, was wêreldwye, algehele sonde. Let op: "…die aarde was *vol* geweld…want *alle vlees* het sy wandel op die aarde verderwe…want *die aarde is vervul* met geweld…" (Genesis 6:11-13). "Maar Noag het genade gevind in die oë van die Here…Noag was onder sy tydgenote, 'n regverdige man en Noag het met God gewandel" (vers 8-9). Die ganse mensdom, dwarsoor die aarde, het gesondig. Maar *net Noag* "het met God gewandel". Dus, het die vloed *die ganse aarde* verdelg—net Noag en sy familie, het oorgebly.

Die homoseksuele en ander sondes van Sodom en Gomorra het oor die hele omgewing van die twee stede gestrek en fisiese verwoesting het ook die hele gebied verdelg. Die sonde van die engele was wêreldwyd en die fisiese verwoesting wat hierop gevolg het was ook wêreldwyd. (En daar is rede om te glo dat dit die ganse heelal ingesluit het, wat in Hoofstuk 7 verduidelik sal word.)

Die verse hierbo genoem, plaas die sondes van die engele *voor* die sondvloed, wat met Adam begin het, dus voor die skepping van die mens, en *dit* moet sekerlik 'n verbasende onthulling van een fase van die geheim wees! Engele, het hierdie aarde bewoon *voordat* die mens geskep was.

Jesaja 14 en Eségiël 28 openbaar dat God die aartsengel Lucifer, 'n gérub, op 'n troon op die aarde as regeerder van die hele aarde, geplaas het. God het bedoel dat hy die hele aarde moes regeer deur die regering van God hier te bestuur. Die regering van God was dan ook uitgeoefen totdat die sondige engele in opstand gekom het.

Hoe lank die engele die aarde bewoon het voordat die mens geskape was word nie geopenbaar nie. Dit kon miljoene—selfs biljoene—jare gewees het. Meer daarvan later. Maar hierdie engele het gesondig. Sonde is wetteloosheid (1 Johannes 3:4) en God se gebooie is die grondslag van Sy Regering. Dus weet ons dat hierdie engele, blykbaar een-derde van al die engele (Openbaring 12:4), gesondig het deur teen God se regering te rebelleer. Sonde bring straf. Die straf vir engele wat sondig is nie die *dood*, soos vir die mens nie, omdat hulle onsterflike geesteswesens is en nie kan sterf nie. Hierdie geesteswesens *was heerskappy* oor die FISIESE AARDE as 'n besitting en 'n tuiste *gegee.*

Die algehele wêreldwye sonde van die engele het tot die fisiese verwoesting van die aarde gelei.

## *GOD REGEER SY SKEPPING*

God is Skepper. God is ook Heerser oor Sy skepping. Hy bewaar wat hy skep deur sy regering. Wat God geskep het, het Hy met 'n doel geskep—om dit te gebruik, te verbeter, te ontwikkel, te bewaar en te onderhou. Hierdie gebruik word deur God se regering beheer. Toe die engele in opstand teen God se regering gekom het, het die ontwikkeling en verbetering van die aarde wat "die kersie op die koek" was, tot stilstand gekom. Die bewaring en ontwikkeling van die fisiese aarde en al die oorspronklike skoonheid en prag is gestaak—en dit het fisiese verwoesting van die aarde se oppervlakte veroorsaak!

As gevolg van hierdie engele se sonde, het Lucifer, Satan die duiwel geword en sy engele demone.

God is Skepper, Bewaarder en Heerser.

Satan is verwoester!

So nou lees ons in Judas 6-7: "En die engele wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die

duisternis bewaar; soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan."

Nou terug na Genesis 1:1-2. Soos reeds gesê, gee vers 1 te kenne dat die skepping perfek was. God is Skepper van lewe, skoonheid en volmaaktheid. Satan inteendeel, het net duisternis, onvolmaaktheid, verwoesting en geweld veroorsaak. Vers 1 dui op die skepping van 'n volmaakte dog onvoltooide aarde, glansryk en pragtig. In vers 2 word die gevolg van die engele se sonde geopenbaar.

"En die aarde was [het] woes en leeg [geword]." Die woorde "woes en leeg" word in die Hebreeus vertaal as '*tohu* en *bohu*'. 'n Beter vertaling sou wees "in 'n toestand van wanorde en verval." Die woord "was" is in Genesis: 19:26 ook vertaal as "word." Met ander woorde, die aarde, wat oorspronklik volmaak en pragtig geskep was, het nou wanordelik, woes en leeg geword, net soos ons maan, behalwe dat die aarde se oppervlakte met water bedek was.

Dawid was geïnspireer om te openbaar hoe God die gelaat van die aarde hernieu het. "U stuur U gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut" (Psalm 104:30).

## *'N VERSTOMMENDE WAARHEID*

Nou 'n verdere verrassing vir die meeste lesers. Hier is 'n nog 'n stukkie van die ontbrekende dimensie van kennis, wat eintlik in die Bybel openbaar is, maar nie erken word deur godsdiens, wetenskap of die hoër onderwys nie.

Vanaf vers 2 van Genesis 1 en die oorblywende gedeelte van hierdie eerste hoofstuk van die Bybel, is dit nie die oorspronklike skepping van die aarde wat beskryf word *nie*, maar 'n hernuwing van die voorkoms van die aarde, nadat dit woes en leeg geword vanweë die engele se sonde.

Wat vanaf vers 2 en verder beskryf word, in wat veronderstel is om die skeppingshoofstuk van die Bybel te wees, het wel, volgens die Bybel ongeveer 6,000 jaar gelede gebeur. Dit kon egter miljoene, selfs triljoene jare, na die oorspronklike skepping van die aarde, wat in vers een beskryf word, plaasgevind het!

Ek sal later kommentaar lewer oor die moontlike tydsduur, voordat al die engele op aarde in opstand gekom het.

Die aarde het woes en leeg *geword*. God het dit nie woes en leeg geskep nie, ook nie in 'n toestand van verval nie daar God nie 'n God van wanorde is nie (1 Korinthiërs 14:33). Die Hebreeuse woord—*tohu*—wat woes en leeg beteken, is in Jesaja 45:18 geïnspireer, waar 'n beter en voller omskrywing van die oorspronklike skepping gegee word: "Want so sê die Here, wat die hemele geskape het—Hy is God!—wat die aarde geformeer en dit gemaak het—Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes en leeg (*tohu*) te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word."

Lees nou vers 2 van Genesis 1, verder (die aarde het woes en leeg geword): "en duisternis was op die wêreldvloed [oseaan of vloeibare oppervlak van die aarde] en die Gees van God het gesweef op die waters. En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig. Toe sien God dat die lig goed was, en God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis" (verse 2-4).

Satan is outeur van duisternis. Die opstand van die engele het duisternis veroorsaak. God is skepper van lig en waarheid. Lig vertoon en verhoog skoonheid en lê ook sonde bloot. Duisternis verberg beide.

Die verse wat volg in hierdie eerste hoofstuk van die Bybel beskryf die hernuwing van die aangesig van die aarde, pragtige grasvelde, bome, struike, blomme, weivelde—daarna die skepping van seelewe, voëls, die dierelewe en laastens die mens.

## *DIE GROOT LUCIFER*

Voordat ons egter by die mens kom is dit nodig om die prehistoriese gedeelte perspektief te gee.

Hoe het die sonde van die engele plaasgevind? Hoe het dit begin?

Onthou, God die Skepper *bewaar*, verbeter en verfraai, sy skepping deur sy regering. Wat Hy maak is geskep om te gebruik. Hierdie aarde moes oorspronklik deur engele bewoon en gebruik word.

Toe God die engele—blykbaar een derde van hulle (Openbaring 12:4)—op die nuut gevormde, perfekte, pragtige,

heerlike aarde geplaas het, het Hy oor hulle, op 'n troon, om die regering van God te bestuur, die aartsengel—die grootte gérub, Lucifer, geplaas. Daar was net twee ander wesens met hierdie uiters hoë rang van gérub gewees, Mígael en Gabriël.

Vir so ver as wat onthul word, is hierdie die absolute kruin van gees saamgestelde wesens binne die bestek van God se skeppingsmag. Hierdie Lucifer was 'n ontsaglike, uitstaande majestueuse wese van skitterende helderheid, uitnemende kennis, wysheid en mag—perfek soos God hom geskape het! (Eségiël 28:15). Maar onthou daar is een ding wat God nie outomaties en oombliklik deur 'n bevel kan skep nie, en dit is perfekte, regverdige karakter. Dus het God noodgedwonge in hom die mag geskep om keuses te maak en om besluite te neem, anders sou hy nie 'n individuele wese met karakter kon wees nie.

Op hierdie stadium moet 'n waarheid, wat amper nooit verstaan word nie, verduidelik word. God skep in 'n beginsel van tweeledigheid. Ek het dit met 'n vrou wat koek bak, vergelyk. Wanneer sy die koek uit die oond haal is dit nie 'n eindproduk voor sy nie die koek versier het nie. Toe God die aarde en ander planete geskep het, was hierdie beginsel van tweeledigheid betrokke!

Wat geskape was, was wel perfek tot op daardie punt. Maar dit was nog nie 'n voltooide skepping nie. God het bedoel dat die engele hulle eie vakmanskap op die aarde se oppervlakte moes byvoeg. Hy het bedoel dat hulle oor die oppervlakte van die aarde moes werksaam wees, om dit te verbeter, te verfraai en te versier—met ander woorde: "die koek versier."

Dieselfde beginsel van tweeledigheid was met die skepping van die engele toegepas. Perfekte, regverdige karakter, kon nie outomaties deur bevel geskep word nie. Die engele moes noodgedwonge hulle deel bydra tot die ontwikkeling van karakter en hulle skepping kon nie voltooi word voordat hulle karakters nie perfek was nie.

## *LUCIFER, LATER SATAN*

Ek, wil hê dat u hierdie hoogtepunt van uitnemende grootheid van God se geskepte wesens ten volle verstaan. Twee verskillende skrifgedeeltes vertel ons van sy oorspronklike skepping.

Let eerstens op wat in Jesaja 14 openbaar word. (Hierdie bekende hoofstuk begin met hierdie tyd, wat net voor ons is, wanneer die Ewige God, in hierdie wêreld se doen en late sal ingryp. Die mense van Israel—nie noodwendig of uitsluitlik die Israeli's of Juda nie—sou reeds as krygsgevangenes en slawe geneem gewees het, en God sal tussenbeide tree en hulle terugneem na die oorspronklike beloofde tuisland). "En op die dag as die Here jou rus gee van jou smart en van jou onrus en van die harde diensbaarheid waarmee hulle jou laat dien het, dan sal jy hierdie spotlied aanhef oor die Koning van Babel en sê: Hoe het die drywer nou opgehou, opgehou die verdrukking! Die Here het die stok van die goddelose verbreek, die staf van die heersers, wat die volke verwoes het in grimmigheid met slaan sonder ophou, wat in toorn oor die nasies geheers het met 'n agtervolging sonder verskoning" (Verse 3-6).

Hier word NIE van Nebukadnésar, die koning van antieke Babel gepraat nie. Die tyd is egter binnekort—maar nog toekomstig. 'n Moderne opvolger van die eertydse Nebukadnésar word hier bespreek. Die persoon wat die HEERSER van die komende verrese "Heilige Romeinse Ryk" sal wees. 'n Soort komende "Verenigde State van Europa"—'n unie van 10 nasies wat verrys uit, of volg, op die Gemene Mark van vandag (Openbaring 17). Brittanje sal nie deel van hierdie ryk, wat binnekort daar sal wees, vorm nie.

Hierdie Verenigde Europa sal die Huis van Israel verslaan—*as* u weet wie Israel vandag is, en ek bedoel *nie* Juda, vandag bekend as die Israeli's nie. Dit alles behels 'n hele paar ander profesieë, waarvoor hier nie plek is om te verduidelik nie. (Dit word alles in ons gratis boek, *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* verduidelik.)

Maar hierdie "koning van Babel" sal, ten tye van hierdie profesie totaal deur die ingryping van die lewende Christus in al Sy mag en glorie, vernietig wees. Lees verder:

"Die hele aarde rus, is stil; hulle breek uit in jubel. Ook is die sipresse bly oor jou, die seders van die Libanon, en hulle sê: Vandat jy daar lê, klim niemand na ons op om ons af te kap nie" (verse 7-8).

(Ek wil net 'n interessante stukkie inligting hier invoeg. Die seders van Libanon, bybel beroemd, is byna almal reeds afgekap. Net een klompie van hierdie bome hoog in die berge

bestaan nog, wat ek gesien en gefotografeer het. Maar moontlik is die beste voorbeeld van hierdie seders van Libanon wat nog op aarde te sien is, die wat op ons gewese *'Ambassador College'* Kampus in Engeland staan en wat ons geweldig waardeer het. Dit is interessant om te sien dat hierdie profesie wat sowat 700 jaar v.C. geskryf was, daarop dui dat hierdie pragtige statige bome so grootliks afgekap sou word.)

Hierdie stuk in Jesaja 14, beskryf die uiteinde van hierdie komende menslike koning, deur die hande van die glorieryke, almagtige Christus. Hy word voorgestel as Satan se hoof politieke heerser en militêre verwoester, wat binne die volgende paar jaar totaal deur Satan verlei sal word.

## *SATAN SE AARDSE TROON*

Nou, in vers 12, word hierdie aardse, menslike tipe van Satan skielik verwissel na Satan homself—die vorige aartsengel Lucifer:

"Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!" Dit het laasgenoemde Lucifer gedoen deur die menslike- polities-militêre leier onder sy mag—waarvan in die eerste elf verse gepraat word.

Die naam Lucifer beteken "Glinsterende môrester, of "Bringer van lig", soos God hom oorspronklik geskep het. Lees nou vers 13: "En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre [engele] van God."

Let op, Lucifer het 'n troon gehad; hy was 'n heerser. Sy troon was op die aarde, want hy wou in die hemel opgevaar het. Lees verder: " … en sit op die berg van samekoms [God se hemelse troon] in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelyk stel met die Allerhoogste" (verse 13-14). Eintlik is dit duidelik dat Lucifer niks anders in gedagte gehad het as om die Skepper God van sy troon te boender en self die allerhoogste God te word nie.

Blykbaar het hy beplan om homself in God se plek oor die heelal te stel!

Maar eindelik as die samehang weer terugkeer na die menslike tipe in vers 15: "Ja, in die doderyk sal jy neergewerp word, in die diepste plekke van die kuil!"

Vanaf hierdie punt keer die gedagtetrant weer terug na die menslike koning. Lucifer was die somtotaal van God se skeppingsmag, as 'n individueel geskepte wese, wat soos 'n Frankenstein monster gedreig het om sy eie skepper te verwoes—en al Sy magte van heerskappy oor die ganse heelal oor te neem.

Hierdie profesie praat letterlik van 'n oorlog, wat in Openbaring 12:7-9 beskryf word, wat gedurende ons tyd in die hemel moet gebeur: "En daar het oorlog in die hemel gekom: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp." Sien ook Daniël 12:1-2: "En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie; maar in die tyd sal jou volk gered word, elkeen wat in die boek geskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik."

Satan se rebelse heerskappy was NIE 'n regering wat op liefde gebaseer was nie—van gee en uitgaande besorgdheid oor ander se beswil nie. Dit is gebaseer op SELFSUG, ydelheid, wellus, gierigheid, afguns, jaloesie, die gees van kompetisie, haat, geweld en verwoesting, duisternis en dwaling, pleks van lig en waarheid, afsigtelikheid pleks van skoonheid.

Let weereens op die beginsel van tweeledigheid. Jesaja 14:12-14 dui op 'n tydperk voordat die eerste mens, Adam, geskep was. Maar in Openbaring 12:7 en Daniël 12:1 is Satan, aan die einde van die 6,000 jaar wat aan hom toegestaan is as heerser op die troon van die aarde, weereens in 'n oorlog betrokke om God se troon in die hemel te probeer verower.

## *LUCIFER, 'N GESKEPTE WESE*

Lees nou die ander skrifgedeelte in Eségiël 28, wat die hoogtepunt van God se skepping van die engele omskrywe.

Eintlik, praat die hele konsep in Eségiël 26 van Tirus, wat die antieke groot kommersiële stad, net soos Babilon die politieke hoofstad, die metropool van die ou wêreld, was. Tirus was die New York, die Londen, die Tokio of die Parys van die ou wêreld. Die ouwêreldse Tirus, poort van die wêreld se skeepsvaart en handelaars, het *haar* verheerlik in haar prag, net soos Parys, in ons tyd.

Hoofstuk 27 gaan aan met vergelykings van skrifgedeeltes in die agtiende hoofstuk van die boek van Openbaring en verwys na 'n politiek-godsdienstige leier wat moet kom (verse 9-19).

Maar in hoofstuk 28, verander die tema meer na die tyd wat nou direk voor ons is, wat dieselfde tyd is as wat in Jesaja 14 bespreek word. Eségiël 28 praat van 'n prins van Tirus, 'n aardse regeerder, waarvan die eertydse koning van Tirus 'n tipe was. God sê aan die profeet Eségiël: "Mensekind, sê aan die vors [prins – (KJV)] van Tirus [eintlik word verwys na 'n magtige godsdienstige leier wat aanstons gedurende ons tyd sal verskyn]: So spreek die Here, Here: Omdat jou hart hoogmoedig was en jy gesê het: Ek is 'n God, ek bewoon 'n godewoning in die hart van die see—terwyl jy tog 'n mens is en geen god nie—en jou hart gemaak het soos die hart van 'n god; kyk jy is wyser as Daniël, alles wat verborge is, is vir jou nie te duister nie! Deur jou wysheid en deur jou verstand het jy vir jou rykdom verkry, ja, jy het goud en silwer in jou skatkamers verwerf; … en jou hart het hoogmoedig geword deur jou rykdom; daarom so sê die Here, Here: Omdat jy jou hart gemaak het soos die hart van 'n god, daarom, kyk, Ek bring vreemdes oor jou, die geweldigste nasies … In die kuil sal hulle jou laat neerdaal, en jy sal in die hart van die see die bittere dood sterwe van een wat verslaan is" (Eségiël 28:2-8). (Vergelyk dit met 2 Thessalonicense 2:3-4, wat van "die seun van die verderf … die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word … sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is," praat)

## *WAT 'N SUPER WESE*

Maar by hierdie punt, soos in Jesaja 14, verhoog hierdie mindere menslike tipe na 'n meer verhewe geestelike wese. In plaas van die prins (KJV) van Tirus, 'n man—praat dit nou van die koning van Tirus wat dieselfde Lucifer is.

Eségiël die profeet gaan verder:

"Verder het die woord van die Here tot my gekom en gesê: Mensekind, hef 'n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here Here: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid" (verse 11-12).

Lees dit asseblief weer! God sou nooit so 'n stelling gemaak het oor 'n gewone man nie. Hierdie uitnemende geestelike wese het die somtotaal van wysheid, perfeksie en skoonheid omvat. Hy was die hoogtepunt, die meesterstuk, van God se skepping, die mees volmaakte individuele skepsel wat deur die almagtige krag van God voortgebring was! Die tragedie is dat hy teen sy Maker in opstand gekom het!

"Jy was in Eden, die tuin van God; "(vers 13) Hy het die aarde bewoon. Sy troon was hier. "Allerhande edelgesteentes was jou bedekking… en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei" (vers 13). Hy was *geskep*—nie menslik gebore nie. Hy was 'n geesteswese—*nie* vlees nie. Hy was met groot vermoë en kundigheid in musiek, geskape. Noudat hy pervers geword het in sy algehele denkwyse, gedrag en wese, is hy die werklike skepper van moderne verdraaide musiek en moderne "rock" ritme—van valsklinkende gekerm, gekras, weeklag en gillery—fisiese en emosionele prikkelbare ritme—ongelukkige mismoedige klanke. Dink net aan al die uitstaande talent, kundigheid en potensiaal wat in 'n wese met soveel moontlikhede geskape was. Heeltemal verwronge! Alles versuur—uiteengedryf, verdraai in haat, verwoesting en hopeloosheid!

Maar skep moed. Die grootsheid van die menslike potensiaal, as ons genoeg daarvoor omgee om Satan se lis, boosheid en ontmoediging *teen te staa*n en in *God se weë* te volhard, is oneindig meer voortreflik en hoër as Lucifer s'n—selfs, soos hy voorheen geskape was, voordat hy na opstandigheid en ongeregtigheid gedraai het!

Maar aangaande die besondere belangrike openbaring van hierdie verborge dimensie van kennis: "U is die gesalfde gérub wat bedek; en Ek het u so gestel," sê God van Lucifer. Dit neem ons terug na die 25ste hoofstuk van Exodus, waar God aan Moses die aardse patroon vir die ark van die verbond gegee het.

Die beskrywing begin in vers 10, en verse 18-20 openbaar, in die aardse patroon, die twee gérubs wat aan elke kant van die troon van God in die hemel was—die troon van die regering van God oor die eindelose heelal. Die vlerke van die twee gérubs het die hele troon van God bedek.

## *OPGELEI BY DIE HOOFKWARTIER VAN DIE HEELAL*

Hierdie Lucifer, was by dié werklike troon van God aangestel. Hy was opgelei en kundig in die administrasie van die regering van God. God het so ʻn wese gekies met goeie ondervinding en opgelei om koning te wees en die regering van God, oor die engele wie die hele aarde bewoon het, uit te oefen.

Gaan voort: "… en Ek het jou gestel op ʻn heilige berg; ʻn god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes." Hier word nie van ʻn gewone mens gepraat nie. Maar gaan voort: "Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid [wetteloosheid] in jou gevind is" (Eségiël 28:15). Volkome kennis, verstand en wysheid was syne. Maar daar was ook volle redeneringsvermoë, denke, besluitneming en vrye keuse aan hom gegee. Selfs met al hierdie voorkennis—ook van die resultate en gevolge—hierdie grootse wese, die mees uitstaande wat selfs God deur bevel kon voortbring, het in opstand teen sy Skepper gekom—teen die weg, wat alle goed voortbring. Hy het na wetteloosheid gedraai. Hy was in die administrasie van perfekte wet en orde opgelei. So lank as Lucifer in hierdie perfekte weg volgehou het, was daar geluk en onbeskryflike blydskap dwarsoor die hele aarde gewees. Daar was glorieryke vrede—die mooiste harmonie, perfekte liefde en samewerking. Die regering van God het ʻn toestand van wonderlike geluk voortgebring—solank as wat Lucifer betroubaar was in die uitvoering van God se regering.

## *WAT HET DIE ENGELE GENOOP OM TE SONDIG?*

Wat het die engele genoop om te sondig en hulle tot wetteloosheid te wend? Die gewone engele kon sekerlik nie hierdie verhewe wese ompraat om ʻn verraaier te word nie. Nee,

dit was in hom wat ongeregtigheid gevind was. Maar, na verloop van hoeveel tyd? Ons, weet nie en dit word ook nie deur God geopenbaar nie! Dit kon enige getal van jare gewees het, van een of minder tot miljoene maal miljoene.

Dan, selfs nadat Lucifer self besluit het om in opstand te kom en te poog om die heelal oor te neem, word dit nie bekend gemaak hoe lank dit hom geneem het om die ander engele onder hom te oorreed om bedrieërs te word en hom te volg nie.

Ek ken die metode wat hy gebruik het, goed. Hy gebruik vandag nog dieselfde metode om misleide mense na ontrouheid, opstand asook selfgesentreerde opposisie teen God se regering te lei. Eerstens draai hy een of twee tot afguns, jaloesie en wrokkigheid oor ‘n denkbeeldige onregverdigheid—dan tot ontrouheid. Dan gebruik hy hierdie een of twee soos ‘n vrot appel in ‘n krat om wrokkigheid verder te voer, gevoelens van selfbejammering, ontrouheid en rebellie in ander, by hulle aan te hits. Soos elke vrot appel die een langs hom bederf totdat die hele krat vrot is, so maak Satan dan vordering.

So ook, in die regering van God op aarde vandag, as die vrot appels nie vroegtydig uitgegooi word nie, sal, die hele regering verwoes word. Sodra hulle egter uit die krat verwyder word, kan geen verdere skade verrig word nie.

Maar *dink* hoe lank het dit die verbitterde Lucifer geneem om miljoene heilige engele tot wrokkigheid, bitterheid, ontrouheid en uiteindelik openlike verwoestende opstand te lei. Dit het alles plaasgevind, wat selfs miljoene jare in beslag kon geneem het, voordat die eerste mens geskep was.

Hierdie het alles gebeur na die oorspronklike skepping van die aarde, wat in vers 1 van Genesis 1 beskryf word. Vers 2 van die skeppingshoofstuk, beskryf ‘n toestand wat deur die sonde van die engele *veroorsaak* is. Die gebeurtenisse in vers 2 beskryf, kon dus moontlik selfs miljoene jare *na* die oorspronklike skepping van die aarde plaasgevind het.

Die aarde kon dus miljoene jare gelede geskep gewees het. Gaan voort met die skrifgedeelte in Eségiël 28: “Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het ek jou as ontheilig van die Godsberg afgedrywe, en ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, O gérub wat beskut! Hoogmoedig het jou hart

geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans. Ek het jou op die grond gewerp …" (verse 16-17). By hierdie punt gaan die begrip terug na die menslike, godsdienstige leier—wat binnekort moet verskyn, van wie die prins van antieke Tirus die voorloper was.

Vroeër in hierdie hoofstuk, het ek u gewys hoedat fisiese verwoesting, onooglikheid en duisternis die hele aangesig van die aarde bedek het, deur Lucifer (nou die duiwel) se sonde en die "engele (nou demone) wat gesondig het" en hoe God die aangesig van die aarde in ses dae vernuwe het (Genesis 1:2-25).

## *WAAROM DIE SKEPPING VAN DIE Mens?*

Waarom het God dan die mens op aarde geskape (Genesis 1:26)?

Kyk na hierdie situasie vanuit God se oogpunt. God het aan die mens verstand soos sy eie gegee, maar net minder bekwaam en meer beperk. God het ons na sy ewebeeld geskape (vorm), maar net van materie pleks van gees. Maar God sê, "Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was" (Filippense 2:5). Ons kan selfs in 'n sekere mate dink soos wat God dink. Hoe het God hierdie situasie na die ongelooflike katastrofe van die engele, in oënskou geneem, toe Hy die aarde begin vernuwe het?

Hy het 'n wonderlike, volmaakte skepping van die aarde bewerkstellig. Hy het dit met heilige engele bevolk—moontlik miljoene van hulle. Hy het oor hulle, as koning op 'n aardse troon, die aartsengel—die gérub Lucifer, aangestel. Lucifer was die meesterstuk van Sy vindingryke mag om 'n enkel afsonderlike geesteswese te maak. Hy was die mees perfekte in prag, gesag, denkvermoë, kennis, intellek en wysheid, binne die almagtige krag van God, om te skep. God kan niks meer verhewe en volmaak, deur onmiddellike bevel, maak nie.

Maar hierdie briljante wese, kundig opgelei en ervare in die administrasie van die regering van God, by die troon van God in die hemele oor die ganse heelal, het God se regering verwerp, verontreinig, verdraai, in opstand gekom teen die toepassing en gehoorsaamheid daarvan. Hy het selfs al die engele onder hom verlei tot die sonde van opstandigheid.

Maar, neem verder in ag. Blykbaar was die hele heelal terselfdertyd as die aarde geskep. Daar is geen bewys in God se

Woord, ook nie in die Wetenskap, dat enige van die planete, in die eindelose buitenste ruim enigsins lewe van enige aard gehad het nie. Maar God het altyd 'n doel en doen niks tevergeefs nie.

Blykbaar is al hierdie planete in die heelal nou woes en leeg—vervalle (*tohu* en *bohu*)—net soos wat die aarde in Genesis 1:2 beskryf word. God het hulle egter nie in so 'n toestand van verval—soos wat ons maan is, geskep nie. Verval is *nie* 'n oorspronklik geskepte toestand nie—dit is 'n toestand wat *deur 'n proses* van agteruitgang *veroorsaak* word. Begryplikerwys, indien die nou gevalle engele, die aarde in die oorspronklike mooi toestand behou en verbeter het, God se opdragte uitgevoer het, en aan Sy regering gehoorsaam was, sou hulle die ongelooflike potensiaal gehad het om die heelal te bevolk en 'n wonderlike kreatiewe skeppingsprogram oor die hele heelal daar te stel. Toe hulle verraaiers geword het, het hulle sonde ook tegelykertyd fisiese verwoesting oor planete dwarsoor die heelal, wat volgens hul vermoë en voorwaardelik onder hul beheer gestel was, gebring.

## *DIE AARDE SAL HEELAL HOOFKWARTIER WORD.*

Dit sal in Hoofstuk 7 van hierdie werk verduidelik word dat dit God se doel is om hierdie aarde uiteindelik die hoofkwartier van die heelal te maak.

Onthou, hierdie aarde was oorspronklik bedoel om die woonplek van 'n derde van al die engele te wees. Die engele, toe hulle die skepping van die aarde aanskou het, het hul dit so pragtig en volmaak gevind, dat hulle spontaan van VREUGDE gejubel het (Job 38:4-7). Dit sou vir hulle 'n glorieryke geleentheid gebied het. Hulle moes dit bewerk en laat voortbring, dit bewaar en die skoonheid daarvan verhoog het.

Dit is nou 'n goeie tyd om die aard van die natuur van God se oorspronklike skepping, te verstaan: Dit was soos onvoltooide meubels wat in party winkels te koop aangebied word. Hierdie meubels is "in die maak"—dit is klaar behalwe vir die finale vernis, politoer of verf. Party mense kan geld spaar deur hierdie werk self te *voltooi*—mits hulle oor die nodige vaardigheid beskik om dit self te doen. Hierdie meubels beskik gewoonlik

oor die hoogste gehalte—maar sonder die finale *afronding* daarvan.

So is dit met God se skepping. Dit is *perfek*, maar kort die finale verfraaiing en afronding, wat God verwag het die engele moes voltooi. Die oorspronklike "onvoltooide" skepping was deur God *alleen* voortgebring. Maar dit was sy bedoeling dat die engele in die voorgeskiedenis en die MENS nou, kreatiwiteit aan die dag moes lê—om hierdie gedeelte van God se skepping te voltooi—om die finale verfraaiing- en nuttigheid van wat die FINALE VOLTOOIDE SKEPPING sou wees, aan te vul!

En of dit wel aan die engele openbaar was of nie, was dit 'n grootse PROEFNEMEING EN TOETS. Dit sou die TOETSTERREIN van gehoorsaamheid aan God se REGERING en hul geskiktheid om die finale voltooiing van die miljoene ander planete in die uitgestrekte heelal tot stand te bring, wees. Want wat in God se Woord openbaar word, dui daarop dat Hy die ganse FISIESE heelal dieselfde tyd as die aarde geskep het. Die sewende woord in Genesis 1:1 moes eintlik as "hemele" vertaal gewees het. Hierdie woord sluit die ganse heelal in, en nie net hierdie aarde se atmosfeer nie.

Radioaktiewe elemente en die wet van radioaktiwiteit bewys dat daar 'n tyd was dat MATERIE nie bestaan het nie. God is 'n gees, saamgestel uit gees. God was VOOR ALLES—die SKEPPER van alles. Engele was voor die aarde geskep. Wat God openbaar wys baie sterk daarop dat materie nie voor die aarde se oorspronklike skepping, bestaan het nie—dat die hele *fisiese* heelal in daardie tyd tot stand gebring was.

## *GOD SE DOEL VIR ENGELE*

Die engele potensiaal was om die ganse heelal oor te neem—om die biljoene fisiese planete, omring deur ontelbare sterre, waarvan party eintlik SONNE is, te verbeter en te voltooi. Die son in ons sonnestelsel is alleenlik 'n gemiddelde grootte son. Sommige sterre wat ons sien, is eintlik baie groter as ons son. Ons sonnestelsel wat baie groter is as wat die meeste mense begryp, is net 'n *gedeelte* van ons sterrestelsel en daar is baie ander sterrestelsels! Met ander woorde, die fisiese HEELAL wat die almagtige God geskep het, is *ver bo ons verbeeldingsvermoë*! Hoe GROOT is die GROOTTE GOD!

Dit was sy voorneme dat engele 'n beslissende deel moes hê in die finale skepping van die eindelose heelal!

(Dit is egter moontlik dat God op daardie tydstip nie hierdie ontsaglike potensiaal aan die engele openbaar het nie, daar 'n derde van hulle begin het om met mag Hom dit te ontneem sonder dat hulle daarvoor gekwalifiseer het).

Vir hierdie verreikende plan het God, sy REGERING op aarde, oor hulle aangestel. Die administrasie van die REGERING VAN GOD oor hierdie aardbol was aan die super aartsengel— Lucifer, die groot gérub gegee.

Hou in gedagte dat selfs die heilige engele en aartsengele—insluitende hierdie super gérub Lucifer—uit noodsaaklikheid begunstig was met die vermoë om te kan dink en te redeneer, om houdings te vorm en om keuses te maak en besluite te neem.

Soos reeds verduidelik, is Lucifer met alles wat vir hom ten goede was, geskep. Hy was met die som van wysheid, skoonheid en volmaaktheid beseël. Hy was VOLMAAK in al sy weë vanaf die oomblik dat hy geskape was, TOTDAT ONGEREGTIGHEID—opstandigheid en wetteloosheid—in hom gevind was (Eségiël 28:15).

Hy was by die troon van die eindelose HEELAL opgelei en was deeglik ervare in die REGERING VAN GOD en administrasie daarvan. Hy was een van die twee gérubs wie se vlerke die troon van die Allerhoogste bedek het (Eségiël 28:14, Exodus 25:20).

## *HOE SONDE INGETREE HET*

Hy was ongelooflik pragtig geskape—volmaak in skoonheid, maar hy het toegelaat dat ydelheid hom vasgryp. Gevolglik het hy verkeerd begin redeneer. God se Wet—die grondslag van God se Regering—is die weg van LIEFDE—uitgaande besorgdheid vir die goeie welsyn van ander, liefde vir God in gehoorsaamheid, nederigheid en aanbidding—die weg van gee, deel, hulpverlening en samewerking. Hy het besluit dat kompetisie beter is as samewerking. Dit sou 'n aansporing wees om uit te blink, om harder te streef om die hoogste sport te bereik. Dit sou meer genotvol wees om die SELF te dien.

Hy het *teen* God se Wet van LIEFDE gedraai. Hy het jaloers, afgunstig en haatdraend teenoor God begin word. Hy het

toegelaat dat wellus en gierigheid hom oorheers en verbitterd geword. Dit het 'n gees van *geweld* aangespoor en ontlok! Hy het met opset, sy Maker se, teenstander en vyand geword. Dit was *sy* keuse, nie God s'n nie—tog was dit deur God toegelaat!

God het die teenstander se NAAM verander na dit wat hy geword het, SATAN die DUIWEL—Satan beteken teenstander, mededinger en vyand.

Vervolgens het Satan sy bonatuurlike kragte ingespan om BOOSHEID te beoefen. Hy het nie net verbitterd teenoor God geword nie, maar ook teen God se wet. Hy het sy subtiele streke van bedrog gebruik om die engele onder hom tot ontrouheid, oproerigheid en opstandigheid teen die Skepper gelei en uiteindelik tot 'n OORLOG van agressie en geweld waarmee hy gepoog het om God te onttroon en so die troon van die HEELAL te verower.

So lank as Lucifer getrou gebly het en GOD SE REGERING eerlik bestuur het, was die aarde gevul met wonderlike en volkome VREDE. Die engele was UITGELATE van VREUGDE! God se Regering is DIE WEG VAN DIE LEWE wat vrede, geluk, voorspoed en welvaart, VEROORSAAK en voortbring. Sonde is DIE WEG VAN DIE LEWE wat alle bestaande EUWELS *veroorsaak* het.

Die engele se straf vir sonde was *nie* die dood nie—omdat God hulle onsterflike geesteswesens gemaak het. Wat God hulle gegee het was HIERDIE AARDE as hul woning en 'n geleentheid om te kwalifiseer om die ganse HEELAL te besit en te verfraai.

Hulle straf (hulle wag nou nog op hul finale oordeel) was diskwalifikasie—die verbeuring van hul wonderlike geleentheid, verwronge denke en 'n *kolossale en 'n wêreldwye, verwoestende* RAMP wat oor die aarde gekom het.

As gevolg daarvan het die aarde in die toestand, soos kortliks in Genesis 1:2 beskryf word, verander. Lucifer was 'n volmaakte bringer van LIG geskep. Nou het hy die bewerker van DUISTERNIS, dwaling, wanorde en boosheid geword.

Dus het die opstand van die sondige engele (2 Petrus 2:4-6; Judas 6-7; Jesaja 14:12-15; Eségiël 28:12-17) hierdie hewige oorstroming oor die aarde gebring.

Wat was God se siening van hierdie situasie na die kolossale verwoesting van Lucifer en die engele wat gesondig het?

Lucifer was die mees volmaakte wese in skoonheid, kennis, intelligensie en wysheid wat God in Sy almag kon skep, wat kon dink, redeneer, keuses maak en besluite op sy eie kon neem. God het geweet dat geen luisterryke en meer perfekte wese geskep kon word nie.

## *OORSPRONG VAN DEMONE*

Hierdie meerdere wese, wat by die troon van die regering van God oor die heelal, opgelei en ervaring opgedoen het, het hom gewend tot 'n verkeerde denkwyse en 'n diaboliese verdraaide besluit gemaak. Hy het die engele onder hom beinvloed totdat hy hulle denke ook tot opstand verdraai het. Dit kon Lucifer, toevallig, miljoene jare geneem het. Hy moes, in alle waarskynlikheid, die engele se gedagtegange een vir een, aan die begin, verdraai. Hy moes ontevredenheid by hulle aanwakker, hulle laat voel dat hulle deur God verontreg was en sodoende wrewel en bitterheid by hulle verwek.

Toe Lucifer toegelaat het dat gedagtes van ydelheid, jaloesie, naywer, drange, hebsug, wrokkigheid en opstandigheid sy verstand te vul en in besit te neem, het daar iets met sy verstand gebeur! Sy denkwyse het totaal ontaard en *het verdraaid, skeef en verwronge geword!* God het aan hom en die engele beheer oor hulle eie gedagtes gegee en hulle kan nooit weer hulle gedagtes uitsorteer nie—nooit weer rasioneel, eerlik en reg dink nie.

Ek het al 'n paar persoonlike ondervindings met demone gehad, deur 'n paar mense wat deur duiwels besete was. Ek het duiwels in die naam van Christus en met die krag van die Heilige Gees uitgedryf. Sommige demone is verspot soos bedorwe kinders. Ander is weer deurtrap, vinnig, slu en vernuftig. Party is oorlogsugtig, ander nors en ongesellig. Maar *almal* is verdraaid, skeef en verdorwe.

Word mense en selfs regerings vandag deur Satan en sy demone, geaffekteer en beinvloed? Word u eie lewe deur bose geeste geaffekteer? Hierdie vrae sal in Hoofstuk 4 van hierdie boek beantwoord word.

Terwyl God hierdie rampspoedige tragedie beskou het, moes Hy besef het dat aangesien die hoogste, mees perfekte wese wat

binne sy almag was, om te skep, in opstand teen hom gekom het, dit Hom alleen, as die enigste wese wie *nie kan of wil sondig nie,* laat.

En God is die Vader van die geestelike Godfamilie of koningkryk.

Neem kennis van Johannes 1:1-5. Die Woord wat vlees "gemaak is" (vers 14) het altyd bestaan—van ewigheid af—saam met die Vader. God die Vader het alles geskape—die heelal—deur die een wat Jesus Christus geword het (Efésiërs 3:9, Kolossense 1:16-17).

Toe Jesus op die aarde was het hy tot God, Sy Vader wat in die hemel is, gebid. Die Vader het van Jesus gepraat as "My geliefde seun in wie Ek 'n welbehae het." Jesus het as 'n mens op die aarde gelewe, in alle opsigte versoek nes ons, maar sonder sonde.

Die vyfde woord in die Afrikaanse Bybel is "God" (Génesis 1:1). En die oorspronklike Hebreeuse woord is *Elohim*, 'n selfstandige naamwoord, meervoudig in vorm, soos die Afrikaanse woord *familie, kerk* of *groep*. Die geestelike familie is God. Daar is een God—die een familie, wat uit meer as een Persoon bestaan.

God het besef dat geen wese wat minder as God, in die Godfamilie, met *sekerheid* kon vertrou word om nooit te sondig nie—om soos God te wees—wie nie kan sondig nie. God het besef dat niemand minder as Hyself (as die Godfamilie) vertrou kan word om Sy hoogste doelwit in die heelal tot uitvoer te bring nie.

## *WAAROM MENSE GEVALLE ENGELE OPVOLG*

God het toe beplan om *homself* deur mense *voort te plant*, wie na sy beeld en gelykenis geskep is. Maar hulle word eers van vlees en bloed geskep, onderworpe aan die dood, indien daar sonde is waaroor daar nie berou was nie—maar met die moontlikheid egter, om in die geestelike familie wat deur God die Vader verwek is, gebore te word. God het gesien hoe dit deur Christus, wie Homself vir daardie doel gegee het, uitgevoer kon word

*En dit is waarom God die mens op die aarde geplaas het!* Dit is wat God genoodsaak het om hierdie kolossale, yslike ding wat nog ooit deur die Almagtige onderneem is, te doen—

om Homself voort te plant! Die volgende hoofstuk sal dit onteenseglik duidelik maak.

Net een laaste, belangrike, aanmerking voordat hierdie hoofstuk afgesluit word. God se allerhoogste, algehele doel is om te skep, selfs na die mate dat hy homself reproduseer en verder dat God algehele heerser oor Sy hele skepping moet wees. Oënskynlik het God hierdie aarde gekies om sy universele hoofkwartier, asook die setel van God se allerhoogste troon te vestig (Sien 1 Korinthiërs 15:24). Satan het egter die regering van God op die aarde omver gewerp. God se doel is om dit deur die mens, wat immers na die beeld van God geskep is, te herstel en eindelik deel van die Godfamilie te word. Ons moet Paulus se terugwysing om nie onkundig van Satan se bestaan of sy oogmerke te wees, ter harte neem en hom nie toelaat om die oorhand oor ons te verkry nie (2 Korinthiërs 2:11). Die mens se allerhoogste, belangrike doel sal in die volgende hoofstukke, verduidelik word.

## *GOEIE NUUS*

Die gesegde van “goeie nuus en slegte nuus” is ‘n gesegde wat ons almal reeds gehoor het. Die laaste gedeelte van hierdie hoofstuk het aan u die slegte nuus geopenbaar. Die goeie nuus is God se doel met die mensdom. Daarmee saam is die feit dat twee derdes van die engele wat heilig en regverdig is (by verre talryker as die demone), steeds God se onsigbare agente is, om te bedien en behulpsaam te wees met opregte karakter ontwikkeling, van die ontelbare mense wie nog steeds die seuns en erfgename van die almagtige God en lede van die groot famile van God sal word.

# 3

# *Die Geheim Van Mens*

Dit blyk onwaarskynlik te wees! Hoër opleiding bied tegniese kursusse in menslike fisiologie, anatomie, antropologie en sielkunde aan. Die universiteite haal die mens uit mekaar en bestudeer hom stukkie vir stukkie. Hulle bestudeer elke faset en fase van ‘n mens. Hulle haal die menslike brein uitmekaar en bestudeer dit, maar tog bly die verstand ‘n raaisel vir selfs die mees gevorderde sielkundiges. Hulle weet nie WAT die mens is of HOE die mens onstaan het nie! Dit is Geheim Nommer 3 wat nog nooit deur die mensdom verstaan is nie.

Is die mens slegs die hoogste dierspesie, afgestam van inwonende magte, sonder enige intelligente beplanning of ontwerp, deur die proses van evolusie? Hoekom kan die mens dink en redeneer en al die menslike kennis besit, wat vir diere onmoontlik is? Is die mens ‘n onsterflike siel? Is die mens vlees en bloed met ‘n onsterflike siel binne-in hom? Presies wat IS die menslike persoon nou eintlik?

En HOEKOM?

Hoekom is die mensdom hier op aarde? Het ons maar eenvoudig net *onstaan*? Of was daar ONTWERP en ’n DOEL?

Ons sê dat daar ‘n OORSAAK vir elke gevolg is. Die gevolg, hier, is mens. Mens is *hier*. Hoe—WAAROM het die mens hier onstaan? Was hy hier *geplaas*, of het hy net gebeur deur ‘n blinde, sinnelose, onintelligente proses van evolusie?

Ons moet *wil* weet!

Dit is 'n raaisel wat hoër opleiding verbyster.

Hoër opleiding gedurende die twintigste eeu het gekom en feitlik eenparig die evolusie teorie aanvaar. Dit oorweeg nie eens langer die moontlikheid van 'n bedoelde en beplande skepping deur 'n God met 'n allergrootse verstand, volmaakte intelligensie en onbeperkte mag nie. Maar die evolusie teorie kan in geen mate die teenstrydige wêreld van ongelooflike prestasie, wat terselfdertyd hulpeloos is om stygende en toenemende booshede op te los, verklaar nie. 'n Wêreld waar die probleme net vermeerder en boosheid net vererger. Dit kan nie enige doel vir die mens se bestaan, verklaar nie. Hoër opleiding ignoreer minagtend, sonder enige verdere oorweging, bybelse waarhede, wat die mens se bestaan op aarde en die oorsake van die hedendaagse toestand van die beskawing openbaar. Onderrig is, in die beskaafde wêreld van vandag, geheel en al materialisties. Onderrig het in 'n kombinasie van die agnostisisme van evolusie, die politieke en ekonomiese beleid van Karl Marx, die morele waardes en sosiale patrone van Siegmund Freud, ontaard. Hoër opleiding bly absoluut onkundig omtrent die geheim van die mensdom en die menslike beskawing.

Maar hoër opleiding weet nie en hulle *wil* nie weet nie! Wanneer ons oor vrae van HOE en WAAROM inbreuk maak, dan is intelektueles—die voogde van KENNIS—wantrouend of strydlustig. Oor die vrae, WAT en HOEKOM mens is, is hulle gewilliglik onkundig!

Dus, sluit opvoedkunde hul gedagtes en mond in eng stilte. Die wetenskap weet nie. Godsdiens openbaar ook niks nie, omdat hulle ook nie weet nie!

Ongelooflik—maar WAAR!

## *GOD BETREE DIE PRENTJIE*

Hoekom hierdie gewillige onkunde? Omdat God betrokke is. Satan is vyandig teenoor God. Satan sit op die aarde se troon en het die intelek van geleerdes sowel as al die ander vlakke van beskawing, verblind. Neem vir 'n oomblik in ag, die mees hoogsgeleerde verstand met verskeie gevorderde grade agter sy naam. Hy is hoogs opgelei in 'n gespesialliseerde veld, waarvan hy ingewikkelde, gekompliseerde en geweldige hoveelheid

kennis besit. Maar vra hom oor sekere kennis wat buite die gebied van sy gespesialiseerde veld is en hy is net so onkundig, soos die wat nie die geleerdheid, in die meer gevorderde doolhof van opvoedkunde, besit nie.

Die primêre afdelings van hierdie wêreld se bekawing—regering, opvoedkunde, godsdiens, wetenskap, tegnologie en industrie—deins almal van GOD af weg. Hulle wil hê dat GOD Sy neus uit hulle sake moet hou! Vermelding van God se naam is vir hulle 'n verleentheid.

Hierdie onkunde kan nie verduidelik word nie, behalwe deur die onsigbare en onbewustelike invloed van die bonatuurlike bose mag van Satan, die duiwel en die onsigbare demoniese geesteswesens. Wanneer ons in Openbaring 12:9 lees dat die hele wêreld deur Satan verlei is, sluit dit nie diegene van gevorderde intellegensie uit nie. Jesus Christus het God gedank dat die werklike waarhede vir die verstandiges en geleerdes verborge is en aan hulle wat kinderlik in materiele kennis is, geopenbaar word.

In die eerste hoofstuk van hierdie boek het ons die vrae omtrent WIE en WAT God is, bespreek. En ons vind dat God absoluut WERKLIK is. God is meer as 'n enkele persoon—God is 'n familie—God is die allerhoogste geestelike familie—Hy is die Skepper van alles wat is, en hy het 'n volmaakte MEESTERPLAN—die skepping van volmaakte, heilige, regverdige en geestelike KARAKTER, in die MENS wat onsterflik gemaak word, om deel van God se familie te wees.

So, die teenwoordigheid van MENS op die aarde moet 'n definitiewe verband met God, die Skepper, se DOEL hê.

Met hierdie, basiese, belangrike vrae en verklarings moet ons vra, *HOEKOM* al hierdie booshede in vandag se siek en chaotiese wêreld? Hierdie wêreld staar nou sy nommer een probleem, sonder 'n oplossing, in die gesig—dié probleem van MENSLIKE OORLEWING! Sal die mens, na die huidige generasie, op hierdie aarde kan voortbestaan? Kan die mensdom beide die bevolkingsontploffing en die kernkrag wat hy met sy verstand ontwikkel het en kragtig genoeg is om die mensdom in sy geheel uit te wis, oorleef?

Neem in ag wat in die vorige hoofstuk gedek is omtrent God se DOEL vir die engele wat op aarde gesondig het. Want daardie

engele opstand lei direk na God se DOEL vir die MENS—na ons vraag: WAT en WAAROM is die mens?

## *OPPERVLAK VAN DIE AARDE IN VERWOESTING*

Instede daarvan om die aarde te verbeter en mooi te maak en die aarde se skepping te voltooi, het die wettelose engele dit na verlatenheid en verval gebring.

Kom nou na Genesis 1:1-2: "In die begin het God die hemel[e] en die aarde geskape. En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed..."

Die oorspronklike Hebreeus vir "woes en leeg" is *tohu* en *bohu—w*at "verwaarloos, verwoes, verlate" beteken. Die woord "was" word ook vertaal as "het geword". Dus, moontlik na etlike miljoene jare, het alles see oppervlak geword—en lig is deur die wetteloosheid van die engele in duisternis omskep.

Laat ek net hier 'n bybelse beginsel binne hierdie onmiddelike konteks, invoeg. In Jesaja is daar hierdie opdrag: "Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? ... dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier 'n bietjie, daar 'n bietjie" (Jesaja 28:9-10). Maar die meerderheid wat hierdie beginsel van bybelse begrip toepas neem elke "versie" uit konteks uit, om hul eie idees daarin uit te lê.

Die Heilige Bybel is uniek onder al die ander boeke wat al ooit geskryf is. Die feit dat sy waarhede hier 'n bietjie en daar 'n bietjie geopenbaar word, beteken dat dit 'n gekodeerde boek is. Soos elders in hierdie boek verduidelik word, kon dit nie voor ons huidige tyd, die eindtyd, verstaan word nie. Diegene wat probeer het om die Bybel van die begin af deur te lees, het verwilderd geraak. Talle het eenvoudig hul hande in die lug gegooi en soos ek self ook eenkeer gedoen het, gesê, "Ek kan eenvoudig nie die Bybel verstaan nie." Dit is waarom Bruce Barton gesê het dat die Bybel die boek is wat niemand ken nie. Soos ek elders verduidelik het, is die Bybel soos 'n legkaart. Totdat al die stukkies van die legkaart nie behoorlik inmekaar gelas word nie, sal die ware prentjie nie tevoorskyn kom nie.

Baie, wat direk op Genesis 1 betrekking het, word deur ander Skrifgedeeltes in ander dele van die Bybel aangevul.

Laat ons nou die agtergrond VERSTAAN. Genesis 1:1: God het die hemele en die aarde geskep. Ons het reeds in Hoofstuk 2 gesien, dat die hemele (of die heelal) en die aarde na die engele geskep was . Die aarde se engele het nie die skepping van die aarde deur verbetering, ontwikkeling en verfraaing voltooi nie. Inteendeel, hulle het eerder dit na verwoesting en verlatenheid, teweegebring. Die REGERING VAN GOD is op die aarde tot niet gemaak.

En nou, van al die lewende wesens in die heelal, is dit SLEGS God wat vertrou kan word om nooit die weg van sy wet te verlaat nie. Geen hoër, en meer volmaakte wese as die gerub, Lucifer, wat in opstand gekom het, kon geskep word nie. Karakter kan nie outomaties deur bevel geskep word nie. Goddelike, geestelike karakter is die gebruiklike handeling en gedrag van die persoon of die geskape entiteit, wat kennis van die ware weg van God geleer het, en die wil het om daardie weg te beoefen en te volg, selfs met teenkanting, versoeking of selfbegeerte. Karakter moet ontwikkel word met die goedkeuring, begeerte en dade van die entiteit wat afsonderlik geskep was. Dit word deur God geskenk en moet gewilliglik deur daardie entiteit ontvang word. So het God nou bepaal, of voorbeskik om hierdie ALLERGROOTSTE kreatiewe daad te bereik—deur *homself te herskep*! Dit moet deur DIE MENS vervul word! God het geweet dat dit deur middel van STOFLIKHEID moet geskied.

## *MENS IN GOD SE GELYKENIS*

Om die aarde vir die skepping van die mens voor te berei, het God die oppervlak van die aarde vernuwe. Dit word in Psalm 104:30 verduidelik: "U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut".

Nou terug na Genesis 1:2: Die aarde het in 'n toestand van verwoesting ontaard. "… En die Gees van God het gesweef op die waters."

Die eerste ding wat God gedoen het, was om duisternis in LIG te omskep soos dit oorspronklik gemaak was. God het gesê: "Laat daar lig wees! En daar was lig" (Genesis 1:3).

Dus het God in ses dae die AANGESIG VAN DIE AARDE VERNUWE (hierdie vernuwing was nie die oorspronklike skepping nie, maar vernuwing daarvan na die oorspronklike

skeppingstoestand) en dit vir die skepping van DIE MENS voorberei!

God het die droë landmassas van die oseane geskei. Hy het daarna plantlewe op land geskep, daarna seelewe in die water en toe dierelewe. In die Hebreeus waarin Moses geskryf het, word die gewerweldes *nephesh* in verse 20, 21 en 24 genoem. Die vertalers het hierdie term in bogenoemde verse korrek in Afrikaans vertaal as "lewende wesens". Tog, in Genesis 2:7, waar die mens bespreek word, is dieselfde woord *nephesh* as "siel" vertaal, omdat die vertalers valslik gedink het dat net mense siele is. Die woord *nephesh* beteken letterlik "lewe van diere", wat na fisiese lewe verwys en nie geeste nie.

Weereens was die aarde 'n volmaakte, maar tog onvoltooide skepping—sonder finale afwerking.

Soos vroeër geskryf is, skep God in tweeledige fases. Dit kan met die bak van 'n koek vergelyk word. Eerstens kom 'n basiese koek uit die oond. Maar dit is nie afgerond voordat die tweede fase bygevoeg word nie—die versiering daarop, wat die koek verfraai, verryk en voltooi. .

God het Lucifer en sy engele op die aarde geplaas. Maar hy het beoog dat hulle die skepping moes voltooi deur die finale afrondings aan te bring, om die aarde te verfraai, te verbeter en te verryk. Maar die engele het gesondig, wat chaos, verwarring en duisternis op hierdie planeet tot gevolg gehad het.

Nou het God die aangesig van die aarde vernuwe vir die MENS, geskep om in die karakterbeeld van God en gelykenis of vorm en gedaante van God te word. En God het bestem dat die mens die finale afrondings moes voltooi deur die aarde te verbeter en te verfraai—om die versiering op die koek aan te bring, om die mens se deel in die finale skepping van die aarde te hê. Instede daarvan het die mens amper elke stukkie aarde wat sy hande aangeraak het geruïneer, besoedel en verwoes.

## *DIE DOEL VAN MENS OP AARDE*

HOEKOM het die Skepper die MENS op aarde geplaas? Vir God se finale allerhoogste doel om homself te reproduseer—homself te herskep. Dit moet by wyse van die vernaamste doel geskied—om uiteindelik regverdige, heilige karakter in miljoene ontelbare,

verwekte en wedergebore kinders, te skep—wat Godwesens en lede van die Godfamilie gaan word.

Die mens moes die fisiese aarde *verbeter* soos wat God dit aan hom gegee het, die skepping daarvan (wat die sondige engele doelbewus geweier het om te doen), te *voltooi* en sodoende, die REGERING VAN GOD en sy leefwyse op aarde te HERSTEL. Verder moes hy die SKEPPING VAN DIE *MENS* in die proses VOLTOOI deur die ontwikkeling van God se heilige, regverdige KARAKTER, met die mens se instemming daartoe.

Sodra die mens deur hierdie volmaakte en regverdige karakter besiel is en die mens na 'n onsterflike gees verander, kom die ONGELOOFLIKE MENSLIKE POTENSIAAL—mens wat IN DIE goddelike FAMILIE van God GEBORE word, die regering van God op aarde herstel en dan deelneem aan die voltooing van die nimmereindigende HEELAL SE SKEPPING! Hierdie ongelooflike potensiaal van die mens sal later in hierdie volume meer volledig bespreek word. God sal HOMSELF onnoembare miljoene kere herskep het!

So, op die sesde dag van die her-skeppingsweek, het God (*Elohim*) gesê, "Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis" (Génesis 1:26).

Die mens was gemaak om 'n spesiale verhouding (met sy toestemming) met sy Maker te hê! Hy was in die vorm en gelykenis van God gemaak. Aan hom was 'n gees (wese in vorm) gegee om hierdie verhouding moontlik te maak. Baie meer hieroor later.

## *DIE SIEL IS STERFLIK*

Maar God het MENS van STOF gemaak, wat nodig was vir die vernaamste uitvoerbaarheid van God se wil.

"En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem [lug] van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword" (Genesis 2:7). Mens wat uit die stof van die grond gevorm is, het met die inaseming van lug 'n lewende siel GEWORD. Dit sê nie dat die mens 'n onsterflike siel is of het nie. Wat uit grond gevorm is het 'n siel GEWORD.

Die woord "siel" word vanuit Hebreeus waarin Moses geskryf het, vertaal van die woord *nephesh*. Die Hebreeuse *nephesh* beteken net 'n asemhalende dier. Driekeer in die eerste hoofstuk

van Genesis word diere *nephesh* genoem: Genesis 1:20 "lewende wesens" (Hebreeus, *nephesh*); Genesis 1:21, "seediere … en al die lewende wesens" (Hebreeus, *nephesh*); Genesis 1:24, "lewende wesens" (Hebreeus, *nephesh*). Die vertalers wat na Afrikaans vertaal het, het die term "lewende wesens" gebruik, maar in Genesis 2:7 vertaal hulle dieselfde *nephesh* as "siel"— mens het 'n "lewende siel" geword *(nephesh).*

Derhalwe is die SIEL fisies, stoflik en kan sterf. Hierdie is 'n WAARHEID wat deur baie min denominasies geglo word, en heelwaarskynlik ook nie deur enige ander godsdiens nie—nog 'n BEWYS wat die ware Kerk van God identifiseer!

## *HOE DIE MENSLIKE VERSTAND FUNKSIONEER*

Nou kom ons by nog 'n ander waarheid, wat sover ek weet eksklusief aan die een ware Kerk is.

Het u al ooit oor die oneindige verskil tussen die mens se verstand en dierlike brein gewonder? Hierdie is toevallig, nog 'n BEWYS van die valsheid van die evolusie teorie!

Die fisiese brein van die hoër gewerwelde diere in die dierekoninkryk is hoofsaaklik dieselfde in fisiese vorm, ontwerp en samestelling as die menslike brein. Die breine van walvisse, olifante, dolfyne, is groter—en die van 'n sjimpansee amper net so groot. Tog is die uitset van die menslike brein onbeskryflik groter. Min weet egter HOEKOM!

Menige Skrifgedeeltes dui daarop dat daar 'n gees *in* die mens is. Gees is *nie* stoflik nie, en mens is stoflik. Om dit van God se Heilige Gees te onderskei, noem ek dit die "menslike" gees. Nietemin is dit gees en nie stoflik nie.

Hierdie menslike gees verleen die mag van intellek aan die fisiese brein. Die gees kan nie sien, hoor, proe, ruik of voel nie. Die *brein* sien deur die oog, hoor deur die oor, ens. Die menslike gees kan nie self dink nie. Die fisiese brein dink.

Wat is die funksie van hierdie menslike gees, dan? Dit is NIE 'n "siel" nie. Maar, 1) dit verleen die mag van intellek—van denke, en VERSTANDELIKE krag aan die mens se brein; en 2) dit is die einste vermoë wat God inboesem, wat 'n persoonlike verhouding tussen die mens en die heilige God moontlik maak.

## *WAT IS DIE WERKLIKE WAARDE VAN 'N MENS SE LEWE?*

Filosowe, humaniste, praat uit die hoogte van die mens se waarde as van allergrootste waarde op sigself. Hulle praat van die "god" binne-in u—om die ingebore, versteekte vindingrykheid in uself te benut. Hulle leer u SELF-verheerliking en SELF-vertroue.

Hulle is op 'n selfvoldane wyse onkundig en onbewus van die WARE WAARDES en die ongelooflike, maar werklike potensiaal van die mens.

Die menslike lewe is meteens van ongelooflike minder waarde as wat hulle veronderstel, en terselfdertyd van ongelooflike groter potensiaal as waarvan hulle bewus is.

Werklike waarheid word geopenbaar. Tensy dit geopenbaar word, bly dit 'n geheim, totaal onbekend vir die misleide en ydele geleerdes. Ek herhaal, Jesus het in gebed gesê: "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het" (Matthéüs 11:25).

Wat is die werklike waarheid omtrent menswaarde ? Wat is die werklike waarde van 'n mens se lewe? Sy eie werklikheid word grootliks oorskat en sy grootste potensiaal, verbasend onderskat. Die waarheid is inderdaad ongelooflik.

Kyk na 'n pragtige, onskuldige baba van 'n paar uur oud, of na 'n lewensvervulde bejaarde persoon van 80 en vra uself, "Hoe waardevol is daardie lewe?—die een wat net begin en die ander reeds deurgebring." Kan u die regte antwoord gee?

Kom ons VERSTAAN! Net hier is die moeilike punt. Hier is die afspringplek waar die wêreld se geleerdes die spoor byster raak. Die Wetenskap en gevorderde onderwys van vandag neem feitlik wêreldkundig aan dat niks behalwe materie bestaan nie. Hulle ontken die bestaan van gees. Wat beteken, of hulle dit erken of nie, hulle ontken dat God bestaan

Ons kom nou by die moderne wetenskap van breinnavorsing. Ons leer dat die menslike brein baie funksies beoefen, wat vir 'n dierebrein onmoontlik is, en tog leer ons dat daar so te sê geen belangrike fisiese verskille is nie. Die dier kan nie dink, redeneer, studeer, en besluite neem apart van sy instink nie. Dit kan nie weet wat die mens weet nie. Dit het nie gesindhede

van uitspraak, wysheid, liefde, welwillendheid en samewerking, ewemin is dit bewus van kompetisie, sameswering, afgunstigheid, jaloesie, wrewelrigheid. Dit het geen waardering vir musiek, kuns en literatuur nie. Dit het geen geestelike eienskappe of karaktertrekke nie. Tog dring die wetenskap en hoër opleiding daarop aan dat die intellektuele fakulteit van die mens geheel en al fisies is.

Ek moes rasioneel aan myself BEWYS dat God bestaan en in werklikheid meer EG is as wat stof is. Ek moes BEWYS dat die Heilige Bybel ongetwyfeld die gesaghebbende woord van God is, waardeur hy met die mens kommunikeer en waarheid wat andersins ontoeganklik vir die mens is, openbaar. En ek het ontdek dat die DOEL, ONTWERP en BETEKENIS wat vir die self-erkende geleerdes verborge is, geopenbaar word. Ek het die rede vir die stygende boosheid in 'n vooruitstrewende wêreld, ontdek.

Kan die mens, wat ontwerp, geskep en voortgebring is, aan sy Maker sê, "HOEKOM het u my so gemaak?—en om watter REDE?" Kan hy aan sy Maker voorskryf? Moet hy nie eerder sy verstand toeganklik maak en luister wanneer sy Maker aan hom die egte rede vir sy bestaan openbaar nie?

Die Skepper openbaar en gee opdrag in die Heilige Bybel, 'n hoogs gekodeerde boek. Sy diepgaande boodskap word aan die menslike verstand toeganklik gemaak deur die teenwoordigheid van en inwoning van die Heilige Gees, wat die menslike verstand in totale oorgawe besiel het, en geheel en al aan die openbaring, in geloof en gehoorsaamheid oorgelewer is. Aan diesulkes word die waarheid eenvoudig blootgelê—wonderlik bo alle beskrywing.

Maar let goed op hierdie vraag! Dink hieroor! Indien die mens net 'n fisiese brein gehad het, soos die stomme gewerweldes, hoe kon die groot God Gees hierdie wonderlike waarhede, die dierebrein mee besiel? Die antwoord is eenvoudig. God doen dit nie. Die stomme diere het geen gewaarwording van God of van geestelike kennis nie.

Maar die menslike gees in die verganklike mens maak 'n direkte kontak met God wat Gees is, moontlik. Daar is geen direkte kommunikasiekanaal tussen die stomme dierebrein en die verstand van die Allerhoogste God nie.

Mediteer hieroor. Ons mense praat soms hoe wonderlik God die mens geskep het, met sy brein en wonderlike fisiese liggaamsdele

wat almal saamwerk. Sonder hierdie gees, wat die mag van denke aan die brein verleen en ook ‘n kommunikasiekanaal open na die Grote God, sou die mens maar net soos stomme diere gewees het. Maar met hierdie gees in die mens, word die skepping van die mens al hoe meer fantasties om te bepeins. Dit is hierdie gees in die mens wat dit moontlik maak om met God te verenig, sodat die mens deur God verwek kan word. Dit geskied deur God se Gees wat met die menslike gees verenig, en sodoende die mens as ’n kind van die Allerhoogste Skeppergod bevrug.

Die werklike waarde van die mens se lewe, lê dus geheel en al binne die menslike gees wat met die menslike brein kombineer. Dit moet onmiddellik verklaar word dat hierdie menslike gees nie deur die mees hoogsgeleerde sielkundiges waargeneem word nie en tog vorm dit juis die kern van die menslike VERSTAND.

## *DIE SIEL KAN STERF*

Die Skepper se boek openbaar, teenstrydig met feilbare humanistiese lering, dat mens uit die stof van die grond gemaak is en hierdie stof word dus die siel, sterflik—net soos alle gewerweldes. Mense het aangehou om die eerste leuen in die mens se geskiedenis te aanvaar—Satan se leuen aan moeder Eva, dat mens onsterflik is en nie kan doodgaan nie.

Die siel is alleenlik ‘n asemhalende dier. Alle diere word in die Bybel “siele” genoem—in Hebreeus, *nephesh*. Daarom, as die mens ‘n siel is, soos in Génesis 2:7, dan geld dieselfde vir die diere. Maar daar is ‘n menslike gees *in* die mens se siel.

Hierdie menslike gees verleen nie menslike lewe nie. Menselewe, soos die van alle ander gewerweldes, word deur bloedsirkulasie, wat deur vars lug geoksideer word, verkry. Maar God openbaar dat daar ‘n gees in elke mens is. Hierdie gees is nie in diere teenwoordig nie. Die menslike gees bemagtig die mens se brein met intellek om kennis in te win, te dink, te redeneer, besluite te neem, goeie of bose gesindhede voort te bring.

Die menslike brein en die van ‘n dier is feitlik eenders. Die superioriteit van die mens se verstand is nie vanweë ‘n meerdere brein nie, maar vanweë die aanwesigheid van die menslike gees binne-in die mens se brein. Die dierebrein is toegerus met instink, nie met intellek nie.

Dit mag dalk ongelooflik vreemd voorkom, omdat dit 'n dimensie in kennis is wat tot nog toe nie onderrig word nie, maar die werklike waarde van 'n menselewe, lê geheel en al in die menslike gees, soos wat dit in kombinasie met die mens se brein werk.

God het die mens uit stof gemaak, maar na sy eie beeld en gelykenis, in terme van vorm en voorkoms.

Maar die stomme dier en die mens het dieselfde asem, dieselfde bron van lewe. Hulle sterf dieselfde dood. Menselewe *is* dierlike bestaan, maar in die vorm en voorkoms van God en met byvoeging van menslike gees tot die brein.

Die mens was geskep om 'n verhouding met sy Maker te hê. Daarom was hy in in die vorm en voorkoms van sy Maker geskep, met skakeling en 'n verhouding wat deur die aanwesigheid van die menslike gees binne-in hom, moontlik gemaak word.

## *MENS SE SKEPPING NOG NIE VOLTOOID NIE*

Maar die mens se skepping was nie voltooi nie. Hy was verstandelik en geestelik nog net "halfpad" klaar gemaak. Hy het nog die byvoeging van God se Gees nodig gehad om met sy gees te verenig, wat hom as kind van God verwek—hom met God te verenig—en hom uiteindelik bemagtig om in die werklike GODFAMILIE in, gebore te word.

Verpoos hier 'n oomblik. Let weereens op die tweeledigheid in God se kreatiewe vermoë. Die eerste man, Adam was 'n fisiese skepping met die menslike gees reeds bygevoeg. Wanneer die mens se skepping uiteindelik voleindig is, sal hy 'n geestelike skepping wees, geheel en al uit Gees gevorm.

Wanneer mens God se Heilige Gees ontvang, word die ware Gees en verstand van die onsterflike God in hom ingespuit wat met sy menslike gees verenig. Die Gees van God kan nie deur 'n stomme dier ontvang word of in hom ingespuit word nie, daar die dier nie 'n gees in hom het wat met die Gees van God kan verenig, nie.

Laat ek alhier 'n waarheid insluit, wat terwyl hierdie nog geskryf word, seker een van die mees kontroversiële vrae onder

bespreking in die Westerse bevolkings van die wêreld—die kwessie oor aborsie.

Die menslike gees dring die menslike embrio binne tydens bevrugting. Dit is hierdie gees, wat moontlik met volwasse bekering, met die Heilige Gees van die groot Skeppergod verenig om daardie persoon met Godlewe te bevrug, as kind van die lewende God, in die toestand van swangerskap, alhoewel nog ongebore. Om 'n embrio of fetus in die moeder se uterus te vernietig is om 'n toekomstige potensiële Godwese te VERMOOR.

Daarom is aborsie moord.

Nou terug na ons oorspronklike vraag: "Wat is die enigste werklike waarde van die mens se lewe?"

Die menselewe is dierlike bestaan maar met 'n mensike gees wat die brein met intellek bemagtig. Die menslike gees in die mens maak die verbintenis met die Heilige Gees en die verstand en onsterflikheid van God, moontlik. Wanneer die verganklike mens sterwe, keer die liggaam terug tot stof, en die gees keer na God, terug.

## *LEWE NA DOOD*

Die ontslape mens se gees ten tye van dood is in werklikheid 'n geestesvorm, vanself onbewus, tog, in die opstanding sal dit al die geheue, kennis en karakter sowel as vorm en gelykenis van die persoon voor afsterwe, in die opgewekte liggaam in bring. Die menslike gees kan nie vanself sien, hoor, dink of weet nie. Die enigste werklike LEWE, wat inherent en selfhoudend is, lê in die Heilige Gees van God, wat met die menslike gees verenig is. Die waarde van 'n menselewe lê in die menslike gees en sy potensiaal om met God se Gees te verenig —wat God se verstand en Godlewe is.

Filosowe dink aan die mens se waarde as van die allergrootste waarde op sigself. Hulle praat van "mens-waardigheid". Hulle praat van die ingebore "goddelike" kragte in elke mens. Hulle verkondig SELF-vertroue en self-verheerliking. Hulle maak dat 'n verganklike mens van homself dink as 'n onverganklike God.

Inteendeel, die enigste waarde van mens se lewe, lê in die menslike gees en die potensiaal om deur God verwek te word en later as 'n GOD, 'n kind in die GODFAMILIE gebore te word.

Die mens is nie “god” in homself nie, maar slegs verganglike vlees en bloed wat ‘n brein met intellek het wat deur die menslike gees bemagtig is.

Daarom is die mens, vanself oneindig van minder waarde as wat die selfverklaarde wysgere van hierdie wêreld reken. Maar wanneer eers verwek is deur die Almagtige God, deur die ware lewe en Gees van die lewende God wat in hom woon, is die potensiaal van ‘n mens oneindig van groter waarde as wat die wêreld ooit verstaan het.

God skep, soos voorheen verduidelik is, deur die beginsel van TWEELEDIGHEID. So is dit ook met die skepping van die MENS. Dit word in TWEE FASES uitgevoer: 1) die fisiese fase, wat met die eerste mens, Adam begin het; en 2) die geestelike fase, wat met die “tweede Adam”, Jesus Christus, begin (1 Korinthiërs 15:45-46).

So ook, was die mens vanaf sy skepping (en geboorte) met een “menslike” gees gemaak, wat ‘n integrale deel van die mens geword het. Maar hy is verstandelik en geestelik ONVOLLEDIG; hy was gemaak om ‘n *ander* Gees te benodig—die HEILIGE GEES van God—God se “Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is” (Romeine 8:16) wanneer daardie geskenk van God ontvang word—in die verwekte (of eerste fase) van die mens se *geestelike* skepping.

Dit word baie duidelik in 1 Korinthiërs 2 uiteengesit.

“… Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart [verstand] van ‘n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet” (vers 9)—geestelike kennis.

Die gewone verstand kan kennis omtrent die stoflike en fisiese dinge ontvang. Dit kan ook ‘n sin vir sedes, etiek, kuns, kultuur hê wat nie deur stomme diere besit word nie. Maar in die gebied van goed en kwaad kan dit net dit weet en uitvoer wat op die menslike vlak goed is en moontlik gemaak word deur die menslike gees wat binne in die mens is. Maar hierdie sin en uitvoering van goedheid is beperk tot die menslike vlak van die menslike gees waar selfsugtigheid aangebore is. Dit kan op menslike vlak liefde besit en daaraan uiting gee, maar sonder die Heilige Gees van God, kan dit nie liefde besit of uiting op die Godvlak gee nie, nog minder kan dit geestelike kennis inwin, soos in 1 Korinthiërs 2 geopenbaar word.

## *NET GOD OPENBAAR*

"Maar God het dit [geestelike dinge] aan ons deur sy Gees geopenbaar…" (vers 10). Let veral daarop dat geestelike kennis nie deur 'n Persoon, wat die Heilige Gees genoem word, geopenbaar word nie. God openbaar dit vandag aan ons deur sy Gees, wat slegs ontvang kan word as God se geskenk deur sy barmhartigheid en genade. God is die openbaarmaker . Die Heilige Gees is die instrument waardeur ons openbaring, wat net God geopenbaar kan word, kan begryp.

"Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is?…" (vers 11). Indien die Heilige Gees die derde Persoon van 'n Drie-Eenheid is, is die gees in die mens dan nie ook 'n ander mens nie? 'n Koei, skaap of hond kan nie die dinge van 'n MENS weet nie—en nog minder kan 'n mens, behalwe deur die menslike gees wat *in* hom is. Byvoorbeeld: kennis soos skeikunde, fisika, tegnologie en wetenskaplike kennis. Net so is die natuurlike mens met hierdie een gees *beperk*—"so weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God."

SLEGS wanneer die Heilige Gees mens binnedring, en met sy "menslike" gees verenig, kan die mens werklik geestelike dinge verstaan—"Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word" (vers 14).

Die mees hoogs geleerdes sien alles deur die bril van die evolusie teorie. Evolusie is hoofsaaklik gemoeid met die materiële lewe en ontwikkeling. Dit weet en leer niks omtrent die geestelike lewe en probleme nie en al die boosheid in die wêreld is geestelik van aard.

Dit is hoekom die vernaamste geleerdes oor die algemeen die mees onkundigste is— hulle is tot kennis van die stoflike beperk, en die "goeie" op die self- sentrerende vlak. Kennis van God en die dinge van God is dwaasheid vir hulle. Maar natuurlik sê God, "want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God" (1 Korinthiërs 3:19).

## *WÊRELD VAN GOD VERVREEMD*

Nou terug na die eerste mens, Adam.

Onthou God se DOEL in die skepping van die mens op aarde: 1) om die REGERING VAN GOD op aarde te herstel, en deur

regulering van mense se lewens deur daardie OWERHEID, a) die fisiese skepping van die aarde te voltooi wat deur die engele geruïneer is, en b) terselfdertyd die skepping van die MENS te voltooi deur ontwikkeling van regverdige, geestelike KARAKTER; en 2) om die KONINKRYK VAN GOD te vestig, en uiteindelik die ongelooflike potensiaal van die mens om die skepping van die oneindige HEELAL te voltooi!

Hierdie allerhoogste DOEL vereis: 1) dat MENS Satan se WEG verwerp, deur GOD SE LEEFWYSE WAT OP LIEFDE en God se geestelike wet gegrond is, aan te gryp; en 2) dat die mens eers van stof gemaak word, sodat, indien hy in die selfsugtige "NEEM"-wyse van Satan gelei word, hy kan VERANDER word, hom bekeer na GOD SE WEG VAN LIEFDE, òf indien hy weier om te verander, sy lewe uitgewis kan word sonder verdere of volgehoue lyding asof hy nooit bestaan het nie.

Geestelike wesens, wat eens klaar geskep is (soos die derde van die engele wat bose karakters geword het), *kan nie verander word nie!* Wanneer die skepping van gees eers voltooi is, is dit konstant en verewig—nie onderworpe aan verandering nie. Maar fisiese stof *verander aanhoudend*.

Deur God se meesterplan vir sy geestelike skepping, wat later bespreek sal word, was dit deur God en die Woord se meester beplanning, dat die Woord van sy allerheiligheid afstand sou doen en op die bestemde tyd die vorm van 'n mens as Jesus Christus aanneem, wat die geestelike fase van die MENS se skepping moontlik maak—GOD WAT HOMSELF HERSKEP! Wat 'n MEESTERPLAN vir die finale UITERSTE in kreatiewe uitvoerbaarheid! Hoe GROOT is onse God, in verstand, beplanning, doel, ontwerp en SKEPPING—van die kleinste kiem tot die grootste son, wat ons eie groot son verdwerg tot iets nietsbeduidend!

En die ongelooflike menslike potensiaal is dat die GROOT, ALMAGTIGE GOD, homself in die MENS reproduseer—mens kan in die GODFAMILIE in gebore word!

Die eerste mens, Adam, was geskep met die potensiaal om te kwalifiseer om Satan, die gewese Lucifer, op die aarde se troon te vervang, en die REGERING VAN GOD te herstel.

Maar dit was nodig dat hy Satan se manier van "NEEM", wat die fondament van Satan se bose owerheid is, weerstaan en

verwerp en GOD SE WEG van sy wet kies—naamlik die weg van LIEFDE (GEE), wat die basis van God se regering vorm!

Sy Maker het eerste met Adam en Eva gesels—hulle in die REGERING en geestelike WET van God onderrig—alhoewel in Génesis 2 slegs 'n baie gekondenseerde samevatting van God se opdragte aan hulle geopenbaar word. Satan was van enige kontak met hulle weerhou, totdat God hulle eers klaar onderrig het.

## *DIE TWEE SIMBOLIESE BOME*

In die asemrowende tuin van Eden waarin God die mens geplaas het, was twee baie spesiale simboliese bome. Baie min is al gehoor omtrent hierdie twee bome en hulle geweldige betekenis, behalwe wat meeste mense omtrent "Adam se appel" gehoor het. Die verbode boom was heelwaarskynlik nie 'n appelboom nie.

Die ware betekenis van hierdie twee simboliese bome verduidelik die werklike grondslag van hierdie wêreld. Die antwoord op die groot geheim van ons moderne tyd, in hierdie moderne twintigste eeu, lê in hulle opgesluit. Vandag lewe ons in 'n wêreld van ongelooflike vooruitgang en vordering, tog teenstrydig met nare boosheid. Die verbysterende vraag vandag is, Hoekom kan die intelektueles wat kan leer hoe om na die maan toe en terug te vlieg, harte oorplant, rekenaars en ander tegnologiese wonders genereer, nie hul eie probleme oplos nie? Hoekom geen vrede in die wêreld nie?

Ons kan nie die geheim van vandag se gebeure en toestande verstaan nie, tensy ons na die grondlegging van die wêreld teruggaan en leer wat van sy ontstaan af tot hierdie polsende, verwarde hede ontwikkel het nie.

Die wêreld het ten tye van hierdie twee spesiale bome begin. Ons hoor, so te sê niks in die bybelse misleer van die boom van lewe nie, en nog minder van die verbode boom.

Maar neem nou in aanmerking. God het mens uit stof van die grond geskep. Maar God skep in tweeledige fases. Die mens was nie fisies volledig nie. God wou hê dat hy moes "vermenigvuldig en die aarde aanvul". Maar die mens kon dit nie doen nie omdat hy nog nie fisies voltooi was nie. God het hom toe in 'n diepe slaap (verdowing) laat gaan en 'n operasie

uitgevoer, een ribbebeen verwyder en ‘n vrou daarmee gevorm. Hulle het een familie geword. Die fisiese skepping van die mens was voltooi. Hulle kon hul eie soort voortbring.

Maar die mens wat God geskape het, was verganklik. Hy het net ‘n tydelike fisiochemiese bestaan wat lewendig gehou word deur die bloedsomloop, geoksideer deur inaseming van lug en deur kos en water vanuit die grond gevoed. Hy het nie ingebore LEWE in homself—selfonderhoudende lewe, nie. Maar hy het ‘n menslike gees wat, indien dit met God se Heilige Gees verenig, hom tot ewige lewe kan verwek.

## *ONSTERFLIKHEID AANGEBIED*

Maar, God het aan hom onverganklike LEWE deur hierdie simboliese boom van LEWE aangebied. God het nie daarop aangedring of hom verplig om dit te neem nie—hy het dit net vrylik beskikbaar gestel. Adam kon van al die bome in die tuin eet, behalwe die een verbode boom, van “kennis van goed en kwaad”.

Wat as Adam van die boom van LEWE geëet het? U het seker nog nooit die antwoord op daardie vraag gehoor nie. Daardie simboliese boom word vandag aan diegene wat deur God na Jesus Christus getrek word, aangebied. Daar is een verskil tussen die oorspronklike Adam en die Christen wat geroep word. Adam het nog nie gesondig nie en geen bekering was nodig indien hy die boom van lewe gekies het nie. Die bekeerde en gelowige Geesverwekte Christen is andersins in dieselfde posisie as wat Adam sou gewees het, indien hy van die boom van lewe sou geneem het.

Adam sou die Heilige Gees van die onsterflike God ontvang het, om met sy menslike gees te verenig. Natuurlik, siende dat dit van Adam vereis was om ‘n keuse te maak, sou hy die weg van Satan verwerp het deur van die boom van lewe te neem .

Maar weereens, wat sou gebeur het indien Adam van die boom van lewe geneem het?

Hy sou die Heilige Gees van God ontvang het om met sy menslike gees te verenig. Die mens is nie verstandelik of geestelik volkome nie, totdat hy God se Gees ontvang het nie. Dit sou hom verstandelik en geestelik met God verenig het.

Hy sou as 'n kind van God verwek gewees het, net soos wat die bekeerde Geesverwekte Christen is.

Hy sou die Heilige Gees van God ontvang het om met sy menslike gees te verenig, wat hom as 'n kind van God verwek, en aan hom die versekering van 'n onsterflike lewe verleen en hom tot een met God maak.

Die gesindheid van God sou in Adam gewees het, net soos in die geval van die Geesverwekte Christen vandag, waar "Christus onder [ons], die hoop van die heerlikheid [is]" (Kolossense 1:27) en die gesindheid van Christus in ons is (Fillipense 2:5). Instede daarvan het die gesindheid en houding van Satan hom binnegedring en in hom begin werk, net soos dit in al sy kinders waaruit hierdie hele wêreld bestaan, doen. Ons lees in Efésiërs 2:2, dat Satan, as die owerste van die mag van die lug, inderdaad, werklik in mense werk.

Op hierdie tydstip, verduidelik ons 'n kwessie wat miskien misverstaan word. In die versoeking was dit Eva wat mislei was, nie Adam nie (1 Timótheüs 2:13-14). Adam was God ongehoorsaam en het goedsmoeds gesondig. Alhoewel hy nie tydens hierdie oorspronklike versoeking mislei was nie, was dit sy opsetlike ongehoorsaamheid van God se duidelike opdrag, wat hom van God vervreem het, en 'n toestand van verstandelike verdorwenheid veroorsaak het wat sy verstand vir die bedrieglikhede van Satan blootgestel het. Van daardie oomblik af, was Adam en al sy kinders na hom ontvanklik vir Satan se gesag. Satan het met Adam se gesindheid begin werk, net soos wat God met sy gesindheid sou werk, indien hy van die boom van lewe geneem het.

## *'N WÊRELD IN GEVANGESKAP*

Dus, het Satan van daardie oomblik af, vir Adam geestelik ontvoer, en sy hele menslike familie word tot vandag toe nog deur Satan gevange gehou.

God sou aan Adam God se leefwyse openbaar het—wat God se geestelike wet is. Daardie wet is die weg van uitvloeiende liefde—maar dit sou " die liefde van God … in ons [mense] harte uitgestort is deur die Heilige [Gees]," gewees het (Romeine 5:5). Die mens se natuurlike liefde kan nie God se heilige wet vervul nie.

Maar net soos 'n menslike embrio deur menslike ouers verwek is, en net soos die embrio deur die proses van swangerskap moet ontwikkel voor geboorte , so is die Gees-geleide Christen , en so sou Adam ook gewees het.

Maar hy sou 'n regstreekse verbinding en kontak met God ervaar het.

Ek hou daarvan om dit met die naelstring wat die pasgebore baba aan die moeder verbind, te vergelyk. Sy menslike lewe en fisiese voeding was tydens die swangerskap van die moeder na die kind oorgedra. God se geesteslewe word aan die Christen deur die Heilige Gees oorgedra. Net so, word geesteskennis deur God oorgedra deur die inwoning van die Heilige Gees (1 Korinthiërs 2:10). 'n Volle begrip van God se WET (Sy leefwyse) word van God deur die Heilige Gees oorgedra. Maar die wet van God vereis optrede en prestasie, en LIEFDE is die vervulling van God se wet (Romeine 13:10). Dit kan slegs deur die liefde van God, wat van Hom afkomstig is, vervul word (Romeine 5:5).

Dus sou Adam 'n in-diepte geestelike kennis gehad het om in God se weë te wandel. Hy sou ook met goddelike liefde voorsien word wat alleen die volmaakte wet van liefde kan vervul en dit in dade kan omsit.

Hy sou ook deur die Heilige Gees die werklike GELOOF van God ontvang het. Hy sou kennis, leiding en hulp van God ontvang het. Hy sou God kon vertrou om in omstandighede wat buite sy beheer is, in te gryp. In sulke omstandighede doen God bonatuurlike dinge vir ons wat ons andersins nie self kan doen nie. Met ander woorde, God voer ons stryd vir ons.

## *VERWERPING VAN GOD'S SE WET EN REGERING*

Instede daarvan het Adam 'n ander soort kennis gekies—hy het VIR HOMSELF die kennis van goed sowel as kwaad geneem. Hy het geheel en al op homself staat gemaak— beide vir KENNIS sowel as krag om goed sowel as kwaad, uit te voer. Hy het vertroue op God VERWERP en die roete van SELF-vertroue gekies. Die enigste geregtigheid wat hy kon aanleer was die van EIE-geregtigheid, wat vir God soos vuil lappe is.

Adam en Eva het van die boom van "die kennis van goed en kwaad" geneem. Om van hierdie vrug te neem, was om *vir*

*hulself* die kennis van wat goed en kwaad is, toe te eien—om self te besluit wat reg is en wat verkeerd is. Dit het natuurlik die verwerping van GOD SE WET beteken, wat reg en verkeerd *vir hulle* omlyn het.

Die glorieryke aartsengel Lucifer, soos God hom oorspronklik geskape het, was die kroon van God se kreatiewe mag in soverre dit 'n enkele wese betref. Baie min is vandag vaagweg bewus van die groot mag wat Satan besit, en in geslepe bedrieglikheid omsit. Blykbaar het Adam hom heeltemal onderskat.

Die listige Satan het Adam deur sy vrou, Eva, beïnvloed. Hy het nie gesê, "KIES MY MANIER!" nie. Hy het as 'n subtiele slang verskyn. Hy het haar op 'n baie slinkse manier verlei.

Hy het BEDENKINGE omtrent God se geloofwaardigheid in haar gemoed geplaas. Hy het 'n sin van onregverdigheid en afkeer in haar geplaas. Hy het haar verlei deur haar te laat glo dat God onregverdig was—selfsugtig. Hy het met geslepenheid 'n gesindheid van ydelheid in haar tuisgebring. Hy het haar mislei deur haar te laat dink dat dit *reg* was om van die verbode vrug te neem.

Adam, wat nie mislei was nie, het sy vrou nietemin gevolg. Saam met haar, het hy vir homself die reg om te bepaal wat reg en verkeerd is, toegeien—en sodoende dit wat sy Maker gesê het IN TWYFEL GETREK, en God as Verlosser en Heerser VERWERP—God as die bron van BASIESE KENNIS verwerp. Het het Satan geglo en sy WEG gevolg!

## *ADAM SE WÊRELD GEVONNIS*

Toe God "die mens [vanuit die Tuin van Eden] uitgedryf" het, en hertoegang daartoe versper het—sodat hy nie kon teruggaan en 'n ewige lewe *in sonde* ontvang nie (Génesis 3:22-24)—het God 'n VONNIS BESLIS!

God het in der waarheid gesê, "Jy het namens jouself en die wêreld wat uit jou sal voortspruit, besluit. Jy het my as die basiese bron van kennis verwerp—jy het die krag om deur my Gees, in geregtigheid te lewe, verwerp—jy het teen my gebod en regering in opstand gekom—jy het die 'NEEM', 'KRY,' weg van Satan gekies. Daarom vonnis ek jou en die wêreld wat uit jou sal voortspruit, om vir 6,000 jaar, geen toegang tot my en my Gees,

te verkry nie—behalwe vir die KLEIN BIETJIE wat ek spesiaal sal roep. En daardie KLEIN HOEVEELHEID sal vir spesiale diens ter voorbereiding van die koninkryk van God, geroep word. Van hulle sal verlang word om te doen wat jy versuim het—om Satan en sy WEË te weerstaan, verwerp en te oorwin, en die weg van my geestelike WET te volg.

"Gaan, dus nou, Adam, jy en al jou nageslag wat hierdie wêreld sal vorm, lewer julle eie vonds van kennis. Besluit vir jouself wat goed is en wat boos is. Skep jou eie opvoedkundige stelsels en maniere om kennis te versprei, soos wat jou god, Satan jou sal verlei. Vorm jou eie idees van wat god is, jou eie godsdienste, jou eie owerhede, jou eie leefwyse en vorme van samelewing en beskawing. In al hierdie dinge sal Satan jou wêreld mislei deur sy gesindheid van SELF-beheptheid—met ydelheid, begeerte, gierigheid, jaloesie, afgunstigheid, kompetisie, onenigheid, geweld, oorloë, opstandigheid teenoor my en my wet van LIEFDE.

"Nadat die wêreld van jou nageslagte die les in 6,000 jaar van menslike lyding, angs, frustrasie, nederlaag en dood geleer het—nadat die wêreld wat uit jou sal voortspruit, gebring word om die hopeloosheid van die pad wat jy gekies het, te bely—sal ek op bonatuurlike wyse ingryp. Deur bonatuurlike, geestelike mag sal ek dan die heerskappy van die hele wêreld oorneem. Met heropvoeding, sal ek 'n wêreld van VREDE voortbring. Met bekering, sal ek aan almal ewige verlossing aanbied. Na 'n duisend jaar van daardie gelukkige wêreld wat kom, sal ek diegene wat tydens die huidige 6,000 jaar gesterf het nie geroep was nie, uit die dode tot die lewe opwek. Hulle sal dan geoordeel word. En op bekering en geloof, sal 'n ewige lewe dan aan hulle gebied word.

"Tydens hierdie 6,000 jaar, wanneer ek hulle van myself sal afsny, sal hulle nie in ewigheid veroordeel word nie. Slegs, soos wat hulle in hulle leeftyd saai, sal hulle maai. Maar *wanneer* ek aan hulle ewige verlossing oopstel, sal daar geen Satan wees om hulle te verhinder of te mislei nie—geen Satan om te oorwin nie. Daardie klein hoeveelheid wat gedurende hierdie eerste 6,000 jaar geroep word sal Satan se invloed moet weerstaan, hom verwerp en oorwin. Maar diegene wat oorwin sal saam met my in my troon sit, en sal die mag onder my hê om al die nasies onder my Allerhoogste Heerskappy te regeer."

## *OORSPRONG VAN SELF-VERTROUE*

Wat beteken dit alles?

Die eerste mens, Adam, het kennis van en vertroue in God, verwerp. Hy het verkies om op eie kennis en bekwaamheid aangewese te wees.

Die moderne wêreld, wat uit Adam ontwikkel het, vertrou geheel en al op menslike selfstandigheid. Die sielkunde wat vandag geleer word is selfstandigheid. Hulle leer jou om op die innerlike krag in jou, staat te maak. Die meeste kampusse op universiteit word deur 'n atmosfeer van selfstandige professionalisme oorheers. Dit is die gees van verwaandheid. Die student word oorgehaal om van homself te dink as 'n beroepsmens in wording—met ander woorde, hy beskou homself as verhewe bo diegene wat nie sy soort geleerdheid het nie. Deur die basiese konsep van die evolusieleer, voel hy homself heeltemal verhewe bo diegene wat in God en die Here Jesus Christus glo. Hy beskou hulle met afkeer.

## *VERLOSSING AFGESLUIT*

Deurdat Adam hierdie noodlottige en besliste besluit gemaak het, HET GOD DIE BOOM VAN LEWE vir die wêreld wat deur Adam verwek is, vir 6,000 jaar AFGESLUIT (Génesis 3:22-24). Behalwe vir gevalle van verkose profete om die die Bybel te skryf, en vir die Kerk wat uit hierdie wêreld deur Jesus Christus geroep is. Maar selfs Jesus het duidelik gesê: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie" (Johannes 6:44).

God het daarop, met die begin van hierdie wêreld, 'n 7,000-jaar meestersplan vir die uitvoering van sy doel, uitgelê.

Dit was Satan wat vir Eva mislei het. Adam het doelbewus gesondig deur van die verbode vrug te neem. Die hele wêreld is sedertdien mislei (Openbaring 12:9).

Laat ons vir 'n oomblik verpoos. Laat ons besef dat hierdie die fondament van die wêreld was, waarin ons steeds lewe. Op hierdie tydstip moes Satan hom verlustig het. Hy moes geglo het dat hy God uitoorlê het—dat God, deur Adam, gefaal het om Satan se heerskappy op die troon van die aarde omver te werp.

Maar God sê: "My doel sal gestand bly".

God se 7,000 jaar plan sal God se doel in oorweldigende en manjifieke glorie volbring.

Verstaan dus nou hierdie punt wat vir hierdie wêreld 'n geheim is. Toe God die boom van lewe afgesluit het, het Hy die verlossing en saligmaking van die mensdom vir 6,000 jaar, afgesluit, totdat die tweede Adam, Jesus Christus, na 6,000 jaar na die aarde in allerheilige glorie sou terugkeer om Satan te onttroon en oor al die nasies van die mensdom te heers.

Die eerste Adam was die geleentheid gegee om God se regering te kies, om daardie regering op aarde te herstel, en Satan van die aarde se troon, te onttroon. Omdat hy gefaal het, kan saligmaking nie in die algemeen aan die mensdom oopgestel word nie, totdat Jesus Christus, die tweede Adam, dit wat die eerste Adam nagelaat het , uitgevoer het—naamlik, om Satan te onttroon en op die troon van die aarde te sit, en die regering van God op die aarde te herstel.

Die afsluiting van die boom van lewe van die mensfamilie, kenmerk die grondlegging van die huidige wêreld, wat nog steeds onsigbaar deur Satan regeer word. Hoe sou God sy doel uitvoer? Tydens die werklike grondlegging van hierdie wêreld, was dit deur God bepaal dat die Woord op aarde as offerlam van God gebore sou word, om die mensdom van Satan, die ontvoerder (Openbaring 13:8), se heerskappy te verlos.

Maar hoe, dan, sou God ooit sy doel om homself te herskep deur mense wat gedurende die daarpvolgende 6,000 jaar gebore word, uitvoer ?

## *VERLOSSING DEUR DIE OPSTANDING*

Tydens die grondlegging van Satan se wêreld het God dit ook beslis (Hebreërs 9:27) dat alle mense een keer moet sterf en na wederopstanding uit die dood, sou die oordeel kom. Intussen sal die mensdom as 'n geheel nie veroordeel word nie—nie verdoem of gered nie. Dit was op daardie tydstip besluit dat, soos alle mense in Adam moet sterf, so moet dieselfde "almal" ook in Christus lewend deur 'n opstanding gemaak word, daarna volg die oordeel (1 Korinthiërs 15:22). Hierdie selfde opstanding van almal wat in Adam gesterf het, is 'n geheim vir die hele wêreld

wat deur Satan mislei is. Selfs tradisionele Christene van vandag vier Jesus se opstanding op die heidense Paasfees elke lente (Noordelike Halfrond) en herfs (Suidelike Halfrond), maar sê niks omtrent die toekomstige opstanding van die biljoene wat in Adam gesterf het nie. Daardie opstanding sal later meer volledig in hierdie volume verduidelik word.

Intussen, wanneer Christus as die sondedraer van die mensdom sou kom, sou hy ook die Kerk van God stig. Die doel en funksie van die Kerk sal volledig in Hoofstuk 6 van hierdie boek gedek word.

Verpoos net hier! Verstaan wat Satan die hele wêreld mee verblind het. Besef wat ‘n misleide, tradisionele Christendom nie verstaan nie.

Dit is van die allergrootste belang!

Die wêreld van tradisionele Christendom is mislei met die sogenaamde Christelike leerstelling, van die onsterflikheid van die siel: van diegene wat "Jesus bely" en onmiddelik met afsterwe in ‘n hemel van ewige ledigheid, vry van verantwoordelikheid en saligheid in gemak en luiheid, ingaan. Diegene wat nalaat om "Jesus aan te neem" wat met afsterwe na ‘n bepaalde plek gaan, waar ‘n ewige, aanhoudende brandende vuur wat hel genoem word is, waar hulle in onbeskryflike pyn en lyding sonder hoop, vir alle ewigheid, skreeu en gil.

Die lering is dat mens ‘n onsterflike siel het en reeds die ewige lewe het. Dit ontken (Romeine 6:23) dat straf vir sonde die dood is, en dat mens slegs ‘n ewige lewe as ‘n gawe van God kan hê. Die vals tradisionele Christelike lering mag as ‘n eenrigting rit op ‘n spoorlyn vergelyk word. Die rit is jou lewensreis. Aan die einde van die lyn is ‘n skakelaar wat outomaties gestel is om jou reguit na ‘n ewigbrandende hel van obeskryflike pyn en lyding te stuur. Maar indien jy, op enige tydstip gedurende die lewensreis, bely dat jy "Christus aangeneem het", word die skakelaar aan die einde van die lyn, op daardie punt, gedraai, om jou reguit hemel toe te skiet.

So veel te meer "Christelike" veronderstellende lering was dat God die eerste mens ‘n volmaakte onsterflike wese geskep het, maar toe God nie kyk nie, het Satan ingesluip en hierdie wonderlike handewerk van God verongeluk. Verlossing word dan uitgebeeld as God se poging om die skade te herstel en die

mensdom na 'n toestand so goed as wat God hom oorspronklik geskape het, te herstel.

In lynregte teenstelling met die waarheid wat eenvoudig in die Bybel geopenbaar word, het hulle leerstelling op leerstelling geglo en aan ander oorgedra.

## *SATAN SE EERSTE LEUEN*

Hulle het Satan se eerste leuen, dat mens 'n onsterflike siel is, aan ander oorgedra. Wanneer mens hieroor besin, beteken hierdie lering eintlik dat "verloste moeders" wat gesterf het en hemel toe gegaan het, gedurig bewus is van hulle verlore kinders wat in 'n onbeskryflike marteling van die helvuur, skreeu en gil.

Maar wat is die werklike waarheid van God se heilige Woord? Weet die dooies wat die lewendes doen? My eggenote het my kort na ons huwelik meegedeel dat na haar ma se afsterwe, toe sy ongeveer 12 jaar oud was, sy gedink het haar ma in die hemel alles kon sien wat sy doen.

Ek haal nou aan uit 'n artikel in "*The Plain Truth*" Maart 1985: "Die Skrif openbaar duidelik, dat wanneer jy sterf, jy dood is. Volgens die Bybel, hoor die dooies niks, sien niks, dink niks of weet niks. Die afgestorwenes het geen besef van enigiets nie: 'Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie, en hulle het geen loon meer nie, want hulle nagedagtenis word vergeet. Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn …" (Prediker 9:5-6)

Oor hierdie aangeleentheid is die Bybel se boodkap duidelik. Dood is sonder enige twyfel dood. Die Apostel Paulus het geskryf dat "die loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23). Die definisie van dood is die afwesigheid van lewe—nie net om van God verwyderd te wees nie.

Die Skrif waarsku ons selfs om nou, terwyl ons die geleentheid het, die tyd uit te koop: "Alles wat jou hand vind om te doen, doen dit met jou mag, want daar is geen werk of oorleg of kennis of wysheid in die doderyk waar jy heengaan nie" (Prediker 9:10).

Dit kan nie eenvoudiger wees nie. Maar wat van diegene wat aan daardie gekoesterde geloof vasklou dat jy na die hemel toe sweef na die dood, of in die hel in te sink as jy sleg was?

Luister na die Apostel Petrus se antwoord. As daar enigiemand is wat verdien om hemel toe te gaan, sal dit seer sekerlik iemand na aan God se hart wees, sou dit nie? Dawid was so 'n persoon (Handelinge 13:22). Maar Petrus was deur God geïnspireer om te sê, dat Dawid 'gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe" (Handelinge 2:29), en verder, "Dawid het nie in die hemele opgevaar nie" (Handelinge 2:34).

Jesus het self ook gesê "niemand het opgevaar in die hemel," waar God se troon is, nie (Johannes 3:13).

## *SAL ELKEEN VAN ONS WEER LEWE?*

Maar daar is soveel te meer aan hierdie lewe as om net vir die hede te lewe. Die Grote God het mense hier op hierdie aarde geplaas vir 'n wonderlike, ewige doel, wat selfs nie eers deur hierdie wêreld se mensberaamde godsdienste begryp word nie.

Ons is hier op aarde vir 'n wonderlike rede. Dit omvat die antwoord waarom ons mense sterflik gemaak was en die hele omvang van emosies en moeilikhede moet verduur, of die goeie tye van die mens lewe ervaar

Selfs al is ons dood wanneer ons sterwe, sal ons nie vir ewig dood bly nie. Die dooies in hul grafte sal weer lewe! Lees wat Jesus sê: "Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling" (Johannes 5:28-29).

Daar sal vir ons gedrag in hierdie lewe rekenskap gegee moet word! Elke mens wat nog ooit geleef het sal rekenskap moet gee en in 'n wederopstanding wees.

Ek het voorheen verduidelik dat die gees in die mens nie vanself kan sien, hoor of dink nie. Die brein sien deur die oog, hoor deur die oor, en dink soos wat dit deur die gees bemagtig word. Ten tye van die dood sal, "die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het" (Prediker 12:7).

Die gees is die bewaarplek van geheue en karakter. Die gees is soos 'n gietvorm. Dit behou selfs die mensvorm en gestalte van die oorledene. In die opstanding om geoordeel te word, sal

diegene wat gesterf het, lyk soos wat hulle gelyk het toe hulle gelewe het, met behouding van watter karakter hulle ookal in die lewe gevestig het en alles onthou wat in hul geheue gestoor was. Maar in die tussentyd; in die dood, is daar geen bewustheid nie—hulle "weet glad niks nie" (Prediker 9:5).

Die mees universele dwaalleer, wat deur bykans alle kerke wat Christelik genoem word, geglo word, behalwe die een en enigste ware en oorspronklike Kerk van God, is dat ALMAL outomaties "*verlore*" *is, tensy hulle* Jesus Christus as Verlosser *bely*—en dat nou die *enigste* dag van "saligheid" is.

Maar die waarheid is dat diegene wat van God vervreem is, NOG NIE GEOORDEEL is NIE!

Weinig VERSTAAN God se basiese meesterplan. Die leser kan onmoontlik meer verbaas wees oor die waarheid wat in hierdie volume geopenbaar word, as wat die outeur meer as 58 jaar gelede was nie. DIE HELE WÊRELD is mislei, soos God se Woord voorspel het! Een wat mislei is, is nie bewus van die misleiding nie! Moenie Satan onderskat nie!

## *MENSE, VAN GOD VERVREEM?*

Iemand, wat die menigvuldige boosheid in hierdie wêreld nagaan, sou dink dat DIE MENS homself van God vervreem het. Maar dit is God wat die mensdom van hom afgesny het. En WAAROM?

Laat dit God as onregverdig vertoon? Heeltemal die teenoorgestelde!

Laat ons dit duidelik maak. Adam, deur te kies, om van die verbode boom te neem, het homself en sy familie na hom van God vervreem. Tog, omdat alle mense vanaf Adam gesondig het, het elke mens homself in werklikheid van God vervreem (Jesaja 59:1-2).

Die Persoon in die Godfamilie wat met Adam gepraat het was die *Logos* of "Woord" wat later as Jesus Christus gebore is. Adam het geen kontak met God die Vader gehad nie. Toe die Woord toegang tot die boom van lewe afgesper het, was alle mense van God die Vader vervreemd totdat Christus weer na die aarde sou terugkeer in alle glorie en krag om die troon van die aarde van Satan af te neem en die regering van God oor die hele

aarde te herstel. Intussen het Christus, die tweede Adam, met sy eerste koms die bestaan van God die Vader kom *openbaar* (Lukas 10:22). Tot en met daardie tyd het die wêreld geen kennis van God die Vader se bestaan gehad nie. Dit is een van die redes waarom Judaïsme glo dat God NET UIT EEN PERSOON bestaan. Dit is die rede waarom teoloë hierdie kennis verloor het, of liewer nooit die kennis, dat GOD 'n FAMILIE is waarin ons gebore mag word as deel van dieselfde Godfamilie, besit het nie. Dit verduidelik dan ook, wanneer daar in die Nuwe Testament gelees word van God die Vader, en ook dat Jesus God is, hulle met die vals teorie dat die Heilige Gees 'n "Spook" of derde Persoon van 'n Drie-eenheid was, opgekom het. Sodoende laster hulle die Heilige Gees en BEPERK God, deur weg te doen met alle kennis, dat bekeerlinge lede van die ware geestelike Godfamilie kan word. So het Satan die "Christendom" van die waarheid en doel van Jesus Christus se evangelie, verblind.

Hulle het ook 'n baie belangrike waarheid oor die hoof gesien: die wederopstanding uit die dood.

Hulle vier 'n heidense Paasfees in erkenning van Jesus Christus se opstanding uit die dode. Maar hulle vergeet heeltemal die eenvoudige bybelse lering dat almal wat ooit geleef het uit die dode opgewek gaan word, alhoewel dit in die tydorde van drie verskillende opstandings sal gebeur. Die enigste hoop wat die heilige Bybel vir die oorgrote meerderheid van hierdie sterwende wêreld se mensdom gee, is die hoop vir 'n opstanding uit die dode, wat 'n positiewe, versekerde hoop is. Al hierdie dinge sal volledig gedek en die volledige skrifgedeeltes sal in die volgende hoofstukke gegee word.

Wat 'n tragedie, soos dit eenvouding in Openbaring 12:9 gestel word, dat hierdie hele wêreld verlei en vir die waarheid verblind is deur Satan die duiwel, wat steeds op die troon van die hele aarde sit.

Die werklike waarheid is verbluffend, maar u sal dit eenvoudig in u Bybel geopenbaar vind. Volg dit soos wat u hierdie boek sorgvuldig lees.

Neem in ag! Toe God vir Adam en Eva uit die Tuin van Eden gejaag het, het Hy engele daargestel om die mens te verhinder om die Tuin weer binne te gaan. Veronderstel die Here het die hek na Eden oopgelaat. Die mens het reeds van die verbode

boom geneem. Die mens het reeds na sonde gedraai. Wat sou gebeur het? Heelwaarskynlik sou die hele sondige mensdom daarheen gestroom het om van daardie boom van lewe te eet! Sonder enige berou—sonder selfs geloof in God of in Christus—sou die mensdom homself gehelp het om die EWIGE LEWE te verKRY.

Dink 'n oomblik!

## *GOD IS NIE ONREGVERDIG NIE*

Hoe ONregverdig sou God gewees het indien Hy dít toegelaat het! Mens, met al sy sondes—en sonde het die gewoonte om in die een wat homself daaraan toegee te vermeerder—sou onsterflik word—*vir ewig* lewe terwyl hy die, verstandelike, fisiese en geestelike pyne, wat sonde op hom sou bring, moes ly!

Die mens besef skynbaar nie dat hy nou die SLAAF van sonde is nie. Sonde het hom van God die Vader vervreem. Min verstaan dat ons nie deur Christus se dood gered is nie. Ons is versoen met God die Vader deur Jesus se dood. Ons word deur Sy lewe gered (Romeine 5:10). Mens besef nie dat slegs 'n werklike berou—wegdraai *van* sonde—en lewendige GELOOF van Jesus Christus hom van die straf kan VRYMAAK nie! Sonde verslaaf! Dit straf! Dit bring smarte, berou, angs. Fisiese beserings, siekte en kwale word toegedien. Frustrasie en hopeloosheid word voortgebring.

Die mees ONregverdige, ONvriendelike, wreedste ding wat God kon doen nadat Adam en Eva van die verbode boom geneem het, was om die weg na die tuin oop te laat, met vrye toegang vir almal tot die boom van LEWE—simbolies van die geskenk van EWIGE LEWE!

Maar wat *het* God gedoen? Hy het die man en die vrou uitgedryf. Hy het hertoegang afgesper.

Hy, het egter verlossing en 'n ewige lewe in uiterste gelukkigheid en heil aan DIE HELE menslike familie beskikbaar gestel. Maar, met goddelike wysheid, het hy 'n tydorde met voorwaardes daargestel! Vir die eerste 6,000 jaar—nou amper voltooi—is almal behalwe DIE MENSE wat voorbestemd is, vervreem.

Op hierdie punt is die hele wêreld van tradisionele Christendom mislei. Hier is 'n allerbelangrike waarheid: Satan

wat op die troon van die aarde sit het probeer om die Christus kind dood te maak. Hy het daarna probeer om hom te toets en te verlei en om Jesus te diskwalifiseer, net voordat Christus met sy aardse bediening begin het (Matthéüs 4). Satan het die marteling van meeste van die apostels veroorsaak. Hy het 'n intensiewe vervolging teen die Kerk veroorsaak. Hy het veroorsaak dat 'n geweldadige geskil opvlam in die vroeë maande en jare van die Kerk, wat die evangelie wat verkondig moes word, die evangelie VAN Christus moes wees of eerder 'n mensgemaakte evangelie OMTRENT Christus, betwis het. Satan het veroorsaak dat laasgenoemde wen, en binne bestek van minder as 20 jaar was 'n valse en nagemaakte evangelie OMTRENT Christus deur almal verkondig, behalwe die BIETJIE vervolgde gelowiges wat getrou as die klein en vervolgde ware, oorspronklike Kerk van God gebly het.

## *IS NOU DIE ENIGSTE DAG VAN SALIGHEID?*

Hierdie misleide "Christene" het geleer, en onderrig nog steeds, dat nou die ENIGSTE dag van saligheid is. Dat hul valse saligheid van net Jesus Christus "aan te neem ", sonder berou of van sonde af weg te draai en God se wet te gehoorsaam, sou mense onmiddelik na afsterwe as "onsterflike siele" hemel toe stuur.

Satan het die verstand van diegene van "tradisionele Christendom" verblind vir die feit dat God die boom van lewe afgesluit het, totdat die verheerlikte Jesus Christus in allerheilige glorie en mag terugkeer om die regering van God oor die hele aarde te herstel. Dit was so bepaal, ek herhaal, dat dit vasgestel was vir die mens om eens te sterf, en na die dood kom die opstanding tot die oordeel (Hebreërs 9:27). Intussen word die wêreld van Adam nog nie veroordeel nie, behalwe dat almal in die finale veroordeling verantwoording vir hul sondes sal moet doen.

Maar intussen, het God enkele uitsonderings gemaak vir 'n bepaalde doel. God het profete verhef vir die opregte doel om deel van die Kerk se grondlegging te wees. Jesus het dissipels UIT HIERDIE WÊRELD geroep om opgelei te word sodat hulle ander kan leer en in die komende millennium van die herstelde Koningkryk van God, te regeer en onderrig te gee onder die

Koning van konings, Jesus, wanneer die boom van die lewe aan alle vlees geopen sal word.

Die Kerk was geroep om opgelei te word as heersers en onderwysers in die Koninkryk van God WANNEER die boom van lewe heropen sal word. Intussen is die Heilige Gees vir almal geslote, behalwe vir die profete en die uitverkorenes van die ware Kerk. Die profeet Joël het voorspel dat dit later vervul sou word—na 6,000 jaar van hierdie wêreld van Satan, dat God sy Gees op alle vlees sal uitstort (Joël 2:28).

Intussen was dit noodsaaklik vir God se doel, dat die Heilige Gees aan die profete en diegene wat spesiaal uitgeroep word om as heersers en onderwysers onder Christus opgelei te word, wanneer die regering van God op die aarde oor alle nasies herstel is, gegee word.

In die roeping van die Kerk het Jesus duidelik gesê, "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie …" (Johannes 6:44). Die Kerk is alleenlik die "eerstelinge" van saligheid. Hierdie hele waarheid sal in Hoofstuk 6 duideliker gemaak word.

## *HOEKOM DIE TWEEDE ADAM?*

Om te hersien: Ongeveer 4,000 jaar vanaf Adam, het God vir Jesus Christus gestuur om 'n volmaakte lewe te leef, Satan te oorwin, te *kwalifiseer* waar die eerste Adam gefaal het, om Satan as HEERSER op die troon van die hele aarde te vervang. Diegene (die wat "geroep" is) wat soos Jesus, Satan, die eie-ek en sonde, oorwin het, sal *saam met Christus* in sy troon sit *wanneer* Hy kom om die KONINKRYK VAN GOD daar te stel en die REGERING VAN GOD herstel, wat die gewese Lucifer verwerp en ophou bestuur het!

Daardie *klein bietjie* wat geroep is, beginnende met "regverdige Abel", tot die hede en verderaan tot Christus se wederkoms na die aarde, moes doen wat Adam geweier het om te doen—DIE WEË VAN SATAN VERWERP, wat teen die REGERING VAN GOD in opstand gekom het!

Wie is dan 'n *ware* Christen? Slegs diegene wat reeds en nog steeds, deur die Heilige Gees van God (Romeine 8:9,11,14) gelei word. Niemand kan die Heilige Gees ontvang totdat daardie

persoon 1) BEROU TOON—oor sy sonde, sy oortredings van God se wet; en 2) volkome geloof in Jesus Christus—op Christus vertrou—wat insluit dat hy Jesus Christus GLO. Ek bedoel glo wat hy sê—sy Woord, die Heilige Bybel!

Dus, word die uitgeroepenes na werklike bekering en geloof, met God die Vader versoen en ontvang ons dan die Heilige Gees wat ons as die kinders van God verwek.

Laat ons alhier ‘n ander vraag opklaar. Waarom kon Kain, Abel en Set, die eersgebore kinders van Adam, nie berouvol wees en op hul boetvaardigheid die Gees en lewe van God ontvang het nie? God se wet kon nie ‘n wet wees, tensy daar ‘n straf vir oortreding daarvan was nie. Adam het gesondig. Al sy kinders het gesondig en vir hulleself die doodstraf op die hals gehaal. Hulle en geen persoon na hulle kon van die straf van daardie wet vrygemaak word nie, totdat Christus, hulle Skepper, daardie doodstraf in hul plek betaal het nie. Derhalwe was saligheid onmoontlik tot en met Christus se kruisiging. Slegs Jesus se versoening kon enige mens met God die Vader versoen.

Nou, wat van die en al die ander—die DUISENDE MILJOENE? Tot nou toe, tensy deur God geroep en *getrek,* is hulle eenvoudig nog nie geoordeel nie! Ek bedoel nie dat hulle nie rekenskap van hulle sondes gaan doen nie. Hulle sal, inderdaad! Maar hul veroordeling KOM nog. Die oordeel het in die ware Kerk van God begin (1 Petrus 2:17). Jesus het verklaar, “Niemand kan na My toe kom as die Vader … hom nie trek nie …” (Johannes 6:44). NIEMAND *KAN* andersins na Christus toe kom nie! Maar die Kerk is slegs die EERSTE oes.

In Satan se misleide wêreld het baie na ‘n nagemaakte Christus gekom wat veronderstel was, om sy Vader se gebooie ongedaan te maak. Hulle aanbid selfs vir Christus. Maar Jesus het self gesê: “Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is … En Hy sê vir hulle: Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou … So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het; en dergelike dinge van dieselfde aard doen julle baie” (Markus 7:7, 9, 13).

Misleide miljoene besef nie dat hulle Christus tevergeefs aanbid nie. Hulle is mislei om ‘n “ander Jesus” te aanbid.

## *ELKE MENS SAL GEROEP WORD*

Wanneer Christus as Koning van konings en Here van die here kom, sal hy vir die volgende duisend jaar regeer. Almal wat na sy koms lewe sal geroep word.

Na daardie duisend jaar sal die "Groot Wit Troon Oordeel" van Openbaring 20:11-12, plaasvind. Almal wat al ooit geleef het, en nie deur God geroep was nie, sal as stoflike vlees en bloed, soos hulle in hul eerste lewe was, opgewek word. *Dan* sal hulle rekenskap gee vir die sondes in hul eerste lewe. Die straf vir daardie sondes is die dood. Hulle sal dan leer dat Jesus Christus daardie doodstraf in hulle plek betaal het. Maar met egte berou en geloof sal hul vergewe word en God se Heilige Gees ontvang, wat hul tot die ewige lewe verwek.

God se wonderlike meesterplan sal almal roep wat ooit geleef het, om die ewige saligheid te ontvang, met werklike berou en geloof in God se waarheid. Daar is egter 'n tydorde vir die opstandings (1 Korinthiërs 15:22-23). "Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna ..." (twee ander opstandings wat in Openbaring 20:11-13 geopenbaar word, word nie in 1 Korinthiërs 15 gedek nie).

Diegene wat tydens die millennium geroep word, en diegene in die Groot Wit Troon opstanding en oordeel, sal dan nie nodig hê om Satan te oorwin nie.

Hoe wonderlik is God se weë—alhoewel dit nou vir die meeste van die mensdom wat soveel lyding op hulself bring, verberg is! Soos die Apostel Paulus verklaar het: "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!" (Romeine 1:33).

God is besig om homself in die mens te herskep! Die woord vir God in Génesis 1:1 is *Elohim* in die oorspronklike Hebreeus. Dit is 'n naam soos kerk of familie of groep. God het gesê: "Laat ons"—nie ek nie—" mense maak na ons beeld." God is waarlik 'n familie waarin ons, *letterlik*, gebore kan word!

Wat, dan is die mens? Hy is 'n lewende wese wat uit die stof van die aarde gemaak is. Hy is klei, en God is die Meester Pottebakker, wat ons karakter giet, vorm—as ons reageer

wanneer hy roep en ons na hom toe trek. Deur ons gewilligheid besiel Hy ons met SY EIE GEESTELIKE, HEILIGE REGVERDIGE EN VOLMAAKTE KARAKTER!

HOEKOM is die mens? God het die mens op aarde geskep om in ons te bou, wat die sondige engele geweier het God in hulle bou—sy volmaakte KARAKTER! Hy is, in sy tydorde en manier, besig om ons AS 'N OPREGTE GOD te ontwikkel—elkeen van ons—en dan die skepping van die onvolledige HEELAL te voltooi! Maar vir NOU, leef ons nog steeds in hierdie misleide wêreld wat deur Satan regeer word.

# 4

# *Geheim van die Beskawing*

Min mense neem tyd om hieroor na te dink, maar wanneer u wel daaroor dink, is daar enigiets wat meer in 'n raaisel omhul is, as hierdie wêreld se beskawing? Hoe word hierdie verbasende teenstrydigheid, van 'n wêreld met die menslike verstand, wat ruimtevaarders maan toe kan stuur en terugbring, die wonders van wetenskap en tegnologie kan oplewer, mensharte oorplant—wat nie eenvoudige menslike probleme van gesinslewe en groepverhoudings kan oplos nie, of tussen nasies vrede kan bewerkstellig nie, verduidelik?

Ontsagwekkende vordering is deur die ontwikkelde nasies gemaak. 'n Hoogs gemeganiseerde wêreld wat alle weelderige, moderne gerief en middel tot plesier daargestel het, is ontwikkel. Tog is hulle vervloek met misdaad, geweld, ongeregtigheid, siektes en siektetoestande, en gebroke gesinne. Terselfdertyd is meer as een helfte van die wêreld ongeletterd, en lewe in volslae armoede, vullis en vuilheid. Geweld en verwoesting is vinnig besig om te vermenigvuldig. Baie vra, "Indien God bestaan, hoekom, laat hy soveel geweld en menslike lyding toe?"

Ons is in hierdie wêreld van die 20ste-eeu, soos wat dit is, gebore. Ons beskou dit as vanselfsprekend. Maar ons kan dit nie verduidelik nie. Dit is soos om 'n rolprent van 'n punt na aan die einde te begin kyk. Ons sien wat op daardie tydstip gebeur, maar daar ons nie van die begin af gekyk het nie en dus nie weet hoe dinge tot op daardie punt ontplooi het nie, verstaan

ons eenvoudig nie wat ons sien nie. ‘n Fiksieskrywer het van ‘n tydmasjien geskryf wat ‘n persoon tot ‘n punt in die geskiedenis kon terug voer. Indien ons oor so ‘n tydmasjien beskik het, kon ons onsself 6 000 jaar terug gevoer het, en sou ons tydens die grondvesting van die wêreld werklik kon sien wat in die oorspronklike Tuin van Eden, plaasgevind het. Dit is waar hierdie beskawing ontstaan het. Dan sou ons moontlik beter kon begryp hoekom daar nou sprake van die wêreld se dreigende einde is.

Hoe het ons beskawing tot hierdie huidige toestand van die 20ste-eeu, ontwikkel? Wat ‘n raaisel is dit nie vir denkende mense nie! Natuurlik is die meeste nie denkende mense nie, en hulle vra hulself nooit daardie vraag af nie. Indien hulle die vraag sou vra is dit omsingel in verborgenheid. Laat ons dit nou verstaan.

Daar is reeds in hierdie boekdeel verduidelik hoedat God die mens vir die allerhoogste doel, om homself te herskep, geskape het. Maar hierdie geweldige doel wat hy met ons herskepping het, om in ons sy absolute geestelike karakter te skep, is dit gebiedend en noodsaaklik dat dit met ons eie toestemming, ywer, inspanning en vreugde, geskied. Hoekom het God die mens op die aarde, geplaas en hoekom dan, op hierdie bepaalde planeet?

## *DIE ONVOLTOOIDE AARDE*

God het die mens hier geplaas om die regering van God op die aarde te herstel. Oorspronklik was Lucifer en sy engele op die onvoltooide aarde geplaas. Daar moet onthou word dat God in tweevoud skep. Net soos ‘n vrou wat ‘n koek bak – sy bak eers die koek, maar dis nog nie heeltemal klaar totdat sy dit versier het nie. Die kern en inhoud van die aarde is geskep voordat die engele hier geplaas is. Dit was God se voorneme dat die engele die oppervlakte van die aarde sou ontwikkel, dit verbeter en verfraai. Vir daardie doel het Hy hulle sy regering gegee om hulle gedrag en prestasie daarvolgens te reguleer.

Lucifer was op die troon, om daardie regering, met samewerking en harmonie vir hulle wêreld te bestuur. Hy het egter in opstand gekom. Hy het die samewerking en harmoniese bedrywighede verander en kompetisie, euwel, rebellie en

verwoesting in die plek daarvan gestel. Sodoende is die lig wat op die aarde was, verdonker. Die aarde het woes en leeg geword, verval, en ondergang het die gelaat van die aarde getref.

In ses dae, het God sy Gees gestuur en die gelaat van die aarde vir die mens hernu (Psalms 104:30).

Die "versiering op die koek" het egter steeds ontbreek en het God die mens hier geplaas om te doen wat die opstandige engele nie gedoen het nie.

Die mens moes die aarde verfraai. God is nie die outeur van verwarring, onaansienlikheid of verval nie, maar van mooiheid, volmaaktheid, karakter, die allerbeste in kwaliteit.

Kyk na die beskrywing van God se hemel—die setel van God se troon—waar, ons kan sê, God leef soos wat in die vierde hoofstuk van Openbaring beskryf word. God sit op 'n troon omring deur briljante prag, kwaliteit, mooiheid en karakter. Baie meer skitterend en glansryk in prag, as enigiets wat menslike oë ooit gesien het.

God se voorneme was dat die mens die aarde sou bewerk, dit verbeter, mooi maak en dit 'n glansryke karakter gee – en so "die heilige gewaad" (1 Kronieke 16:29) in sy lewe aanlê. Dit was nooit God se bedoeling dat mense in armoede, vuilheid en smerigheid of afsigtelikheid moes lewe nie. Die mens moes die aarde verfraai en sy eie karakter ontwikkel het sodat sy beskawing "'n hemel op aarde" sou wees.

## *WAT DIE MENS GEDOEN HET*

Maar wat het die mens op die aarde gedoen waar God hom geplaas het? Alles, waaraan sy hande geraak het, het lelik, besoedeld, besmet en heidens geword. Hy het die lug besoedel; die water in die riviere, mere en oseane, bevuil. Hy het die grond laat agteruitgaan, die woude ontbloot, wat die reënval verander het en die uitbreiding van woestyne tot gevolg gehad het. Hy het die grond uitgewerk, deur na te laat om dit elke sewe jaar te laat rus. Stede is gebou en daar is toegelaat dat hulle tot krotbuurte, vuilheid en smerigheid, versleg.

Dit alles omdat die eerste mens God verwerp het en van hom weggedraai het, om net op homself te vertrou—en al Adam se nasate het dieselfde gedoen.

Sodoende het die mens ‘n mensgemaakte beskawing wat deur Satan beinvloed word, gebou. Die mens het nie alleenlik die aarde, wat hy veronderstel was om te ontwikkel en te verbeter, geruineer nie, maar hy het sy eie gesondheid deur ‘n verkeerde leefwyse vernietig en sy eie geestelike karakter verlaag en verdraai. Nou, eindelik, soos wat ons die einde van die 6 000 jaar nader wat God die mens vrye teuels toegelaat het, het die mens die Frankenstein van wapens van massa verwoesting ontwikkel wat die mensdom heeltemal kan vernietig—tensy ‘n genadige God sou intree om ons van onsself te red.

## *‘N BESKEIE VOORSMAAK*

Ons lewe nou in die era wat deur bybelse profesie die laaste dae genoem word—die laaste geslag voor Christus se wederkoms om die aarde te regeer en dit wat die mensdom moes uitvoer, te volbring. In hierdie laaste dae, ooreenkomstig profesieë van die Bybel sal geestelike sowel as materiële kennis vermeerder. Die ware Kerk van God sou weer op koers geplaas word, en die wonderlike kennis van geloof wat in die dae van die oorspronklike apostels aan die heiliges gelewer was, sou herstel word.

Jesus Christus, het deur sy Kerk, drie kolleges—twee in die V.S.A. en een in Engeland gebou. Hierdie drie kampusse het mekaar onderling in stoflike prag oortref, as ‘n fisiese hoë karakterlike omgewing vir studente om God se reverdige karakter te ontwikkel. Die voortreflikheid van hierdie studente se goddelike karakter het die fisiese prag van die kampusse oortref. ‘n Vorstelike koningin, op ‘n onlangse sesdaagse besoek aan die hoofkwatier kampus in Pasadena, Kalifornië, het gedurende ‘n toer van die kampus uitgeroep, “Ek is so pas in die hemel gewees”.

Hierdie kampus het drie maal die toekenning vir die pragtigste, die bes, ontwerpte en die mees goed versorgde kampus in die Verenigde State, gewen. Hierdie kampusse is ‘n voorbeeld van wat die mensdom moes gedoen het, en is ‘n beskeie voorsmaak van die prag wat terstond oor heel die aarde sal bloei, wanneer Christus en sy heiliges in sy koninkryk die aarde in die wonderlike wêreld van môre, sal regeer.

Eertydse agteruitgaande miljoenêrs-wonings is gerestoureer. ‘n Gebied daaragter, wat tot ‘n Pasadena krotbuurt agteruitgegaan het, is skoongemaak en tot een van die mooiste gebiede in Pasadena herbou.

## *WAT SOU GEBEUR HET INDIEN ADAM VAN DIE BOOM VAN DIE LEWE GEËET HET?*

Hoe het hierdie materieële en vernederende agteruitgang van die menslike karakter ontstaan?

Indien Adam van die boom van die lewe wat aan hom aangebied was, geneem het, sou die hele verloop van die beskawing totaal anders gewees het. Vrede, blydskap, vreugde, gesondheid en oorvloed sou oor die aarde versprei het.

Maar wat was die gevolge?

Adam het kennis van goed en kwaad vir homself toegeëien—wat eintlik net menslike goedheid was en geensins hoër as die vlak van die menslike gees binne in hom, is nie. Hy het vertroue in God verwerp en het hy op homself staatgemaak vir kennis, bekwaamheid en mag—wat net tot die vleeslike menslike vlak beperk was en deur die verdorwe Satan bedrieg en gelei was.

Sou hy van die boom van die lewe geneem het, sou hy sonder twyfel Satan op die troon van die aarde opgevolg het, om deur die ewige God, bemagtig, beinvloed en gelei te word om die regering van God op die aarde te herstel. Hy het Satan egter toegelaat om sy geestestoestand binne te dring en is hy as’t ware, deur Satan ontvoer en gevangene gehou.

Dus het die eerste mens wat geskape is, God nie geglo nie, was ongehoorsaam aan God en het verkies om SY EIE PAD TE VOLG, sy eie ding te doen. Adam het dit gewilliglik gedoen, maar blykbaar nie opsetlik of met voorbedagte rade nie.

Adam is gewilliglik deur Satan in gevangeneskap gelei. Hy het gewilliglik saam met Satan, die aartsontvoerder van alle tye, gegaan.

## *‘N WÊRELD GEVANGENE GEHOU*

Adam is met die potensiaal geskep om as ‘n seun van GOD gebore te word. Al was hy nog nie ‘n verwekte seun van die GODFAMILIE

nie, is hy met die besondere potensiaal geskep. Toe hy geswig het en Satan se WEG om "sy eie ding te doen" gekies het, heeltemal in opstand teen 'n uitdruklike opdrag van God, het hy geestelik die eiendom van Satan geword. Hy het homself, oorgegee aan die REGERING van Satan, en het hy die WET van daardie regering gekies—die wet van ydelheid, selfbeheptheid—wat outomaties gesindhede van selfverheerliking, hebsug, kompetisie en die begeerte om te KRY, eerder as God se manier van GEE, tot gevolg het.

Die hele mensdom het uit Adam en Eva ontstaan. Die huidige wêreld se OORSPRONG was deur hulle en word sedertdien, GEVANGE GEHOU! Die wêreld het DIE WEG van die ontvoerder eerder as die WEG van die potensiële Ouer, gekies!

Maar God die Vader sou egter die losprys betaal om Sy potensiële geestelike kinders na hom toe terug bring. God het nie op daardie tydstip verkies om die mensdom te verlos, tereg te wys, of na Hom toe terug te bring nie.

## *BY DIE WÊRELD SE STIGTING*

Na Adam se sonde het God toegang tot die boom van die lewe vir die hele wêreld gesluit totdat die tweede Adam, Jesus Christus, Satan sou onttroon en die troon van die aarde oorneem.

Daar kan nie 'n wet wees sonder dat daar 'n straf daarvoor is nie. Die DOOD is die straf vir menslike sonde.

Die doodstraf is aan Adam en al sy kinders opgelê. Dit is 'n straf wat betaal moet word. Daar was geen manier waarop dit vry gespring kon word nie. Satan het hom seker verlustig in die geloof dat hy God se doel, om sy regering te herstel en hom, Satan, van die aarde se troon te ontsetel, 'n nederlaag toegedien het. Aangesien al Adam se kinders sou sondig, sou almal werklik aan die doodstraf onderhewig wees.

Wat selfs Satan blykbaar nie besef het nie, was dat God se plan om die mensdom te red en Satan van die aarde se troon te verwyder, nog al die tyd van toepassing was.

Ten tye van die wêreld se grondslag was dit besluit dat Jesus Christus, as die "Lam van God" geslag sou word, om die strafbepaling vir al die mens se sonde, te vereffen (Openbaring 13:8), en hierdie vergoedende offer, alleenlik na bekering en geloof, effektief sou wees. Ten tye is daar ook deur

God beslis dat al Adam se kinders moes sterf, en na afsterwe daar 'n heropstanding uit die dood sou wees om geoordeel te word. (Hebreërs 9:27). Want soos hulle almal in Adam moet sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word om geoordeel te word (1 Korinthiërs 15:22).

Nieteenstaande dit, kan niemand uit God gebore word, alvorens God se heilige en volmaakte geestelike karakter nie in daardie individu, uit eie keuse, ingeboesem is en deur dade bewys word nie.

God bepaal dat sy oorspronklike HOOGSTE DOEL, om homself deur die mens te herskep, oor 'n periode van 7, 000 jaar sou geskied. Dit was 'n weldeurdagte MEESTERSPLAN om daardie doel hier op aarde uit te voer.

Vir amper 6 000 jaar het 'n beskawing ontwikkel wat ons die wêreld noem. Maar dit is 'n wêreld wat gevange gehou word. Dit het SATAN SE WÊRELD geword, alhoewel, miljoene mislei is om te glo dat dit God se wêreld is. Tot vandag toe is Satan nog steeds op daardie troon.

Intussen het Satan IN alle mense gewerk en die wêreld met geweldige EUWELS verpes.

Maar hoe het Satan hierdie euwels in die verstand van alle mense, selfs in die mees geleerdes en ontwikkeldes in die onderwys, wetenskap, regering en gebiede waar mense ontsagwekkende begaafdheid aan die dag gelê het, bewerk? Maar selfs daardie vraag is 'n raaisel wat feitlik deur niemand verstaan word nie.

## *SATAN—DIE MEESTER UITSAAIER*

In Efesiërs 2:2 word Satan die owerste van die mag van die lug genoem, wat in—binne in mense se verstand werk, wat ek nooit kon verstaan nie, totdat: 1) Ek begryp het hoe radio en televisie klanke, deur die lug uitgestuur word; en 2) Ek die waarheid omtrent die menslike gees wat in die mens se brein is, geleer het. Indien 'n radio op die regte golflengte ingestel is, of 'n televisie stel in die regte kanaal ingestel is, kom die uitsaaier se boodskap helder deur. Satan, as owerste van die mag van die lug, saai so uit—nie in woorde, klanke of prente nie, maar in gesindhede, buie of drange.

Ons lees, byvoorbeeld in Esra 1:1, dat koning Kores van Persië ‘n proklamasie uitgevaardig het om ‘n kolonie Jode na Jerusalem te stuur om die tweede Tempel te bou. Hy het dit gedoen omdat God sy gees opgewek het om dit te doen—met ander woorde, die gedagte of ingewing is in sy gedagtes geplaas en hy het daarop gereageer. Op dieselfde manier roer Satan die menslike gees om in gesindhede van nyd, jaloesie, wrok, ongeduld, bitterheid en tweedrag te verval. Mense het geen besef van Satan se ongelooflike mag nie. Elke mens se gees is outomaties op Satan se golflengte ingestel. Dit wil voorkom asof Satan die lug oor die hele aarde met sy gesindheid van selfbeheptheid en ydelheid, oorlaai het.

En so het ‘n wêreld—‘n beskawing—vanuit die oorspronklike Adam en Eva ontstaan. Toe God die boom van die lewe afgesluit het, het daardie handeling die grondlegging van die wêreld gekenmerk. Omdat dit op die verwerping van God en ongehoorsaamheid van sy wette, wat sy leefwyse definieer, gebaseer was. Al die euwels, hartseer, pyn en lyding van 6, 000 jaar se beskawing, is as gevolg daarvan.

God het ‘n 7,000 jaarlange meesterplan ontwerp om sy ontsaglike plan uit te voer. Die eerste 6,000 jaar, is toegelaat vir Satan om op die troon van die aarde te bly en die mensdom deur ondervinding die bittere les te leer, dat Satan se selfsentrerende leefwyse, wat teenstrydig met God se wette is, net pyn, lyding, foltering en dood veroorsaak.

Die hele mensdom is verlei om hierdie selfsentrerende leefwyse, van “neem” te verkies.

Onthou, dat die wêreld tot op hierdie tydstip nog nooit van die bestaan van God die Vader geweet het nie, totdat Christus gekom het en die Vader geopenbaar het (Mattheus 11:27).

Die wêreld is van God die Vader, vanaf die grondlegging daarvan, afgesny. Jesus het gekom om berouvolle gelowiges met die Vader te versoen (Romeine 5:10).

## *DIE BEGIN VAN DIE BESKAWING*

Neem kortliks kennis hoedat die mens se beskawing ontwikkel het.

God het die eerste mense, beide fisies en verstandelik, as volmaakte voorbeelde geskep. Hierdie volmaakte paar het fisies

geen kroniese siektes of enige neigings tot siektetoestande of kwale gehad nie, wat betuig word deur die feit dat Adam 930 jaar oud geword het. Vir feitlik 2,000, jaar vanaf Adam tot Noag was die mens se lewensduur gemiddeld byna 900 jaar.

Dink daaraan! Die eerste mens het amper een sesde van die tyd vanaf die mens se skepping tot nou toe gelewe!

Adam en Eva het twee seuns, naamlik Kain en Abel, gehad. Nadat hulle groot geword het, maar moontlik nog as tieners, het Kain sy broer Abel beny en vyandig teenoor hom geword. Selfs al was hulle, deur die afsluiting van die boom van die lewe, van God die Vader afgesny, het die "Woord" (die "Here") met Kain gepraat en hom gewaarsku. Maar Kain is deur Satan gelei en het hy, as owerste, van die mag van die lug, in Kain 'n gesindheid van wrok, woede en vyandigheid, opgewek. Kain het sy jonger broer vermoor, en toe die Here hom oor sy broer uitvra, het hy vir die Here daaroor gelieg. Die heel eerste mens wat gebore is, was deur Satan beweeg, om 'n moordenaar en 'n leuenaar te word.

Hy is deur God gevonnis om 'n swerwer en 'n vlugteling te wees.

Alhoewel die menslike familie God verwerp het en selfstandigheid verkies het sos hulle deur Satan gelei was, was die mens se verstand in staat om met stoflikheid te werk. Na 'n paar geslagte het 'n seun van Kain harpe, orrels en musiekinstrumente gemaak (Genesis 4:21) en 'n ander een was 'n vakman in brons en yster.

Die mensdom het in materialisme gevorder, maar geestelik al hoe meer van God verwyderd geraak. Maar onthou egter, dat "as die Here die huis nie bou nie, tervergeefs werk die wat daaraan bou" (Psalms 127:1). Ook in Mattheus 7:24-27, staan geskrywe dat 'n huis wat op 'n gebrekkige fondament gebou is, bestem is om te val. Die beskawing soos ons dit ken is nie op die fondament van God en Sy leefwyse gebou nie, maar op die mens se selfstandigheid, onder Satan se misleiding en invloed.

Die Bybel vertel ons maar min omtrent menslike ontwikkeling voor Noag, maar na 1,500 tot 1,600 jaar, was die menslike beskawing so bedorwe dat slegs een man, Noag, regverdig gebly het. Met die bevolkingsontploffing wat plaasgevind het, het die mensdom hulle aanhoudend

tot boosheid gewend. Nadat hulle deur Noag vir 'n 100 jaar gewaarsku was, het God die Sondvloed gestuur om almal wat geleef het, uitgesondererd Noag, sy vrou, drie seuns en hul vrouens—agt mense—te verdrink.

## *DIE OMVANG VAN BOOSHEID*

Let op tot watter mate Satan die mensdom tot boosheid gedraai het. In Genesis 6:5 staan geskrywe: "Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was." Die aarde was met geweld gevul. Die mens se gedagtes, oorwegings en planne was deurentyd op egosentriese, wellustige en bose doelwitte gerig.

Die geweld het so algemeen versprei dat God besluit het om die mensdom nie langer te laat ly in al hoe meer ellende en angs nie.

God het hulle ellendige lewens weggeneem deur die wêreldwye Sondvloed, en sal hulle in *die volgende oomblik van bewuswording* in die Groot Wit Troon opstanding wees (Openbaring 20:11-12). Hulle sal in 'n tydperk wanneer Satan weg sal wees en Christus die aarde in regverdigheid, vrede en geluk regeer, opgewek word. Hulle gesindhede sal dan vir God se WAARHEID ontvanklik wees en ewige saligheid sal vir hulle oopgestel word.

Maar God se voorneme was om die mens se lewe te bewaar – om die mensdom 'n nuwe en vars begin te gee.

Uit al die miljoene het God net een mens gevind wat met hom gewandel het. Twee kan nie saam met mekaar wandel tensy hulle in akoord is nie. Slegs Noag het met God en God se leefwyse saamgestem. God het Noag as 'n prediker van geregtigheid gebruik (2 Petrus 2:5). Noag het vir 'n honderd jaar, vanaf die ouderdom van 500 jaar totdat hy 600 jaar oud was, 'n agterlosige wêreld gewaarsku.

Noag was 'n "opregte" man onder sy tydgenote, wat beteken dat hy opreg in sy erflikheid of afkoms was (Genesis 6:9).

Bewys hiervan is in die Hebreeuse woord, wat as "opreg" vertaal word. Dit mag óf na geestelike karakter (Genesis 17:1), óf na *fisiese karaktertrekke* verwys (Levitikus 22:21).

Daarom laat die vertaling in Genesis 6:9 toe dat Noag "onbesproke" of "onbevlek" was. Die konteks van Genesis 6:2 dui daarop dat laasgenoemde die bedoelde betekenis van "opreg" is. Dus, is 'n goeie weergawe van Genesis 6:9 dat Noag die enigste "regverdige" man (met geestelike karakter) en ook die enigste "onbevlekte" man (in sy genetiese erfenis) onder sy tydsgenote was.

## *DIE EINDE VAN DIE ANTIDILUVIAANSE WÊRELD*

Die onderwerp van die hoofstuk is die nakomelingskap en afkoms van Noag. Buitengewone boosaardigheid is deur die geslagte ontwikkel, wat, ten tye van Noag se geslag, 'n hoogtepunt bereik het en daardie wêreld *beeindig* het.

Wat was hierdie universele boosheid en korrupsie? Jesus het daardie universele boosheid beskryf as "eet en drink, trou en in die huwelik uitgee" (Mattheus 24:38). Eet en drink is nie boos nie. In die huwelik tree is op sigself ook nie boos nie. Dus moes daar 'n *verkeerde gebruik* en *oormaatigheid* in die eet- drink en trou gewoontes gewees het—die boosheid was *in die wyse* en in die *hoeveelheid* wat daar geëet, gedrink en trouery was.

Dit kon alleenlik die eet van onbehoorlike kos, oormaatige gebruik van alkohol, brassery, (Galasiërs 5:21), oproerigheid en geweld wees. Vir trou om uit die bose te wees, moes dit soos in Genesis 6:2 gewees het, toe mans "vir hulle vroue geneem het, almal wat *hulle* verkies het". Gemengde huwelike was algemeen en universeel—in so 'n mate en so algemeen dat *alleenlik net Noag,* wat oorspronklik van die wit stam was, onbevlek of opreg in sy geslagte—sy afkoms—was.

Dit is in die breë duidelik dat in Noag se tyd, daar minstens drie primêre of hoof stamme van rasse was, naamlik wit, geel en swart, alhoewel huwelike tussen die onderskeie rasse baie ander rasvermengings teweeggebring het.

Die presiese oorsprong van die onderskeie rasse word nie deur God in die Bybel openbaar nie. Dit blyk dat Adam en Eva wit geskape was. Die volk, Israel wat deur God uitverkies was, was wit. Jesus was wit. 'n Billike veronderstelling is dat geel, swart asook wit gene in moeder Eva se eierstokke geskep was en

aanleiding gegee het, dat sommige van Adam en Eva se kinders swart, geel sowel as wit was.

Die een man wat God gekies het om die menslike ras na die Sondvloed te BEWAAR was opreg *in sy geslagte*—sy afkoms, vanaf Adam, was van een stam, wat ongetwyfeld en toevallig wit was— *nie* dat wit enigsins verhewe is nie.

Indien 'n veeteler beplan om stoetdiere in 'n veeskou in te skryf—dalk by 'n streeks of landbouskou – sal hy seker maak dat rasegte of stamboekvee ingeskryf word! Wanneer aanteelvee gemeng word, word die kenmerkende eieskappe daarvan verander.

Oorspronklik het God die *perke* van nasionale grense *gestel*, bedoelende om volke te SKEI en veelrassige huwelike te voorkom. Neem kennis, "Toe die Allerhoogste aan die nasies hul erfdeel gegee het [sprekende van land of geografiese grense], toe Hy die mensekinders van mekaar *geskei* het [Hy het die seuns van Adam *geskei*], het Hy die grense van die volke vasgestel…" (Deuteronium 32:8) .

Maar die mense wou onder mekaar trou – totdat daar net EEN RAS sou wees! Daardie begeerte blyk vandag nog in die menslike natuur, inherent te wees!

Noag was van perfekte afkoms in sy geslagte. Sy eggenote en drie seuns was van dieselfde wit afkoms, maar dit blyk dat Jafet met 'n Oosterse vrou en Gam met 'n swart vrou getrou het.

Van die beskaafde ontwikkeling voor die Sondvloed, weet ons weining meer as dit wat reeds hierbo vermeld is.

Die mensdom, moes deur die Sondvloed 'n les geleer het, maar die mens, van God afgekeer en deur Satan beinvloed, het tot vandag toe nog nie sy les geleer nie. Maar weereens, soos Christus geprofeteer het, "soos in die dae van Noag," is daar tans 'n bevolkingsontploffing terwyl euwels vermenigvuldig. Hierdie keer sal 'n wêreledwye kernoorlog dreig om die hele mensdom op aarde, uit te wis. Terwille egter, van die "uitverkorenes" van God se ware Kerk, sal God daardie dae verkort—en hierdie keer Jesus Christus as Koning van konings stuur om Satan te vervang, en op die aarde se troon te sit.

## *OORSPRONG VAN STEDE*

'n Man met die naam van Nimrod, het slegs na die tweede geslag na die sondvloed mense in stede in georganiseer. Die toring

van Babel en die stad van Babilon was eerste. Daarna Nineve en ander stede wat groot Stadsrade geword het, (in eertydse geskiedenis was hierdie stede in engelse terme "city-states" genoem).

God het die grense van nasies bepaal, met die bedoeling dat dit geografiese afsondering van die nasies sou bewerkstellig het.

Hier volg 'n aanhaling uit 'n tesis van C. Paul Meredith, genaamd *Satan's Great Deception* (bladsye 14-16):

*Almal op aarde het na die Sondvloed, van God geweet* en hoekom hy die goddelose laat verdrink het. Hulle was bang om enigiets verkeerd te doen—in die begin. ….Mense het geleef… nie in stede nie, sonder wette, terwyl almal dieselfde taal gepraat het…

Hierdie groep, wat uit die *enigste mense op die aarde* bestaan het (daar die ander almal deur die Sondvloed vernietig was) het begin om weg van die Ararat-gebergtes, waar die Ark tot ruste gekom het (Genesis 8:4), te trek: "En die hele aarde het *dieselfde taal* gehad en een en dieselfde woorde. En toe hulle wegtrek na die ooste, vind hulle 'n laagte in die land Sinear; en daar het hulle gaan woon" (Genesis 11:1-2). Hierdie mense, nou bekend as Sumeriërs (Miller's *Ancient History in Bible Light* bladsy 51), het terwyl hulle deur die gebergtes van die ooste getrek het, het op 'n ontsaglike geil vlakte, bestaande uit afsaksels van die Eufraat en Tigres riviere, afgekom. Hierdie land van Sinear is tans bekend as Ou Babilon (J.H. Breasted se *Ancient Times*, bladsy 107). Hier was 'n land wat alles wat hulle begeer het, in oorvloed sou lewer….

Hierdie mense, net soos Adam en Eva, het God verontagsaam en baie moeilikheid op die hals gehaal. Die land was vrugbaar, maar wilde diere het egter vinniger as die mense vermeningvuldig, vanweë die Sondvloed se vernietinging van die vorige beskawing. Vanweë primitiewe wapens, het dit 'n groot gevaar vir hulle lewens en besittings ingehou (Exodus 23:28-29). Wat kon daaromtrent gedoen word?

Nimrod, die seun van Kus, was 'n groot, sterkgeboude swart man wat in 'n geweldige jagter ontwikkel het. Dit was hy wat die mense *bymekaar gebring het* en hulle *georganiseer het,* om die wilde verskeurende diere te beveg. "Hy was 'n geweldige *jagter* voor die aangesig van die HERE" (Genesis 10:8-9). Met ander

woorde, Nimrod, was ‘n naam, wat orals bekend was vir sy krag. Hy het, na die Sondvloed, die mense van die aarde, van hul vrees vir wilde diere, bevry. Sy aansien het gegroei. Hy het die leier in wêreldsake geword. En hy was ambisieus.

## *DIE EERSTE STAD – BABILON*

Daar was egter ‘n beter manier om die mense teen die wilde diere, wat oor die aarde geswerf het, te beskerm as om hulle die hele tyd te beveg. Nimrod het ‘n stad met huise gebou en die stad met ‘n hoë muur omring, waarin hy die mense byeen gebring het. Sodoende was die mense beskerm en kon Nimrod hulle *regeer*. Hierdie reëling het die mense gepas, want hulle het gesê, “Kom, laat ons *vir ons* ‘n stad bou en … laat ons vir *ons ‘n naam* maak, sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie” (Genesis 11:4).

Met die ommuurde stad wat hulle gebou het, het die mense nie alleenlik hulself teen die wilde diere beskerm nie, maar het ook ‘n gesag van hul eie tot stand gebring—“laat *ons* vir *ons* ‘n naam maak”. Hierdie sou die sentrale gesagsentrum van die *mensdom* wees—*die noodsaaklikheid om God te gehooraam sou nie erken word nie,* daar Nimrod hul leier was! Hulle het ook ‘n toring gebou waarvan die spits “tot *aan die hemel* sou reik”. Met ‘n toring so hoog soos hierdie, kon hulle doen soos hulle wou—ongehoorsaam teenoor God en steeds veilig wees, van sy *straf,* wat die vorige inwoners van die aarde laat verdrink het. Hierdie, was die mensdom se eerste opstand na die Sondvloed—hulle het geag dat hulle buite die bereik van God was, indien hulle sou verlang om *teenoor hom ongehoorsaam, te wees.* Hulle het, soos Satan gedink, dat, indien hulle “bokant die hoogtes van die wolke kon uitklim” hulle “met die Allehoogste gelykgestel kon word” (Jesaja 14:14). Kus, Nimrod se pa, het ook baie met die bou van hierdie stad en toring te doen gehad (*The Two Babylons*, deur Alexander Hislop, bladsy 26).

Hierdie mense het nie alleenlik een taal gebesig nie, hulle was drie rasse of families—wit, geel en swart. Soos wat God, verskillende soorte blomme en diere geskep het—byvoorbeeld, baie soorte rose met verskeie kleure vir hul prag, net so het God drie rasse en kleure van mensvel, geskep. God se bedoeling

was om ondertrouery van die rasse te verhoed. Die mens, wou egter nog altyd God se wette, voornemens en weë oortree. Deur ondertrouery, wou hulle een ras of familie word. Soos voorheen genoem, het God die grense van die rasse bepaal om geografiese afsondering in vrede en harmonie, maar sonder diskriminasie te bewerkstellig. Maar die mense wou, een gemengde mensdom wees. Een rede vir die toring van Babel was om hulle te verenig en te verhoed dat hulle in geografiese rasse afsondering, verstrooid raak.

Hulle het die toring gebou "sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak" in geografiese afsondering nie (Genesis 11:4). God het egter na die bou van hulle toring gekyk en gesê, "Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die *begin* van hul onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie" (Genesis 11:6).

Wat was die mensdom "van plan om te doen"? In hierdie twintigste eeu het die mens na die buitenste ruimte gereis, na die maan en terug gevlieg, die mees ingewikkelde masjiënerie ontwerp en vervaardig, instrumente gerekenariseer, hart oorplantings gedoen, en selfs gepoog om lewe uit dooie materie te verwek. Die menslike verstand se begaafdheid om stoflike belange te ontwikkel blyk onbeperk te wees. Sy probleme is egter nie soseer materialisme nie, maar geestelik van aard en in teenwoordigheid daarvan, is hy sonder God, steeds hulpeloos.

Daarom het God hulle tale verwar, en "hulle daarvandaan oor die hele aarde verstrooi" (Genesis 11:8).

Om met C. Paul Meredith se tesis, wat nie meer in druk is nie, voort te gaan (bladsye 16-17, 25-29):

Dit was toe dat Nimrod "begin het om 'n *geweldenaar* te wees" en 'n "*geweldige* jagter voor die aangesig van die HERE" (Genesis 10:8-9) in 'n *beslissende* sin (die Hebreeuse woord vir "*geweldig*" is *gibbor* wat "*tiran*" beteken, '*Strong's Concordance of the Bible*'). Nimrod het 'n tiran, teenoor mense geword. *Hy* het die wette gemaak. Hy was ook "geweldig …voor" die aangesig van die Here. (Die Hebreeuse woord *paniym*, wat hier as "voor" vertaal word, behoort as "teen" vertaal te word – '*Strong's Concordance of the Bible*'.) Die Bybel sê Nimrod was teen God! …

Nimrod se mag aanhou groei, maar die mens se ingebore begeerte om te aanbid moes bevredig word. Nimrod en sy

volgelinge het teen die *ware* God gedraai. Hulle wou God *op hul eie manier* loof! Hull het "die heerlikheid van die *onverganklike* God *verander* in die *gelykvormigheid* van … *kruipende diere*" (Romeine 1:23)—die slang, en ander dinge wat God geskep het. (Hulle moes God in gees en in waarheid aanbid het, en nie deur gesnede beelde nie—Johannes 4:24 en Exodus 20:4-5). Vanweë die burgelike gesag wat hy uitgeoefen het, het Nimrod homself as die priester van die dinge wat deur die mense aanbid was, voorgehou, om 'n sterker houvas op die mense te verkry en sodoende homself geleidelik in die plek van die ware God te plaas …

Maar Noag, die prediker van geregtigheid (2 Petrus 2:5) het vasgeskop en het in sy seun Sem 'n betroubare ondersteuner gevind. Terwyl Nimrod sy koninkryk vinnig uitgebrei het, was daar opposisie teen Sem, wat *Noag* se verteenwoordiger was. … Nimrod het die verteenwoordiger van die bose magte wat Sem teëgestaan het, geword …

Sem, 'n was 'n welsprekende persoon en het hy blykbaar die hulp van 'n groep Egiptenare bekom en het hulle Nimrod verslaan.

Die valse en heidense godsdiens wat hy (Nimrod) begin het, is skynbaar na sy afsterwe gestaak.

## *SEMIRAMIS …*

Indien Nimrod 'n man van grenslose ambisie was, het die ambisie van … Semiramis—die toekomstige "hemelkoningin" (Jeremia 7:18)—selfs syne oorskry. Nimrod … het die grootste en magtigste figuur in die wêreld geword. Hy was dood. Sy het dadelik besef dat indien sy … daardie goeie posisie en mag … van die magtigste man op aarde wou hê, sy iets moes doen om … daardie mag vir haar toe te eien.

Nimrod se koninkryk, wat op daardie tydstip uit die grootste gedeelte van die bevolkte wêreld wat bestaan het, het haar toegeval. *Baie van Nimrod se mag het vanweë sy self, gevestigde en eie aanstelling, as die menslike verteenwoordiger van die Son-God, ontstaan.* Sy moet hierdie wêreld heerskappy ten alle koste behou. Sy sou dieselfde *godsdienstige beheer* wat soveel mag aan Nimrod besorg het, moes gebruik, indien sy ook die

maksimale mag oor haar onderhoriges wou behou… Gedurende sy lewe, was Nimrod as 'n held geëer; in oorlye sou sy hom as 'n god laat aanbid…

Semiramis het eintlik baie van die wêreld se heidense gelowe en aanbidding van valse gode, gestig. Selfs, sogenaamde Christelike vieringe, soos Kersfees, Nuwe Jaar en Paasfees, het vanuit hierdie vals godsdienstige sisteem, wat sy ontwikkel het, ontstaan. Vir verdere besonderhede hieroor, word die leser na '*The Two Babylons*' deur Alexander Hislop verwys.

Tans is die Engelse taal vinnig besig om die hoof internasionale taal te word. Gemengde huwelike vind tussen mense plaas en word daar na een wêreldwye taal teruggekeer.

## *HUIDIGE BOSE WÊRELD ONTWIKKEL*

Noag en sy gesin, bestaande uit Noag, sy vrou, hul drie seuns, Sem, Gam, Jafet en hul gades, was die enigste oorlewendes na die Sondvloed wat die aarde getref het. Vanuit daardie familie het die hele menslike bevolking ontstaan.

Daar word van drie wêrelde in die bybel gepraat—die wêreld wat destyds deur water oorstroom was, hierdie huidige bose wêreld, en 'n wêreld van die toekoms.

Soos wat die vloedwaters verdamp het, het die hele wêreld uit die een familie van Noag bestaan. Maar Sem, wat wit was en met 'n wit vrou getroud was, het sy familie begin. Gam, met 'n swart vrou getroud, het sy familie begin en swart kinders gehad. Jafet, met 'n geel vrou getroud, het sy familie wat van geel afkoms was, begin. Die vroeë geskiedenis wat in die Bybel opgeteken staan, praat van "families" eerder as "rasse".

Tydens die insident by die toring van Babel het God die spraak van die mense so verander, dat elkeen alleenlik in sy eie nuwe taal kon kommunikeer.

En so, met die verloop van tyd, het die families gegroei, en elke familie het sy eie taal gepraat. Geografiese afsonderlikheid was deur God beoog, nie intergrasie van rasse nie.

Nimrod het veskeie stede, naamlik—Babilon, Erech, Akkad, Kalneh, Nineve, ens., gebou. Daar het stede ontwikkel, elkeen met eie plaaslike regering. Met verloop van tyd het nasies, met nasionale regerings ontwikkel, onder andere Babilon (wat bekend

geword het as Chaldea), Egipte en Assirië. Die godsdiens wat deur Semiramis gestig was, het na die verskillende nasies, in elkeen se eie taal, uitgekring. Semiramis en Nimrod was ook met die name Isis en Osiris in Egipte geïdentifiseer. Elke nasie het hul eie name vir hul gode gehad. Die hele doolhoof van heidense gelowe het egter uit dit wat deur Semiramis ontstaan het, ontwikkel.

Hierdie, wêreld se beskawing het ontwikkel soos wat die geslagte van die mensdom gegroei het. Dit het begin met ʻn regeringstelsel wat deur Nimrod ingestel was, deur middel van die godsdienstige stelsel wat Nimrod en Semiramis ontwikkel het. Plato het die moderne stelsels van akademiese opvoeding begin, en is dit deur Sokrates gedoseer. Stelsels van handel, nywerheid, finansies en bankwese is ontwikkel—maar nie een van hierdie mensbedinkte stelsels wat deur Satan beïnvloed is, het by God ontstaan nie. Alle wette is deur die mens gemaak—hetsy dekrete deur konings of tiranne, of menswetgewende liggame, soos stadsrade, staatswetgewers, nasionale kongresse, parlemente, Diets of wat ook al. Sosiale gebruike het ontwikkel, sowel as alle fasette van die huidige chaotiese beskawing.

In so ʻn wêreld het God ʻn spesiale nasie van sy eie, geroep; nie ʻn begunstigde nasie vir spesiale gunste nie, maar ʻn nasie wat vir ʻn spesiale doel gekies was, wat hulle versuim het om na te kom.

Na die Sondvloed, laat ongewyde geskiedenis deurskemer dat Sem min of meer die kennis en weg van God gevolg het. Voordat Abraham geroep was, het geen mens werkilk met God gewandel nie. God het aan Abraham al die beloftes, waarvan die uiteindelike menslike verlossing afhangende is, gemaak, asook die materieële en ekonomiese welvarendheid wat die Verenigde State en die Britte te beurt geval het.

## *OPSOMMING VAN DIE MENSLIKE BESKAWING*

Die mensdom is op die aarde geskep vir ʻn salig- en wonderlike doel. God is besig om homself te herskep. Anders gestel, God se doel is om ʻn mensdom te skep wat uiters vrolik en gelukkig in vrede en volkome gemak sou ontwikkel, om produktief, kreatief, vreugdevolle sukses, met ʻn ewige lewe te hê.

Dit beteken die vernaamste, volmaakte geestelike karakter van God—volmaakte utopië. Hierdie doel sal uitgevoer word.

Maar, om dit tot uitvoering te bring, moet mense self besluit. Die gewese gerub, Lucifer, het as 'n wese 'n ander weg van aksie gekies, wat diametries in 'n teenoorgestelde rigting gelei het. Die keuse van die eerste mens was, om God se doel te aanvaar en ooreenkomstig sy weg te lewe, óf Satan se weg van selfstandige vertroue, in die teenoorgestelde rigting te kies. Die eerste mens, Adam, het kennis van goed en kwaad vir homself toegeëien. Hy het sy familie begin, deur op homself te vertrou om goedheid op menslike vlak, met boosheid gemeng en met selfvertroue, nie net vir kennis van die weg nie, maar ook vir alle probleme, wat mag ontstaan, oplossings te bekom. Hy het geestelike kennis en vertroue op God vir krag om die weg van utopië te lewe, verwerp.

Die mens het sy wêreld van selfvoldoening sonder God gebou.

God het 'n meesterplan ingestel om sy doel te bereik, wat 'n periode van sewe duisend jaar insluit. Satan was toegelaat om vir die eerste sesduisend jaar op die troon van die aarde te bly. God het bepaal dat die mens 'n les moes leer, sodat hy uit vrye wil God se weg en karakter moes aanvaar.

Vir amper ses duisend jaar is die mensdom besig om hierdie les te skryf, maar selfs teen hierdie laat uur, het hy nog steeds nie die les geleer nie. Hy het nog steeds nie van sy eie selfaangewese weg afgesien en God se weg vir sy uiteindelike geluk aanvaar nie. God laat toe dat die wet van oorsaak en gevolge sy volle tol eis. Die samelewing, wat deur Satan bedrieg en mislei word, het steeds nie die mens tot erkenning gedwing, dat hy op sy weg van selfbeskikking, gefaal het nie.

Die wêreld van die mens, wankel tans op sy laaste bene. Oorloë, geweld, verwoesting, terrorisme verswelg die hele wêreld. Helfte van die wêreld leef in vullis en vuilheid, in onkunde, ongeletterdheid en armoede. Die ontwikkelde helfte, is met siektes, kwale, geestesspanning, angs en frustrasie, belaai; en gaan tot niet, vanweë misdaad, alkoholisme, dwelm misbruik, perverse en misbruikte seks, gebroke huise en gefrustreerde hulpeloosheid.

Selfs nou, wanneer die mensdom feitlik sy einde bereik het sal God steeds nie inmeng om hierdie opstandige mensdom

te red nie, totdat die mens op die punt van totale verwoesting staan en sou God dit langer vertraag, die mens homself totaal sal vernietig. God sal verseker nie inmeng en die volgende wêreld, sy koninkryk, inlui totdat die res van die mensdom hulle onvermoë om probleme op te los, of wêreldwye vrede in geluk en vreugde te bewerkstellig, besef nie. Die mens moet tot by die punt gebring word waar hy sy eie hulpeloosheid en nutteloosheid sonder God besef.

Wapens, wat alle lewe op hierdie aarde kan uitdelg, is uiteindelik bedink en ontwikkel. In hierdie laaste dae van die mens se snakke na asem, het Jesus voorspel hoedat alles ten einde sal kom. Nadat Jesus se evangelie onderdruk en met 'n valse evangelie oor 'n ander Jesus deur mense vervang is, het hy gesê, "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde [van hierdie wêreld] kom."

Hierdie evangelie is aan alle nasies verkondig. Gedurende die vyftig jaar waartydens dit verkondig is, is kernkrag ontwikkel, wat vir die eerste keer in die geskiedenis die vermoë het om elke lewende wese op aarde te vernietig. Vervolgens, het Jesus die Groot Verdrukking voorspel—'n tyd van verdrukking, so groot dat, indien God nie sou inmeng nie, sou geen mens lewend gered word nie. Maar ter wille van sy Kerk, sal God bonatuurlik voor die totale uitwissing van die mensdom inmeng. Die mensdom sal by daardie punt gebring word waar hulle hul menslike onvermoë sonder God, sal erken. Onmiddellik daarna, sal Christus in opperste mag en glorie in die wolke kom en Satan ontsetel, en God se eie nuwe beskawing tot Utopieë, begin (Mattheus 24:14, 31-41).

Hierdie is die heel laaste dae van Satan se bose wêreld. God se utopiese beskawing sal met hierdie huidige geslag begin word.

# 5

# *Geheim van Israel*

Het dit u al ooit getref dat dit baie ongewoon is dat die Grote God die antieke volk Israel, opgehef het as Sy *uitverkore* volk?

Oorweeg die volgende oënskynlik teenstrydige feite:

God sê dat hy nie partydig is nie. Is Hy dan partydig teenoor nasies? Het Hy 'n *gunsteling*?

Het u ooit besef dat God sy uitverkore volk saligheid geweier het—behalwe hul profete? Dat die uitverkore volk alleenlik materiële en nasionale beloftes gegee was—en dat God se Heilige Gees vir hulle ontoeganklik was?

Het dit u ooit opgeval dat die Heilige Bybel die boek van en alleenlik aangaande die mense van Israel is en hoofsaaklik oor hulle handel en dat ander volke slegs genoem word net indien en soos hulle in aanraking met Israel gekom het?

En hier is nog iets sensasiewekkend!—wat amper geheel en al nie vandag deur die Christendom besef word nie—selfs deur Judaïsme en ook nie deur geskiedkundiges opgeteken of verstaan nie! Die noordelike koninkryk van Israel was *nie Joods* nie! Die eerste plek waar die woord *Jode* in die Bybel voorkom is in 2 Konings hoofstuk 16 en vers 6, waar die volk Israel, in bondgenootskap met Sirië, in 'n oorlog teen die Jode gewikkel was!

Die verstommende waarheid oor Israel is 'n geheim, totaal onbekend vir enige geloof—die Christendom—en selfs in Judaïsme!

Dit is inderdaad waar dat die volk Israel God se uitverkore volk was. Maar verstaan: Hulle was nie uitverkies as gunstelinge of vir enige spesiale gunste nie. Hulle was uitverkore vir 'n spesiale DOEL ter voorbereiding van *die finale oprigting van die Koninkryk van God!*

Dit is 'n boeiende verhaal! Die antwoord op hierdie hoofstuk se titel "Die Geheim van Israel", speel 'n groot rol in God se DOEL vir alle volke! 'n Mens kan nie die werklike doel en ongelooflike potensiaal van die mens verstaan sonder hierdie noodsaaklike kennis nie.

## *ALLERGROOTSTE MEESTERPLAN*

Die Skepper is besig om *homself* in en deur die mens te *herskep*! God se allergrootste en oortreflike PLAN is asemrowend. Die vestiging van die antieke volk, Israel, vorm 'n essentiële deel van hierdie allergrootste meesterplan.

Sewe generasies na die vloed, het God 'n man gevind wat Hom gehoorsaam was. Sy naam was Abram. Hy het in Haran, Mesopotamië gewoon. Hierdie man was bestem om 'n tipe (sinnebeeld) van God, die Vader te word. Dit is vanuit hom wat die volk Israel voortgekom het. Deur hierdie volk het God sy profete opgerig, en op die bestemde tyd God se eie Seun, Jesus Christus.

## *MAN MET 'N ROEPING*

Abram, soos hy oorspronklik genoem is, het nie na God gesoek nie. Maar God het besluit om hom te roep en op die proef te stel. Hierdie antieke patriarg word later in die Bybel as die vader van die gelowiges beskryf. God het hom vir 'n baie spesiale doel geroep. Daardie doel was nie om "hom te red" of "in die hemel te kry" nie. Nee, God het hom geroep omdat hy die potensiaal van gehoorsaamheid aan God, en leierskap in hom gesien het. God het hom, geroep om hom voor te berei vir spesiale diens en 'n baie hoë posisie in die Koninkryk van God—die komende wêreld van môre. Die volgende is 'n aanhaling uit d*ie Verenigde State en Brittanje in Profesie,* 'n boek wat ek meer as 50 jaar gelede geskryf het.

Aan hierdie man, Abram, het God opdrag gegee: "Gaan jy uit jou land en uit

jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees" (Génesis 12:1-2).

Hierdie was 'n opdrag wat 'n voorwaarde en 'n belofte was, waarvan gehoorsaamsaamheid 'n voorvereiste was.

En net soos God die wêreld met een mens begin het, het Hy Sy eie verkose volk met een enkele man begin—Abraham. Net soos die wêreld met een man wat teen God gerebelleer het en Sy heerskappy verwerp het, begin was, is God se eie vleesgebore volk, wat later as die Koninkryk van God herbore sou word, deur een man wat God sonder voorbehoud gehoorsaam en Sy goddelike heerskappy aanvaar het, begin.

Het Abram gestop om te argumenteer en redeneer? Het hy gesê: "Kom laat ons dit eers uitredeneer, hier is ek in Babilon, die middelpunt van die hele wêreld se handel, samelewing en pret. Hoekom kan U my nie maar net al hierdie beloftes sommer hier gee waar alles aangenaam en aanloklik is nie? Hoekom moet ek alles net so los en na daardie barbaarse land gaan?"

Het Abram hare gekloof, hom verset, geargumenteer en gerebelleer?

Hy het baie beslis nie!

Die geïnspireerde Skrif sê doodeenvoudig: "Toe het Abram weggetrek soos die HERE hom gesê het". Daar was nie met God geargumenteer nie. Daar was geen menslike redenasie dat God verkeerd was nie. Daar was nie dwase vrae soos "Hoekom moet ek hier wegtrek nie?" "Kan ek nie maak soos ek wil nie?" Abram het nie gestop en gesê "Wel, dis hoe ek die saak sien nie."

"Toe het Abram weggetrek soos die HERE hom gesê het". Net eenvoudige, ongetwyfelde gehoorsaamheid!

Hier kan ons weereens die beginsel van tweeledigheid waarneem. Abram was in die middel van hierdie wêreld se ontwikkelende beskawing. Onthou dat dit 'n wêreld in gevangeneskap is—'n wêreld wat op Satan se patroon ontwikkel word. God het Abram gekies om die stamvader van sy volk, Israel, die gemeente of Kerk van die Ou Testament te word. Die beginsel van tweeledigheid is deurgaans in al die werke van God ingeweef, in die vervulling van hierdie groot doel van die

mensdom op aarde. Daar was die fisiese gemeente van Israel in die Ou Testament en die geestelike Kerk van God in die Nuwe Testament. Die woord kerk, soos dit oorspronklik in die Grieks van die Nuwe Testament geskrywe staan was *ekklesia*, wat uitgeroepenes beteken.

Soos Israel van die Ou Testament die fisiese voorganger en ‘n tipe van die Kerk van die Nuwe Testament was, het God nou die voorsaat van die volk Israel, uit hierdie wêreld geroep. Abraham het homself later as ‘n vreemdeling, reisiger en pelgrim op aarde beskou. Hierdie was nie sy wêreld nie: “In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was. Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle ‘n vaderland soek [‘n ander beskawing]. En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer. Maar nou verlang hulle na ‘n beter een, dit is ‘n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad berei” (Hebrëers 11:13-16). Op soek na ‘n beter land, ‘n hemelse vaderland wat die Koninkryk van God is en die hele wêreld sal vul.”

En God het hierdie man [Abram], wie se naam hy later na Abraham verander het, as die *vader* van Sy volk *Israel*, gevestig! All die beloftes van God is aan Abraham en sy nageslagte gemaak. Ons moet soos Abraham word, en deur Christus een van sy kinders, as ons die beloftes van die ewige lewe in God se koninkryk gaan erf.

Van hierdie ongewoon vleeslik gebore volk, Israel, sê die Here “Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig” (Jesaja 43:21). Daardie profesie sal nog—en binnekort vervul word!

## *TWEELEDIGE BELOFTES AAN ABRAHAM*

Baie min mense besef dat tweeledigheid regdeur die plan van God loop om sy doel hier benede uit te werk.

Daar was die eerste Adam, stoflik en wêrelds; en dan is daar Christus, die tweede Adam, geestelik en goddelik. Daar was die Ou Verbond, geheel en al stoflik en tydelik; en daar is die Nuwe

Verbond, geestelik en ewig. God het die mens sterflik, fisies, uit die stof van die aarde en die menslike koninkryk, geskape; maar deur Christus mag hy deur God verwek word om onsterflik, geestelik en van die Koninkryk van God te word.

Op dieselfde manier is daar twee fases verbonde aan die beloftes wat God aan Abraham gemaak het—die een geheel en al stoflik en nasionaal, die ander geestelik en individueel. Die geestelike belofte van die Messias en verlossing deur hom, is goed aan die meeste oppervlakkige Bybelstudente bekend. Hulle weet dat God die geestelike belofte, dat Christus uit sy nageslag gebore sou word—en dat verlossing deur Christus aan ons gebied word, aan Abraham gemaak het. Maar—en dit klink ongelooflik, tog is dit die waarheid—feitlik niemand weet wat daardie verlossing werklik is nie; wat die beloftes van verlossing is wat ons deur Christus mag verkry, behels nie; hoe en wanneer ons hierdie beloftes mag kry nie—ongeloofwaardig soos dit mag klink! Maar daardie waarheid hoort in 'n ander hoofstuk.

Wat wel sentraal tot die tema van hierdie hoofstuk is, is die feit dat God ook 'n ander belofte aan Abraham gemaak het. Hierdie belofte wat nasionaal en fisies van aard is, word feitlik heeltemal oor die hoof gesien.

Neem nou weer kennis hoe God Abram eers geroep het, en die *tweeledige* aard van sy beloftes: "En die HERE het aan Abram gesê: Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys. En Ek *sal jou* 'N GROOT NASIE maak… en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Genesis 12:1-3).

Neem kennis van die tweeledige belofte: 1) "Ek *sal jou* 'N GROOT NASIE maak"—die nasionale, materiële belofte dat sy eie bloedkinders 'n groot nasie sou word—'n belofte van RAS; 2) "… en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word"—die geestelike belofte van GENADE. Hierdie selfde belofte word in Genesis 22:18 herhaal: "En in *jou nageslag* sal al die nasies van die aarde geseën word". Hierdie spesifieke "nageslag" verwys na Christus, soos dit in Galasiërs 3:8, 16 bevestig word.

Dit is net hier waar diegene wat bely dat hulle "Christene" is—sowel as hulle leerkragte—in dwaling en skriftelike blindheid verval. Hulle het nagelaat om die tweeledige belofte wat God aan Abraham gemaak het, op te merk. Hulle herken

die messiaanse belofte van geestelike verlossing deur die "een nageslag"—Christus. Hulle sing die gesang *Standing on the Promises* – terwyl hulle valslik veronderstel dat dit 'n *belofte* is om na afsterwe hemel toe te gaan.

Hierdie is 'n draaipunt. Dit is die punt waar belydende "Christene" en hulle leermeesters die spoor van waarheid byster raak. Dit is hierdie punt waar hulle hulself afskakel van die spoor wat hulle na die verlore meestersleutel van profesie sal lei. Hulle mis die feit dat God vir Abraham die beloftes van fisieke RAS sowel as geestelike GENADE gegee het.

Maar die eenvoudige feit dat die "groot nasie" belofte na ras alleen—en nie na die "een nageslag" van Galasiërs 3:16, wat Jesus Christus, die seun van Abraham en die Seun van God is verwys nie, maar die veelvoudige nageslagte wat gebore word—word deur God se latere herhaling van sy belofte in groter detail, verseker.

## *ISRAEL BESTEM OM 'N MENIGTE VAN NASIES TE WORD.*

Let noukeurig op en verstaan hierdie beloftes!

"Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram

verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, *en jou buitengewoon vermeerder.* … en *jy sal die vader van 'n* MENIGTE VAN NASIES word. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n MENIGTE VAN NASIES" (Genesis 17:1-5).

Let daarop dat die beloftes nou voorwaardelik op Abraham se gehoorsaamheid en perfekte lewe is. Let ook daarop dat die "groot nasie" nou 'n menigte van nasies word—meer as een nasie. Dus kan dit nie na die "een nageslag", Christus, verwys nie. Die volgende vers staaf dit.

"*Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak*: Ek sal jou tot *nasies* maak, en *konings* [meer as een] sal uit jou voortkom (vers 6). Let op dat hierdie nasies en konings uit Abraham sal kom—fisiese generasie—veelvoudige nageslagte, buiten die één nageslag deur

wie verspreide enkelinge, vanweë geestelike verwekking deur Christus, Abraham se kinders mag word, (Galasiërs 3:29). Hierdie verspreide, individuele Christene vorm nie nasies nie. Dit is waar dat daar na die Kerk verwys word as "'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk" (1 Petrus 2:19), maar Christus se Kerk is nie in "baie nasies" verdeel nie. Ras word hier bespreek, nie genade nie.

"En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte…" (Genesis 17:7). Die "nageslag" is meervoud – "in hulle geslagte." "En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou *die land* van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän [Palestina], as 'n ewige besitting; en Ek sal vir HULLE 'n God wees" (vers 8).

Neem kennis dat die land—'n fisiese besitting—aan die meervoudige nageslagte, van wie Hy "hulle" God en nie "sy" God is nie. Daar word weereens na veelvuldige geslagte in vers 9 verwys: " van geslag tot geslag"

Maar kom ons bestudeer hierdie BELOFTE meer noukeurig!

Die toekoms van hierdie groot nasies rus op die beloftes wat die Ewige Skepper aan Abraham gemaak het. Die enigste hoop op lewe na die dood vir enigeen—ongeag die ras, kleur of geloof—is aangewese op die geestelike fase van die beloftes wat God aan Abraham gemaak het. Die belofte van genade deur daardie "een nageslag"—Christus, die Messias!

## *HOEVEEL LAND—HOE GROOT DIE NASIES?*

Hierdie is geensins onbelangrike, toevallige beloftes nie. Hierdie is basies—die fondasie vir die vestiging van die grootste wêreldmagte; die basis vir enige persoonlike, geestelike verlossing; vir enige hoop op ewige lewe vir die mens. Hierdie is ongelooflike beloftes. Die toekoms van die mensdom is deur die Skepper God, daarop gebasseer.

Jesus Christus het gekom "om die beloftes aan die vaders te bevestig" (Romeine 15:8)—Abraham, Isak en Jakob. Dieselfde beloftes was weer aan Isak, die seun van Abraham, en Jakob, die seun van Isak, oorgedra.

Na 430 jaar het God sy volk Israel tot stand gebring—nageslagte van Abraham, Isak en Jakob, wie se naam God na Israel verander het.

Om hierdie mense uit Egiptiese slawerny na die Beloofde Land uit te lei, het God vir Moses geroep. Moses het God nie gesoek nie. Maar God het gesorg dat Moses spesifiek vir hierdie groot taak voorberei word, deur hom as 'n prins in die paleis van 'n Egiptiese farao op te lei. So, nadat Moses spesifiek vir leierskap opgelei is, het God hom uit hierdie wêreld geroep om die nasate van Abraham, Isak en Jakob uit Egiptiese slawerny uit te lei.

## *VEELRASSIGE ONDERTROUERY VERBODE*

Hier het ons nou weer die vraag: HOEKOM het God hierdie spesiale, Hebreeuse volk as "die uitverkore volk" op die been gebring? HOEKOM as God hulle nooit toegang tot sy Heilige Gees gegee het nie?

Een punt om na te let is die waarskynlikheid dat hierdie mense almal—of feitlik almal—van die wit ras, onverandered sedert die Skepping, afkomstig was.

Na Jakob en sy seuns en hulle gesinne op Josef se aandrang in Egipte aangekom het, was hulle hoofsaaklik woonagtig in die omgewing van Gosen—geografies van die Egiptenare afgesonder, en het hulle onder mekaar getrou.

In hierdie verband moet u vir 'n oomblik teruggaan na Abraham wat sy seun, Isak, verhoed het om met enige van die donker Kanaäniete, wat toe in die land woonagtig was, te trou.

Hy het sy hoof dienskneg na sy eie familie gestuur om daar vir sy seun, Isak, 'n vrou van sy eie ras te vind. Abraham het gesê: "jy [sal] vir my seun geen vrou neem uit die dogters van die Kanaäniete onder wie ek woon nie" (Genesis 24:3).

In die volgende geslag het Jacob met Lea en Ragel, die dogters van Laban, neef van Abraham wat in die land van Haran, broer van Abraham gewoon het, getrou. Die hele gemeenskap van Haran, waar Laban gewoon het, was van dieselfde familie oorsprong as Abraham.

Jakob het ses seuns by Lea gehad, twee by Ragel—almal van dieselfde stam, en twee elk by die diensmeisies van Rachel en Lea—12 in totaal. Selfs Lea en Ragel se diensmeisies was van suiwer Hebreeuse afkoms. Hierdie 12 het die voorsate van die 12 stamme van Israel geword.

Maar God het Moses vanaf geboorte voorberei en geroep, saam met Aäron, sy broer, wat as Moses se woordvoerder gehelp het omdat Moses gehakkel het.

In die plae wat God teen Egipte uitgebring het, het God die Egiptiese gode en voorwerpe van aanbidding teen hulle gedraai om aan hulle te wys dat hulle *nie* gode was nie. Selfs die plae was in LIEFDE vir die Egiptenare teen hulle gebring.

Die laaste plaag het tydens die Pasga op die 14de dag van die eerste maand in God se heilige kalender, wat in die lente begin, gevolg. Die Israeliete het Egipte tydens die naggedeelte van die 15de verlaat en die Rooi See bereik. Maar Farao het intussen van besluit verander en hulle met sy leërmag agterna gesit.

Die kinders van Israel het die Rooi See bereik, waar hulle dood gestop was. Daar was geen brug nie. Dit was hopeloos te ver om met hul vrouens en kinders te swem. Agter hulle was Farao se leermag. Daar was niks wat hulle kon doen nie. Hulle was gestrand—HULPELOOS! Op hierdie punt moes hulle op GOD vertrou!

In Egipte het God hulle vrylating vanuit slawerny deur 'n reeks bonatuurlike plae teweeggebring. Nou het God die waters van die Rooi See laat terugrol om 'n waterMUUR aan weerskante, met 'n brëe pad op die droë seebed tussen-in, te vorm.

Die Israeliete het deurgegaan. Aan die oorkant het hulle terug gekyk en die Egiptenare die seebed pad, sien binnetree. Toe die Egiptenare almal binne-in die seegang is, het God toegelaat dat die waters terug vloei en het die Egiptiese leer verdrink.

## *GEBREEKTE BELOFTES*

Mettertyd het die Israeliete hulle tente aan die voet van die Sinaïberg opgeslaan.

God het hulle nie Sy volk, onder Sy teokratiese heerskappy, sonder hulle toestemming gemaak nie.

Deur Moses, het God aan hulle hierdie aanbod gemaak. Indien hulle Sy wette van Sy REGERING sou gehoorsaam, sou hulle voorspoed hê en die rykste en magtigste van die nasies wees.

God se geboortereg beloftes was egter net van nasionale en fisiese aard—geen geestelike saligheid nie.

Die mense het ingestem en het hulle God se uitverkore volk geword. MAAR HOEKOM?

Hierdie weet ons: God se doel met hulle het definitiewe verband gehad met die *voorbereiding van die finale* KONINKRYK

VAN GOD—wanneer die REGERING VAN GOD weer oor die hele aarde gevestig sal word, en geestelike saligheid aan ALMAL aangebied sal word!

Een van die redes was ongetwyfeld om die oorspronklike fisiese ras te bewaar. Maar daar was baie meer.

Nasies het kundigheid ontwikkel. Die mensdom was, na Adam se opstand, beperk tot die verwerwing van fisiese en materiële kennis.

Maar net soos die geleerdes en wetenskaplikes van vandag, het hulle gesê, "Gee ons net voldoende kennis en ons sal al ons probleme oplos en alle boosheid uit die weg ruim—ons sal utopia skep!"

Tot op daardie tydstip, was die mensdom geestelike kennis en vervulling van God geweier. God het nou besluit om hulle kennis van sy wet—sy soort regering—*Sy leefwyse*, te gee! Hy sou aan die wêreld bewys dat die mens nie in staat is om sulke kennis oor ware lewenswyse, sonder Sy Heilige Gees in hul binneste, kan ontvang of aanwend nie. Hy sou aan die mens demonstreer dat die intellek van die mens, met sy een gees, en sonder die byvoeging van God se Heilige Gees, nie die geestelike kan onderskei nie—nie menslike probleme oplos, of die boosheid wat die mensdom teister, genees nie. Die volk, Israel, sou Sy proefkonyn wees om hierdie feit te demonstreer. God het 'n volk, wat feitlik 'n perfekte oorspronklike ras in sy generasies gehad het—sy afkoms, gekies. Hulle het ook die kwalitatiewe oorerflikheid van Abraham, Isak en Jakob (Israel) gehad.

So, God het 'n verbond met hulle aangegaan en hulle SY VOLK gemaak. Dit het ook 'n HUWELIKSVERBOND met Israel as die vrou, wat trou en gehoorsaamheid aan haar eggenoot—God, beloof het, verteenwoordig. Dit was 'n fisiese tipe van die toekomstige, geestelike NUWE VERBOND.

En wat het dit bewys?

## *ISRAEL SE OORERFLIKHEID EN OMGEWING*

Hier was 'n volk met 'n amper suiwer bloedlyn, en die gelowige oorerflikheid van Abraham, Isak en Israel. Twee vereistes maak 'n mens wat hy ookal in sy lewe word: oorerflikheid en omgewing. Oorerflikheid behels wat met geboorte geêrf word

in gebiede soos gesondheid, intelligensie en karaktertrekke. Omgewing sluit alle eksterne invloede en selfgedetermineerde motiverings—goed of sleg, in.

Oorerflikheid—indien van goeie en hoë kwaliteit—kan ‘n voorsprong aan iemand gee. ‘n Inspirerende omgewing, opheffende invloede en self motivering mag verbetering tot gevolg hê. ‘n Omgewing van die aard mag een van ‘n minderwaardige oorerflikheid in ‘n werklike sukses van die lewe verander.

Maar ‘n mismoedige omgewing, bose invloed en onbesonne selfmotivering kan een van puik oorerflikheid in ‘n mislukking en bose geaardheid, verander.

God het Sy uitverkore volk—alhoewel uit slawerny gebring—met al die natuurlike voordele van ‘n voortreflike oorerflikheid, begin. God het hulle uit slawerny getrek en hulle ‘n nuwe begin gegee. Mens mag sê hulle het alles Godgegewe, gehad.

Maar WAAROM? Hoekom het God hierdie volk Israel so voorberei en opgerig?

Hou in gedagte waarom God die mens in die eerste plek geskape het! GOD IS BESIG OM HOMSELF DEUR DIE MENS TE REPRODUSEER! Hy is besig om Sy eie volmaakte, heilige en regverdige KARAKTER in die MENS te skep. En dit is bestem om die REGERING VAN GOD oor die hele aarde te *herstel*. En verder om BILJOENE GODWESENS TE SKEP OM DIE SKEPPING VAN DIE UITGETSREKTE ONVOLTOOIDE HEELAL TE VOLTOOI! En *na dit*?

Ah! God het nog nie geopenbaar wat hy daarna beoog nie!

Alles wat God, vanaf die skepping van die eerste mense, gedoen het is net nog ‘n progressiewe stap in God se allesomvattende, allergrootse DOEL!

## *TIPE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD*

Die onmiddelike doel tot dusver in die geskiedenis van die mensdom, is om vir die Koninkryk van God voor te berei, wat DIE REGERING VAN GOD DWARSOOR DIE WÊRELD SAL IMPLEMENTEER EN HERSTEL!

Die Koninkryk van God is die werklike verwekte en wedergebore GODFAMILIE, wat klaarblyklik eers deur die opstanding en oombliklike gedaanteverwisseling met Christus se

Wederkoms, sal verskyn. En met verwekte en wedergebore kinders van God, bedoel ek NIE die wat mislei is in die hedendaagse "wedergeboorte" idée—wat enigeen wat "bely dat hulle Christus ontvang het" reeds in hierdie lewe wedergebore is nie. DAARDIE IS 'N MONUMENTALE MISLEIDING waardeur Satan die duiwel, diegene MISLEI het (die meerderheid in 'n sogenaamde "Christendom"), wat 'n valse bekering aanvaar het. Hulle mag dit goed bedoel—maar nietemin MISLEI! En natuurlik weet 'n misleide persoon nie dat hy mislei is nie—hy mag geheel en al opreg wees!

Maar DINK tog nou! HOE speel die Ou Testamentiese volk Israel 'n rol in die progressiewe voorbereiding vir die KONINKRYK VAN GOD?

## *REGERING IN DIE KONINKRYK VAN GOD*

Eerstens, was Abraham 'n man met uitstaande, kwalifiserende bekwaamheid. Hy sal onmiskenbaar, met sy seuns Isak en Israel, in die opstanding en Koninkryk van God, 'n amp net onder Christus self, vervul. Die Koninkryk van God sal 'n geestelike koninkryk wees wat beide Kerk en Staat sal insluit— wêreldwyd. Hulle, as 'n span, sal heelwaarskynlik volgende in die volgorde van gesag onder CHRISTUS wees, oor beide Kerk en Staat.

Van die nasie Israel, sal Moses—wat God oor die volk Israel as hul leier en wetgewer aangestel het (alhoewel God die Vader die werklike Wetgewer is)—in alle waarskynlikheid onder die Abraham-Isak-Jakob span, hoof oor die nationale owerhede van die wêreld tydens die komende Millenium, wees. En Josua, wat Moses opgevolg het, sal waarskynlik Moses se assistent in daardie posisie van wêreldwye nasionale owerhede, wees.

En wat van die volk Israel as 'n geheel?

Hulle, ten spyte van hulle gunstige oorerflikheid, *het totaal en al gefaal om te kwalifiseer.* Toe God die voorstel van hulle formering as volk aan hulle voorgelê het, het hulle geantwoord, "Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen" (Eksodus 19:8). Maar hulle het hulle woord verbreek en in opstand gekom.

Hulle was in 'n "man-en-vrou" verhouding met die Here God. Maar die Here het later van hulle gesê: "Maar soos 'n vrou troueloos skei van haar minnaar, so het julle troueloos teen My gehandel, o huis van Israel, spreek die HERE" (Jeremia 3:20).

Die volk, Israel, onder Moses was EEN RAS—bittermin veelrassige trouery het hul rasse nasionaliteit geskend.

Die Beloofde Land was destyds Kanaän genoem. Die Kanaäniete, wat 'n donker ras is, het hulle in die land gevestig. Maar God het hierdie land aan die nageslagte van Abraham DEUR 'N BELOFTE, gegee! Dit het nie aan die Kanaäniete of enige ander ras wat daar gevestig was, behoort nie.

Toe God sy ongeveer twee miljoen-plus Israeliete daarin gelei het, het Hy hulle deur Moses beveel:

"Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: As julle deur die Jordaan in die land Kanaän intrek, moet julle al die bewoners van die land voor julle uit verdrywe en hulle beeldhouwerk verniel; ook moet julle al hulle gegote beelde verniel en al hulle hoogtes verwoes. En julle moet die land in besit neem en daarin woon; want Ek het die land aan julle gegee om dit te besit… Maar as julle die bewoners van die land nie voor julle uit verdrywe nie, sal die wat julle van hulle laat oorbly, soos dorings in julle oë wees en soos angels in julle sye, en hulle sal julle beveg in die land waar julle in woon" (Nùmeri 33:51-53,55).

## *RASEG—NASIONAAL—GODSDIENSTIG APART*

Dis tyd dat ons HIERDIE VERSTAAN!

Die volk, Israel, was GOD SE VOLK. Maar hulle was 'n *fisiese volk, en nie 'n geestelike volk* nie. Tog het God hulle Sy Kerk, asook nasionale regering en geloof gegee. GOD HET BEDOEL OM HUL FISIES APART VAN ANDER NASIES TE HOU, raseg (nasionaal) sowel as godsdienstig.

Vir hulle om met ander rasse te ondertrou sou twee dinge tot gevolg gehad het: Dit sou hulle met ander rasse ingeteel het, en hulle in afgodery laat beland!

Die Israeliete HET GOD NIE GEHOORSAAM NIE!

Baie later, nadat die gevangenisskap van beide Israel en Juda, het God 'n kolonie Jode van die Joodse slawe in Babilon, onder Serubbábel as goewerneur, na Jerusalem terug gestuur, om die tweede Tempel te bou.

Tussen hierdie kolonie was die profete Esra en Nehemia. In onveragsaaming van God se opdrag, het die mense van die kolonie onder die Kanaäniete, Hetiete, Feresiete, Jebusiete en

ander rasse begin trou, "sodat die heilige geslag [raseg suiwer, want hulle het nie die Heilige Gees gehad nie] met die volke van die lande vermeng het…" (Esra 9:2).

Die profeet Esra was WOEDEND! Hy het voor die gemeente opgestaan en aan hulle gesê: "Julle was ontrou en het vreemde vroue getrou om die skuld van Israel te vermeerder… sonder julle af van die volke van die land en van die vreemde vroue" (Esra 10:10-11)

Jesus Christus was uit die stam van Juda gebore, en dit was nodig dat HY van die oorspronklike suiwer bloedlyn, soos Noag moes wees .

MAAR—nietemin, was die Ou Verbond met Israel by Sinaï, 'n tipe en voorganger van die NUWE VERBOND. Dit sal met die Nuwe Testament KERK, wat geestelike Israel en Juda is, gesluit word (Jeremia 31:31; Hebreërs 8:6,10).

Intussen, was daar 'n handjievol in Ou Testament Israel wat God gehoorsaam het, en deur God se profete te word, het hulle deel van die *fondasie van die* Nuwe Testament KERK VAN GOD, geword. Die Kerk is op die soliede fondasie van die profete (Ou Testament) en apostels (Nuwe Testament) gebou, met Jesus Christus as "die hoeksteen" (Efésiërs 2:20).

Vanuit hulle, sal Elía waarskynlik die hoof, onder Christus en Abraham-Isak-Israel, oor die Kerk wêreldwyd aangestel word. Johannes, die Doper mag onder Elía dien. Daar is aanduidings dat die profeet Daniël die hoof oor al die heiden nasies, onder Moses en Christus, sal wees.

## *VERVULLING VAN HUL ROL TEN SPYTE VAN HULSELF*

Maar op watter wyse het die antieke volk, Israel 'n rol in die voorbereiding van die KONINKRYK VAN GOD gespeel?

Ek het reeds genoem dat die geleerdes en intellektueles van hierdie wêreld voel dat, gewende genoegsame KENNIS, die gewone MENS alle probleme kan oplos.

God het toegelaat dat menigte nageslagte van antieke Israel en Juda deur honderde jare se ondervinding BEWYS, dat die beste van die mensdom, sonder God se Heilige Gees, NIE HUL MENSLIKE PROBLEME EN BOOSHEID KAN OPLOS NIE!

Ek het gedurende die afgelope 20 jaar, met menige regeringshoofde van oor Europa, Asië, Afrika en Suid-Amerika gesels. In China, glo ek dat die Kommunistiese owerhede daarvan oortuig is dat kommunisme, wanneer dit beheer oor die aarde verkry het, al die probleme en booshede sal kan oplos. Maar baie konings, keisers, presidente en Eerste Ministers met wie ek privaat gesels het, besef dat die probleme *buite* die mens se bestek is om op te los. En dit het ek onomwonde aan baie leiers van Kommunistiese Republiek van China verklaar.

Die probleme en en booshede is van *geestelike* aard en die mens se verstand sonder God se Heilige Gees kan nie geestelike probleme begryp nie.

Die baie dekades en eeue in die geskiedenis van antieke Israel HET DIT BEWYS! Tot en met die ontstaan van Israel, het God die kennis van die regte weë van die menslike lewe van die mensdom weerhou. Aan Israel het God sy verordeninge, voorskrifte en geestelike wette gegee. Maar hierdie perfekte wette, sonder God se Heilige Gees, het nie die volk se probleme opgelos nie!

God *kon* gesê het: "Ek is God. Aanvaar my woord daarvoor." Maar God het deur Israel BEWYS dat die MENS HULPELOOS SONDER die Heilige Gees is! Hulle het selfs vir God gehad op wie hulle, hulle kon beroep. Maar hulle het nie Sy Gees in hulle gehad nie.

Laat ons hierdie punt beklemtoon. Toe Adam, die eerste man, die Boom van Lewe verwerp het, en vir homself die kennis van goed en kwaad toegeien het, het hy sy mag en vermoë om goed te doen, tot die vlak van sy menslike gees beperk. Daar is goed sowel as kwaad teenwoordig in menslike natuur. Goedheid is 'n geestelike eienskap, nie 'n fisieke of materiële aksie nie. Sou Adam van die Boom van Lewe geneem het, sou die Heilige Gees van God hom binnegedring het en met sy gees saamgesmelt het, wat hom as seun van God, met God sou verenig het. Die Heilige Gees beteken meer as net geestelike kennis van goedheid. Nie die hoorders van die wet (goed) maar die daders van die wet, sal geregverdig word (Romeine 2:13). Liefde is om aan die wet te voldoen, maar nie menslike liefde nie. Dit vereis die "liefde VAN GOD in ons harte [wat] uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is" (Romeine 5:5).

God het sy wette aan die volk Israel openbaar. Een van die doele van hierdie volk, was om deur menslike ervaring te bewys dat die mens nie tot regverdigheid sonder die Heilige Gees, in staat is nie.

So, laat ons dan op hierdie punt 'n vlugtige sinopsis van die werklike geskiedenis van die volk, en van die heiden nasies van die wêreld dek.

'n Baie belangrike verklaring en belofte soos opgeteken in Levitikus 26, was aan die mense van Israel gemaak. Weereens haal ek uit my boek "Die Verenigde State en Brittanje in Profesie", aan:

## *DIE VERNAAMSTE PROFESIE*

In hierdie sentrale profesie, het God die geboortereg belofte beaam—maar met voorwaardes—vir die van Moses se tyd! Die geboortereg stamme, Efraim en Manasse was toe nog *saam met* die ander stamme—as een volk. Gehoorsaamheid aan God se wette sou nie net oneindige nasionale rykdom en seëninge aan Efraim en Manasse besorg nie, maar die hele volk sou outomaties op daardie tydstip daaraan deel gehad het.

Let noukeurig op dat twee van die Tien Gebooie benadruk word. Hierdie was die twee *hoof toets gebooie*! Hulle word beskou as die toets vir gehoorsaamheid en geloof in en lojaliteit teenoor God. God het gesê: "Julle mag vir julle geen afgode maak nie; [of] 'n gesnede beeld … opstel om julle daarby neer te buig nie; want *Ek* is die HERE julle God. My sabbatte moet julle hou …" (verse 1-2).

Daar was 'n voorwaarde—'n groot "as"—vir hulle om die feitlike vervulling van hierdie kolossale geboortereg belofte *in hulle tyd* te ontvang! God het gesê: "*As* julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, *sal* Ek julle reëns gee op die regte tyd, en die land sal sy opbrings gee …" (verse 3-4). Alle rykdom kom uit die grond uit. Hulle sou oorvloedige oeste regdeur die jaar geniet het, die een oes kort op die hakke van die die ander. Vers 6 lees: "Ook sal Ek VREDE gee in die land, … sonder dat iemand julle skrikmaak, … en geen oorlogsswaard sal deur julle land trek nie." Wat 'n seëning! Watter nasie geniet volgehoue vrede, sonder die vrees van inval?

Natuurlik, in hierdie wêreld het elke volk vyande. Wat as die vyandige nasies aanval? Verse 7-8: "En julle sal jul vyande agtervolg, en hulle sal voor julle val deur die swaard. Vyf van julle sal honderd agtervolg, en honderd van julle sal tien duisend agtervolg…"

Sedert baie nasies in hierdie wêreld altyd aggressors was, sou Israel aangeval word. 'n Nasie met militêre mag om alle aanvallers te oorwin sou spoedig die dominante, mees magtigste nasie op aarde word—veral met hulpbronne en groot rykdom vanuit die grond. Vers 9: "En Ek sal My na julle wend en julle vrugbaar maak en julle vermenigvuldig; en my verbond sal Ek met julle bevestig."

## *DIE BAIE GROOT AS*

Maar hier kom die alternatief—AS die voorwaardes nie aan voldoen word nie: "… as julle *nie* na My luister en al hierdie gebooie nie doen nie; … dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal verskrikking oor julle beskik: die tering en die koors wat die oë verteer en die lewe laat versmag; julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet. En Ek sal my aangesig teen julle rig, sodat julle voor jul vyande verslaan word; en julle haters sal oor julle heers…" (verse 14-17). Hulle sou binnegeval en verower word, en weereens slawe word—soos hulle in Egipteland was voordat God hulle bevry het.

## *DIE SEWE PROFETIESE TYE*

Laat ons nou in Levitikus 26 vervolg: "En as julle dan nog nie na My luister nie, sal Ek voortgaan om julle *sewevoudig* weens julle sondes te tugtig" (vers 18).

Nou wanneer ons by die uitdrukking "sal Ek voortgaan om julle *sewevoudig* weens julle sondes te tugtig" in Levitikus 26 kom, is dit beide in die woorde van die vers en die feit van daadwerklike vervulling, dat daar van'n langdurige tydperk van sewe profetiese "tye," of JARE gepraat word. Op hierdie jaar-vir-'n-dag prinsiep word dit, sewe 360-dae jare—'n totaal van 2,520 *dae* en wanneer elke *dag* 'n *jaar* van straf is… word die straf die terugtrekking van en die weerhouding van beloofde seën vir 'n tydperk van 2,520 jaar en dit is presies wat gebeur het!

Daardie nasionale straf—die weerhouding van die geboortereg beloftes van nasionale voorspoed en dominansie, was alleenlik op die Huis van Israel met die stamme Efraim en Manasse aan die hoof daarvan, van toepassing.

Hoe hierdie beloftes in werklikheid vervul was op die presiese tyd van 1800 tot 1804 is een van die mees ongelooflikste vervulling van profesie in die Bybel en in die mensegeskiedenis. Hierdie vervulling word stap vir stap, duidelik in ons gratis boek, *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* geopenbaar.

Hierdie volk, Israel, het belowe om God gehoorsaam te wees. Maar hulle het nooit nie. Selfs terwyl Moses saam met die Here bo-op die Sinaïgebergte was, besig om verdere opdragte te ontvang, het die mense ‘n goue kalf gemaak om te aanbid pleks van die Ewige God. Vanweë hul klaery, hul gebrek aan geloof en hulle ongehoorsaamheid, het God hulle nie toegelaat om die Beloofde Land vir 40 jaar binne te gaan nie.

Aan die einde van die 40 jaar het Moses gesterf. Die Israeliete was deur die Jordaanrivier onder leiding van Josua, die Beloofde Land ingelei. Tydens Josua se lewe het hulle God min of meer gehoorsaam, maar nie ten volle nie. Na Josua se afsterwe, het elkeen gedoen wat reg was in hul eie oë. Hierdie mense, sou deur hul ongehoorsaamheid aan God deur die omringende konings gevange geneem word. Dan in hul ellende roep hulle na die Here en stuur Hy dan ‘n leier om hulle te verlos. Keer op keer is hierdie proses herhaal.

## *ISRAEL EIS ‘N MENSLIKE KONING*

Na ‘n paar geslagte het God aan hulle, Samuel die profeet gegee, om hulle te regeer en te lei. Maar met verloop van tyd het die mense geëis dat ‘n menslike koning, soos in die geval van ander volke, oor hulle moet heers. God het aan Samuel verduidelik dat dit nie vir hóm was wat die volk verwerp het nie, maar vir God self. Samuel het net as God se dienaar regeer en was dit eintlik God se geestelike regering.

God het hulle gegee wat hulle wou hê, Koning Saul, ‘n leier wat groot en bokant hulle uitgerys het. Maar Saul was ongehoorsaam teenoor God en het die Here hom met koning Dawid vervang. Dawid was persoonlik nie sonder sonde nie,

maar hy het hom elke keer bekeer en van elke sonde weggedraai. Dawid het "'n man na God se eie hart" geword. Hy het 'n baie belangrike boek naamlik, Psalms in die Bybel geskryf. God het 'n onvoorwaardelike en onbreekbare verbond met Dawid gesluit, wat hom verseker het dat sy dinastie, vir ewig, onafgebroke oor die Israeliete sou regeer. Eindelik, in God se bestemde tyd, sal daardie troon deur Jesus Christus, met sy Wederkoms, oorgeneem word.

## *ISRAEL VERDEEL IN TWEE NASIES*

Dawid se seun, Salomo, het die verstandigste man wat ooit geleef het (met uitsondering van Christus) geword. Hy het egter sy mense baie swaar belas, en met sy afsterwe het sy seun, Rehábeam koning geword. Die mense het 'n afvaardiging met 'n ultimatum na koning Rehábeam gestuur. Indien hy hulle belasting verminder sou hulle hom dien. Sou hy weier, sou hulle hom as koning verwerp. Op die raad van die jonger manne wat deel was van sy raadgewers, het Rehábeam aan die volk verklaar dat hy nog swaarder belasting op hulle sou laai.

En met dié nuus het die mense besluit om die koninklike huis van Dawid te verwerp. Hulle het Jeróbeam, wat 'n posisie, wat ons vandag Eerste Minister sou noem, onder koning Salomo beklee het, as koning aangestel. Aangesien Rehábeam op die troon in Jerusalem was, het die mense van Israel, 'n nuwe hoofstad noord van Jerusalem gekies. (Onder 'n latere koning, Omri, het hulle 'n nuwe hoofstad in Samaria gebou).

Daarop het die stamme Juda en Benjamin besluit om lojaal teenoor Rehábeam te bly. Dit het 'n skeiding, van die opstandige stamme van Israel teweeggebring, en hulle het die volk, Juda geword.

Toe Jeróbeam die troon bestyg, het hy die Leviete van hul posisies onthef omdat hy bang was dat hulle die mense terug na Rehábeam sou draai en hy sy nuwe troon sou verloor. Hy het ook die heilige, Feesdae van die sewende maand na die agste maand verander. Daar is sterk aanduiding dat hy ook die sewende dag Sabbat na Sondag, die eerste dag van die week, verander het. Die Sabbat was 'n ewige verbond deur God, tussen Hom en Israel gemaak, waarby hulle as Sy nasie Israel van alle ander mense

geidentifiseer sou word (Eksodus 31:12-18) en waardeur hulle weekliks in herrinering gebring sou word dat die Here hulle Skepper was. Want in ses dae het God die aarde vernuwe of herskep en die skepping is die bewys van die bestaan van God.

## *DIE TIEN VERLORE STAMME*

So het die mense van Israel as die tien verlore stamme bekend geword. Hulle het die verbondsteken wat hulle as Israel geïdentifiseer het, verloor. Hulle het die kennis van God, hulle skepper, verloor en het selfs kort voor lank die Hebreeuse taal verloor.

Gedurende die tyd van die 19 konings en sewe vorstehuise, het die 10-stam koninkryk van Israel in sonde voortgelewe, en al die pleidooie van die profete wat God na hulle gestuur het, verwerp. Tydens 'n oorlogsbeleëring ongeveer 721 tot 718v.C, is die Huis van Israel deur Assirië verower. Hulle was van hul huise, plase en dorpe verwyder en as gevangenes na Assirië, aan die suidelike kus van die Kaspiese See, weggevoer.

Van daar, binne 'n tydperk van honderd jaar, het hulle noordwes gemigreer en het as die Verlore Tien Stamme bekend gestaan.

Die wêreld het nie geweet wat van hulle geword het nie. Die wêreld het in due algemeen die Israeliete verkeerdelik as Jode beskou. Maar in die Bybel, word die term Jood net op die stamme van Juda, Benjamin en Levi, toegepas. Die Leviete het by die koninkryk van Juda aangesluit toe hulle deur Jeróbeam uitgedryf is.

## *DIE 2,250 JARELANGE STRAF*

Met ingang van Israel se gevangeneskap—721 to 718v.C—het daardie volk hulle 2,250 jaarlange straf, soos in Levitikus 26 voorspel is, binnegegaan. Gedurende hierdie tyd is die beloftes van nasionale rykdom, vooruitgang en dominansie wat aan Abraham gemaak is, van hulle weerhou. Dit het voortgeduur tot 1800-1804, toe nasionale heerskappy en ekonomiese dominansie hulle s'n sou word. Dit moes wees, omdat God dit onvoorwaardelik aan Abraham belowe het.

Hoe hulle finaal, aan die begin van 1800n.C, hulle nasionale heerskappy en rykdom wat God onvoorwaardelik aan Abraham belowe het, herwin het, is in die boek *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie* opgeteken.

Intussen is die Jode van die koninkryk van Juda verower en van hulle land deur Nebukadnésar van Babilon in ongeveer 585 v.C, verwyder.

Tussen die Joodse gevangenes wat na Babilon geneem is, was 'n briljante jong man genaamd Daniël, 'n profeet wat die boek onder sy naam in die Bybel, geskryf het.

God het hierdie profeet Daniël as tussenganger tussen God en Koning Nebukadnésar gebruik.

Hierdie groot heidense koning het die wêreld se eerste wêreldryk, deur verskeie nasies onder een owerheid te verenig, georganiseer. God het Daniël gebruik om om aan die Babiloniese koning bekend te maak dat die Skepper God oor die hele aarde regeer, en dat Nebukadnésar sy troon slegs deur die wil van God, behou. In der waarheid het God hierdie heidenkoning die geleentheid gegee om onder Sy heerskappy te kom en die gevolglike seëninge van God te ontvang.

Die profesie wat in Daniël hoofstuk 2 vervat is, is die afbeelding van 'n baie kolossale beeld, wat Nebukadnésar se Galdeese Ryk voorstel, gevolg deur die Persiese Ryk, daarna die Grieks-Macedoniese Ryk, die Romeinse Ryk en die hele sisteem van menslike owerhede wat vernietig en vervang sal word deur die Koninkryk van God en aan die hoof daarvan, Jesus Christus as Koning van konings oor die hele aarde sal heers.

## *DIE HEIDENSE WÊRELDRYK*

Die profesieë van Daniël 7, en van Openbaring 13 en 17, voorspel dieselfde dinge.

Natuurlik, alhoewel Nebukadnésar die bestaan van God erken het, was hy nooit gehoorsaam nie.

Intussen het God sy hande van die ander mense van die wêreld af weg gehou.

Die Persiese Ryk het Nebukadnésar se Galdeese Ryk opgevolg. Sewentig jaar na die gevangeneskap van Juda en die

verwoesting van Salomo se tempel, het God dit in die verstand van Koning Kores van Persië gesit om 'n kolonie van die gevange Jode na Jerusalem terug te stuur om 'n tweede Tempel te bou.

Hierdie kolonie was onder leiding van Serubbábel as goewerneur. Die profete Esra en Nehemia het ook by hierdie kolonie in Jerusalem aangesluit. Serubbábel het die tweede Tempel gebou, die een na wie Jesus 500 jaar later gekom het. Die Romeine het reeds voor die geboorte van Jesus begin heers. Net voor Jesus se geboorte, het koning Herodus, wat oor die Jode geheers en die Romeine gedien het, die tempel vergroot en vervorm.

Hierdie kolonie Jode wat sowat 500 jaar voor Christus na Jerusalem teruggestuur is, het oor die hele omgewing van Judea uitgesprei. Niemand van die koninkryk van Israel het saam met hierdie kolonie na Jerusalem teruggekeer nie. Hulle het wes na noordwes geïmmigreer en die Hebreeuse taal verloor, en selfs die kennis van hulle identiteit. Die wêreld het hulle die Verlore Tien Stamme genoem. Meer oor hulle later.

Dit was tydens hierdie 500 jaar wat God die sogenaamde kleiner profete na die Jode in Judea gestuur het. Dit was ook gedurende hierdie periode wat die Joodse rabbi's punte in die geloof wat deur Moses begin was, in die Judaïsme geloof onder die Jode tydens die leeftyd van Jesus verander het. Die verhoog was vir Sy verskyning geset.

Laat ons nou terugkeer na die 10-stam koninkryk van Israel. Soos voorheen genoem, het hulle, voor Juda se gevangeskap, wes na noordwes geïmmigreer. Die Assiriërs het hulle in sentraal-Europa gevestig, en die Duitsers, is ongetwyfeld gedeeltelik, die nageslagte van die antieke Assiriërs.

Die sogenaamde Verlore Tien Stamme—die koninkryk van Israel—het verder tot in wes-Europa en Brittanje migreer. Ons kan nie positief in verband met die identiteit van die verskeie stamme vandag wees nie, maar Frankryk of minstens die noordelike Franke is afkomstig van die stam van Reuben. Efraim en Manasse het verder in die Britse Eilande in getrek. Hulle het 'n koloniserende volk geword, en volgens profesie sou hulle hul eerste kolonie verloor.

## *DIE NAAM "ISRAEL" AAN JOSEF SE SEUNS GEGEE*

Die sterwende Jakob, wat later as Israel herdoop is, het die geboortereg seëninge aan Josef se twee seuns, Efraim en Manasse, toegeken. Jakob, nou Israel genoem, alhoewel hy blind was en nie die seuns voor hom kom sien nie, het *sy hande gekruis,* "en Israel steek sy regterhand uit en lê dit op die hoof van Efraim, hoewel hy die jongste was, en sy linkerhand op die hoof van Manasse: hy het sy hande oorkruis gehou, want Manasse was die eersgeborene. En hy het Josef geseën en gesê: Die God voor wie se aangesig my vaders Abraham en Isak gewandel het, die God wat my as Herder my lewe lank gelei het tot vandag toe, die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het—mag Hy die seuns seën, en *mag deur hulle my naam genoem word* en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte" (Genesis 48:14-16)

Ons gaan verder voort uit *Die Verenigde State en Brittanje in Profesie*:

*Wie* moet in menigte vermeerder? *Wie* se nageslagte moet daardie menigte word wat biljoene sal wees? Nie Juda, die vader van die Jode nie—neem kennis!—maar Efraim en Manasse! Hoekom is die begrip van kerkleiers en Bybelstudente so verblind deur hierdie duidelike feit van die Skrif?

Let op dat Israel nie hierdie seëning aan net een seun gegee het nie, maar aan albei—"mag Hy die seuns seën", het hy gesê. Hierdie seën is aan albei seuns oorgedra. "[E]n mag hulle [deur] my naam genoem word" was deel van hierdie seëning. Sy naam was Israel. Daarom is dit die nageslagte van *hierdie* seuns, en nie die nageslagte van Juda, of die Jode nie, wat Israel genoem was. Hoe duidelik is dit dat die naam Israel ongetwyfeld op Efraim en Manasse afgedruk is!

'n Skokkende feit – en tog is dit so eenvoudig reg voor u oë *bewys*! En onthou, hierdie Skrifgedeeltes benodig geen "interpretasie", "spesiale betekenis" of "verborge simbole" sodat u dit kan verstaan nie! Hier is die doodeenvoudige verklaring dat Jakob se naam, wat na *Israel* verander is, die besitting en *eiendom*—die etiket op die mense van Efraim en Manasse sal wees!

Wie, dan ooreenkomstig u Bybel is die regte Israel (ras en nasionaal) vandag?

Efraim en Manasse!

Efraim en Manasse het *saam* die *reg* tot die naam Israel gekry. Dit sou die nasionale naam van hulle nageslagte word. En hulle nageslagte was nooit Jode nie! Maak seker dat u hierdie feit duidelik begryp!

Daarom is dit dat meeste van die profesië oor "Israel" of "Jakob" nie na die Jode of enige van die nasies wat die nasate van die ander stamme van Israel is, verwys nie. Let op! Baie min van die teoloë of belydende Bybelstudente en bedienings weet dit vandag. Baie *weier* om dit te weet!

Die nageslagte van hierdie twee seuns, Efraim en Manasse, moes saam die beloofde menigte word, die volk en 'n menigte volke. Hierdie nasionale seëninge was gesamentlik oor hulle uitgespreek. Hierdie is kollektiewe seëninge wat die seuns gesamentlik ontvang het—maar nie die ander stamme nie!

## *JAKOB KRUIS SY HANDE*

Dit is op hierdie tydstip wat Josef opmerk dat Jakob se regterhand nie op die hoof van sy oudste seun rus nie. Hy probeer dit verwyder.

"Nie so nie, my vader" sê Josef, "want hierdie een is die eersgeborene: lê u regterhand op sy hoof. Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n menigte van nasies word. So het hy hulle dan dié dag geseën en gesê: Met jou sal Israel 'n seën toewens, met die woorde: Mag God jou maak soos Efraim en soos Manasse! So het hy dan Efraim voor Manasse gestel" (Genesis 48:18-20). Hier is die beloftes nie meer kollektief nie, word dit nie saam besit nie. Jakob was nou besig om elkeen individueel te seën.

## *BELOOFDE SEËNINGE AAN BRITTANJE EN DIE VERENIGDE STATE*

Onthou, indien antieke Israel God in die land gehoorsaam was (Sabbat brekery en afgodery was spesifiek in Levitikus 26

genoem), sou hulle, in die antieke tyd van Moses, Josua en tot en met die tyd van hul gevangeneskap in 721-718 v.C., die nasionale en fisiese seëninge van die geboortereg beloftes wat God aan Abraham gemaak het, ontvang het. Maar, onthou, indien hulle ongehoorsaam was, sou hierdie beloftes hulle vir 'n periode van 2,250 jaar weerhou word—dit is tot AD 1800.

So nou word dit duidelik dat na die 2,250 jaar, vanaf AD 1800, is dit die nakomelinge van Josef, wat in twee volke onderverdeel is, afstammend van Efraim en Manasse, wat die rykste en magtigste nasies op aarde sou word.

## *DIE VERENIGDE STATE IS MANASSE*

Uit die profetiese seëninge wat van die sterwende Jakob oorgedra is, blyk dit duidelik dat Efraim en Manasse in 'n groot mate die geboortereg gesamentlik sou erf; vir lank saam sou wees en dan finaal skei.

In Genesis 48 het Jakob eers die geboortereg aan die twee seuns van Josef gesamentlik oorgedra, deurdat hy van albei saam gepraat het. Daarna, het hy van elkeen apart gepraat—Manasse sou 'n enkele GROOT nasie word en Efraim die MENIGTE nasies.

En in hierdie profesie vir die laaste dae het Jakob gesê: "Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; *sy takke klim oor die muur*" (Genesis 49:22). Met ander woorde, Josef—Efraim en Manasse gesamentlik en tesame—sou 'n koloniserende volk in die eindtyd wees, hulle kolonies sou vanaf die Britse Eilande, regoor die wêreld uitsprei.

Saam, het Efraim en Manasse 'n menigte geword, toe geskei, volgens Jakob se profetiese seëning van Genesis 48. Ons mense het hierdie profesie vervul.

Maar hoe kan die V.S.A Manasse wees as 'n groot gedeelte van die bevolking vanuit baie nasies, bo en behalwe Engeland, gekom het? Die antwoord is as volg: 'n Groot gedeelte van Manasse het saam met Efraim gebly tot en met die skeiding van New-England. Maar ons voorouers was soos koring deur 'n sif vanuit al die ander nasies gesif, en tog het daar nie 'n koringkorrel op die grond geval en verlore geraak nie (Amos 9:9). Die mense het deur baie nasies gefiltreer. Efraim en baie van Manasse het finaal

saam na Engeland ge-ïmmigreer, maar baie ander wat in ander volke in gefiltreer was, het nie daardie nasies verlaat totdat hulle as immigrante na die Verenigde State gekom het, nadat die New-Engeland kolonie 'n aparte nasie geword het nie. Dit beteken nie dat alle buitelanders wat na Amerika toe ge-ïmmigreer het van Manasse afkomstig is nie, maar baie is ongetwyfeld. Israel het nog altyd heidene in hul midde geabsorbeer, wat later dan Israeliete geword het deur in die land te woon en deur ondertrouery.

Die V.S.A het as die "smeltery" van die wêreld bekend geword. In plaas daarvan om Manasse se voorgeslagte verkeerd te bewys, beaam hierdie feit dit eerder. Die bewyse dat die V.S.A. Manasse is, is oorweldigend. Manasse sou van Efraim skei en die grootste, rykste enkele volk in die geskiedenis van die aarde word. Net Amerika het ooit hierdie profesie vervul. Manasse was eintlik 'n *dertiende* stam. Daar was twaalf oorspronklike stamme. Josef was een van hierdie twaalf. Maar toe Josef in twee verdeel het, en Manasse 'n onafhanklike nasie geword het, het hy 'n *dertiende* stam geword.

Is dit maar net toevallig dat dit as 'n volk met *dertien* kolonies *begin* het?

Maar wat van die *ander* stamme van die sogenaamde Verlore Tien Stamme? Terwyl die *geboortereg Josef* s'n was, en die seëninge na die Britse Statebond en die Verenigde State gekom het, is die ander agt stamme van Israel ook God se uitverkore mense. Hulle is ook met 'n goeie hoeveelheid materiële vooruitgang geseën—maar *nie* met die heerskappy van die geboortereg nie.

Weens 'n tekort aan spasie kan 'n volledige verduideliking van die spesifieke identiteite van hierdie ander stamme in ons twintigste eeu nie gegee word nie. Ag dit genoegsaam om te sê daar meer as genoeg bewyse bestaan dat hierdie ander agt stamme in sulke noordwestelike, Europese volke soos Holland, België, Denemarke, noordelike Frankryk, Luxemburg, Switserland, Swede en Noorweë afkomstig is. Die mense van Ysland is ook van die Viking geslag. Die politieke grense van Europa soos hulle vandag bestaan, is nie noodwendig 'n aanduiding van die skeiding tussen die nageslagte van die oorspronklike stamme van Israel nie.

## *PROFESIE VIR DIE VERENIGDE STATE EN BRITTANJE VIR VANDAG*

Net soos God soveel materiële seëninge op ons uitgestort het soos *nooit* tevore tot enige ander nasies gekom het nie, gaan Hy op ons mense sulke nasionale rampe bring soos geen nasie *ooit vantevore* te beurt geval het nie om ons te tug sodat ons diesulke seëninge mag geniet! Menige profesieë beskryf dit!

'n Baie belangrike, addisionele bewys van moderne Israel se identiteit kan in 'n fantastiese, gedetailleerde en baie *spesifieke profesie* in Miga 5:7-15 gevind word. Dit praat spesifiek van die "oorblyfsel" van Israel—moderne Israel *vandag*—waar dit ookal is. Dit beskryf die *rykdom,* die voordelige oorheersing tussen die nasies, en dan die komende *ondergang* van Amerika en die Britse Statebond uitvoerig!

Neem kennis: "Dan sal die *oorblyfsel van Jakob* [nie Jode nie] onder baie volke wees soos dou van die HERE, soos reënbuie op die plante, wat op geen mens wag nie en ter wille van geen mensekind vertoef nie" (vers 7). Onthou dat die dou en die reënbuie *absoluut noodsaaklik* is vir landbou produksie en dit 'n simbool van nasionale SEËNING en RYKDOM van God is.

Dit vervolg: "En die *oorblyfsel* van Jakob tussen die nasies sal onder baie volke wees soos 'n leeu onder die diere van die woud, soos 'n jong leeu onder troppe kleinvee; wat, as hy deurtrek, vertrap en verskeur sonder dat iemand red" (vers 8).

Weereens beskryf die simboliek die *laaste generasie* van Israel as 'n GROOT MAG—soos 'n leeu tussen die ander nasies op aarde.

"Jou hand sal bo jou teëstanders verhewe wees, en al jou vyande sal uitgeroei word" (vers 9) of verslaan word. Hulle was verslaan vandat God die geboortereg seëninge op Amerika en Brittanje vanaf 1803 begin uitstort het, deur die Eerste en Tweede Wêreldoorloë, tot en met die keerpunt van die Koreaanse Oorlog aan die einde van 1950.

Van daardie tyd af, word hierdie seëninge sekerlik *verwyder*—en nie Amerika of Brittanje het as die oorwinnaar in enige groot konflik sedertdien uitgetree nie!

Dus wys hierdie profesie dat *terwyl* ons God se seëninge ontvang het, ons terselfdertyd 'n groot SEËNING vir die ander

nassies op aarde was—daar dit *ons mense is* wat die ander nasies van die wêreld keer op keer deur die Marshall Plan, Die Punt Vier program, die Alliansie vir Vooruitgang, die honderde miljoene koringmate vir nasies wat hongersnood ervaar, voorsien

Die Hoover program het groot hoeveelheid kosvoorrade na die Eerste Wêreldoorlog opgeberg. Dit het miljoene in *ander* nasies van hongersnood gered!

Eertyds het Josef koring en kos opgeberg en dit aan ander beskikbaar gemaak. MODERNE Josef het ook. *MAAR*—ons is hooghartig en opstandig teenoor God en Sy wet, terwyl ons voorvader Josef God met sy hele hart gedien en gehoorsaam het.

Dit is *ons mense* wat soos 'n "leeu" tussen die volke van die aarde was—wat die vrede in twee wêreldoorloë en stabiliteit vir alle mens se bestaan op hierdie aarde *bewaar* het!

## *SKIELIKE VERWOESTING*

Tog verklaar God ook in hierdie uitvoerige profesie: "EN IN DIÉ DAG, spreek die HERE, sal Ek jou perde ['oorlogsperde" volgens die Moffat-vertaling]—pantserwaens, skepe, vuurpyle—uit jou midde uitroei en jou strydwaens vernietig. Ook sal Ek *uitroei die stede* [deur kernbomme?] van jou land en al jou vestings afbreek" (verse 10-11). (Neem kennis, al jou vestings)

God sê Hy gaan dit doen! Die gevolg van oorloë word deur God bepaal (Psalm 33:10-19).

Hoe eenvoudig kan dit wees? Hier identifiseer God die MAGTIGE volke van die aarde wat die meeste rykdom, die weldadigste, die MAGSTIGSTE—en tog wanneer hulle mag die toppunt bereik, "breek" Hy skielik die trots van hul mag (sien Levitikus 26:19), sny hulle oorlogsimplemente af en verwoes hulle stede! Waarom?

Omdat, soos die profeet verder verduidelik, het ons te veel "towerye" en te veel "goëllaars" (astrologie) en false predikers in ons lande wat weier om die wette en die weë van die lewende God, met gesag te preek!

In Amerika, druk ons op ons geld "In God Vertou Ons". Maar in plaas daarvan vertrou ons in ons bondgenote en in ons eie menslike vindingrykheid, nie in God nie.

## *VAN GOD STEEL*

God het ‘n finansiële wet vir ons nasies. Hy sê dat 10 persent van die groei of die bruto inkomste van elkeen van ons, behoort aan God vir Sy doekeindes en werk.

In Maleági 3:8-10 lees ons: “Mag ‘n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ‘n oorvloedige seën sal uitstort nie.”

Na die jaar 1800 was ons voorspoedig, vanweë Abraham se gehoorsaamheid en God, se onbreekbare beloftes aan hom. Maar noudat sulke individuele en nasionale voorspoed ontvang is, sondig ons deur God te besteel. Dit het ons nasies onder ‘n vloek geplaas. Ons het ons laaste oorlog gewen. Daar is net probleme wat voorlê totdat ons tot bekering kom.

God se tiendes is vir Hom heilig (Levitikus 27:30). God se Sabbat, die sewende dag van elke week, is heilig vir Hom. En tog onderskei ons nie tussen dit wat heilig en dit wat onheilig is nie (Esegiël 22:26).

## *AAN SONDE WORD PUBLIKE AANVAARDING GEGEE*

Ons pleeg persoonlike en nasionale sondes en gee dan aan sulke sonde publieke aanvaarding.

Baie vroeg in 1927, terwyl ek met my eerste Bybelse studies besig was, wat tot my bekering gelei het, het ek en my eggenote dikwels verskeie kerke besoek. Ek was op soek na die waarheid. Een Sondagoggend het ons ‘n kerkdiens by ‘n welbekende Baptistekerk in Portland, Oregon bygewoon. Hulle het ter afsluiting van ‘n kompetisie waarin ‘n pragtige nuwe Bybel aan die wenner gegee word, aangekondig. Die wedstrydvraag was, “Wat is die mees algemene sonde?” en die wen antwoord was “Ondankbaarheid”.

Dit is voorwaar ‘n baie algemene sonde. ‘n Ander, heersende sonde, en ook een van die oudstes, is die misbruik van

seksualiteit. Daar word inderdaad dikwels van prostitusie as die "wêreld se oudste beroep"gepraat.

Satan het hierdie sonde aangegryp om dit baie meer universeel te maak as wat ons oor die algemeen begryp. Satan self is geslagloos. Hy is bitter oor die feit dat God die mens daarmee bedeel het. Dus, lei Satan die mensdom om seksuele sondes as een van die mees universele en verwoestende sondes te maak.

Gedurende meeste van die sogenaamde "Kerk jare" in die Romeins Katolieke lering, asook Engeland en die Verenigde State sedert die Victoriaanse tydperk, was seks prakties 'n verbode onderwerp van bespreking en selde genoem. Satan het seker gemaak dat seks as "skandelik" en as so 'n euwel beskou word, dat daar nie daaroor gepraat word nie. Ongeveer die begin van die twintigste eeu het Siegmund Freud, die stigter van psigoanalise, dit alles verander. Tot en met die Eerste Wêreldoorlog was dit ontwettig om selfs 'n boek wat sekskennis bevat, in die Verenigde State te publiseer, te verkoop of selfs uit te leen. Na die Eerste Wêreldoorlog het al die wetlike skanse op die meedeeling van seks inligting getuimel. 'n Lawine van boeke, pamflette, koerantartikels het op die publiek neergedaal. Tog in dit alles, word die mees belangrikste dimensie van kennis vermis.

## *DIE VERLORE DIMENSIE IN SEKS*

Die outeur se boek *The Missing Dimension in Sex word* gratis op versoek gestuur.

Dit bevat hierdie vermiste dimensie van kennis.

Beginnende die middel van die twintigste eeu, het die slagspreuk "die nuwe moraliteit" die publieke houdings geheel en al verander. Vandag word sedes openlik in die publieke media bespreek, veral in televisie, wat sodoende publieke aanvaarding aan promiskuïteit verleen. Vandag kan dit bevraagteken word, of soveel as 2 persent se jong bruide as maagde na die altaar gaan. Die huwelik is, vir 'n groot deel van die gemeenskap, op pad uit. In sommige omgewings ewenaar die hoeveelheid egskeidings, huwelike. Gesinslewe word afgebreek, alhoewel die gesin 'n basiese boublok van enige stabiele beskawing is.

Meer en meer, is kinders ongewens. Aborsie word vinnig publieke aanvaarding.

God het seks geskape, nie alleen om die mensdom lewend te hou nie, maar om genot, vreugdevolle en aangename geluk in suiwer gesonde liefde tussen man en vrou, te bring en as ‘n middel wat ‘n gelukkig getroude paar styf aan mekaar bind. Maar in moderne houdings, blyk dit dat die snoer wat veronderstel ‘n eggenoot en eggenote styf aan mekaar te bind, juis die koord is wat die huwelik in twee sny.

Dit is tyd dat u die waarheid omtrent die vermiste dimensie in seks weet. Dit word baie reguit, vreesloos, rasioneel en geestelik sowel as fisies in ons bogenoemde boek uiteengesit.

God verdoem homoseksualiteit. Hy het die hele bevolking van Sodom en Gomorra weens hirerdie sonde verwoes. Dit word in die eerste hoofstuk van Romeine verdoem, waar gesê word, dat geen so ‘n persoon die Koninkryk van God kan binne gaan nie. Dan probeer ons om die vieslike en aanstootlike naam "*homoseksueel*" te verander en diegene wat dit beoefen noem ons 'gays'. Die publieke media en die algemene publiek is besig om hierdie geslagsafwyking aanneembaar te maak deur dit "seksuele voorkeur" te noem. Ons word nasies van dronkaards en duisende word op ons snelweë deur dronk bestuurders gedood. En tog word oormatige alkohol inname deur miljoene dollars se advertensies op TV aangemoedig.

Ons bring straf op ons self deur sonde, sulke siektes soos alkoholisme, VIGS, herpes en ander geslagsiektes en dan probeer ons die gevolge van sulke sondes te voorkom deur mediese en wetenskaplike studies om geneesmiddels te produseer, wat sal toelaat dat hierdie sondes voortgaan.

Gaan nou voort met die profesie in Miga 5. Daarom, sal God ons straf en *ons vernietig—tensy ons ons bekeer*—net voor en tot en met, die uiterste verwoesting wat "*op die heidene*" gaan kom (vers 15), wat aan die EINDE van hierdie eeu en die wederkoms van Jesus Christus as Koning van konings plaasvind!

Daar is geen ander volke, behalwe die Amerikaners en Britte wat naastenby hierdie groot profesie vervul nie!

Soos wat die "trots van ons mag" algaande GEBREEK word, die Britte hul buitelandse seepoorte en besittings wêreldwyd verloor, en soos Amerika eienaarskap van die Panamakanaal

wegteken—beheer oor hierdie baie belangrike seepoort—soos die goudvoorraad verdwyn, gure weersomstandighede vermeerder, is hierdie fokale profesie alleen verteenwoordigend van 'n reuse BEWYS van waar die moderne "oorblyfsel" van Israel vandag woonagtig is!

## *STRAF VIR ALLE NASIES!*

Om dit nou eenvoudig te maak—van God se eie waarskuwende profesieë—dat hierdie grootste vermenigvuldige *intensiteit* van korrektiewe straf op Brittanje en Amerika sal val—insluitende die Statebondlande se volke. En dit sal hulle *eerste* tref!

Maar hulle is egter nie die enigste nasies wat onder sulke korrektiewe rampe gaan lei nie. God is die Skepper van ander nasies, ook! God is besorg oor die mense wat ons "heidene" noem. Hulle is ook menslik. Hulle is ook in God se beeld geskape, met die potensiaal om in God se geestelike GELYKENIS en karakter gevorm te word! God het die Apostel Paulus na die hieden nasies gestuur!

Die hele mensdom het in opstand teen, dit verwerp en van God en sy weë, afgekeer! Daar kan nooit weer vrede op aarde wees totdat al die nasies weer na God en Sy weë teruggekeer het nie en deur Sy allergrootste regering, regeer word.

Die mensdom in sy geheel is huidiglik vasgevang in die maalstroom van vinnig versnellende krisisse wat die merker van uiterste verwoesting van hierdie wêreld se mensgemaakte, Satan-geïnspireerde beskawing is.

Deur Jeremia sê God: "Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde, want die HERE het 'n twis met die nasies, *Hy hou gerig oor alle vlees*"—*ho*e? Die *World Tomorrow* program het hierdie *vreedsame* pleidooi wêreldwyd uitgedra, maar die wêreld, behalwe verspreide enkelinge, luister nie na hierdie *soort* "pleidooi" nie. Die volgende woorde vertel hoe God nou op die punt staan om te pleit: " …aan die swaard het Hy hulle oorgegee, spreek die HERE… Kyk, ONHEIL gaan uit van *volk tot volk*, en 'n groot storm word opgewek uit die agterhoeke van die aarde" (Jeremia 25:31-32).

God sal 'n Verenigde Europa gebruik om Brittanje-Amerika te straf. Dan sal Hy die Kommunistiese hordes gebruik om Romeinse Europa uit te wis.

Ons gaan 'n tyd van wêreldkrissise binne—uiterste wêreld chaos! Daar is oorlog, onmin en geweld in Asië, Afrika, Suid-Amerika, Sentraal-Amerika, Ierland, die Midde-Ooste—sowel as Europa en Noord-Amerika. Die bevolkingsontploffing is 'n wêreldwye dreigement vir die menslike voortbestaan. Misdaad, geweld, siektes, ongelykheid, armoede, vullis, morsigheid, agteruitgang en lyding—hierdie besmet ALLE nasies!

Maar soos verlossing EERSTE aan Israel gegee word, so ook korrektiewe bestrawwing!

## *ONS GROOT VERDRUKKING*

Vestig u aandag op Jeremia se profesie:

"Want so sê die HERE: Ons het 'n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie! Vra tog, en kyk of 'n manspersoon baar? Waarom sien ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar, en is alle aangesigte in bleekheid verander? Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van BENOUDHEID vir Jakob …" (Jeremia 30:5-7).

Onthou—toe Jakob die geboortereg aan die twee seuns van Josef, Efraim en Manasse, (Genesis 48:16) gegee het, het hy gesê: "mag deur hulle MY NAAM genoem word"—Efraim en Manasse—Brittanje en Amerika van vandag. Dit dui op WIE hierdie verskriklikste nasionale rampe gaan val—op Brittanje en Amerika!

Maar nou, wanneer gaan dit val? Moenie aanneem dat hierdie hoegenaamd na iets verwys wat met antieke Israel gebeur het nie. Hou aan lees—sien WANNEER hierdie profesie vervul gaan word!

Vervolg in Jeremia 30:7: "… dit is 'n tyd van benoudheid vir JAKOB; maar hy sal daaruit verlos word." (Nadat hy sy les *DAARIN* geleer het!) "En op dié dag, spreek die HERE van die leërskare, sal Ek sy JUK [die juk van slawerny] verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERRE hulle God dien *en* hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal *verwek*" (Dawid, ten tye van die OPSTANDING—terselftertyd as Christus se Wederkoms).

*Dus is die tyd* net voor Christus se WEDERKOMS—wanneer Hy ons mense *kom bevry* –net soos Moses antieke Israeliete uit Egiptiese slawerny bevry het.

## *JESUS HET DIT VOORSPEL!*

Ander profesieë praat van hierdie selfde tyd van nasionale rampspoedigheid wat groter as enige ander tevore is. Die deurslaggewende Nuwe Testament profesie is dié van Jesus wat hy op die Olyfberg gegee het—opgeteken in Matthéus 24, Markus 13 en Lukas 21.

Die apostels het Jesus privaat gevra WANNEER sy Wederkoms sou plaasvind—en die EINDE van *hierdie* wêreld en die wonderlike wêreld van môre sou begin. Jesus het hulle meegedeel dat die TEKEN waarby ons sou weet wanneer hierdie tyd baie NABY is, is dat sy oorspronklike evangelie, van die Koninkryk van God, dwarsoor die wêreld as 'n getuie tot al die nasies, verkondig sou word (Matthéus 24:14). Maar wat anders—net voor sy Wederkoms?

Jesus het vervolg: "Want dan sal daar GROOT VERDRUKKING wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees [lewend] gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (Matthéus 24:21-22).

Hier word die ergste tyd van MOEILIKHEID—VERDRUKKING—in die geskiedenis of toekoms beskryf. Jeremia het dit beskryf as "'n tyd van benoudheid vir JAKOB", so groot "sonder weerga!"

Daniël het hierdie selfde tyd van ontsettende verdrukking in die hele geskiedenis beskryf. Sprekend van 'n tyd nou in ons onmiddelike toekoms, voorspel Daniël: "En in dié tyd sal Mígael, die groot vors wat oor die kinders van jou volk staan, optree; en dit sal 'n tyd van BENOUDHEID wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie" (Daniël 12:1).

Dieselfde *mees intense straf* op Brittanje en Amerika. En WANNEER? Vervolg in dieselfde vers: "… maar in dié tyd sal jou volk gered word [vanuit hul slawerny], elkeen wat in die boek opgeskrywe staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap [die dooies], sal ontwaak [OPSTANDING], sommige tot die ewige lewe …" (verse 1-2).

Die tyd is net voor die OPSTANDING van die regverdiges, met Christus se Wederkoms. Christus se Wederkoms sal 'n einde maak aan hierdie wêreld se beskawings en die wonderlike, rustige en gelukkige wêreld van môre inlei.

# 6

# *Geheim van die Kerk*

Dalk is dit asof hierdie groot geheim met 'n oog opslag, nie na die grootste geheim vir lesers van hierdie volume, lyk nie. Die rede hiervoor is dat die ware doel en betekenis van die Kerk, net so min as die Bybel verstaan word. Die openbaring van hierdie geheim sal as 'n skok kom. Die reine waarheid oor die Kerk, die oorsprong en die doel daarvan het verborge vir selfs die belydende Christenwêreld, gebly.

Dit is onlosmaaklik ineengevleg met die evangelie van Jesus Christus. Dit is 'n verstommende feit dat die evangelie van Jesus Christus, vanaf 50 n.C tot en met 1953 nie aan die wêreld verkondig was nie. Die apostel Paulus het dit voorspel toe hy gesê het, "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, naamlik die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korinthiërs 4:3-4). Miljoene het hierdie versies al gelees, sonder om die ware betekenis, daarvan te begryp.

## *DIE KERK UITSLUITLIK VIR DIE CHRISTEN WÊRELD*

Die term *kerk,* is slegs op die Christelike godsdiens van toepassing. (Die Christelike godsdiens, soos oor die algemeen

geglo word, is die grootste godsdiens ter wêreld in getalle van belydende aanhangers.) Daar is ander gelowe met moskees, sinagoges en tempels. Maar is die Kerk ‘n gebou? Baie veronderstel dat dit so is, wat hul onkunde oor hul veronderstelling van wat die Kerk se doel en betekenis is, duidelik toon. In hierdie hoofstuk is die Kerk alleen, ons belang. Wanneer die geheim van die Kerk eers ontrafel is, dan is die Kerk, vir die mensdom, van uiterste belang.

Vir elke mens wat ooit sal leef, sal die Kerk wat Jesus Christus gestig het, ‘n onontbeerlike betekenis hê. Tog het feitlik niemand nog ooit geweet wat die betekenis daarvan is nie.

Selfs in die Christen wêreld het afvalligheid, verdeeldheid en veranderde tye, die oorspronklike doel en betekenis verdoesel, wat nou weliswaar ‘n raaisel is

Die woord *kerk* is ‘n Engelse taalwoord, wat uit die oorspronklike Grieks *ekklesia* vertaal is. *Ekklesia* beteken, diegene wat geroep is. Ou Testament Israel was gewoonlik die “gemeente” genoem. In sekere gevalle is die woord *gemeente*, sinoniem met die woord *kerk,* maar is daar tog tussen die terme kerk en gemeente, ’n onderskeid. Die gemeente van Israel was afgesonder, ‘n aparte nasie. Maar hulle was nie geestelik geroep in dieselfde sin wat kenmerkend van die Nuwe Testament Kerk is nie.

Die doel van die Kerk—die ware rede waarom Jesus Christus, die tweede Adam, die Kerk gestig het, was selfs vir die belydende Christen wêreld bedek.

## *WARE DOEL VAN DIE KERK*

Tot die skokkende verbasing van lesers van hierdie hoofstuk, gaan ek eerstens verklaar wat die kerk nie is of was nie. Dit is nie die middel waardeur God poog, om die “wêreld te red” nie. Min mag dit besef, maar Jesus het geen poging aangewend om bekeerlinge te werf of mense te nooi om: “hul harte vir hom” of “hom as hul persoonlike redder te aanvaar nie.”

In teendeel, hy het twaalf dissipels “geroep”—uitgesoek. Die woord dissipel beteken student. Hierdie twaalf was studente, wat deur Jesus die ware evangelie van die Koninkryk van God geleer was. Dit het die totale doel, waarom God die mensras op aarde

geskape het, betrek. Hierdie betekenis is verwerp, totaal verlore deur Adam, die eerste mens wat geskape was.

Laat ons op hierdie punt, alles saamvat. God is Skepper en Opperwese, wat sy hele skepping regeer. Hy het die aartsengel Lucifer op die aarde se troon geplaas om Sy regering, waarvan Sy wette die grondslag is, toe te pas. God se wette is ‘n manier van lewe—‘n uitgaande weg van liefde

God se regering is deur Lucifer, wat Satan geword het, verwerp en het net die teenoorgestelde van God se weg regeer—rebels, selfgerig en in stryd met wat reg is.

Aan Adam, die eerste mens wat geskape was, is die kans gebied om ‘n ewige God-lewe van gehoorsaamheid aan God, en totale onderworpenheid aan die wet en regering van God. Hy kon Satan op die troon van die aarde vervang het, maar hy het God se wette en regering verwerp. Sodoende is Satan nog steeds op die troon, waar hy tot vandag toe nog in beheer is. Adam en sy familie, is ontvoer en verlei om ‘n egosentriese vyandige lewe soos dié van Satan te lei. As gevolg daarvan, het God die boom van die lewe en sy Heilige Gees afgesluit, totdat Jesus Christus, die tweede Adam, vir Satan sou oorwin en as troonopvolger op die aarde, vervang. Tydens Sy eerste koms, as Jesus, die mens, het Christus nie gekom om die troon oor te neem nie, maar om Satan te oorwin en te kwalifiseer om hom op die troon te vervang en die ontvoerde wêreld deur sy gestorte bloed te bevry.

Nou, hoekom die Kerk? Christus het ook gekom om die uitverkorenes en uitgesoektes vanuit Satan se wêreld te roep, om die rug op Satan se weg te keer en die weg van God se wette te volg. Om sodoende te kwalifiseer om saam met Christus te regeer by sy wederkoms, om Satan op die troon van die aarde te vervang. Diegene wat in die Kerk ingeroep is, is nie net vir hulle saligheid en die ewige lewe geroep nie, maar ook om God se styl van regering te leer en om geestelike katrakter in hierdie sterflike leeftyd, in hierdie Kerk-era, te ontwikkel.

Sewe jaarlikse feeste, is as ‘n ewige, gewyde instelling aan ou Testamentiese Israel gegee. Hul ware betekenis het vir baie lank ‘n verborge geheim gebly. God se plan van saligheid—geestelike plan om homself voort te plant, word daardeur versinnebeeld. Die Pasga is ‘n afbeelding van Christus se dood as versoening vir die mens se sonde as dié berou toon. Die sewe dae van die

Fees van Ongesuurde Brood, is ‘n afbeeling van die Kerk wat hulle bekeer, soos wat Israel uit Egipte gekom het. Die dag van Pinkster, wat oorspronklik die Fees van Eerstelinge geheet het, dui op die Kerk as die eerstes wat verwek is en wat as kinders van God in hierdie Kerk-era, gebore word. Die Fees van Basuine beeld die wederkoms van Christus, om die aarde se troon oor te neem en alle volke te regeer, uit. Die Dag van Versoening beeld die verwydering van Satan uit.

Die Huttefees beeld die duisendjarige regering van Christus en die weergebore kinders van God, uit. Die Laaste Groot Dag is die finale oordeel wat in Hoofstuk 7 behandel sal word. Nou keer ons terug na die onderwerp van hierdie hoofstuk, die Kerk.

## *DIE INSTELLING VAN DIE KERK*

Wat en hoekom is die Kerk? Die instelling van die Kerk, soos voorheen genoem, mag nie lyk of dit ‘n raaisel is nie. Die moderne Westerse wêreld aanvaar die feit dat kerke as van selfsprekend, as ‘n deel van die beskaafde lewe bestaan.

Waarom die instelling van die Kerk in die wêreld?—Waarom is dit begin, en vir watter doel?

As dit vir mense in die nie-Christen wêreld, waar ander godsdienste aanvaar word, gevra word, sal hulle heelwaarskynlik geen antwoord hê nie. Hulle het min kennis omtrent die Kerk. Diegene in die meer moderne en liberale gebiede van tradisionele godsdiens, sal dalk sê dat die Kerk alleenlik bestaan as ‘n emosionele opheffing wat ‘n psigologiese invloed op diegene, wat nie die evolusie teorie, soos omvat in moderne hoër onderwys, aanvaar het nie.

Sou iemand wat in een van die evangelistiese Christen kerke is, gevra word, sal hulle heel waarskynlik sê dat dit ‘n instrument is wat God gebruik, om die wêreld van ‘n ewigheid in die hel te red. Dit is ‘n veronderstelling van hierdie mense, dat die Kerk iets soos ‘n sielreddings plek, om mense te “bekeer” is. As die Kerk tot stand gekom het en bevorderlik is “om mense te bekeer,” dan vra ek, hoe het God, voordat Jesus die Kerk gestig het, mense bekeer, daar hy, nie voor 4000 jaar na Adam en die eerste sonde, verskyn het nie. Indien God probeer het en steeds poog om die wêreld gedurende die 4000 jaar tussen

Adam en Christus te bekeer, op watter manier het hy dit probeer doen? Soos ons in hoofstuk 3 gesien het, het God die boom van die lewe van die begin van die wêreld, afgesluit. Die Heilige Gees en saligheid is gedurende al daardie jare, van die wêreld afgesny.

In die lig van feite wat deur God in sy Woord bekend gemaak is en in vorige hoofstukke behandel is, is al hierdie aannames verkeerd. Dis skreeuende getuienis van die feit wat in Openbaring 12:9 verklaar word, dat die hele wêreld deur Satan die duiwel mislei is. Hulle sinne is vir die waarheid van God se doel vir die mens, soos vermeld in 2 Korinthiërs 4:3-4, verblind.

Die bestaan van die Kerk is inderdaad vir bykans almal op aarde, ‘n raaisel.

Nuus aangaande een of ander kerk verskyn dikwels in koerante en op nuusuitsendings. Mense dink aan ‘n kerk op ‘n naby geleë hoek, of miskien van ‘n denominasie in die nuus, maar die feit oor die bestaan daarvan, sal nie in die gedagtes opkom as ‘n raaisel nie. As daar egter gevra word, waarom kerke bestaan en hoe het die Kerk, as ‘n instansie ontstaan —wat is die rede of die doel vir dié bestaan daarvan?—maak dit enige verskil of mens wel aan ‘n kerk behoort, aldan nie?—dan, inderdaad, word dit ‘n raaisel. Die gewone mens het nie ‘n antwoord nie.

Die feite, van die Kerk se oorsprong en doel, word bekend gemaak in daardie boek van geheime—die Bybel. Om hierdie raaisel te verduidelik, gaan heelwat meer bladsye in hierdie boek beslaan as enige ander onderwerp.

## *MY PERSOONLIKE ONDERVINDING*

Dit herinner my aan my persoonlike ondervinding, waarskynlik tipies van soveel ander. My ouers was lede van die ‘*Friends Church*’, wat deurgaans Kwakers genoem word. Die familie was Kwakers vir baie geslagte. Van kleins af was ek saam kerk toe en het dit as vanselfsprekend, deel van die normale lewe aanvaar. Ek was elke Sondag in die kerk omdat my ouers my gevat het en het ek met die gewoonte voortgegaan totdat ek 18 jaar oud was. Die gedagte het nooit eens by my opgekom om te vra waarom ons kerk moet bywoon nie, of hoe die kerk ontstaan het en wat die betekenis en die doel daarvan was nie.

Gedurende daardie jare het ek nooit, die “bekerings” ondervinding beleef nie. In my tienerjare was ek meegedeel dat ek ‘n geboortereg lidmaatskap in die kerk het. Ek was gelei om vanselfsprekend te aanvaar, dat ek ‘n onsterflike siel was en dat ek ten tye van my dood nie werklik sou sterf nie, maar na die hemel sou heengaan, waar ek geen verantwoordelikhede sou hê nie, maar net ‘n lewe van ledigheid en gemak, vir ewig in verhewe heerlikheid, sou lei. Ek het egter nie, enige godsdienstige, of leerstellige belangstelling gehad nie. Kerkbywoning en ‘n godsdienstige leefwyse was eenvoudig as vanselfsprekend, aanvaar. Maar ek het geen spesiale of diep godsdienstige of geestelike belangstelling gehad nie en op 18 jarige ouderdom, het ek die advertensiewese betree en alle belangstelling in godsdiens of die dinge van God verloor en opgehou om gereeld kerk toe te gaan. Ek het steeds in God geglo—dit wil sê, ek het die bestaan van God sedert my kinderdae toe ek van die bestaan van God geleer is, as vanselfsprekend aanvaar.

Op ouderdom 25 het ek daardie besondere en enigste vrou ooit, ontmoet en met haar getrou. Sy het meer ernstig in die dinge van God belang gestel. Ons was behoeftig dat ons by ‘n kerk, moes aansluit. My vrou se voorgeslag was deels Kwaker en deels Metodisties. Waar ons gewoon het, in ‘n voorstad van Chicago, was daar nie ‘n Kwaker gemeente in die omgewing nie. Ons het by ‘n Metodiste kerk aangesluit daar dit binne loopafstand geleë was en het ons van die predikant se persoonlikheid, asook die verkeer met sosiale lidmate, gehou. Ek dink dat ons ondervinding tipies die van miljoene ander was, maar dit het nooit by my opgekom om te vra of te wonder hoekom ons nou eintlik kerk toe gaan en hoe die kerk tot stand gekom het nie. Soos miljoene ander het ek aangeneem dat ”goeie mense” kerk toe gaan en daarom het ons ook.

## *DIE KERK MET BETREKKING TOT GESKIEDENIS VAN DIE VERLEDE*

Nou vra ek, is daar nog iemand wat die rede of doel van die kerk as ‘n instansie bevraagteken? Ek vra, weet enige iemand *Waarom* daar kerke is? Is daar ‘n rede daarvoor? Die werklike bestaan van die kerk, bekend as “Christendom” is een van die groot raaisels van ons tyd. Hierdie onderwerp herrinner aan die feit

dat ons nie die werklike betekenis en doel van die Kerk begryp nie, omdat ons nie gedurende die afgelope 6000 jaar geleef en gebeure beleef het wat tot die hede aanleiding gegee het nie. In hierdie hoofstuk sal ons die Kerk in sy ware verhouding met al die vorige vyf hoofstukke se gebeure wat in hierdie boek beskryf is, beskou. Weereens, wat is die Kerk?

Meeste dink van die kerk as 'n gebou met 'n spitsdak en 'n toring wat hemelwaarts wys en 'n kruis aan die voorkant daarvan. Inderdaad beskryf Webster die woord *kerk* as 'n gebou. Dit was iets heeltemal anders toe dit oorspronklik gestig is.

Mense veronderstel dat 'n kerk 'n gebou is waarheen mense—sommige van hulle—Sondagoggende heen stroom om te "aanbid." Hulle dink *mense* gaan na 'n *kerk* toe. Soos in die Nuwe Testament gebasseer, het die *kerk* eerstens na 'n *gebou,* 'n private huis gegaan. Die Kerk het op 'n Saterdag en nie 'n Sondag nie, bymekaar gekom.

Die kerke van vandag het drasties van Christus se patroon verander! Hierdie feit, is ook in 'n dekmantel van verborgenheid omvou, wat feitlik deur niemand verstaan word nie. Maar om watter DOEL het Christus die Kerk gestig? Wat het sedertdien daarvan geword?

Sommige mag weet dat Christus die Kerk gestig het. Maar wie en wat is Christus? Indien hy die stigter van die Kerk was, vir watter doel het hy dit gestig? Slegs een Kerk is deur hom gestig. Tog is daar vandag talle verskillende kerke in die Westerse wêreld—Katoliek, Protestant, onafhanklikes en binne hulle is baie denominasies, sektes, afdelings of gemeentes, elk met verskillende oortuigings, leerstellings, rituele en programme.

Die Kerk het as een Kerk begin. Soos dit in 1 Korinthiërs 12 aangeteken is, het die Kerk uit baie lede bestaan, maar slegs die een liggaam—waarvan Jesus Christus die Hoof was.

In die begin van hierdie hoofstuk was ons hoofsaaklik besig met vier basiese vrae wat 'n raaisel uitmaak en dit is nodig om met begrip bekend gemaak te word.

1) Wie en wat is Christus? Waarom het hy aarde toe gekom?

2) Wat is die Kerk en waarom is die Kerk gestig?

3) Wat is die evangelie boodskap wat die Kerk moet uitdra?

4) Wat is die Kerk se geskiedenis? Waarom is die

Christendom vandag so anders as in die eerste eeu toe dit ontstaan het?

Institusioneel word die Kerk vandag as ‘n godsdienstige organisasie, genootskap of gemeenskap beskou. ‘n Mens—indien “goed”—is veronderstel om by ‘n “kerk van sy keuse” aan te sluit. Natuurlik is daar “goeie ouens” en die “slegte ouens” en die “goeies” gaan kerk toe. Maak dit enigsins ‘n verskil, watter kerk—watter denominasie dit moet wees?

## *‘N LERAAR SONDER ‘N HERDERSAMP*

Ek word aan ‘n gebeurtenis van 50 jaar gelede herinner toe ek nog in Eugene, Oregon was. ‘n Gewese leraar, pas getroud, wat ‘n geruime tyd nie in die bediening was nie en werk gesoek het, het na my toe gekom. Sy vrou het geld gehad, maar hy was te trots dat sy hom moes onderhou.

“Weet jy van enige kanselvakature in Lane County?” het hy gevra. “Ek wil my vrou onderhou, en sy wil graag hier in Lane County bly.”

“Wel, ja,” het ek geantwoord. “Ek weet van een vakature, maar dit sal jou nie help nie, want dit is ‘n Christen kerk, en jy is ‘n Metodis met ander oortuigings en gebruike.”

“O, dit sal geen verskil maak nie,” het hy my verseker. “Ek sal enige leerstelling, wat hulle wil hê dat ek moet, verkondig.”

Maak dit rêrig enige verskil wat ons glo? Laat God se Woord die vraag beantwoord.

Dit wil voorkom asof die Kerk iets van belang is in aanbidding saam met ander mense. Die veronderstelling is, dat dit na aanbidding van God, verwys.

Indien daar ‘n verwantskap tussen God en die Kerk is, wat is die verhouding? Hoe het die Kerk begin? Dit alles is vir vandag se wêreld ‘n geheim.

Toe my intense Bybelstudie my in die vroeë gedeelte van 1927tot bekering gelei het, het ek myself sulke vrae afgevra. Ek veronderstel dat vrae van die soort nooit die gemiddelde gedagte binnegedring nie.

In die Griekse Nuwe Testament, word Kerk *ekklesia* genoem en dit is ‘n Griekse woord wat uitverkorenes—vergaderings,

gemeentes, samekomste, byeenkomste, beteken. Daar is geen heiligheid aan die woord *ekklesia* verbonde nie. Die *naam* van die Kerk, wat egter 12 maal in die Nuwe Testament gebruik word, is "Kerk van God"—wat aandui dat dit God se Kerk is—en daardie naam, heg heiligheid daaraan. Die Ou Testament Kerk was die "Vergadering van Israel," 'n mens.

## *WAAROM JESUS DIE KERK GESTIG HET*

Die eerste plek in die Nuwe Testament waar die woord *kerk* voorkom is in Matthéüs 16:18, waar Jesus Simon Petrus aanspreek en sê: "sal Ek my gemeente bou." Die geïnspireerde Griekse woord vir kerk, soos hierbo genoem is *ekklesia*, wat uitverkorenes beteken. Om dit duideliker in Afrikaans te stel, het Jesus gesê: "Uit Satan se wêreld sal ek dissipels roep, om in God se Koninkryk in te groei, wat 'n algehele nuwe en ander wêreld sal wees." Dat Christus die Hoof van die Kerk is, word In Efésiërs 5:23 verklaar.

Wat ons dan weet is, dat wat ookal die Kerk is, dit behoort aan God en die naam daarvan is die KERK VAN GOD. Jesus Christus is die stigter en hy is die lewende HOOF daarvan.

Maar indien dit God se Kerk is—en Jesus Christus die stigter is en tans aanvoer—dan is dit iets BELANGRIK VIR GOD, en daarom is dit LEWENSBELANGRIK DAT ONS DIT MOET VERSTAAN! Ons moet dit *wat vooraf gebeur het* in gedagte hou—wat daartoe aanleiding gegee het—verstaan *WAAROM* die lewende God dit gestig het—*WAT* dit is, en waar dit in die geestelike DOEL wat hier onder uitgewerk word, inpas.

## *OU TESTAMENT KERK*

Ou Testament Israel het vir die totstandkoming van die Koninkryk van God 'n inleidende en uiterste rol gehad. Die eerste keer wat die Kerk se bestaan in die Bybel genoem word, is in Handelinge 7:38 waar daar van Moses en "die vergadering [Kerk] in die woestyn," by die Berg Sinai, gepraat word. Ou Testament Israel was dus die "Kerk." As 'n Kerk, word daar na Israel in die Ou Testament in die algemeen as die "Vergadering van Israel," verwys.

Soos ons egter sal sien, is die Kerk van die Nuwe Testament heeltemal verskillend en het dit 'n heeltemal ander doel as wat die Ou

Testamentiese "Vergadering van Israel" gehad het. Feitlik niemand kon dit verstaan, dat die evangelie nie aan die wêreld verkondig kon word nie en kon die geroepe gemeentes van God nie die Heilige Gees ontvang het nie, *totdat* Jesus a) gekwalifiseer het om Satan te oorwin, en b) na sy hemelvaart, verheerlik is nie (Johannes 7:37-39).

*Dit is iets wat selfs die godgeleerdes en kerkleiers van vandag nie verstaan nie.*

Dit is inderdaad 'n geheim, wat geopenbaar en verstaan moet word. Laat ons duidelik verstaan wie en wat Christus is.

Reeds in hoofstuk 1 het ons gesien dat Christus, die "Logos" en ook God was, in die ewigheid voordat die wêreld ontstaan het. Hy was ook as Jesus, die Seun van God, gebore. As die Seun van God, wat was Jesus dan? Hy word die tweede Adam genoem (1 Korinthiërs 15:45). Waarom word hy die tweede Adam genoem? Die eerste Adam het die geleentheid om van die boom van die lewe gebruik te maak gehad, wat God-lewe sou beteken het—gehoorsaam aan God te wees en kon hy daardeur, Satan op die troon van die aarde, ontsetel. Jesus het gekom om te kwalifiseer, Satan te onttroon en die regering van God op aarde in te stel, deur diegene wat uit Satan se wêreld geroep is. Hy het ook met 'n boodskap van God gekom, wat die evangelie genoem word.Die woord *evangelie* beteken goeie nuus. Eintlik is Sy evangelie—die boodskap wat God deur hom gestuur het—die goeie nuus van die Koninkryk van God. Soos ons sal sien, is die Koninkryk van God eintlik die herstel van God se regering oor die hele aarde en die verdrywing van Satan, van daardie troon af, is.

Jesus het ook gekom om die Kerk te bou. Hy het ook gekom om die losprys te betaal vir 'n wêreld wat vasgevang was en deur hierdie prys—sy dood—die skuld, vir al die mense se sondes, wat hulle op die hals gehaal het, te betaal.

## *JESUS—HEERSER EN KONING VAN DIE AARDE*

Volgende, wat feitlik alle "Christene," insluitende teoloë, nie besef nie, is dat Jesus gebore was om KONING te word.

Tydens die verhoor om sy lewe voor Pilatus, was Jesus gevra" "Is u 'n Koning?" Jesus het geantwoord: "U sê dat Ek 'n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom… (Johannes 18.37). Jesus het ook gesê (vers 36), "My Koninkryk is nie

van hier nie… [anders] sou my dienaars geveg het”—wat bevestig dat dit Satan se wêreld is. Jesus het gekom om mense uit hierdie wêreld uit te roep om opgelei te word om te ondderig en onder hom te regeer, wanneer Hy Koning word en die troon van die aarde oorneem.

Voordat Jesus verwek en gebore is, het God deur sy engel, aan Maria, sy toekomstige moeder, gesê: “En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Lukas 1:31-33). Sy evangelie was die goeie nuus van daardie koninkryk—die Koninkryk van God.

Dit is belangrik dat ons nou, op hierdie punt moet verstaan, dat Jesus, gedurende sy menslike bestaan, beide God en mens was. Maria, die moeder van Jesus, was die maagd wat ‘n seun sou baar, soos in Jesaja 7:14 voorspel is. In hierdie voorspelling, moes die seun se naam Immánuel wees, wat “God met ons” beteken. Met ander woorde, Jesus was God, terselfdertyd ook ‘n mens. Hy was nie deur ‘n mens verwek nie. God die Almagtige was sy vader wat hom deur sy Heilige Gees, verwek het. Alhoewel Jesus eintlik “God met ons” was, was hy ook ‘n mens soos alle ander mense. Hy was aan dieselfde versoekings soos alle mense blootgestel. Alhoewel hy eintlik God in die vlees was, was hy ‘n mens in sy funksie as leraar. Onthou, Hy was die tweede Adam. Dit was noodsaaklik om as mens, die “verbode boom” te verwerp en die boom van die lewe aan te neem. Dit was noodsaaklik dat hy, soos wat die eerste Adam moes gedoen het, kies om absoluut op God te vertrou. In werklikheid, was God in Christus en was hy sy Vader volkome gehoorsaam. Hy het gekwalifiseer om die troon van die aarde van Satan af, weg te ruk.

## *JESUS WAS GOD*

Hoekom was dit nodig, dat Jesus werklik God, in die menslike vlees, moes wees? Waarom was dit noodsaaklik dat hy God moes wees? Waarom was dit noodsaaklik dat hy ‘n mens moes wees? As God was hy die Skepper van die mensdom in geheel. In Efésiërs 3.9 word dit openbaar dat God alle dinge deur Jesus

Christus geskape het. Toe Jesus, as mens gebore was, was sy lewe as ons Skepper meer werd as die somtotaal van alle menselewens. Aangesien dit die mense is wat gesondig het en aan die doodstraf onderworpe is, vereis die wet van God, die dood van die mens as straf vir mens se sonde. Maar Jesus, as Skepper, was die enigste mens wie se dood die straf vir die sonde van die hele mensdom kon betaal.

Daar is geen ander wyse waarop God die Skepper, die hele mensdom van die doodstraf kon verlos nie.

## *JESUS VIR ONS GENESING GESLAAN*

Alhoewel Jesus God in die vlees was, moet ons in gedagte hou dat hy ook 'n mens net soos ons was. Hy kon dieselfde fisiese pyn, verduur. Hy is deur Pilatus, die Romeinse goewerneur op die luidrugtige aandrang van die gillende Jode ter dood veroordeel.

Hy was 'n sterk gespierde jongman van so 33 jaar met uitmuntende gesondheid. Omdat hy nooit, selfs enige gesondheidswet oortree het nie, was sy sterwenslyding erger as enige ander mens s'n ooit. Weens sy verhoor voor Pilatus het hy nooit gedurende die nag geslaap nie. Pilatus het hom later daardie oggend oorgelewer, om gegesel te word, voordat hy tereggestel is.

Om gegesel te word, was om met 'n kaal bolyf, gebukkend aan 'n paal vasgemaak te word. Hy was met 'n sweep geslaan wat van leer met talle voorslae gemaak is, waaraan stukkies lood, gebreekte beensplinters en skerp stukkies metaal so vier tot vyf duim uitmekaar vasgemaak is. Dit was so ontwerp om diep in die vleis in te keep as die sweep rondom die liggaam vou. Hy was so geslaan en oopgeskeur, dat selfs sy ribbes gesien kon word. Geseling was bedoel om slagoffers so uit te put dat hulle gou sou sterf wanneer hulle aan die paal van kruisiging, vasgemaak word. Soos daar in Jesaja 52:14 voorspel was: "so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos dié van 'n mensekind nie."

Hierdie onbeskryflike geseling was verduur sodat gelowiges gesond gemaak kan word van fisiese oortredings, siektes en kwale (Jesaja 53:5; 1 Petrus 2:24). Wat 'n verskriklike, prys moes

ons eie Skepper betaal, sodat ons, indien ons sou glo, gesond gemaak kan word. Nogtans ignoreer byna alle beleidende gelowiges, wat hulle Skepper hierdeur vir hulle voorsien het en pleks dat hy vertrou word, word hul geloof in dokters, dwelms, medisyne en messe, geplaas.

Jesus was so verswak deur die vreeslike kastyding dat hy nie in staat was om vir die kort entjie, soos van hom verwag was, sy kruis te dra nie en was iemand anders aangestel om dit vir hom te dra.

## *DIE MEES PYNLIKE EN VERAGTELIKE DOOD*

Buitekant die stadsmure, by ‘n plek genaamd Plek van die Hoofskedel (Golgota) is Jesus gekruisig. Hy was verneder, op gespoeg, bespot en uitgejou.

Meer as dit, omdat hy op daardie oomblik ons sondes op hom geneem het om die straf in ons plek te betaal, het selfs sy Vader, God, hom verlaat. Terwyl hy hulpeloos aan die kruis gehang het, het ‘n soldaat hom met ‘n spies gesteek, hy het geskreeu van die pyn (Matthéüs 27:50), en toe gesterf. Hy het dit gedoen omdat ek en jy die wet van God oortree het. Hy het die hoogste moontlike offer vir ons betaal.

Nog ‘n vername en kragtige waarheid. Jesus se opstanding vanuit die dood was dié van ‘n mens en die enigste wat die opstanding van mense, wat reeds dood is, na ‘n ewige lewe moontlik maak.

′n Verdere kragtige profesie in Jesaja 9:5-6. “Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors, tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen.” Let daarop dat die heerskappy op sy skouers sal wees. Jesus gaan Koning oor die hele aarde wees. Een van die doelwitte van sy koms, was om juis hierdie koninkryk aan te kondig. Jesus se evangelie was nie net goeie nuus nie—dit was ‘n aankondiging of proklamasie van die goeie nuus van die toekomstige Koninkryk van God. Wat ‘n

tragedie dat 'tradisionele christendom' hierdie lewensbelangrike en glansryke boodskap versaak en met hul eie evangelie oor die persoon van Christus vervang het

Jesus is as mens gebore, om Koning te word, om ten einde laaste die Koninkryk van God te stig, die hele wêreld met die regering van God te regeer. Maar daardie heerskappy vereis meer as net die individu Jesus. 'n Koning, president, eerste minister of regeerder van 'n volk, regeer deur en met behulp van 'n min of meer groot organisasie van andere wat verskillende posisisies en departemente onder hulle bestuur. Eweneens, moet Christus ook 'n georganiseerde regering hê met opgeleide en gekwalifiseerde persone onder hom, om met die regering te help. Jesus het gesê: "Ek sal my gemeente bou" (Matthéüs 16:18). Die Kerk bestaan uit diegene wat uit Satan se wêreld uitgeroep is, om vir verskeie regeringsposisies opgelei en onderrig te word onder Christus, met Sy wederkoms om oor al die nasies te regeer.

## *JESUS—GEESTELIKE VERLOSSER*

Jesus het as geestelike Verlosser gekom om God se volk in 'n gepaste tyd van hul sondes te bevry, sodat hulle ook in God se geestelike familie weergebore mag word (Matthéüs 1:21).

Onthou, die boom van die lewe, wat die Heilige Gees simboliseer, is ná Adam se sondeval, aan die begin van die skepping van die aarde, die mensdom ontneem. Wat die wêreld nie verstaan nie, is dat die Gees van God as 'n geheel van die mens ontneem was *totdat* die tweede Adam vir Satan totaal verwyder en die regering van God op aarde herstel het.

Vir die mensdom in geheel is dit ten tye van Adam se sonde bepaal, vir die mens om eenmaal te sterwe en daarna, deur die opstanding, sal die oordeel kom (Hebreërs 9:27).

Die Heilige Gees was nie aan die mense van ou Israel gegee nie. Aangesien God profete geroep en vir 'n spesifieke doel verwek het, ter voorbereiding van die mensdom se heil, moes daar vir hulle 'n uitsondering gemaak word, deur hulle met die Heilige Gees te bemagtig, sodat hulle, hul roeping kon uitvoer.

Aangesien God sy Kerk, deur Jesus vir 'n spesifieke doel, ter voorbereiding van die daarstelling van sy koninkryk en

heerskappy oor alle nasies roep, moet dieselfde uitsondering vir die Kerk gemaak word dat hulle deur die Heilige Gees bemagtig word.

God het volstrek nie die profete met sy Heilige Gees bemagtig met die doel om hulle saligheid te gee nie. Desgelyks, is heiliges nie uit hierdie wêreld deur God geroep om saligheid en toegang tot sy koninkryk te verkry nie. Andersins sou God ʻn respekteerder van persone gewees het, indien God net die paar van sy Kerk op hierdie tydstip roep, terwyl ander die saligheid ontsê word.

Indien God net saligheid vir die paar in sy Kerk nou oopmaak, terwyl hy die oorgrote meerderheid van die wêreld, om as ʻn geheel, tot later uitgesluit te word, dan is God beslis ʻn respekteerder van persone, en diskrimineer hy teen die wêreld, in geheel. Jesus sê baie duidelik dat niemand na hom toe kan kom nie, tensy God die Vader hom nie trek nie (Johannes 6:44). ʻn Verklaarde Christendom glo presies die teenoorgestelde en word daar deur hierdie valse Christendom geleer dat God almal tans roep en probeer hy om almal nou te red. Indien dit waar is, dan is Satan sekerlik besig om ʻn groot oorwinning oor God te behaal. Die oorweldigende meerderheid van die mensdom weet min of niks van Christus of van saligheid deur hom nie.

## *ʻN TYDORDE VIR SALIGHEID*

Saligheid en die ewige lewe vir elke persoon wat ooit gebore is, is deel van God se meesterplan, wat eis dat dit in ʻn tydsorde gedoen word.

Diegene wat tans vanuit die wêreld en in die Kerk in geroep word, word geroep vir ʻn spesifieke doel en ʻn spesifieke werk. Hierdie spesifieke werk maak die geestelike opleiding moontlik, om met die bekering van die mensdom in sy geheel, behulpsaam te wees. Hulle word in ʻn tyd wat hulle deur Satan vervolg word en teen hom en die res van die wêreld moet stry, geroep. Die res van die wêreld, sal wanneer Satan verwyder is geroep word en sal hulle deur Christus en die heiliges, wat dan reeds onsterflik in die koninkryk van God is, bygestaan en gehelp word.

Satan het die verstand van die ongelowige wêreld en belydende tradisionele "Christendom" vir hierdie feit,

verblind (2 Korinthiërs 4:4). Satan het die hele wêreld, insluitende 'n belydende tradisionele "Christendom" mislei (Openbaring 12:9).

Nóg belydende Christene nóg hul geleerde teologiese leiers, verstaan die hoofdoelwitte waarom Jesus aarde toe gekom het, nie!

## *HOEKOM HET JESUS GEKOM*

Jesus het nie gekom om Satan se wêreld te red, terwyl hy nog op die troon sit en hulle bedrieg nie. Jesus sal tydens sy wederkoms, wanneer Satan reeds gebind is, die wêreld red. Hoekom het Jesus dan meer as 1900 jaar gelede gekom? Hy het nie gekom om te heers nie, ook nie om oor alle volke te regeer nie, ook nie om die wêreld te red terwyl Satan in beheer is nie.

Sy geboorte as mens, was die koms van die "tweede Adam." Hy het gekom, 1) om waar die eerste Adam misluk het, te kwalifiseer om die gewese aartsengel Lucifer op die AARDE SE TROON, te vervang en met die REGERING VAN GOD te regeer. Hy het gekom 2) om die KONINKRYK VAN GOD se toekomstige stigting aan te kondig en om die profetiese goeie nuus (die evangelie) aan sy toekomstige verkose dissipels te verkondig. Hy het gekom 3) om as ons Skepper, die straf vir ons sondes op hom te neem en op die kruis te sterf—sodat ons in daardie wêreld kan deel. En Hy het gekom 4) om deur God uit die dode opgewek te word en dit vir die mense van God en dan na sy wederkoms, vir die hele mensdom, wat ooit op die aarde gelewe het en gewillig is, die EWIGE GOD-LEWE, moontlik te maak. En Hy het gekom 5) om GOD SE KERK te vestig en hulle op te lei om onder hom te regeer.

## *INTUSSEN, SATAN SE BEWIND*

Die slinkse en bose Satan het intussen vir 4,000 jaar sedert die eerste Adam, die mensdom wat totaal, van die kennis en kontak met God AFGESNY was, onsigbaar beheer en regeer. Hy sit steeds in daardie MAGSposisie—alhoewel hy nie God se manier van uitgaande liefde, samewerking, vrede, geluk en blydskap, toepas nie, maar eerder die mensdom baie subtiel swaai om presies die teenoorgestelde van God se wette te

lewe—wat die weg van verwaandheid, begeerte, kompetisie, twis en geweld, is.

Onmiddellik na die Christuskind se geboorte het Satan, deur die Romeins-aangestelde Koning Herodus, gepoog om die toekomstige KONING te vermoor (Matthéüs 2:13-15). Maar God het vir Josef en Maria gewaarsku om met die Kind na Egipte te vlug tot na Koning Herodus se dood.

Toe Jesus omtrent 30 jaar oud was, was hy gereed om sy apostels te begin kies, om aan hulle die boodskap van God vir die mens—sy evangelie, te verkondig en te leer. Maar eerstens, was dit egter noodsaaklik dat hy KWALIFISEER om Satan te vervang en die KONINKRYK VAN GOD te stig, deur Satan te oorwin.

Hierdie was heelwaarskynlik die belangrikste, deurslaggewenste, konfronterenste geveg wat nog ooit in die heelal plaasgevind het. Dit word volledig in Matthéüs hoofstuk 4 beskryf.

## *DIE TITANIESE STRYD VAN DIE EEUE*

Vir 40 dae en 40 nagte het Jesus gevas—sonder kos of water. Deur fisiese, swakheid was hy geestelik versterk. Satan het nou sy mees slinkse, subtiele, meesterlike krag van bedrieëry gebruik. Hy, moes seker gedink het dat hy vir Christus werklik, kon uitoorlê en geestelik neerfel. Satan was ook deeglik daarvan bewus dat hy om die behoud van sy aardse troon veg.

Satan het sy eerste aanval, na sy mening, op beide die fisiese en geestelik, kwesbaarste plekke geloods. ‘n Man sonder kos en water vir 40 volle dae, sou sekerlik verswak wees en maklik aan die versoeking van voedsel toegee. Daarby is die grootste geestelike swakheid, ydelheid!

“As” het Satan gesmaal—hy het die doeltreffende klein woordjie *AS* gebruik—”*AS* u die Seun van God is”—’n normale mens sou beledig en verontwaardig gewees het. Hy sou tartend terug geantwoord het, “Wat bedoel jy, *ás* ek die Seun van God is? Ek sal jou wys dat ek die Seun van God is!”

Maar Satan het in hierdie eerste aanval gesê: *As* u die Seun van God is, sê vir hierdie klippe om brood te word.” Met ander woorde, “Die Seun van God kan wonderwerke doen. BEWYS

aan my dat jy die Seun van God is! Jy is bitter honger. Doen 'n wonderwerk! Voed jouself deur 'n wonderwerk!"

Maar Jesus het net geantwoord deur God se Woord aan te haal en te gehoorsaam: "Daar staan geskrywe, Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan."

Satan se eerste en mees, effektiewe aanval was afgeweer. Maar Satan gooi nooit tou op nie. Hy het Jesus na Jerusalem geneem en hom op die Tempel se hoogste spits geplaas. Hy het nog steeds BEVRAAGTEKEN of Jesus die Seun van God was.

"*As* U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie." Nou het Satan uit die Skrif aangehaal. Maar *hy het dit misbruik*, deur die mening daarvan te verdraai, soos wat hy dikwels geleerdes beinvloed om ook te doen,

Jesus se antwoord was, "Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie," wat 'n aanhaling uit Deuteronómium 6:16, is om YHWH (Hebreeus), wat Christus geword het, nie uit te lok nie.

Satan het nog steeds nie tou op gegooi nie.

Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, en sê vir Hom: "Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid."

Jesus het nie ontken dat Satan tans in beheer van die volke op aarde was nie. Dit was 'n versoeking om nie dadelik die mag oor te neem nie. Satan was deeglik bewus daarvan dat Jesus 1900 jaar later, al hierdie dinge sou erf. Maar hy het Jesus uitgelok om hom te glo, dat hy DADELIK hierdie dinge aan hom sou oorhandig en hom sodoende die wêreld mag te besorg. Jesus het egter besluit dat dit tyd was om hierdie titaniese stryd om wêreld oorheersing te beëindig.

Jesus uiter nou 'n kortaf bevel—'n BEVEL wat aandui dat hy MEESTER oor Satan is!

"Gaan weg, Satan!" het Hy met opperste GESAG beveel! Satan het na hierdie nederlaag weggesluip. Maar Satan het nie tou opgegooi nie. Hy het tot nou toe nie tou opgegooi nie. Hy beveg tot vandag toe God se KERK!

## *JESUS HET GEKWALIFISEER*

Jesus Christus, die tweede Adam, het GEKWALIFISEER! Tot op daardie oomblik kon die GOEIE NUUS van die komende KONINGKRYK VAN GOD, nooit aan die wêreld aangekondig word nie. Nou het die Seun van God Satan teengestaan en oorwin—Hy het GEKWALIFISEER om God se GESAG en die KONINGKRYK VAN GOD op aarde te hervestig. Maar nou moet die KERK ook kwalifiseer om saam met Hom te regeer!

Jesus het onder andere, gekom om sy KERK uit hierdie wêreld uit te roep. Dié wat geroep word, was in—en VAN—hierdie wêreld. Elkeen het vanweë sonde, die DOODSTRAF op die hals gehaal. Maar God het ALLES deur die *WOORD*, wat Jesus Christus geword het, geskep. Daarom is die waarde van Jesus se lewe meer werd, as al die menselewens saam!

Stel jou ‘n seun van die rykste en magtigste man op aarde, voor. Die seun van die magnaat is sy erfgenaam—om sy groot rykdom te erf. As toekomstige erfgenaam, is ‘n aansienlike gedeelte daarvan reeds aan hom toebedeel. Hierdie jong man koester ‘n diepe toegeneentheid teenoor ‘n ander jong man. Sy vriend het ‘n misdaad gepleeg en miljoene dollar skuld se skuld gemaak, wat hy nie kan vereffen nie. Hy het ‘n diepe berou, maar kan homself nie van die tronkstraf weens die diefstal, red nie. Uit meegevoel met sy vriend, betaal die seun die multimiljoen-dollar skuld met sy eie geld. Sy skuldige vriend se skuld is nou TEN VOLLE BETAAL. Sy skuld—sy groot verpligting—hang nie meer oor hom nie—hy word van daardie verpligting en die swaar straf daaraan verbonde, bevry!

Die hele mensdom het vader Adam nagevolg—het sodoende die hoogste straf, die DOODSTRAF, op die hals gehaal. Voordat Jesus (die “Woord”), nou die Seun van GOD, sy KERK kon stig, moes die wat uit die wêreld *in* daardie KERK ingeroep word, van die hoogste tol—die DOODSTRAF, vrygemaak word sodat hulle die EWIGE LEWE kan beërwe!

Een van die redes hoekom Jesus as mens aarde toe gekom het was juis om daardie straf te vereffen—die hoogste doodstraf—nie net vir diegene wat in sy Kerk ingeroep is nie, maar uiteindelik om ook vir die HELE MENSDOM, elkeen op sy eie tyd, te bevry!

Siende, dat daardie DOODSTRAF wat hy *vir* die sondige mensdom sou BETAAL, sy lewe as mens sou BEËINDIG, was die vereffening daarvan gereserveer as die finale menslike daad, nadat alles wat beoog was gedurende sy menslike lewe, afgehandel was.

Nietemin gee dit die leser 'n begrip van *HOE GROOT* hierdie Jesus is, wat die KERK VAN GOD kom stig het!

Hou altyd in gedagte dat, alhoewel sy aardse bediening begin het toe hy omtrent 30 jaar oud was (as MENS), was hy die EWIGLEWENDE—EWIGE GOD—wat van altyd af, bestaan het. Hoe VERNAAM was daardie 30-jaar-oue menslike lewe nie!

Hierdie Jesus wat in Násaret groot geword het, het vanaf geboorte SATAN weerstaan en hom oorwin—Satan se self gesentreerde manier van "KRY," verwerp. Tydens hierdie titaniese konfrontasie, het hy GEKWALIFISEER om GOD SE REGERING TE HERSTEL en die KONINKRYK VAN GOD op aarde te stig en daardie stelsel toe te pas! Waar die eerste Adam misluk het om dit te doen was die tweede Adam suksesvol.

## *"PETRUS" 'N TITEL WAT LEIERSKAP AANDUI*

Dadelik na die deurslaggewende stryd om Satan te oorwin, het twee van Johannes die Doper se dissipels, vir Jesus saam met Johannes gesien. Jesus het hulle uitgenooi om hom na sy huis toe te volg. Een van hulle was Andreas, Jona se seun en hy het sy broer, Simon bar-Jona geroep.

Toe kyk Jesus hom aan en sê: "Jy is Simon, die seun van Jona; jy sal genoem word Céfas, (PETRUS, in Grieks)" wat klipsteen beteken (Johannes 1:42).

In Markus 3:14, 16, lees ons:"En Hy [Jesus] het twaalf aangestel, sodat hulle saam met Hom kon wees en Hy hulle kon stuur om te preek… En aan Simon het Hy die bynaam Petrus gegee." Volgens Webster is 'n van, "'n naam wat bygevoeg word en van 'n beroep afkomstig is."

Die van, Petrus, was vir eeue lank 'n van of 'n TITEL wat 'n godsdienstige LEIER, HOOF of HOOFKWARTIER, aandui. Petrus was die eerste- en hoof apostel. 'n Apostel is "iemand wat gestuur word om iets bekend te maak of te verkondig."

Dus, het Jesus Christus, heel aan die begin van sy aardse bediening, om die GRONDSLAG van die Kerk, voor te berei, sy hoof apostel (mens) en die ander oorspronklike 11 uitverkies. Hulle, saam met die profete wie se geskrewe werke vanaf die begin van God se eerste gekose Gemeente (en NASIE), Israel, bewaar gebly het, was die FONDAMENT van God se KERK. Jesus self, was nie net die Stigter nie, maar ook die Hoof, en die vernaamste "hoeksteen" van die KERK (Efésiërs 2:19-21; 5:23).

## *BELANGRIKHEID VAN 'N STERK GRONDSLAG*

Voor ouderdom 30, was Jesus 'n skrynwerker—ook met steen sowel as met hout gebou. Hy was deeglik daarvan bewus dat 'n FONDASIE, voor die struktuur self, gelê moet word.

Jesus het sy apostels self uitverkies. Hy het later aan hulle gesê, "Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies" (Johannes 15:16, 19).

Jesus het nou daardie evangelie BOODSKAP, waarmee hy na die wêreld as God se Boodskapper gestuur was, begin verkondig (Maleági 3:1).

In Markus, hoofstuk 1, lees ons, "Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God…het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die KONINGKRYK VAN GOD, verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie" (Markus 1:1, 14-15).

En in Matthéüs, "En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig" (Matthéüs 4:23).

Hierdie profetiese boodskap (evangelie) van die KONINGKRYK VAN GOD sal volledig in Hoofstuk 7, verduidelik word. Dit was die goeie nuus van die toekomstige instelling van die REGERING VAN GOD op aarde, wat herstel en beheer word deur die heilige FAMILIE VAN GOD—die KONINGKRYK VAN GOD, wat die huidige bose wêreld van Satan vervang.

Jesus se verkondiging van hierdie wonderlike toekomstige NUUS—gepaard met sy wonderwerke van genesing, water in wyn verander en ander, het groot opgewondenheid veroorsaak. Enorme skares het hom en sy dissipels gevolg. Hy was besig om

sy dissipels as toekomstige apostels op te lei, terwyl hy aan die publiek hierdie boodskap verkondig het.

## *WAAROM DIE FARISEËRS JESUS TEENGESTAAN HET*

Hierdie nuus het na Jerusalem versprei. Daar het die Fariseërs, Skrifgeleerdes en Sadduseërs, daaroor verontrus geraak. Die Fariseërs was ‘n Joodse godsdienstige sekte waarvan sommige geringe regeringsposte—belangrik in hul oë—beklee het. Die Romeinse Ryk het op daardie tydstip Palestina regeer en het hulle ‘n distrikskoning en ‘n beperkte beroepsweermag daarheen gestuur, om oor die gesag in Judea toesig te hou. Die Romeine, het egter sommige van die Joodse Fariseërs in laer burgerlike posisies onder die koning aangestel. Die Fariseërs wou nie hierdie goed besoldigde politieke poste en die mag oor die mense wat hulle toegesê was, verloor nie. Hierdie Joodse leiers en hul priesters, het Jesus se evangelie boodskap, geheel en al misverstaan. Hulle het geweet dat hy ‘n regering, wat al die nasies op aarde sou oorneem en regeer, verkondig het. Maar wat hulle misverstaan het was die tyd en aard van daardie koninkryk van God. En ‘n belydende “Christendom” verstaan dit tot vandag toe nie. Hulle veronderstelling was dat Jesus ‘n opruiende mens was, wat beoog het om dadelik gedurende sy leeftyd die Romeinse Ryk omver te werp en sy eie koninkryk daar te stel.

Onmiddellik het die vrees by hulle ontstaan dat hulle van oproerigheid en afvalligheid beskuldig sou word, hulle werk verloor en heel moontlik vir ondermyning gedood kon word. Dus het hulle Jesus teengestaan en veroordeel.

Christelike oorlewering het in werklikheid nog nooit hierdie basiese rede vir die Fariseërs se teenkanting en vervolging van Jesus verstaan nie. Die Fariseërs het gewetenlose politici ingesluit.

Tydens die eerste Pasga, gedurende Jesus se prediking, in die lente (noordelike halfrond) van 28 n.C. (bykans 100 tydsiklusse—1,900 jaar—voordat ek my eerste Pasga gevier het), het Jesus na Jerusalem gegaan.

Terwyl hy daar was, het Nikodémus, ‘n hooggeplaaste Fariseër, Jesus skelm gedurende die nag besoek, aangesien

hy bevrees was dat die ander Fariseërs dalk sou weet dat hy persoonlik met Jesus gesels het.

Nikodémus het gesê: "Rabbi, ons weet (ons Fariseërs weet) dat U 'n leraar is wat van God gekom het."

Die Fariseërs het GEWEET DAT JESUS DIE MESSIAS WAS! Hulle was bekend met Jesaja 7:14, Jesaja 9:6-7 en Jesaja 53. Die Fariseërs het GEWEET dat Jesus die geprofeteerde Messias was. Maar hulle het slegs een verskyning van die Messias begryp. Daarom het hulle gedink dat hy van plan was om *toe* die Romeinse Ryk omver te werp!

Natuurlik het Jesus geweet wat hulle gedink het. Daarom het Hy onmiddellik begin uitbrei oor die feit dat die KONINKRYK VAN GOD, wat alle nasies sal regeer, ***NIE VOOR*** die tyd van die NUWE GEESTELIKE WEDERGEBOORTE—die tyd van die OPSTANDING, ingestel sal word nie.

## *DIE "WEDERGEBORE" VRAAG*

Jesus het dadelik geantwoord, "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."

Maar Nikodémus het dit nie verstaan nie. Hy het geweet wat 'n letterlike geboorte was—verlossing van die moeder se baarmoeder tydens geboorte. Vandag se teoloë weet dit nie eens nie. Hulle ontken 'n ware tweede geboorte as 'n geestelike wese. Die waarheid word verkeerdelik deur hulle vergeestelik, deur voor te gee, dat indien gesê word dat Christus as Saligmaker aangeneem word, dit die wedergeboorte uitmaak. Hierin is hulle deur Satan mislei en op hul beurt mislei hulle miljoene ander.

Nikodémus sê vir Hom: "Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie?"

Jesus het toe die bedoeling EENVOUDIG gemaak—maar Nikodémus het nie die EENVOUD van spraak verstaan nie, net so ook nie die teoloë of godsdienstige leiers van vandag nie.

"Voorwaar, voorwaar," het Jesus geantwoord: "… as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, *IS VLEES*; en wat uit die Gees gebore is, *IS GEES*" (deur my benadruk—Johannes 3:5-6).

Die Fariseërs het van waterdoop geweet. Hulle het dit vir jare gebruik om heidene na Judaisme te bekeer. Hulle het van Johannes die Doper se doop geweet—'n doop "van bekering tot vergifnis van sondes" (Markus 1:4). Jesus se verduideliking moes verstaanbaar vir Nikodémus gewees het—dat waterdoop ter voorbereiding van geestelike wedergeboorte is.

Jesus het, dit baie DUIDELIK gestel toe hy gesê het: "Wat uit die vlees gebore is, *IS* vlees." Dit wat uit die mens gebore is, is verganklike MENS—vlees en bloed—STOF van die aarde. "Wat uit die Gees gebore is, *IS* gees—nie langer mens nie, maar saamgestel uit GEES, onsterflik! Nie langer, stof en vlees nie.

Jesus het selfs verder verduidelik.

"Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. Toe het hy 'n wedergeborene met die ONSIGBARE WIND vergelyk—onsigbaar vir die mens se oë. "Die wind waai waar hy wil, en jy hoor sy geluid, maar jy weet nie vanwaar hy kom en waarheen hy gaan nie. So is elkeen wat uit die Gees gebore is." (Johannes 3:8).

Nikodémus het egter nie sulke eenvoud van spraak verstaan nie, net soos die godsdienstige leiers van vandag dit ook nie verstaan nie.

Ons gratis boekie '*What Do You Mean—Born Again?*' behoort deur elke leser van hierdie boek gelees te word.

Aan hierdie verteenwoordiger van die Fariseërs het Jesus na die "saligheid" of "geestelike" fase van die koninkryk van God verwys. *Daardie koninkryk sal NIE uit sterflike mense bestaan nie!* Dit is nie saamgestel uit verganklike vlees-en-bloed mense wat vir "Christus aangeneem" het en aan 'n kerk van hul keuse behoort, nie! Tog is miljoene lede van kerke vandag daardeur mislei.

Hierdie miljoene kerkgangers verstaan nie wat die Kerk *IS* nie, of HOEKOM—die DOEL daarvan—die REDE daarvoor nie!

Vergelyk Jesus se verduideliking aan Nikodémus met 1 Korinthiërs 15, die "opstandings hoofstuk," van die Bybel: "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende [verganklike] siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike. Die eerste mens was uit die aarde, aards: die tweede mens is die Here uit die hemel. Soos die

aardse mens was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense. En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra. Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie, …" (1 Korinthiërs 15:45-50).

Ek herhaal oor en oor, God is besig om HOMSELF TE HERSKEP!

Die gewilde onderrig in kerke vandag is dat DIE KERK die koninkryk van God is. Maar "vlees en bloed [verganklike mense] kan nie die koninkryk van God beërwe nie" (1 Korinthiërs 15:50).

## *WEEREENS: HOEKOM DIE KERK?*

Maar, *WAT IS* die Kerk dan? En *HOEKOM* is die KERK! Hoekom moet daar die Kerk van God wees?

Vir baie—waarskynlik die meeste—maak die Kerk geen deel van hul lewe uit nie. Inderdaad, God het nie deel aan hul lewe nie. God is nie bewustelik teenwoordig in hul lewens nie. Net mense, materiële dinge en belangstellings. Natuurlik, ver in die onderbewussyn van vele mag daar 'n sluimerende vermoede wees dat God bestaan, maar Hy is nie vir hulle 'n WERKLIKHEID nie.

Dit beteken dat die gemiddelde persoon geen begrip het van wie hy is, en waarom hy is, of enige ander doel en betekenis vir sy bestaan nie.

Tog bestaan die KERK, ook. Maar weer, HOEKOM? Wat is dit regtig? Watter DOEL dien dit?

Ons het gesien dat daar inderdaad 'n DOEL hier op aarde uitgewerk word. Winston Churchill het dit voor die Verenigde State se kongres gesê. Daar is 'n REDE waarom mense op die aarde is. En vir die bedryf van daardie DOEL, is daar 'n MEESTERSPLAN. Die KERK vorm 'n belangrike deel van daardie plan.

Moet nooit, die agtergrond wat tot die stigting van die Kerk gelei het, uit die oog verloor nie. Hou in gedagte WIE en WAT God is—die goddelike, skeppende *familie*, wat nou homself, in die mens herskep

Hou ook verder in gedagte: Om Christus in staat te stel om die regering van God op aarde te VERNUWE, sal hy met en onder hom, die hulp van 'n gekwalifiseerde en georganiseerde

personeel, van GODWESENS benodig—almal wat Satan se valse weg verwerp het en hul lojaliteit teenoor die regering van GOD en sy regverdige weë, bewys het.

In sy vernaamste meesterplan was die KERK van God ontwerp om daardie toegewyde en georganiseerde personeel van GODWESENS, voor te berei. Die Kerk, dan, het God se hulp werktuig geword om die saligheid aan die mensdom teweeg te bring.

Onthou, dat God 'n 7000-jaar meesterplan om hierdie doel te verwesenlik, daargestel het. Ons het verklaar dat dit God se doel was, om homself te reproduseer, maar om dit werklik te kan bewerkstellig, beteken dit, om die wêreld van sonde, na God se regverdige leefwyse toe, te bekeer. Dit beteken dat God se potensiële kinders met sy perfekte geestelike karakter besiel moet word sodat hulle uiteindelik gebore seuns in die God familie, kan wees.

Net soos wat God, nie alles gelyktydig geskep het nie, maar in opeenvolgende fases, net so bring hy die saligheid ook trapsgewys in die wêreld in. Die Kerk is derhalwe 'n noodsaaklike voorbereidende werktuig vir en om saligheid aan die mensdom te weeg te bring. Daarom, en weereens, laat dit benadruk word, dat die doel van die Kerk nie slegs is om saligheid aan die wat in die Kerk ingeroep is, te bring nie, maar diegene wat uitverkies is en in die Kerk ingebring word, te leer en te onderrig as instrumente wat God sal gebruik om die wêreld tot heil te bring.

## *KERK 'N "ONDERWYS KOLLEGE"*

Laat ons by wyse van gelyksoortigheid, illustreer. Menige state in Amerika het onderwys kolleges. Die state kon nie onderrig gee alvorens onderwysers vir die skole opgelei is nie. Die Kerk kan God se 'onderwys' kollege genoem word, om leiers en onderwysers vir God se Koninkryk op te lei vir wanneer God verlossing en die ewige lewe aan die wêreld gaan bied.

Dit was so beplan dat die KERK God se werkstuig sal wees om mense wat voorbestem was om uit hierdie wêreld uitgeroep te word, op te lei vir leierposisies in die toekomstige wêreld, sodat hulle ander sal kan leer en oplei. Dit is waarom die Kerk in die

Nuwe Testament die eerstelinge van die oes van God se saligheid genoem word.

Dit alles verg noodsaaklike stappe—een vir een—in die prosedure van God se alwyse meesterplan!

Lesers word nou herinner dat die Heilige Gees vanweë Adam se sonde tydens die grondlegging van die aarde, vir die mensdom afgesny was. Dit is geheel en al vir die mens toegemaak TOTDAT Christus, die tweede Adam, die regering van God op aarde sou herstel, deur Satan te onttroon. Hierdie feit word duidelik gemaak deur Jesus se verklaring, in Johannes 6:44, wat op hierdie Kerk era van toepassing is, dat niemand na hom kan kom as die Vader wat hom gestuur het, hulle nie roep nie. Dit is waarom daar herhaaldelik in die Nuwe Testament na diegene in die Kerk wat geroep is of uitverkies is, verwys word as uitverkorenes. Dit is waarom die Kerk 'n uitverkore geslag genoem word. Daarom word voorbeskikking tweekeer in die Nuwe Testament genoem—dat die wat uitverkies is, voorbeskik was om geroep te word. Inderdaad is hulle dienspligtiges. Hulle is nie vrywilligers nie.

## *WARE CHRISTENE: DIENSPLIGTIG— NIE VRYWILLIGERS NIE*

Dit is slegs deur Christus wat 'n sondige mensdom met God die Vader, versoen kan word. Eers moet hulle na Christus toe kom. Maar niemand kan na Christus toe kom, indien God die Vader hulle nie eers uitkies en deur sy Heilige Gees trek nie.

Dit mag na 'n verstommende nuwe waarheid klink, maar hoe meer die Nuwe Testament bestudeer word, hoe meer word hierdie waarheid aanhoudend in die Nuwe Testament gestaaf en sal algaande duideliker word.

Geen wonder dat die Kerk en sy doel 'n raaisel was nie. Satan het die geestesgesteldheid van 'n bedroë en nagemaakte Christelikheid verblind.

Iedereen wie "by 'n kerk van sy keuse aansluit" het nie in God se ware Kerk ingekom nie. Niemand kan net by die WARE Kerk van God "aansluit" nie. 'n Mens word eers uitgesoek en getrek deur God die Vader en deur sy Gees, na diepe en totale berou, wat jou algehele leefwyse verander het en nie net totale geloof

en aanvaarding van Jesus Christus as persoonlike Saligmaker nie, maar ook vir Christus glo. Onthou, Christus is die Woord van God. Jesus is die Woord van God in Persoon. Die Bybel is dieselfde geskrewe Woord van God. Om Christus te glo is om te glo wat hy sê—met ander woorde, om die Bybel wat die Woord van God is, te glo.

So, weereens, WAT en HOEKOM is die KERK? Die Kerk is die geroepte (uit hierdie wêreld uit), verwekte kinders van God. Dit is die Liggaam van Christus (1 Korinthiërs 12:27; Efésiërs 1:23). Dit is die geestelike organisme wat die "Bruid van Christus"—na hul opstanding tot die ewige lewe, sal wees. Dan sal die bruilof plaasvind, en die Bruid met Christus trou. Dit is die geestelike TEMPEL waarheen Christus met sy wederkoms sal kom (Efésiërs 2:21).

Die Kerk kon juis nie gestig word *TOTDAT* Jesus opgevaar en verheerlik is nie (Johannes 7:37-39). Maar in 'n sekere sin het God begin om sommiges uit te roep om saam met Abraham en die profete van die Ou Testament —dalk ook Abel, Enog en Noag (Efésiërs 2:20) die grondslag van die Kerk te vorm.

En Jesus, het dadelik na hy gekwalifiseer het om Satan te oorwin, begin om sy toekomstige apostels uit te roep. Hulle, saam met die profete, het die GRONDSLAG van die Kerk gevorm, onder Christus wie self die ware fondament en HOOF van die Kerk is. (1 Korinthiërs 3:11, Efésiërs 5:23).

Die gemiddelde persoon het nie die vaagste benul van die *enorme bonatuurlike* daad wat God onderneem het om HOMSELF TE REPRODUSEER nie—om uiteindelik in biljoene geestelike GODWESENS te wees! Of van die baie veelsydige fases van ontwikkeling wat nodig is om hierdie hoogtepunt van goddelikheid te bereik nie!

## *GOD SE PLAN: 'N TREE OP 'N SLAG*

God kon nie haastig wees nie. Sy meesterplan het vereis dat dit stapsgewys, moes geskied wat GEDULD en 'n nie-afwykende vasberadenheid aan die kant van die geestelike Skepper vereis!

Min VERSTAAN dit!

Op vyfjarige ouderdom het God dit in my hart en gedagte geplaas om te begeer—letterlik te hunker, om te kan verstaan!

Salomo het wysheid begeer en God het hom wysheid bo almal wat ooit gelewe het, gegee.

Wat, dan, is die voorvereiste om te kan VERSTAAN? "Die vrees van die HERE is die beginsel van die wysheid; almal wat dit beoefen, het 'n goeie verstand" (Psalm 111:10). Die een *toets gebod* is die vierde—om God se Sabbat te onderhou. Die uiteindelike gevolg van my stryd en verset teen daardie gebod, was my bekering! Toe 'n genadige God my verower het— *op daardie punt,* my tot oorgawe aan hom—het hy ook aan my die noodsaaklikheid om sy JAARLIKSE Sabbatte en feeste te heilig, geopenbaar. Die, sewe belangrikste geestelike stappe van die groot meesterplan, word daardeur uitgebeeld. (Hierdie waarheid word in ons gratis boekie *Pagan Holidays or God's Holy Days—Which*? verduidelik). Deur hierdie en ander kennis van die Bybel wat geopenbaar was, het God aan my die BEGRIP gegee oor die uitwerking van sy groot DOEL! Asook die noodsaaklike aandeel wat sy KERK in die nakoming van daardie wonderlike doel het!

Na Adam se rebellie, met Satan steeds op die aarde se troon, kon net God alleen geweet het hoe stadig en versigtig, een tree op 'n slag hierdie metode gevolg moes word.

Sulke regverdige mense, soos Abel, Enog en Noag was gewis gebruik om 'n deel te wees van die finale stigting van GOD SE KONINGKRYK. Maar die Here het die eintlike fondament van die GODFAMILIE met die aardvaders, Abraham begin. Isak, Jakob en Josef vorm ook deel van daardie voorafgaande stigting.

Daarna het God deur Moses die nasie Israel—God se eerste Gemeente of Kerk, opgerig. Daardie Ou Verbond Kerk, het God se regering gehad, maar NIE sy Heilige Gees nie! Israeliete was nie gebore om toekomstige GODWESENS te wees nie. Tog het ou Israel 'n vername gedeelte in God se vernaamste program, uitgevoer.

Nietemin, het God gedurende daardie jare aangehou om individuele PROFETE te roep en voor te berei, om deel van sy KERK se FONDASIE te wees.

## *DIE KERK—EERSTE OES*

En *WAT* moes die *KERK* dan wees? Soos wat, dit in die derde van God se Heilige Dae, (feeste) beliggaam word, moes dit die EERSTE

WARE OES van sterflike mense wat na gees-bestaande GODWESENS verander word, voorsien! Weereens, die Kerk is die werktuig wat voorberei word om saam en onder Jesus gebruik te word vir God se wonderlike doel om die mensdom te red en Homself te reproduseer. Hoe dit ookal sy, die KERK is God se VERWEKTE kinders (nog nie gebore nie). Maar die KERK sal die eersGEBORENES van die oes wees (Hebreërs 12:23) (Christus die voorafgaande Pionier), met Christus se wederkoms in MAG en heerlikheid.

Deur die jare heen vanaf Abraham tot Christus, het God uit Satan se wêreld PROFETE, verwek en voorberei, om voorlopige mede-fondasielêers van God se Kerk te wees. Jesus self, is die Hoeksteen daarvan.

Gedurende Jesus se 3½ jaar aardse bediening het hy mense, sy 12 apostels geroep, gekies en opgelei om die tweede fase van die fondament, te begin.

Tydens Jesus se aardse bediening, het hy openlik die toekomstige KONINKRYK VAN GOD, aangekondig. Hy het sy dissipels algaande opgelei soos wat Hy voortgegaan het.

Hy het egter NIE die publiek, tot wie hy gepreek het, tot saligheid GEROEP NIE. Hy het dikwels met hulle in gelykenisse gepraat. En HOEKOM in gelykenisse? Om die betekenisse daarvan, wat vir sy verkose apostels gegee was om te verstaan, vir hulle weg te steek en te vertroebel (Matthéüs 13:10-16). Daar was 'n baie belangrike rede waarom God se plan, wat een tree op 'n slag behels het, nie op daardie tydstip, 'n oproep om die wêreld te red, ingesluit het nie. God, het eerste die Kerk uitgeroep tot bekering en om verander te word om as konings en priesters (Openbaring 5:10) onder Jesus te dien, *WANNEER* Hy terugkeer om die wêreld te red. As gevolg daarvan is baie van die waarheid aan die Kerk bekend gemaak, wat in opleiding was om Christus te assisteer om die wêreld te red. Die tyd was egter nog nie ryp om hierdie waarhede aan die wêreld te openbaar nie. Tog verkondig hierdie wêreld se kerke, leerstellings wat reëlreg die teenoorgestelde van hierdie waarheid is .

## *VOLTOOIING VAN JESUS SE AARDSE BEDIENING*

Teen die einde van sy aardse bediening, het Jesus die voorbereiding vir die stigting van sy Kerk voltooi. Sy werk,

waarvoor hy as mens gekom het, was afgehandel. Daarna het hy sy lewe op die kruis geoffer. Hy het op Homself ons mense se sondeskuld geneem.

Daar moet egter verstaan word dat Christus, NIE Satan se hoof aandeel van al die mense se sonde, op hom geneem het nie. Satan sal tot in ewigheid vir sy straf boet.

Die FONDAMENT vir die Kerk van God is gelê. Christus self is die Hoof en die belangrikste hoeksteen—die hoof fondament daarvan. Sy apostels, tesame met die profete, vorm die res van die fondament.

Die apostels was ongeduldig en wou met die werk—om die evangelie boodskap te verkondig, BEGIN. Maar God het hulle wyslik weerhou, en met geduld 'n paslike tree verder geneem. Jesus het sy apostels vermaan om te WAG! "Maar julle moet in die stad Jerusalem bly *TOTDAT* julle toegerus is met krag uit die hoogte." (Lukas 24:49)

Tien dae later het die jaarlikse Pinksterdag, wat oorspronklik die Fees van Weke genoem was, aangebreek (Nümeri 28:26).

Op daardie dag het die Heilige Gees gekom! Op daardie dag WAS DIE KERK GESTIG!

Hierdie dag simboliseer die egte eerstelinge van God se Koninkryk. God se feesdae simboliseer sy geestelike oes. Die heel eerste aandeel van God se geestelike oes van mense wat uiteindelik van God gebore word—wat GODWESENS gemaak word—is DIE KERK! Dit is waarom, diegene wat weergebore word met Christus se wederkoms, beginnende met die ou profete, deel van God se Kerk is. Selfs profete vanuit die tyd van die Ou Testament is deel van die KERK SE FONDAMENT (Efésiërs 2:19-21).

Almal—profete, apostels en Kerklidmate, in wie die Gees van God woon—sal onsterflik opgewek en /of verander word met Christus se wederkoms, in GLORIE EN MET mag!

Dus bestaan die HELE KERK uit die heel *EERSTE* van al die mense wat uiteindelik in die Koninkryk van God WEDERGEBORE word. Hulle sal GODWESENS wees!

HOE MISLEI (Openbaring 12:9) is almal wat gedink het dat hulle reeds "wedergebore" is. Die leser behoort ons gratis boekie "*Just What Do You Mean—Born Again*", te bestel

## *SALIGHEID NOU NET VIR 'N PAAR GERINGES.*

Voor ons verder gaan, VERSTAAN waarom net 'n paar GERINGES tot dusver tot saligheid geroep is—WAAROM die wêreld as 'n geheel van God, AFGESNY IS—WAAROM die wêreld nie nou al beoordeel is nie—WAAROM niemand "gered" of "verlore" is nie!

Niemand kon GOD SE REGERING herstel nie—of niemand kon onsterflike GOD-lewe gegee word nie, tensy of *TOTDAT* 'n seun van Adam kon kwalifiseer waar Adam misluk het—om SATAN baas te raak en te oorwin—en daardeur die straf vir mense se sonde as losprys te betaal nie.

Die meesterplan van God om Sy doel op aarde uit te werk—Homself te reproduseer—het vereis dat die ewig-lewende "WOORD" as 'n mens, as seun van Adam gebore word. Die plan het *OOK* vereis dat hy as die enigste verwekte Seun van God gebore word!

Slegs die Messias, sou in staat wees om Satan baas te raak en te oorwin—om te KWALIFISEER om Satan OP DIE AARDE SE TROON te vervang! Slegs deur hom sou die seuns van Adam met God versoen kon word, God se Gees ontvang en God se seuns word—GODWESENS word, deur wie God, uiteindelik homself sou voortbring!

Wat 'n grootse, ongelooflike meesterplan vir so 'n ALLERHOOGSTE DOEL! HOE GROOT IS DIE EWIGE GOD WAT DIT BEPLAN HET!

Hierdie wonderlike plan van God noodsaak dus, dat die seuns van Adam oor die algemeen NOG NIE VEROORDEEL WORD NIE! Hulle word deur God aan hulself oorgelaat—welwetende dat hulle gewilliglik en opsetlik, outomaties Satan se manier van "*NEEM*" sou navolg.

In die tussentyd, word hulle nie nou finaal veroordeel nie, maar hulle sal "maai wat hulle gesaai het." Hulle sou 'n sondige lewe lei, sterf en aan die einde van die 7000 jaar meesterplan, gaan God hulle OPWEK in 'n spesiale opstanding om dan GEOORDEEL te word. Christus het reeds vir hulle sondes betaal—Satan is verwyder—Christus en die Koninkryk van God het reeds die regering van God op die aarde herstel—dan mag hulle tot bekering GEROEP en met God versoen word, en vrywilliglik kies om GODWESENS te word!

En dit is WAAROM God die wêreld as 'n geheel van hom AFGESNY het, net soos Adam, hul voorganger, hom en sy familie, afgesny het.

## *WAAROM VIR DIE WÊRELD 'N GEHEIM*

Soos die apostel Paulus geïnspireerd was om in Romeine 11 te skryf, "Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie," (en dit is vir die wêreld 'n geheim), "dat blindheid" ten opsigte van hierdie geheime, in die wêreld plaasgevind het—selfs vir die "Christen teoloë"—*TOTDAT* die koninkryk van God gevestig is en die aarde regeer!

"Want," gaan Paulus voort, "soos julle [Christene] ook vroeër aan God ongehoorsaam was, maar nou barmhartigheid ontvang het deur hulle ongehoorsaamheid, so het hulle ook nou ongehoorsaam geword deur die barmhartigheid aan julle, sodat hulle ook barmhartigheid kan ontvang. Want GOD het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om vir ALMAL barmhartig te kan wees!"

Skriftelik het Paulus in hierdie stadium uitgeroep: "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!" (Romeine 11:25, 30-33).

Dis waar, die apostel het bogenoemde aangaande ISRAEL geskryf, en ek het dit op die ongeroepte mensdom van toepassing gemaak—maar dit is waarlik van toepassing.

Die Ou Testament profete is deur God geroep en voorberei. Hy het geroep en roep nog steeds en berei die Kerk voor om Satan te oorwin—terwyl diegene wie nou verblind, nie geroep en van God afgesny is, nie nodig het om Satan te oorwin nie. WAAROM?

*WAAROM* die Kerk?

Sodat ons kan KWALIFISEER om SAAM MET en ONDER CHRISTUS in die koninkryk van God te regeer—sodat *ons* vir die LAASTE OPROEP EN SALIGHEID VAN DIE WÊRELD, die weg kan voorberei!

Laat ek hier twee gedeeltes aanhaal uit die direkte woord van Jesus, wat NET op die KERK van toepassing is:

Aan die KERK van hierdie twintigste eeu sê Jesus: "Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My te sit op my troon, soos

Ek ook oorwin het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het" (Openbaring 3:21).

Weer sê Jesus aan die Kerk: "En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf…(Openbaring 2:26-27).

In hierdie skrifgedeeltes gee Jesus duidelik te kenne waarom sommige nou uit die wêreld in die Kerk ingeroep word. Nie omdat hy probeer om die wêreld te red nie en ons deel van die wêreld is nie. Nie net dat ons gered mag word en dit in Sy koninkryk in kan maak nie, maar, soos Jesus ook in Openbaring 5:10 sê, om konings en priesters te wees om saam en onder Christus te heers as hy sy hand uitsteek om die wêreld tot saligheid te bekeer

## *DEEGLIKE BEKERING VAN KERK NODIG*

Ek kan nie genoeg klem daarop lê dat dié wat nou in die Kerk ingeroep word, nie slegs vir hul redding en saligmaking geroep is nie. Desnieteenstaande, om konings en priesters en werklike Godwesens te kan wees wat Christus gaan help om die hele wêreld te bekeer, moet diegene in die Kerk, self opreg bekeerd wees.

Ek kan hierdie waarheid nie eenvoudiger stel nie. Ek is bevrees dat menige, selfs in die Kerk, nie ten volle die ware betekenis van bekering verstaan nie.

Bekering vind in die gedagte plaas, en daardie verstandelike vermoë, noem ons die hart. Dit is nie maklik verstaanbaar nie, tensy 'n mens die ware werking van die menslike verstand soos in hoofstuk 3 bespreek, verstaan. Hierdie sou nie verstaanbaar gewees het nie, totdat die kennis van die menslike gees en die werklike samestelling van die menslike verstand deur die Bybel onthul was nie.

Soos wat die menslike verstand met die toevoegings van die menslike gees, verskil met die verstand van diere, net so verskil die gedagte van 'n bekeerde mens met die Heilige Gees wat daarby toegevoeg is, met die van 'n onbekeerde mens.

Hoeveel groter is die kapasiteit en omvang van die menslike verstand teenoor die brein van diere nie? Die besef van daardie verskil maak dit duidelik wat die verskil tussen 'n bekeerde

persoon wat deur die Heilige Gees gelei word en die gedagte van ‘n onbekeerde persoon, is.

Niemand ontvang die Heilige Gees, alvorens, hy nie berou het nie. God verleen berou (Handelinge 11:18). Die tweede vereiste om die Heilige Gees te ontvang, is geloof. Dit beteken nie net om in God en in Christus wat die Woord of Segsman van die Godfamilie is, te glo nie, maar om te glo wat Hy sê.

Bekering beteken ‘n verandering van gedagte. Goddelike berou is ‘n veel dieper wroeging as berou en goddelike berou, lei tot bekering. Want die droefheid volgens die wil van God werk ‘n onberoulike bekering tot redding. Dit behels nie net diepe berou oor ‘n sondige verlede nie, maar ‘n algehele ommekeer van houding, van gedagte en rigting en doel van die lewe. Eintlik, is bekering veel meer begaan oor toekomstige handeling as oor die van die verlede. Die bloed van Christus het reeds versoening gedoen vir die verlede. Bekering is nie boetedoening nie. Niks wat ons doen kan vergoed vir skuld van die verlede nie. Die bloed van Christus het reeds die prys daarvoor betaal en is die lei skoon gevee.

‘n Bekeerde persoon is iemand wat ‘n totale veranderde of bekeerde geestesgesteldheid het. ‘n Bekeerde menslike geestesgesteldheid waarby die werklike gesindheid van God toegevoeg is. Soos God deur die apostel Paulus sê, “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was” (Filippense 2:5). Die Heilige Gees is die gees van ‘n gesonde verstand, wat ‘n totaal omgekeerde gesindheid het. ‘n Ommekeer van begeertes, bedoelings en voornemes.

## *MISTASTING VAN TRADISIONELE CHRISTENDOM*

Die “heil” in die tradisionele Christendom, verander ‘n persoon nie werklik in ‘n nuwe en ander mens nie. Te dikwels, vertel leraars en evangeliste, vir mense as hulle net “vir Christus ontvang het” of “Christus aanvaar het” of “hulle hart aan Christus gegee het” hulle gered is, en reeds “wedergebore” is. Dis asof ‘n geheime skakelaar aangeskakel word en ‘n mens dadelik na sy dood, na die hemel opgeskiet word, wat so baie glo, nie, na alles, werklik die dood is nie. God leer in die Bybel glad nie

so iets nie. God openbaar dat soos almal in Adam sterf, so sal dieselfde “almal” in Christus deur ‘n opstanding tot die lewe, uit die dood opgewek word. Intussen openbaar God dat diegene wat dood is totaal bewusteloos is.

Aan outydse Israel het God kennis van sy wette gegee, maar nie sy Gees nie. Hulle gedagtegang was nie verander of bekeerd nie. Hulle was steeds vleeslik. Wat die vlees bedink is vyandigheid teenoor God (Romeine 8:7). Daar was geen bekering in ou Israel nie—geen saligheidsredding nie. Hoofstuk 37 van Eségiël openbaar hoe ou Israel in die Groot Wit Troon Opstanding, die Heilige Gees sal ontvang indien hulle daartoe gewillig is.

Iemand wat die Heilige Gees ontvang en daardeur gelei word, is ‘n persoon wat verander is. Hy het ‘n gemoedsvernuwing ondergaan. Totdat die kennis van die menslike gees in die mens openbaar geword het, dat die Gees van God met die mens gees kon verenig, kon die ware saligheid nie heeltemal verstaan word nie. ‘n Christen moet groei en ontwikkel in genade, geestelike kennis en goddelike karakter.

## *WAAROM DIE KERK EERSTE GEROEP IS*

Ek wil op hierdie tydstip verder verduidelik waarom die Kerk die eerstelinge van God se redding is. Verre daarvan dat dit teen die oorgrote meerderheid in die wêreld wat nie nou tot redding geroep is nie, diskrimineer, gaan dit juis oor die doel om die res van die van die wêreld tot heil te roep. Laat ek u weereens herhinner dat daar ‘n defnitiewe volgorde in God se plan, om die wêreld tot saligheid te red, is—om homself voort te plant.

Jesus Christus is die eersteling van die oes. Hy is die eersgeborene onder baie broeders (1 Korinthiërs 15:23, Romeine 8:29). Die Kerk is geroep om te verander, karakter te ontwikkel en uiteindelik met Christus se wederkoms in Godwesens verander te word, wat as konings en priesters onder Christus dien, wanneer hy sy hand aan die ploeg slaan om die wêreld te verlos.

In ‘n sekere sin, sal die Kerk mede-verlossers saam met Christus wees. Twee dinge was basies van Christus vereis om die wêreld te verlos. In die eerste plek, was dit vir hom nodig dat

hy, die Skepper van ons almal, vir almal sterf, om sodoende die doodstraf in stede van ons, te betaal. Niemand anders, as net Jesus Christus kon dit doen nie.

Maar baie besef nie dat ons nie deur Jesus se bloed gered word nie. In Romeine 5:10 lees ons, dat ons met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word—deur sy opstanding. Ek skryf hierdie spesifieke gedeelte op die dag wat in die wêreld "Paas Sondag" genoem word. Vandag het die kerke en evangeliste veel oor Jesus se opstanding gesê, maar feitlik niks oor die opstanding van almal wat gered gaan word, en van die opstanding waardeur mense gered kan word, nie.

Slegs Jesus kon die prys vir ons sondes, van die verlede, betaal. Maar die wêreld moet na sy lewe na die opstanding kyk, vir redding. Die Kerk is die verloofde Bruid van Christus wat met God se seun gaan trou na sy wederkoms, na die opstanding uit die dood, van diegene in die Kerk. Nadat ons die opstanding uit die dood as die Bruid van die Seun van God, as lede van die Godfamilie, verkry het gaan ons nie net erfgename en mede-erfgename saam met Christus wees nie, ons gaan ook in 'n sekere mate mede-verlossers wees.

Die familie van God sal groei. As konings en priesters, gaan die Kerk na die opstanding, mede-regeerders onder Christus in die herinstelling van God se regering oor die hele wêreld wees. Ons sal egter ook as priesters, mede-verlossers, met Hom om die wêreld te verlos, wees.

## *WAAROM EERSTELINGE VAN DIE GEES NODIG IS*

Waarom was dit absoluut nodig dat die Kerk gedurende die Kerktydperk uit die wêreld geroep word om gered te word, terwyl die res van die mensdom in geestelike duisternis en misleiding gelaat word?

Voordat Jesus as ons Redder en toekomstige Koning kon kwalifiseer, was dit vir hom as die tweede Adam nodig, om dit te doen wat die eerste Adam gefaal het om te doen—om Satan te oorwin en die gesindheid en regering van God te kies. As die Kerk saam en onder hom moet regeer—as die Kerk priesters

sowel as konings, behulpsaam onder Christus om die wêreld te red, gaan wees, is dit ook vir die in die Kerk nodig om Satan te oorwin om te kan kwalifiseer.

Dit sal nie van die oorgrote meerderheid, wanneer hulle redding kom, verwag word nie. Hulle redding sal eers kom nadat Satan verwyder is. Dus, soos u kan sien, is dit ver van diskriminasie teen die res van die wêreld, toe Jesus gesê het, "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie" (Johannes 6:44). Dit is nodig dat die Kerk, geroep word op 'n tydstip waarin elke lid moet wegdraai, Satan teenstaan en oorwin. Andersins kon ons van die Kerk, nie kwalifiseer vir die wonderlike posisies van konings en priesters in God se koninkryk, gedurende die 1000 jaar nie.

Dit verduidelik die *WAAROM* van die Kerk—die groot DOEL daarvan.

## *IS DIE KERK GEORGANISEERD?— INDIEN WEL, HOE?*

Maar *WAT* is die KERK—HOE IS DIT GEORGANISEER—HOE funksioneer dit?

Toe ek onder die broeders in die Kerk van God kom, was daar vrae onder die leiers oor die agting vir die aard van Kerkorganisasie. Gedurende daardie tyd, 1927, was die Kerk op die basis van halfjaarlikse algemene vergaderings geskoei. Elke plaaslike gemeente kon 'n lidmaat na die halfjaarlikse vergadering stuur en het dus een stem gehad in die verkiesing van beamptes, vrae oor kerk doktrines en kerk beleid. 'n Plaaslike gemeente kon uit so min as vyf lidmate bestaan.

Verdeeldheid oor Kerkorganisasie en beheer het om en by 1930 begin. Teen 1933 was die Kerk in twee gelyke dele verdeel. Twee leiers het weggebreek van hul hoofkantoor in Stanberry, Missouri, 'n nuwe Kerk georganiseer, en hul nuwe hoofkantoor in Salem, Wes-Virginia, gestig. Hulle het 'n organisatoriese stelsel, wat hulle foutiewelik die "Bybel organisasie" genoem het, aangeneem.

Hierdie organisasie het uit twaalf lede wat *apostels* geheet het, bestaan—hulle was bekend as "die twaalf". Sewe mans is as diakens aangestel, van wie die voorsitter die tesourier wat die

geld hanteer het, was. Dan was daar "die sewentig"—of sewentig leidende ouderlinge wat 'n afgietsel van die outydse Sanhederin in Judaisme was. Daar was egter nie genoeg ingewyde predikante in die kerk om meer as die helfte van "die sewentig" op te maak nie.

Die Rooms Katolieke Kerk is gebaseer op die hiëragiese (priesterlike) rangorde, met die pous as die hoogste gesag, 'n kollege van kardinale volgende in rang, 'n kuriaal by die hoofkwartier in die Vatikaan met aartsbiskoppe, biskoppe en priesters.

Die Presbiteriaanse Kerk is georganiseer met die Presbiteriane of leraars in beheer. Die Gemeentelike Kerk delegeer die beheerende mag aan die gemeente—"regeer met toestemming van die wat regeer word"

En so gaan dit. Die kerke van hierdie wêreld van Satan, word ooreenkomstig met menslik ontwerpte patrone georganiseer. Die Bybel gee egter uitdruklike voorskrifte aangaande Kerk bestuur. Jesus Christus is die Hoof van die Kerk. God se manier van bestuur is inderdaad hiërargies. God die Vader is die hoof oor Christus—die enigste Wetgewer en hoogste gesag.

In 1 Korinthiërs 12 verduidelik God die funksies, ampte, administrateurs en hul amptenare, soos Hy hulle in sy Kerk aanstel.

"En wat die geestelike gawes betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie… Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk… Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil. Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, EEN LIGGAAM IS, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons [in die Kerk] Jode of Grieke is, slawe of vrymanne…" (1 Korinthiërs 12:1, 4-6, 11-13).

## *EEN KERK MET EEN BESTUUR*

Let in die besonder daarop, daar is slegs die EEN KERK. Nie BAIE kerke nie. Die KERK is nie verdeeld nie. Daar is slegs een Kerk.

Nie ‘n moeder kerk en talle klein dogter kerkies wat vanweë meningsverskille afgestig het nie. Splintergroepe is NIE MEER IN DIE KERK NIE. Dit is die Kerk wat in die opstanding met Christus se wederkoms met hom trou—nie kerke wat verskil nie—nie groepe wat afgesplinter het nie! Nie, ‘n moederkerk en afvallige dogterkerke nie. Dit sal duideliker word hoe verder ons gaan.

Let verder daarop, dat die Kerk VERSKEIE ANDER BEDIENINGS het. Vir diegene in die EEN Kerk, is daar ook verskeie ADMINISTRASIES of bestuursdepartemente, met ‘n uitvoerende bestuurder oor elke departement of onderneming (verse 4-6). Onthou, ‘n uitvoerende administrateur STEL NIE BELEID OF PROSEDURES OF LEERSTELLINGS OP NIE. Hy bestuur—hy doen en sien toe—dat dit wat reeds van bo af in plek gestel was, uitgevoer word.

Selfs in hierdie wêreld is dit so, in die Verenigde State MAAK die President NIE DIE WETTE NIE. Hy bestuur die beleide as funksies wat deur die Kongres goedgekeur was—handhaaf die wet wat deur die Kongres gemaak is. Administrateurs word in die Kerk daargestel, slegs om dit wat van bo bepaal is, na te gaan, te lei, beleid en prosedures en leerstellings aan hulle toegewys, uit te voer.

Die EEN Kerk, onverdeeld, word weereens in vers 20 beklemtoon: “Maar nou is daar wel baie lede, egter NET EEN LIGGAAM”—EEN ONVERDEELDE KERK! Selfs GOD bestaan uit meer as een Personasie, maar steeds net EEN GOD! God, onthou, is die goddelike Godfamilie. Diegene in die Kerk is reeds verwekte seuns—verwekte lede van die Godfamilie. Maar hulle is nog nie as Godwesens gebore nie!

Let op vers 25: “sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.”

Om hierdie baie take te administreer, het God—nie deur stemming van lede nie—”in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, gegee.” Of meer volledig in Efésiërs 4:11 weergegee: “En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars.”

‘n Apostel is “iemand wat gestuur is” met Christus se evangelie boodskap, insluitende toesighouding oor die

verkondiging van die boodskap aan die wêreld, deur middel van persone anders as hyself. Ook is aan 'n apostel die toesighouding van al die plaaslike gemeentes of kerke toegesê (1 Korinthiërs 16:1). Die apostel Paulus het toesig oor al die kerke in die Heiden wêreld gehad. (2 Korinthiërs 11:28).

Die profete wat in die grondlegging van die Kerk vasgestel is, is die van die Ou Testament, wie se geskrifte gebruik was om 'n aanmerklike deel van die Nuwe Testament, se onderrig van die evangelie en fungering daarvan, te vorm.

Evangeliste was leidende leraars wat die evangelie aan die publiek verkondig het, selfs plaaslike gemeentes gestig het en toesig oor sekere kerke onder leiding van die apostel gehad het. Daarom kan 'n evangelis tans uitvoerende gesag onder leiding van die apostel in die Kerk hoofkwartier of werk, hê. 'n Evangelis is ook nie noodwendig permanent op 'n plek nie, terwyl pastore, oor 'n plaaslike gemeente of 'n bypassende groep plaaslike kerke, plekgebonde is. Dan is daar in die Kerk onderwysers—wat nie, noodwendig predikers is nie, tog egter word alle leraars en onderwysers, ouderlinge in ander Nuwe Testament verse, genoem. Daarom, is daar vandag in God se Kerk prekende en nie-prekende ouderlinge. Prekende ouderlinge is herders oor plaaslike kerke. Daar is ook vandag ouderlinge wat nie preek nie maar word ook plaaslike ouderling in die Kerk genoem.

## *TEMPEL WAARHEEN CHRISTUS SAL KOM*

Nou meer oor KERK ORGANISASIE.

Die KERK is die geestelike Liggaam van Christus wat HOOGS GEORGANISEERD is—nie 'n wêreldlike of wêreldse organisasie, klub of instelling nie.

Let op hoe deeglik dit georganiseer is: "So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God." Let op, die Kerk is 'n FAMILIE, net soos God 'n geestelike FAMILIE is—"huisgenote van God."

Verder: "Gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is; in wie die hele gebou"—die Kerk is 'n gebou wat "goed saamgevoeg" (deeglik georganiseerd—alle dele funksioneer in harmonie en goeie spanwerk saam) "verrys tot 'n heilige tempel in die Here: in wie

julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees" (Efésiërs 2:19-22). Hierdie skrifgedeelte onthul duidelik die tempel waarheen die verheerlikte, wêreldheersende Christus, binnekort, met sy Wederkoms gaan kom. Daar is geen skriftelike profesie dat 'n tempel in Jerusalem opgerig sal word voor Christus se Wederkoms nie. Die 40ste hoofstuk van Eségiël, beskryf egter 'n tempel wat na Christus se wederkoms gebou sal word.

Die Kerk dan, moet groei tot 'n HEILIGE TEMPEL—die geestelike TEMPEL waarheen Christus sal kom—soos wat hy die eerste keer na 'n materiële tempel van klip, metale en hout gekom het.

Let verder op: "… die Hoof is, naamlik Christus: uit wie die hele liggaam, goed saamgevoeg"—GEORGANISEERD—"en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam bevorder …" (Efésiërs 4:15-16). Saamverbind beteken aan mekaar vasgemaak, saamgepers asof dit vasgesweis is. Dit toon GEORGANISEERDE EENHEID, HARMONIE! Dit is 'n opdrag dat die in die Kerk só eensgesind moet wees dat "… julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening" (1 Korinthiërs 1:10).

Ou Testament Israel, die Kerk van die Ou Testament, was ook 'n volk in die wêreld—ofskoon nie VAN die wêreld nie, soos God dit georganiseer het. Die REGERING was HIËRARGIES van aard. Dit was 'n teokratiese regering—regering van bo na onder—heeltemal teenoorgesteld van die "demokratiese."

Die KERK is georganiseerd onder 'n teokratiese regering, hiërargies van aard. Die lede vestig nie beamptes in die Kerk nie. God vestig selfs die oningewyde lede in die Kerk (1 Korinthiërs 12:18).

Jesus het uitdruklik gesê, "NIEMAND KAN na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie (Johannes 6:44). Die wêreld, behalwe dié, wat spesiaal geroep word, is van God AFGESNY!

Ons het pas die waarheid behandel dat GOD, self, beamptes in die Kerk aanstel om op menslike vlak, onder Christus, diens te doen. Hulle word nie deur lede gekies nie. Tog, in die wêreldse kerke, glo sommiges in die bestuur deur die hele gemeente—"demokraties"—en noem hulself "Gemeentelik."

Ander laat hul deur predikante of presbiterie beheer en noem hul self “Presbiteriaans.” Party volg Luther na en noem hulself “Luthers.” Ander volg Wesley, wat streng op “metode” was en noem hulself “Metodiste”. Sommige het God se waarheid oor die doop verneem en word hulle kerk na daardie een doktrine, “Baptiste” bepaal. Een wou totale wêreld heerskappy bekom, en word dit “Katoliek”, wat “universeel” beteken, genoem. Wat is die naam van die Kerk wat Jesus gestig het?

## *REGTE NAAM VAN DIE KERK*

Jesus het vir sy Kerk gebid:”… Heilige Vader, bewaar *in u naam* die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons. Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in *u Naam* bewaar… .Maar nou kom Ek na U toe… .Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het *hulle* gehaat, *omdat hulle nie van* die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose [een] bewaar. *Hulle is nie van die wêreld nie*, net soos Ek nie van die wêreld is nie. Heilig hulle in U WAARHEID, U WOORD IS DIE WAARHEID” (Johannes 17:11-17).

Jesus het gesê dat sy, ware Kerk *in die naam van die* Vader—God—BEWAAR moet word. *Twaalf keer* in die Nuwe Testament is die NAAM van hierdie een *ware* Kerk, GEMEENTE VAN GOD! Dit is GOD se kerk en Jesus Christus is die rigting gewende, ondersteunende, beherende HOOF daarvan.

In vyf skrifgedeeltes waar die ware NAAM van die Kerk verskyn, word die hele liggaam van Christus—die Kerk as ‘n geheel—aangedui. Dus waar daar van die Kerk as ‘n geheel gepraat word, insluitende al die individuele lede op aarde, is die naam “DIE GEMEENTE VAN GOD.” Hier is die vyf skrifgedeeltes:

1)Handelinge 20:28: Die vermaning aan die herders is om die “GEMEENTE VAN GOD” te versorg.

2)1 Korinthiërs 10:32: “Wees geen oorsaak van struikeling vir Jode of Grieke of vir die GEMEENTE VAN GOD nie.”

3)1 Korinthiërs 11:22: “… Of verag julle die GEMEENTE VAN GOD en maak julle dié beskaamd wat nie het nie?”

4)1 Korinthiërs 15:9: Skryf Paulus: “… omdat ek die GEMEENTE VAN GOD vervolg het.”

5) Galásiërs 1:13: Hierdie vers herhaal die vorige vers—"dat ek die GEMEENTE VAN GOD vervolg het."

Waar een spesifieke gemeente genoem word, word die ware Kerk, " Die Gemeente van God" genoem, dikwels in verband met die *plek* van oorsprong. Hier is vier meer skrifgedeeltes:

6) 1 Korinthiërs 1:2: "aan die GEMEENTE VAN GOD wat in Korinthe is."

7) 2 Korinthiërs 1:1: "aan die GEMEENTE VAN GOD wat in Korinthe is."

8) 1 Timótheüs 3:5: Word daar van 'n plaaslike ouderling in die gemeente gepraat, en Paulus skryf aan Timótheüs: "Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die GEMEENTE VAN GOD sorg dra?"

9) 1 Timótheüs 3:15; "... dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die GEMEENTE VAN DIE LEWENDE GOD is". Hier is dit die Kerk van die *lewende* God.

Wanneer daar van die plaaslike gemeentes gesamentlik gepraat word, nie as 'n gewone liggaam nie, maar as 'n totaal van al die gemeentes, is die Bybel naam "DIE GEMEENTES VAN GOD." Hier volg die laaste drie van die 12 plekke wat die name van die Kerk aanwys:

10)1 Korinthiërs 11:16: " ons het nie so 'n gewoonte nie, en ook die GEMEENTES VAN GOD nie."

11) 1 Thessalonicense 2:14: "Want julle, broeders, het navolgers geword van die GEMEENTES VAN GOD wat in Christus Jesus is in Judéa."

12) 2 Thessalonicense 1:4: "sodat ons self in die GEMEENTES VAN GOD oor julle roem ...".

Tog, is een nie regtig die Kerk van God nie, tensy dit die KERK VAN GOD is, wat met doktrines, prosedures en organisasie, in alle opsigte voortgaan, ooreenkomstig die oorspronklike bybelse patroon, wat deur Jesus Christus, wat steeds aan God die Vader behoort, aangevoer word en deur die Heilige Gees, wat GOD SE WAARHEID het, bemagtig word om sy opdrag, om die BLYE BOODSKAP VAN DIE KONINKRYK VAN GOD aan die wêreld in geheel te verkondig, uitvoer.

En daar is slegs EEN so 'n Kerk!

En, dit KAN NIE VERDEELD WEES NIE. Dit bly EEN.

In 1 Korinthiërs 1 was die apostel Paulus besield om te skryf dat almal "EENSTEMMIG MOET WEES." Daar moet geen verdeeldheid wees in wat geglo, geleer en gepreek word nie.

## *TRADISIONELE CHRISTENDOM*

Maar wat van al die ander georganiseerde kerke wat onder die "Christendom" kategorie—sommige met miljoene aanhangers—resorteer? Hulle word almal in Openbaring 17:5 beskryf as: "Verborgenheid, die groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde."

Is hulle dan boos?

Nie noodsaaklikerwys, bewustelik of wetende nie. Die mensdom is van God AFGESNY. Satan, wat die volgende na God self in mag is, sit steeds op die troon van die aarde. En die hele wêreld is deur Satan MISLEI (Openbaring 12:9). Diegene, wat mislei is, is nie daarvan bewus dat hul mislei is nie. Indien hulle dit weet, dan *is* hulle nie mislei nie! Hulle, mag hartgrondig en opreg, glo dat hulle reg is.

Is hulle verdoem? Geensins! Hulle is eenvoudig NOG NIE GEOORDEEL NIE—nie "verdoem" of "gered"—nie. Dit is inderdaad min wat Satan se mag en die omvang van sy MISLEIDING besef!

Dit is SATAN wat boos en diabolies is. Maar hy is 'n ONSIGBARE wese en krag—onsienbaar en onherkenbaar vir sterflike mense.

Satan is 'n groot VERVALSER! Hy kom as "'n engel van die lig" voor (2 Korinthiërs 11:13-15). En hy het ook sy vals KERKE! Sy predikers is deur hom mislei, sodat hulle glo dat hulle "dienaars van geregtigheid" en van Christus is (2 Korinthiërs 11:15: Matthéüs 24:5).

"Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval… Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus. En geen wonder nie! Want die Satan, self verander hom in 'n engel van die lig. Dit is dus, niks besonders wanneer sy dienaars, hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie. Maar hulle einde sal wees volgens hulle werke" (2 Korinthiërs 11:3-4, 13-15).

Let daarop, dat hierdie misleide maar vals kerke glo dat hulle die ware kerk is, en dat hulle leraars " hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid" is—met ander woorde, hulle kom voor as die ware dienaars van Jesus Christus. Inderdaad, sommige van hulle mag geheel en al opreg wees, maar is self ook bedrieg. Nogtans, het hulle nie van Jesus se ware boodskap van DIE KONINGKRYK VAN GOD geweet of dit verkondig nie (Matthéüs 24:14). Ook begryp hulle nie wat in hierdie boek oor die KERK VAN GOD geskryf is nie.

## *GEDEELTELIKE WAARHEID*

Sekere skrifgedeeltes, veral oor die Christen leefwyse, geloof, liefde ensovoorts, word deur baie Protestantse denominasies, en sommige persoonlike "evangeliebedienings," reg aangehaal, maar talle basiese skrifgedeeltes, wat in hierdie boek aangehaal is word geignoreer. Dit wil voorkom asof Satan gewillig is dat die wat bedrieg is, gedeeltes van die waarheid mag hê.

Hulle raak hulle egter, verstrik in soverre dit die vernaamste waarhede betref. Gewoonlik het hulle nie die regte naam, Die Kerk van God, nie. Ook weet hulle nie of verkondig hulle nie die koninkryk van God of wat dit is nie—dit wil sê, hulle het nie of hulle verkondig nie die ware evangelie van Christus nie. Hulle het nie God se regering wat deur Jesus Christus aangevoer word, met apostels, evangeliste, pastore en ander ouderlinge, nie. Hulle weet nie wat saligheid is nie en hulle verstaan nie God se doel en plan nie.

Een oorspronklike Kerk wat baie teenkanting en vervolging gehad het, maar nog steeds bestaan, het die getuienis wat bewys dat hulle die oorspronklike, ware kerk is. En selfs hierdie Kerk, het tot na 1933, baie van die noodsaaklikste waarhede verloor. Sedert daardie jaar is ten minste 18 basiese waarhede na die ware Kerk teruggebring.

## *MENSLIKE VERSTAND ALLEEN KAN NIE VERSTAAN NIE*

Tot nou toe, was dit nog nie vir my moontlik om 'n bondige verduideliking van WAT en WAAROM die KERK is, te gee nie.

En WAAROM NIE?

Mense dink natuurlik en normaalweg net aan en oor, fisiese en materialistiese dinge. Mense besef dit nie, maar hulle is

van God AFGESNY! Die menslike verstand, tensy en totdat dit die Heilige Gees van GOD ontvang het—kan nie geestelik dink nie, het ook nie geestelike kennis nie—kan nie die menslike probleme, moeilikhede, booshede en die doel van die menslike bestaan, verstaan nie.

Maar die KERK is GOD SE KERK. Die dinge van GOD is ‘n raaisel—wat nie vir die natuurlike verstand verstaanbaar is nie. Mense mag een of ander menslike idée oor wat en wie die Kerk is, hê, maar dit is nie GOD se konsep nie.

Vandag kommunikeer God met ons deur sy gedrukte Woord, Die Bybel. Maar die sentrale aspekte daarvan is geestelik. Die menslike verstand sonder die Gees van God kan nie geestelik dink of geestelike kennis begryp nie. Om dit nog meer van ‘n RAAISEL te maak, herhaal ek weereens, die Bybel is soos ‘n legkaart, bestaande uit duisende stukkies, wat saamgevoeg moet word om verstaanbaar te word: “gebod op gebod, reël op reël, hier ‘n bietjie, daar ‘n bietjie, “(Jesaja 28:9-10, 13). Vir die menslike verstand om hierdie geestelike “legkaart” na regte uit te lê, vereis aanvulling van die Heilige Gees. Selfs dan, vereis dit tyd, ywer en geduld. Ek was nie instaat om hierdie “wat en hoekom” van die Kerk met eenslag kortliks aan die leser te gee nie. Ek wil die RAAISEL van wat die kerk dan is, in geheel bekend maak.

WAT, dan, is DIE KERK?

## *WAAROM “EERSTELINGE VAN DIE GEES?”*

Dit is daardie groep wat God spesiaal uit Satan se wêreld uitgeroep het. Hierdie groepie is vir ‘n spesiale doel gekies—om hulle as heersers en leermeesters te bekwaam, om saam en onder Christus die wêreld te onderrig, wanneer God sy hand uitstrek om die wêreld te bekeer. Dit is eers noodsaaklik dat hulle na Godwesens en lede van die geestelike Godfamilie herskep word. Dit verduidelik waarom hulle by herhaling “eerstelinge” van God se verlossing, genoem word (Efésiërs 1:11; Romeine 11:16; Openbaring 14:4). Die dag van Pinkster was oorspronklik die Fees van Eerstelinge genoem, wat die Kerk—wat geroep en opgelei word vir hulle spesiale taak—uitbeeld, voordat verlossing deur God, aan die wêreld gebied word. Laat ons duidelik verstaan, dat die tyd om die boom van die lewe vir

Satan se wêreld oop te stel, nog nie daar is nie. Veel eerder as om die boom van die lewe vir Satan se wêreld oop te maak, het God diegene wat vooruitbestem is om hul as konings en priesters te bekwaam, uitgekies sodat hulle werklik Godwesens onder Christus is, wanneer God die boom van die lewe vir die wêreld oopstel. Dit sal die tyd wees wanneer God, soos in Joël 2:28, uiteindelik, sy Gees op alle vlees uitstort.

Die Nuwe Testament gedeelte wat verkeerd "nou is die dag van heil" (2 Korinthiërs 6:2) lees, is aangehaal uit Jesaja 49:8 waar dit praat van " en in die dag van heil" nie *die* dag van heil [is] nie. Die Griekse, teks het ook nie die woord *die* nie. Die vertalers wat mislei is, het geglo dat nou die enigste dag vir redding van almal is.

Die werklike feit dat die Kerk nie slegs maar geroep is vir redding—om dit alleenlik "tot in die koninkryk" te maak nie, soos so baie dit beweer het—word duidelik bevestig deur die gelykenisse van die ponde en talente.

## *GELYKENIS VAN DIE PONDE*

In die gelykenis van die ponde (Lukas 19:11-27), word Jesus vergelyk met die ryk jong heerser wat na God se troon in die hemel gaan om die koningskap van God te ontvang. Hy gee aan elkeen in die Kerk 'n pond, wat 'n gedeelte van God se Heilige Gees voorstel. Dit illustreer dat ons in die Gees, of in kennis en waarheid moet groei tydens die Christelike leeftyd. Met Christus se wederkoms, nadat hy die koningskap ontvang en reeds gekroon is, gaan hy dié in die Kerk tot verantwoording roep. Die een wat die gedeelte van die Heilige Gees wat hy ontvang het, tien keer vermeerder het (wat gegroei het in kennis en waarheid) se beloning gaan wees om oor tien stede aangestel te word. Hy, wat net halfpad ontwikkel en in geestelike krag gegroei het, se beloning sal net oor vyf stede wees. Onthou, ons word ooreenkomstig ons werk, of geestelike groei, beloon daar die ewige lewe 'n gawe van God is. Maar wat dan van die persoon wat onder die indruk was dat "hy dit in die koninkryk in "gemaak het, sonder geestelike groei of enige ontwikkeling? Daardie eerste gedeelte, van die Heilige Gees gaan van hom weggeneem word—hy sal die ewige lewe wat hy verkeerdelik

gedink het hy dit het, verloor. Hy sal dit nie tot in die koninkryk maak nie! Hy was nie slegs tot redding geroep nie, maar hy moes kwalifiseer om onder Christus in die koninkryk te regeer en onderrig te gee, wanneer God verlossing aan almal in die wêreld bied. Dit is goed om daarop te let dat verlossing nie aan die in Satan se wêreld aangebied gaan word nie. Dit sal dan God se wêreld wees—die wêreld van môre.

In die gelykenis van die talente (Matthéüs 25) word dieselfde waarheid beklemtoon.

## *GELYKENIS VAN DIE SAAIER*

Net so ook in die gelykenis van die saaier en die saad in Matthéüs 13:1-9. Jesus, se dissipels het egter nie die gelykenis verstaan nie en het hom gevra (vers 10) hoekom hy gelykenisse gebruik as hy met die menigtes praat. Jesus se antwoord aan sy dissipels, wat vir 'n spesiale opdrag uit hierdie wêreld geroep is, was; "Aan julle is dit gegee om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie." Nog 'n voorbeeld dat God nie nou die wêreld roep om te verstaan en gered te word nie. Met die wat nie geroep is nie (vers 13) het Jesus in gelykenisse, gespreek sodat hulle nie die betekenis kon verstaan nie, maar aan sy verkose dissipels het hy die betekenis verduidelik (verse 18-23). Sommiges wat in hierdie Kerk era geroep word, hoor die Woord van God wat verkondig word, maar verstaan dit nie en Satan steel dit wat in hul harte gesaai was. Ander weer ontvang die waarheid met vreugde, maar weens diepte van karakter en verstand wat ontbreek draai hulle weg wanneer hulle gekrenk word en vervolging kom. Ander weer hoor en reageer aanvanklik, maar is so vasgevang met verdienste en die plesiere van die wêreld, dat geen vrugte gedra word nie—soos die een wat die een geldstuk ontvang het, maar wat nie in geestelike karakter en kennis gegroei het nie. Maar, van die ander wat uit hierdie wêreld in God se Kerk in geroep is, het sommige honderd-, ander sestig- en nog ander dertigvoudig, geestelike vrug gedra. Hulle word deur God se vrye genade gered, maar sal in die toekomstige lewe in God se Koninkryk beloon word of verantwoordelike posisies beklee en mag, ooreenkomstig hul werke ontvang.

Dit beteken volgens die vrugte, wat hulle gedra het. Vrugte dra, beteken meer as net om gereeld Bybel te lees, te bid, kerk by te woon of vrywilliglik kerklike dienste te verrig. Dit beteken "vrugte van die Gees" soos in Galásiërs 5:22-23 verduidelik word—meer liefde en besorgdheid teenoor andere, groei in vreugde, wat blydskap in oorvloed is, vrede met familie en bure en alle ander mense. Groei in geduld, meer liefdevol en minsaam teenoor ander, asook deemoedigheid en bedaardheid aan die dag te lê.

Die KERK, dan, is daardie liggaam wat uit Satan se wêreld geroep word, wat *voorberei word* om saam en onder Christus, God se REGERING te herstel wat in 'n tyd sal wees, wanneer Satan VERWYDER is. Dit sal in 'n tyd wees wanneer almal wat leef tot bekering geroep gaan word en die ewige lewe deur die Heilige Gees van God, gaan ontvang. Die KERK, onverganklik, sal saam met Christus REGEER—en die huidige bewind van Satan vervang!

Die KERK, dan, is daardie liggaam van geroepenes, wat tydens die opstanding die EERSTELINGE van God se oes gaan wees. Daardie oes is die insameling van fisiese vlees en bloed, stoflik saamgestelde mense, wat in geestelike onsterflike GODWESENS verander is—dié in wie God homself heeltemal reproduseer het!

## *KERK NOG VLEESLIK*

WAAROM het God met wysheid, stadig beweeg—'n tree op 'n slag? Daar is min wat besef HOE GROOT GOD SE DOEL is!

Na al hierdie jare van sonde, menselewens wat van God AFGESNY is, selfs met God se Heilige Gees wat aan diegene gegee is wat met aanvanklike bekering *verander* het, is dié in die Kerk aanvanklik" suigelinge in Christus"—baie meer vleeslik as wat hulle geestelik is.

VERSTAAN DIT nou!

Die KERK, soos aanvanklik in die lewe geroep, is NIE NOU instaat om die aarde te REGEER nie—om saam met Christus op die troon, waar Satan oorspronklik deur God geplaas is, te sit nie—om GOD SE REGERING toe te pas nie.

Dit is *WAAROM* God SY REGERING in sy Kerk, geplaas het. Dit is *WAAROM* God se Kerk regering, teokraties pleks van demokraties is. Daarom het God, gesagsrange in sy Kerk daargestel; apostels,

evangeliste, pastore, beide prekende- en nie prekende ouderlinge, "totdat ons [in die Kerk] almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man tot die mate van die volle grootte van Christus" (Efésiërs 4:13). Dit is nie ten tye van die doop, 'n kwessie van "het dit in die koninkryk in gemaak nie," eerder 'n kwessie van geestelike groei en die ontwikkeling van kennis sowel as regverdige karakter. Dit is *WAAROM* dit hiërargies in vorm is—regering met God aan die bo-punt en dan af, nie van onderaf boontoe nie. Andersins sal dié aan die onderpunt, GOD regeer!

Dit is DIESELFDE regering waarmee Christus alle nasies, met ingang van die millennium, gaan regeer!

En dit is *WAAROM* Satan andersdenkendes in God se Kerk subtiel beinvloed om haatdraend en bitter oor God se regering te word—waarom party uit die Kerk is!

Kerke van hierdie wêreld—"tradisionele Christendom"—praat NIE van GOD se regering nie. Jesus word nie as toekomstige wêreldHEERSER geskilder nie. Hy word ook nie as toekomstige KONING verkondig nie—net as 'n Verlosser. Hulle verwerp—kyk verby—skrifgedeeltes waarin Christus as Koning en toekomstige Regeerder voorgestel word en *regerings*beheer in die koninkryk van God. Wat meer is, die evangelie BOODSKAP van Christus word doelbewus VERWERP en goedsmoeds uit hul lering en prediking UITGELAAT! Hulle verkondig dat 'n mens *reeds verlos* is wanneer Christus "aanvaar" [GEKRY] word!

Ek herhaal, die individu wat God roep en by sy Kerk invoeg, is, aanvanklik ten tye van sy bekering, nie naastenby daartoe in staat om bewindsmag oor nasies, te kry nie!

Hy word 'n "kind in Christus" genoem. Hy het, indien hy waarlik bekeerd in hierdie voorlopige menslike bestaan is, in werklikheid 'n gedeelte van God se Heilige Gees ontvang. Inderdaad lees ons in Romeine 8:16: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is."

Dit is 'n bewese behoefte om geestelik te groei voordat ons kan kwalifiseer om oor stede en nasies te regeer en diegene wat tot bekering kom, te kan leer.

Soos die apostel Paulus aan diegene in die eerste eeu wat nie geestelik gegroei het nie, gesê het: "Sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid

erfgename van die belofte is. Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer en gesê: Voorwaar, Ek sal jou ryklik seën en jou grootliks vermeerder (Hebreërs 6:12-14).

Ons is alreeds, alhoewel nog nie gebore nie, verwekte kinders van God. Dit vergelyk met die bevrugte embrio of fetus in die aanstaande ma se baarmoeder, wat dan *alreeds* die ouers se kind is, alhoewel nog nie gebore nie. Daarom meld ek in die verbygaan, dat *aborsie MOORD is*!

Dit bring ons by 'n baie belangrike DOEL en FUNKSIE van die Kerk!

Vers 22 van Galásiërs 4 is 'n voorstelling van twee verbonde—die Verbond met nasionale Israel by die Berg Sinai en die Nuwe Verbond wat met Christus se wederkoms gemaak gaan word. Leraars in die Kerk is "bekwame leraars van die nuwe testament" (2 Korinthiërs 3:6).

Die KERK is deel van en voorlopig, in die finale wording, van die NUWE TESTAMENT.

In hierdie voorstelling van die twee verbonde, word die Kerk "DIE MOEDER VAN ONS ALMAL" genoem—dit is, van dié wat in die Kerk is.

Let dus op die direkte vergelyking dat God homself deur mense reproduseer. Hy het ons met krag om *onsself* te reproduseer toegerus. En die menslike voortplanting is 'n presiese tipe van God se GEESTELIKE VOORTPLANTING!

## *HOE MENSLIKE VOORTPLANTING GEESTELIKE VERLOSSING UITBEELD*

Kyk, en VERSTAAN nou, hoedat menslike voortplanting, geestelike VERLOSSING uitbeeld!

Alle natuurlike lewe se oorsprong is van 'n klein eiersel, wat 'n ovum genoem word. Dit word binne-in die natuurlike moeder geproduseer. Hierdie eiersel is omtrent so groot soos 'n speldpunt. Wanneer dit baie vergroot word, kan daar in die binnekant daarvan 'n baie klein kern gesien word. Hierdie eiersel het egter 'n kort lewensduur *op sig self*! Party dokters en wetenskaplikes glo die lewenssiklus daarvan, is omtrent 24 uur, tensy dit deur 'n manlike spermsel bevrug word.

Maar lewe kan *aan* die eiersel verleen word deur 'n spermsel, wat in die liggaam van die vader vervaardig word. Die spermsel is die kleinste sel in die menslike liggaam—omtrent een vyftigste van 'n eiersel (ovum). Die sperm—tegnies spermatosoon (meervoud, spermatosoë) genoem—dring die eiersel binne en verenig met die kern. Dit gee *lewe*—fisiese *menslike* lewe—aan die ovum.

Slegs bevrugting, *verwekking* het plaasgevind en dit is nog nie 'n gebore mens nie. Die eerste vier maande word dit 'n *embrio* genoem. Daarna, tot en met geboorte word dit 'n *fetus* genoem. Dié lewe begin baie klein—'n speldeprik grootte—en die sperm wat dit bevrug is die *kleinste* sel in die menslike liggaam!

Na bevrugting, moet die eiersel met fisiese voedsel uit die grond deur die moeder *gevoed* en gekoester word. Deur hierdie fisiese voedings proses moet dit groei en *groei* en GROEI—totdat dit fisies groot genoeg is om gebore te word—na nege maande. Soos wat dit groei, word die *fisiese* organe en karaktereienskappe stadig maar seker gevorm. Stadigaan vorm die werwelkolom. 'n Hart wat begin klop en ander interne organe begin vorm aanneem en geleidelik word 'n liggaam, kop, bene en arms ontwikkel. Eindelik begin hare op die kop groei, vinger- en toonnaels ontwikkel—gelaatstrekke kom na vore. So by nege maande het die gemiddelde normale fetus gegroei om so min of meer ses tot nege pond te weeg en is gereed om gebore te word.

'n Mens moet deur sy vader VERWEK word. Om deur die Gees *weer*gebore te word—van GOD—moet 'n persoon deur sy GEESTELIKE VADER—Almagtige God, verwek word.

## *DIE VERSTOMMENDE VERGELYKING.*

Aanskou nou hoe MENSLIKE verwekking, swangerskap en geboorte 'n verbasende identiese sinnebeeld van geestelike verlossing is—om van God GEBORE te word—die EWIGE LEWE in die koninkryk van God te verkry—om in die GodFAMILIE in, GEBORE mag word!

Elke volwasse mens is geestelik 'n "eiersel" of "ovum." In hierdie geestelike eiersel is 'n kern, die menslike verstand met sy menslike gees. Hierdie geestelike "eiersel" het 'n beperkte lewenssiklus—in vergelyking met die EWIGE LEWE—'n gemiddeld

van sowat sewentig jaar. Maar, geestelike *goddelike ewige* lewe mag *aan* dit verleen word deur toegang van die HEILIGE GEES, wat direk van GOD die Vader kom. Hierdie Heilige Gees van God verenig met die menslike kern, wat die gees en verstand van die mens is en wat aan ons die *goddelike* natuur verleen (2 Petrus 1:4). Tot hiertoe, het ons nog net menslike natuur, die eie Ek, gehad.

Net soos die sperm die *kleinste* van alle selle in die mens se liggaam is, net so, het nuut verwekte Christen ook net 'n *klein* deeltjie van God se Heilige Gees en karakter ontvang. Aanvanklik mag die meeste nog 99.44 persent vleeslik wees! Oënskynlik was dié in die Kerk van God in Korinte, so (1 Korinthiërs 3:1-3). Die apostel Paulus het gesê dat hy hul nog geestelike *melk* moes voed—nog nie met volwasse geestelike "voedsel" nie. Hulle was verseker nog nie "WEDERGEBORE" nie.

Nou, net soos die manlike sperm sy pad na die eiersel vind en met die *kern* in die ovum verenig, net so verenig die Gees van God met die gees en VERSTAND van die mens! Daar is, soos voorheen verduidelik, 'n *gees* IN die *mens*. Hierdie mens gees verenig met die brein en vorm die menslike VERSTAND. God se Gees verenig en getuig met *ons* gees, dat ons nou kinders van God is (Romeine 8:16). God se Heilige Gees, wat nou met ons gees en verstand verenig het, verleen aan ons GEDAGTEGANG die vermoë om GEESTELIKE KENNIS te begryp (1 Korinthiërs 2:11)—wat die mens se sinlikheid nie kan begryp nie.

Nou het ons'n teenwoordigheid van die EWIGE LEWE— God-lewe—deur God se Gees. Op dieselfde wyse is die embrio 'n egte, maar onontwikkelde menselewe. Ons is nog nie onsterflike geestelike wesens—nog nie uit God GEBORE nie—net soos die mens ovum nog nie 'n gebore kind van sy ouers is nie—nog nie in besit en eienaar van sy ouers se nalatenskap is nie, maar wel fisies 'n ERFGENAAM (Romeine 8:17). Maar *AS* God se Heilige Gees in ons woon, dan sal Hy, tydens die opstanding, ook ons sterflike liggame "opwek" tot onverganklikheid DEUR sy Gees wat in ons "woon" (Romeine 8:11; 1 Korinthiërs 15:49-53).

Nou sien ons hoe die verbasende analogie voortgaan!

Tot hede toe is ons nog nie as geestelike wesens *gebore* nie. Ons is nog nie uit gees *saamgestel* nie maar uit stof, aangesien die geestelike lewe nog net verwek is. Hierdie geestelike KARAKTER is so gering, dat dit twyfelagtig is of veel daarvan sigbaar is—behalwe

vir daardie gloed van ekstase wat die "eerste liefde" van hierdie geestelike "romanse" van bekering, meebring—geestelik gesproke. In soverre dit geestelike KENNIS en ontwikkelde geestelike KARAKTER betref, is daar tot hede toe, nie juis veel van nie.

## *DIE GEESTELIKE EMBRIO*

Wanneer eens geestelik verwek, is ons slegs 'n geestelike embrio, wat met GEESTELIKE spys gevoed moet word! Jesus het gesê dat mens nie van brood (fisiese spys) *alleen* sal lewe nie, maar van ELKE WOORD VAN GOD (geestelike spys) wat ons vanuit die Bybel uit, indrink! Deur persoonlike, innige en aanhoudende kontak met God deur GEBED, en deur Christelike gemeenskap met God se kinders in sy Kerk, word hierdie geestelike kennis en karakter ook ingedrink. Verder word dit ook verkry deur aanhoudende onderrig wat deur die Kerk meegedeel word.

Die *fisiese* embrio en fetus word deur die natuurlike moeder gevoed. God se Kerk word Jerusalem *daarbo* genoem; "en dit is die MOEDER VAN ONS ALMAL" (Galásiërs 4:26).

Let hier op die presiese ooreenkoms! Die KERK is die GEESTELIKE MOEDER VAN DIE LEDE. Leraars wie geroep en uitverkies is deur God word in die Kerk geplaas om die KUDDE TE VOED—"om die heiliges *toe te rus* vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam [KERK] van Christus: totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van *die kennis* van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus (Efésiërs 4:12-13).

Dit is die plig van God se ware leraars (*hoe skaars deesdae*) om die verwekte maar nog ongebore vromes te BESKERM teen valse leerstellings van vals leraars.

Die MOEDER dra haar ongebore baba in dié deel van haar liggaam waar sy hom die beste teen *fisiese* gevaar kan BESKERM; en dit, asook om die ongebore kind te voed, is deel van haar funksie! Net so, gee die KERK deur Christus se leraars, opdragte, raad, onderrig en geestelike BESKERMING, aan die *geestelik*, ongebore, lede. Wat 'n WONDERLIKE prentjie is menslike voortplanting nie van geestelike SALIGHEID nie!

*Voorts!* Net soos die fisiese fetus *fisies* groot genoeg moet groei om gebore te word, moet die verwekte Christen *groei* in

genade, en in die kennis van Christus (2 Petrus 3:18)—moet oorwin, moet geestelike KARAKTER ontwikkel gedurende sy leeftyd om in die koninkryk van God in, weerGEBORE te word!

Net soos die fisiese fetus stadigaan, stap, vir stap, elke fisiese orgaan, gelaatstrekke en karaktereienskappe ontwikkel, net so moet die verwekte Christen ook stadig maar seker GEESTELIKE karakter ontwikkel—liefde, geloof, lankmoedigheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Hy (of sy) moet daardeur lewe, 'n DADER wees van die Woord van God en hy moet 'n heilige KARAKTER ontwikkel.

## *UITEINDELIK—ONSTERFLIKHEID!*

Dan in God se eie tyd—alhoewel die persoon in die tussentyd kan sterf—sal die persoon deur 'n opstanding uit die dode, of deur oombliklike VERANDERING na onsterflikheid met Christus se wederkoms, in die koninkryk van God in WEDERGEBORE word—omdat GOD daardie koninkryk *is*! Hy is dan nie meer vlees uit die grond nie, maar gees, soos God 'n Gees is. (Johannes 4:24).

Hoe WONDERLIK is GOD SE WAARHEID!

Nogtans het Satan deur sy gemene bedrieglikheid, DIE WÊRELD BEDRIEG—die mens verblind vir die feit dat God die KONINKRYK *is* wat Jesus verkondig het—en dat ONS as 'n geestelike individu—deel van die daardie goddelike FAMILIE—die GOD KONINKRYK, *gebore* mag word!

Hoe kosbaar is GOD SE WAARHEID! Voortplanting is deur Hom bedoel om sy waarheid op 'n fisiese wyse voor te stel en OM ONS AANHOUDEND IN DIE KENNIS VAN SY WONDERLIKE VERLOSSINGSPLAN TE HOU.

Dit is die KERK se funksie—as die geestelike MOEDER van die Christene wat daarin is —om heilige, regverdige en perfekte goddelike KARAKTER in diegene wat geroep is—en dié wat God tot die Kerk byvoeg, te ontwikkel.

Onthou, niemand kan na Christus toe KOM nie, tensy hy deur God die Vader geroep en getrek word nie (Johannes 6:44). Nuwe bekeerlinge word nie deur die "verkoopkuns" van evangeliste bekeer nie—word nie tot "bekering," "ingepraat" nie—word nie emosioneel opgesweep deur welsprekende, vurige evangeliste—

of deur emosie belaaide “altaar uitnodigings” in evangelistiese kruistogte gepaard met droewige sang van,”Net soos ek is, ek kom, ek kom,” nie.

Nêrens in die Nuwe Testament kan daardie tipe *MODERNE* “Outydse Evangelie” sending onderrig of voorbeeld daarvan, gekry word nie. Tog veronderstel mense valslik dat dit die manier is wat Christus bedoel het—die manier wat Jesus ingewy het.

Jesus *HET NIE* op ‘n “siel reddingstog!” gekom om almal in SATAN se wêreld te red nie. Hy het gekom om uit SATAN SE WÊRELD uit, diegene wat deur God vooruitbestem en spesiaal geroep is, te trek. Jesus het bevestig dat dit onmoontlik is vir ander van Satan se wêreld om vir redding na hom te kom, tensy hulle deur God geroep is om konings en leermeesters in SY WÊRELD VAN MÔRE, wat SATAN SE WÊRELD gaan vervang, te wees nie. Jesus het NOOIT iemand gesoebat of gepleit om “sy hart aan hom te gee” nie. By Jakob se put in Samaria het Jesus met die vrou oor die Heilige Gees as “lewende water” gepraat.

Die vrou sê vir Hom: “Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry nie.” Hier was ‘n direkte versoek van ‘n onbekeerde vrou om gered te word en die gawe van die Heilige Gees te ontvang. MAAR JESUS HET HAAR NET VAN HAAR SONDE VERTEL—WAARVAN SY HAAR MOET BEKEER! Hy het NIE vir haar gesê: “Kom na my toe, net soos jy is, in al jou sondes” nie.

Niemand KAN na Jesus KOM, tensy die Vader hom trek nie! Almal het gesondig. Sonde is teen GOD die Vader. Daar moet heel eerste berou wees daaroor—’n keerpunt wees! Dit is veel meer as om net jammer oor jou skuld te wees. Wat dit betref is dit ‘n aangeleentheid om behoorlik SPYT OOR te wees EN VAN DIE SONDE AF WEG TE DRAAI, te oorwin, wat dan met geloof in Christus versoening met God bewerk. Dit is God die Vader wat tot die Kerk byvoeg, die wie Hy roep om gered te word (Handelinge 2:47). Dit is God wat lidmate in die Kerk plaas (1 Korinthiërs 12:18)—en nie die emosionele welsprekenheid van ‘n evangelis se altar oproep nie!

God plaas individuele lede in sy Kerk sodat sy heilige, regverdige, perfekte KARAKTER in hulle ontwikkel kan word. HOEKOM? Om hulle voor te berei om GODWESENS in die KONINKRYK (familie) VAN GOD te word, om die hele wêreld met die regering van God te REGEER en te BEHEER!

Maar HOE ONTWIKKEL die KERK as die geestelike MOEDER van die lidmate, DAARDIE GEESTELIKE KARAKTER?

Dit bring ons by die werklike DOEL van die Kerk. Dit help ons BEGRYP WAAROM ‘n mens nie buite die KERK WEDERGEBORE kan word nie.

## *WERKLIKE DOEL VAN DIE KERK*

NOU, DIE ALLERBELANGRIKSTE—wat is die WERKLIKE DOEL vir die Kerk? HOEKOM het God bepaal dat Christus dit moes stig?

Die KERK is die geestelike MOEDER van bekeerdes. Hulle is geestelike embrios en fetusse, tot nog toe ONgebore, alhoewel deur God se Heilige Gees verwek—reeds GOD se kinders.

Die KERK is God se geestelike ORGANISME, goed georganiseerd, om geestelik gevoed, oplgelei en ‘n geestelike regverdige KARAKTER te ontwikkel, as toekomstige GODWESENS—seuns van God die Vader!

Vir daardie opleiding—daardie geestelike ontwikkeling van God se KARAKTER, het God die Kerk ‘n dubbele verantwoordelikheid opgelê:

1)“Gaan die hele wêreld in” en verkondig die goeie nuus—die aankondiging—van die komende koninkryk van God.

2)“Voed my skape.”

Maar in die VOED van die “skape,” om in hulle, God se geestelike KARAKTER te ontwikkel, het God HULLE ‘n daadwerklike AANDEEL ter ondersteuning, en onderskraging van die groot kommissie “Gaan die hele wêreld in,” gegee.

Hierdie eerste en groot opdrag was aan die apostels gegee. In ‘n mindere mate is evangeliste gebruik om die boodskap uit te dra. Ander leiers—gewyde leraars—wat gevestig was, selfs die plaaslike leraar van die kerk, kon evangelistiese dienste in sy gebied hou—nie die “siel reddende kruistog” tipe nie, maar lesings, as getuie om die KONINKRYK VAN GOD (die ware evangelie) AAN TE KONDIG, en te VERKONDIG!

Hierdie GROOT KOMMISSIE SY GEHEEL—die verkondiging van die GOEIE NUUS oor die komende koninkryk, en “skape te voed”—is vir die Kerk, ‘n GESAMENTLIKE administrasie en funksie.

Individuele lede, het ‘n LEWENSKRAGTIGE AANDEEL in die verkondiging van die GOEIE NUUS (evangelie) aan die

wêreld. Hoe? Nie om in die buurt of in die wêreld uit te gaan en Christus se boodskap, wat hoofsaaklik deur apostels en in sekere gevalle deur evangeliste, en selfs in nog ʻn mindere mate in plaaslike gebiede deur plaaslike leraars verkondig word, persoonlik te verkondig nie. (Die plaaslike leraars se vername verantwoordelikheid is toesighouding van en die lewering van preke aan die plaaslike gemeente.)

Die ALGEHELE KERK VERRIGTING is egter EEN GEHEEL wat in verskeie, prosesse en administrasies georganiseer is (1 Korinthiërs 12:5-6).

## *DIE ONINGEWYDE LID SE AANDEEL*

As voorbeeld, wat is die aandeel van die plaaslike individuele lid om die evangelie boodskap aan DIE HELE WÊRELD te bring? Daar dit hoofsaaklik en direk deur die APOSTEL gedoen word. In, hierdie laaste gedeelte van die twintigste eeu is dit ook per radio, televisie en in DRUK, gedoen.

Gedurende die eerste eeu is dit persoonlik geproklameer. WATTER DEEL doen die individu dan?

BAIE! Sonder die groter liggaam van lede, sou die Apostel niks kon doen nie!

Let op ʻn Skriftelike voorbeeld: Petrus en Johannes was besig om die boodskap by die tempel in Jerusalem te verkondig. ʻn Wonderwerk is deur Petrus gedoen en ʻn groot skare het saamgedrom. As gevolg daarvan is Petrus en Johannes oornag in die tronk gegooi, en ernstig gedreig. Hul lewens was in gevaar. Hulle was totaal ontsenu.

Na hul loslating het hulle dadelik na die gemeente gegaan (Handelinge 4:23). Hulle het die steun, hulp en bemoediging van die broers nodig gehad. Hulle het vurig GEBID Petrus en Johannes het hierdie lojaliteit, ondersteuning en gebede van die gemeente bitter nodig gehad. HULLE WAS ALMAL SAAM ʻN SPAN!

Neem ʻn moderne voorbeeld in ag.

Die kantoor van die Prokureur Generaal van Amerika se mees bevolkte staat—Kalifornië—het ʻn vinnige, onverwagse en masiewe gewapende aanval op die hoofkantoor van die Wêreldwye Kerk van God in Pasadena, Kalifornië, gemaak. In beweerde skending van die Verenigde State se grondwet,

het hulle geeïs dat al die kerkeiendom en bates aan die Staat behoort en het 'n Hof in die geheim 'n ontvanger aangestel om die BEHEER EN DIE BESTUUR van die Kerk van die Lewende God OOR TE NEEM!

Toe die ontvanger met sy personeel en afgevaardigde gesante op die punt was om die Administrasie Saal en ander hoofkantoor geboue te beset, het sowat 5000 lede met kinders en babas hierdie geboue stampvol beset en is dienste en gebede aanhoudend voortgesit. Die deure was gesluit. Die gewapende amptenare het dit nie durf waag om die deure oop te forseer en hierdie groot ordelike gebeddienste te versteur nie. Hulle het na drie dae moed opgegee. Die ontvanger, 'n oud regter, lid van 'n nie-Christen geloof, het bedank. Die siviele hofgeding is na die "agtergrond" verskuif. EN DIE KERK SE WERKSAAMHEDE HET VOORTGEGAAN! In 'n latere uitspraak van die hoër apélhof is beslis dat hierdie hofsaak ongegrond was en nooit moes plaasgevind het nie.

Die skrywer, Christus se apostel, kan omomwonde verklaar dat apostels, evangeliste, leraars en ouderlinge nie sonder die gemeente se ondersteuning en aanhoudende aanmoediging die werk van God kan voortsit nie.

Ook kan die individuele lid, op eie inisiatief, nie God se heilige, regverdige en perfekte KARAKTER ontwikkel sonder die bediening van apostels, evangeliste, leraars en ouderlinge nie. Al hierdie onderskeie lede wat GOD in sy Kerk GEPLAAS HET, is afhanklik van mekaar—onderling aangewese op mekaar. Hulle vorm 'n SPAN—'n GEORGANISEERDE GEESTELIKE ORGANISME—totaal verskillend van enige sekulêre en wêreldlike organisasie.

Meer spesifiek egter, hoe werk hierdie onderlinge afhanklikheidskultuur?

## *GOD HET MODERNE MANIERE VOORSIEN*

In hierdie laat twintigste eeu, kos die werksaamhede van die Kerk, oor die algemeen baie geld. In die eerste eeu was die fasiliteite en geleenthede wat nou vir die Kerk beskikbaar is om sy taak tot uitvoer te bring, nie beskikbaar nie. Sonder die tiendes en vrywillige offergawes van die lede, kan die opdrag van die Kerk nie in vandag se wêreld uitgevoer word nie.

Sonder die vurige en aanhoudende gebede van al die lidmate kan die werk nie bewerkstellig word nie. Sonder die voortdurende aanmoediging van die gemeentes en die wat plaaslik beheer uitoefen, kan dié van ons wat by hoofkantoor werksaam is, nie die mas opkom onder al die vervolging, teenkantings, toetse en frustrasies nie.

Net so ook in teenstelling, het die lidmate ook dringend die bemoediging, lering, raad en leiding van hoofkantoor en plaaslike leraars nodig.

Hier volg ‘n voorbeeld: Ek het dikwels groot kaartjies ontvang—baie keer mooi geïlustreer of versier— onderteken deur honderde plaaslike lede van gemeentes, wat bemoediging en die versekering van lojaliteit, onderskraging en ondersteuning bevat het. Lede oor die wêreld versprei, besef nie die waarde wat hierdie aanmoediging en inspirasie aan die een, wat Christus gekies het om hierdie yslike wêreldwye aktiwiteit—om God se Kerk te lei—verskaf nie. Die versekering van die ernstige gebede tot God, van hierdie duisende lede van alle dele van die aarde, inspireer die vertroue om in GELOOF te volhard in die koers en toesig van hierdie groot werk!

Hoe word God se Kerk meer spesifiek, vandag georganiseer—hoe werk dit in hierdie moderne laat twintigste eeu?

Christus se evangelie boodskap—die koninkryk van God—word wêreldwyd met dinamiese krag per radio, televisie en die massa-verspreiding van die tydskrif *The Plain Truth*, bevorder. Hierdie unieke tydskrif van meer as sewe miljoen eksemplare maandeliks, in sewe tale, is in volkleur wat God se evangelie boodskap op ‘n interessante en effektiewe manier uitdra. Miljoene kopieë van boeiende boekies en selfs boeke word gratis op aanvraag voorsien. Veldtogte met dinamiese boodskappe, wat oor ‘n volle bladsy strek, het as advertensies in toonaangewende koerante, *The New York Times, The Wall Street Journal, Los Angeles Times, San Francisco Chronicle* en ander daaglikse koerante verskyn. Groot spasie is in die London *Times* gebruik.

‘n Veertien tot twintig bladsy gekopieerde verslag van die *Pastoor Generaal se Verslag* word weekliks deur hoofkantoor aan al die leraars, as aanmoediging vir die gemeentes en leraars, gepos. Twee keer per maand word ‘n minikoerant *The Worldwide News* na alle lede gepos. *The Good News*, ‘n volkleur

tydskrif, word maandeliks aan alle lede, leraars en medewerkers gestuur. En laastens, word daar elke maand 'n gekopieerde brief, wat 'n verslag oor die vordering en vooruitgang in die werk, huidige aktiwiteite en behoeftes bevat, aan alle lede en mede werkers, deur Christus se Apostel uitgestuur.

Die Bybel Korrespondensie Kursus, 'n baie belangrike departement, wat in diepte lesse aanbied oor basiese onderwerpe in die Bybel, moet nie oor die hoof gesien word nie. Hierdie lesse word gratis elke maand aan lede en die publiek verskaf, indien hulle daarvoor inskryf.

Die skrywer se persoonlike reise dwarsoor die wêreld om Christus se boodskap aan konings, keisers, presidente, eerste ministers en leiers van verskeie nasies, oor te dra, moet dalk ook net genoem word.

Hierdie is alles 'n goed georganiseerde onderneming wat die DOEL van die Kerk uitvoer, nl; 1) die verkondiging van God se komende koninkryk aan die wêreld en 2) die die kudde wat gevoed word.

Die "alleenloper"—die "individuele Christen," wat na die koninkryk, op 'n ander manier as deur Christus en SY MANIER deur middel van sy KERK, wil opklim—word nie volgens CHRISTUS SE MANIER VAN OPLEIDING, opgelei om saam met Christus in sy koninkryk te regeer nie!

## *"INDIVIDUELE CHRISTENE"— VOORMALIGE LIDMATE*

Nou wat van die "privaat" of "individuele Christen" wat sê, "Ek wil nie 'n deel van die Kerk wees nie—my saligheid wil ek alleen en persoonlik met God nastreef?"

Die antwoord hierop is dat God self die plan en metode bepaal het waarvolgens mense na verwekking, opgelei en voorberei word, om in die geestelike personeel van weergebore GODWESENS wat die KONINKRYK VAN GOD gaan uitmaak, te wees.

Die koninkryk van God sal die GODFAMILIE wees—'n, voortreflike en hoogs opgeleide, georganiseerde familie van GODWESENS. Die Kerk is God se spesiale skool om diegene wat uitverkies en deur hom geroep is, op te oplei—om as konings

en priesters ander te regeer en te leer —vir hul aandeel in die koninkryk. Slegs diegene wat op hierdie manier in die Kerk opgelei is, sal konings en priesters in die koninkryk van God wees.

Die persoon wat sê "Ek sal my saligheid alleen, buite die Kerk verkry" is totaal mislei. Dit is nie nou die verlossingstyd vir dié in Satan se wêreld nie. Die wat nou geroep is en ek beklemtoon dit, is NIE GEROEP om net gered te word nie. Hulle is geroep vir spesiale opleiding wat alleenlik net in God se Kerk aangebied word.

Wanneer Satan verwyder word en die wêreld God se eiendom word kan diegene wat in Satan se wêreld was, nie hulleself buite die Kerk oplei vir die spesiale taak van leiers en onderwysers in God se Koninkryk nie.

Die Kerk is GEORGANISEERD, volgens God se patroon van onderlinge spanwerk en samewerking om volmaak te funksioneer. Hulle sal die GODFAMILIE word, soos wat dit tydens Jesus Christus se wederkoms bestaan. Onthou, God *IS* daardie heilige FAMILIE!

Neem nou die volgende analogie vanuit Satan se wêreld. 'n Voetbalspeler sê: "Ek wil in al die wedstryde speel, maar ek sal *alleen* oefen. Ek wil nie deel van die SPAN wees voor die wedstryd begin nie." Sal die afrigter hom toelaat om deel van die span gedurende die wedstryde te wees, alvorens hy nie SPANWERK gedurende oefentye, geleer het nie? Net so sal God ook nie iemand tydens die opstanding in sy familie TOELAAT, wat nou weier om deel daarvan—in die KERK—in die geestelike "opleidingsseisoen" te wees nie.

Aan diegene wat as apostels aan die begin van die KERK gekies was, het Jesus, verwysende na die KERK, gesê:

"Ek is die wynstok, julle die lote." Diegene wat nie met ander lote saam in die wynstok verbind is nie, is NIE DEEL VAN DIE KERK NIE, en God die Vader sal hulle as DOOIE takke weggooi. Die LEWE (geestelike lewe wat nou verwek is) word saam met al die ander "lote" uit die wynstok—Christus, die Hoof van die Kerk, ontvang!

Wat van iemand wat IN Christus se "geestelike LIGGAAM" was—die Kerk—en weens 'n rede (wat verdeeldheid of opstand veroorsaak of verset teen Kerkgesag) UITGESIT is? Die KERK is soos 'n verwagtende moeder. Sou 'n aborsie plaasvind, verlaat

die MENSELEWE die fetus heeltemal. Daar is egter, miskien een verskil in hierdie vergelyking. Die mens wat God se Kerk verlaat, of uitgesit is, kan egter na berou en hernieude geloof, weer in die Kerk toegelaat word.

## *WAT VAN DIE WÊRELD SE KERKE?*

Wat van die miljoene lede van ander kerke of gelowe?

SATAN is die groot vervalser. Satan het sy kerke, sy gelowe en sy leraars in daardie gelowe en kerke (2 Korinthiërs 11:13-15). Wat van die miljoene mense in tradisionele gevestigde "Christen" kerke? In Openbaring, word die Kerk in die 12de hoofstuk as 'n "klein kudde" uitgebeeld, vervolg, met menige martelare—wat weens hul geloof ter dood veroordeel is—wat na veiligheid moet VLUG weens vervolging, foltering en dood. Hoofstuk 17 beskryf die groot, politieke en wêreldse kerke, wat deur die "moeder", "groot Babilon, die moeder van die hoere en van die gruwels van die aarde" aangevoer word (vers 5). Met ander woorde, die outydse "Babiloniese Geheime" geloof, waaruit dogterkerke uit protes weggebreek het. Hierdie politiese groot kerk was die vervolger van "die heiliges" (vers 6). Hierdie vals kerk, wat polities groot is, sit bo-op 'n "dier" soos in hoofstuk 13 beskryf as 'n regering wat met die mag van "die draak" (Openbaring 12:9) wat Satan die duiwel is, regeer.

Dit is skokkend, maar duidelik in God se Woord openbaar!

Wat van dié, in sulke kerke, wat bely dat hulle "weergebore Christene" is? Hulle is MISLEI! Hulle kan opreg wees. Hulle besef nie dat hulle mislei is en verkeerde geloofsoortuigings het nie. Hulle word egter nie nou veroordeel nie! Hulle is nie verdoem om na die poel van vuur te gaan nie, ook is hulle nie "gered" nie. Hulle vorm deel van die HELE WÊRELD, wat deur Satan se bedrieëry beheer word en van God AFGESNY is!

Dit moet herhaal word—hulle oë sal vir God se WAARHEID oopgemaak word, sou hulle nog lewe na Jesus se koms en Satan verwyder is—of, indien hulle reeds gesterwe het, sal hulle in die Groot Wit Troon Opstanding, opgewek word en tot waarheid en saligheid geroep word (Openbaring 20:11-12).

Die leser word weereens aangespoor om die gratis boekie *Just What Do You Mean—Born Again?* te lees.

Ja, die hele wêreld is MISLEI. Maar prys God! Satan sal binnekort van die aarde af verwyder word, oë sal vir VERSTOMMENDE WAARHEDE geopen word, en eindelik sal ALMAL wat ooit geleef het, tot redding en die ewige lewe geroep word! Maar elkeen sal persoonlik daaroor moet besluit wanneer hulle geroep word. Hoe smartlik om dit te sê, sommiges sal nie berou toon, glo en gered word nie. 'n Universele saligheid word beslis nie deur hierdie boek verkondig nie. Daar is sommiges wat uiteindelik in die poel van vuur gaan sterf.

Intussen moet God, se GLORIERYKE DOEL, hieronder op die aarde, ooreenkomstig sy MEESTERSPLAN uitgewerk word—'n tree op 'n slag!

## *LEERSTELLINGS EN OORTUIGINGS*

Nou moet ons die leerstellings en oortuigings van God se ware Kerk opsom.

Dit, natuurlik, het 'n baie noue verwantskap met die doel van die Kerk—om uit die huidige wêreld van Satan, dissipels (studente, leerlinge) uit te roep om opgelei te word as konings en priesters (onderwysers) in God se toekomstige wêreld, wanneer God die boom van die lewe (tot saligheid, die ewige lewe) vir almal sal oopmaak.

Maar dogmaties (leer, leerstelling, ens), onthou wat die Kerk geroep is om te help herstel—die koninkryk, regering en karakter van God. Wat was weggeneem? God se wette, wat die fondament van sy regering en die ware wese van Sy karakter en heilige lewe is.

Met ander woorde, SONDE is die spilpunt en vraag waaroor alles gaan. Sonde is oortreding van God se geestelike wet en is derhalwe wetteloosheid (1 Johannes 3:4).

Satan het hierdie wêreld se kerke mislei om te glo dat God se wette nie meer geld nie—dat Jesus daarmee weg gedoen het—"dit aan sy kruis vasgespyker het," eerder as om namens die mensdom die prys vir hul oortreding van die wet te betaal.

Die uitdrukking wat deur Protestante gebruik word: "die gebooie is aan sy kruis vasgespyker" kan net een ding beteken. Dit is Satan se leerstelling dat, aangesien Christus aan die kruis vasgespyker was, hy die wette afgeskaf het, wat dit vir die mens

moontlik maak om ongestraf te sondig. Dit was Christus, ons sondedraer, wat ons sonde op hom geneem het, die doodstraf namens ons betaal het, sodat ons van die finale straf vir sonde vrygestel word, nie vrygemaak om straffeloos te sondig nie, wat aan die kruis vas gespyker was.

Die egte basiese onderrig, oortuiging en LEERSTELLING van God se ware Kerk is dus gebasseer op die geregtigheid van en gehoorsaamheid aan God se wet. Daardie wet is LIEFDE. Maar dit is nie mens se liefde nie, daar mens liefde nie bokant die menslike vlak van ekkerigheid kan styg nie. Dit moet "die liefde van God wees…wat in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees" (Romeine 5:5). Ou Israel kon nie regtig God se wette gehoorsaam nie—hulle kon die wette slegs volgens die letter van die wet onderhou. Maar omdat liefde vervulling van die wet is en hulle, slegs die eie ek liefde gehad het, was hulle nie in staat om die wet geestelik na te kom nie—omdat die Heilige Gees op daardie stadium nog nie gegee was nie.

Hierdie basiese onderrig sluit dus al die "vrugte van die Gees" in—liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing ens.

Die leerstellings van God se ware Kerk is eenvoudig dit, om "ooreenkomstig elke woord van die Bybel" te leef.

Die eerste man, Adam, het gekies om self te kan besluit wat reg en verkeerd is—self te besluit wat om te leer, wat te glo en hoe om te leef en dit is dieselfde koers wat die wêreld vir 6000 jaar nagevolg het. Die Kerk is uit die wêreld geroep om ooreenkomstig die weg wat God deur die Bybel leer, te lewe.

## *OORSIGTELIKE GESKIEDENIS VAN DIE KERK*

Uiteindelik, kom ons by die kort geskiedenis van die Kerk, vanaf sy ontstaan, in 31 n.C. tot die hede.

Die Kerk het op die dag van Eerstelinge, wat aan ons as Pinkster bekend is, in Junie van die jaar 31 n.C. begin. Die Heilige Gees het op 'n skouspelagtige wyse, wat nooit vantevore en nog nooit weer daarna gebeur het nie, vanuit die hemel, op die 120 dissipels wat in Jerusalem saam was, neergedaal.

Die 120 was almal "soos een man". Meteens "het daar uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind gekom"

(Handelinge 2:2). Was u al ooit in ‘n tornado of ‘n orkaan? Ek was. Wind kan ‘n harde geluid maak. Die geluid “het die hele huis gevul waar hulle gesit het.” Daarna “is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek.”

Nog nooit voorheen, of daarna, het so ‘n bonatuurlike gebeurtenis plaasgevind nie. Tog, beweer die moderne sekte wat hulself “Pinksterkerke (“Pentecostal”)” noem, dat die ondervinding hulle ook te beurt val.

Gedurende hul samekomste egter, het daar nog nooit so ‘n geluid vanuit die hemel gekom nie. Geen onnatuurlike tonge van vuur het nog ooit op hulle gaan sit nie. Sommige van hulle brabbel wel, wat veronderstel is om ‘n vreemde taal te wees, maar daar het volstrek nie so iets op hierdie een dag van Pinkster in 31 n.C. gebeur nie. Let op watter tale met die Kerk se ontstaan gepraat is. Baie mense, afgesien van die 120 was teenwoordig en het verskillende tale gepraat. Neem spesiaal kennis van die vreemdelinge, “want elkeen het gehoor hoe hulle [die 120] in sy eie taal spreek en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?

Gee nou met sorg aandag. Elke mens—dit is, elke individu—het al 120 gehoor, wat in hulle eie taal praat. Die Grieke het die 120 in Grieks hoor praat. Die Parthers het dieselfde 120 in Parthers hoor praat. Die Meders het die 120 in Meders hoor praat. Hulle het verstaan wat gesê is. Hulle het die boodskap verstaan!

Vandag, in “Pinksterkerk”-dienste mag ‘n persoon dalk in ‘n gebrabbel uitbreek wat ander nie verstaan nie, (1 Korinthiërs 14:28). Dit sê dat as iemand in ‘n vreemde taal praat moet daar ‘n tolk (uitlêer) wees, sodat die res kan verstaan. “Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek.” In, vers 33 sê dit dat God nie ‘n God van wanorde is nie. In vers 19, wys God op die onbelangrikheid van “vreemde tale” deur te sê: “maar in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tien duisend woorde in ‘n [vreemde] taal.”

As ek 'n gehoor in Japan of enige ander land toespreek, sal ek altyd 'n tolk gebruik om elke paar woorde van my boodskap aan hulle, in hul eie taal, oor te dra. Wanneer ek op hierdie wyse "vreemde tale" praat, praat ek met begrip sodat mense die boodskap kan verstaan.

## *DOOP VAN DIE HEILIGE GEES*

Hierdie hele moderne "Pinkster" beweging is gebaseer op totale misverstand en misleiding van Satan met betrekking tot die ware betekenis van die doop van— of eerder—deur die Heilige Gees. Christus het deur die apostel Paulus gesê dat ons almal deur een Gees in die een liggaam—die Kerk, gedoop is (1 Korinthiërs 12:13). Die woord *doop* beteken "onder gedompel"of "ingedompel."

"Pinkster" mense is mislei deurdat hulle dink dat 'n mens sogenaamd "gered" is as Jesus, as persoonlike Saligmaker aangeneem word. Hulle beskou "die doop van die Heilige Gees" as bewys, dat hul met krag deurtrokke is, deur in "vreemde tale" te praat. Ek het 'n groot mate van ondervinding met hierdie mense. Hierdie "doop" soos hulle dit noem, lyk asof dit hulle tonge losmaak in 'n "vervulling van krag," wat, prakties beteken om krag te hê om emosioneel en soms windmakerig te praat.

Bogenoemde verduideliking sal diegene wat alreeds dol oor hierdie misleiding is, nie verander nie, maar hopelik sal dit verhoed dat ander ook deur hierdie namaaksel van "emosionele" geestelikheid, verlei word.

Vandag se gebruiklike evangelie *omtrent* Christus glo deur eenvoudig net "*in* Christus te glo," wat Christus as persoonlike Saligmaker betuig, beteken dat 'n mens alreeds gered is. Tog in Markus 7:7-9 word daarop gewys dat baie sover gaan om Christus te dien, en alles verniet, omdat hulle nie God se wette—veral die Sabbat—gehoorsaam nie, maar die tradisies van mense, waardeur Satan die hele wêreld mislei het, te volg.

In Johannes 8:30-44 word die Jode wat "in Christus geglo" het, maar nie geglo het wat hy sê of sy wette gehoorsaam het nie, deur Jesus as kinders van hul vader, die duiwel, genoem. In 1 Johannes 2:4 sê dit, dat hy wat sê dat hy Christus ken, en sy gebooie nie bewaar nie, 'n leuenaar is en die waarheid nie in hom is nie.

Op die oorspronklike Pinksterdag, is sowat drie duisend Jode uit ander streke, op daardie dag, na hulle hulle werklik bekeer en in Christus en sy Woord geglo het, gedoop. 'n Dag of twee later, nadat Petrus die lewenslange kreupel by die hek van die Tempel gesond gemaak het, is nog tweeduisend gedoop. Die nuwe jeugdige Kerk het gegroei, nie slegs deur byvoeging nie, maar het deur God se toedoen, vermenigvuldig.

Maar hierdie fenomenale groei het nie teen so 'n geweldige tempo bly voortgaan nie.

Onthou, dié in die Kerk word spesiaal deur God uit Satan se wêreld uit geroep. Satan sit op die aarde se troon. Hy het besete geveg om sy bewind te beskerm en om God se doel om mense te red, te verongeluk. Satan het probeer om die Christuskind te vermoor. Satan het desperaat probeer om die dertigjarige Christus te diskwakifiseer. Satan het nog nooit, selfs tot vandag toe, nie moed opgegee nie. Hy poog nou om die Kerk te vernietig, en indien hy dit nie kan regkry nie, om dit nietemin te vervals en so sy wêreld in 'n valse Christendom te laat verval.

Uit die staanspoor het Satan die Jode beweeg om die Kerk teen te staan deur te ontken dat Jesus die geprofeteerde Messias was. Aan die begin was die Kerk feitlik almal Joods. Die onbekeerde Jode het geveg om die fisiese rituele en diere-offers van Moses se wet te behou.

Nie lank nie, terwyl die lede in die Kerk vermenigvuldig het (Handelinge 6:1), was daar 'n groot vervolging van die Kerk (Handlinge 8:1). Die lidmate, uitgesonderd die apostels, was almal oor die streke van Judéa en Samaria verstrooi.

## *VALS EVANGELIE VERKONDIG*

Spoedig het 'n hewige stryd ontstaan oor watter evangelie verkondig moes word. Moes die evangelie van Christus (wat Jesus se evangelie oor die goeie nuus van die Koninkryk van God was) verkondig word, of moes hulle 'n evangelie OOR Christus verkondig, wat bloot 'n aaname preek om Jesus as Saligmaker aan te neem, was. Soos wat die afvalligheid van Christus se waarheid momentum gekry het, het baie van die Kerk na 'n ander en vervalste evangelie wat Jesus as Saligmaker verkondig, oorgegaan. 'n Vervalste evangelie wat totaal nalaat

om te verkondig dat sonde 'n oortreding van God se geestelike wette is; nalaat om die goeie nuus van God se Koninkryk te verkondig; nalaat om te verkondig dat Satan se aardse troon hom ontneem sal word en dat God se regering oor die hele aarde herstel sal word; nalaat om die finale oogmerk van God te verkondig—Sy saligheid tot die beskikking van alle mense daar te stel, wat nadat hulle geoordeel is, tot bekering sal kom, glo en die ewige lewe as seuns van God—ware Godwesens—sal ontvang.

Die apostel Paulus het in 2 Korinthiërs 11:3-4 geskryf: "Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. Want as iemand kom en 'n ander Jesus verkondig as wat ons verkondig het, of as julle 'n ander gees ontvang as wat julle ontvang het, of 'n ander evangelie as wat julle aangeneem het, laat julle jul dit goed geval."

Paulus gaan dan verder om die vals predikers, soos voorheen gemeld, te beskryf wat reeds al daardie tyd ingekom en die evangelie van Christus verander het.

Vervolgens skryf Paulus, in Galásiërs 1:6-7, die volgende: "Ek verwonder my dat julle so gou afvallig word van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het [jy moes geroep word om 'n lid van die Kerk te wees—niemand kan na Christus toe kom, behalwe diegene wat geroep is nie], na 'n ander evangelie toe, terwyl daar geen ander is nie; behalwe dat daar sommige mense is wat julle in die war bring en die evangelie van Christus wil verdraai." Die evangelie van Christus was die boodskap van God se [komende] koninkryk. Hulle het reeds na 'n ander evangelie toe beweeg.

## *NAMAAKSEL GENAAMD "CHRISTENDOM"*

Die gordyn was reeds oor die geskiedenis van die ware Kerk toegetrek. U kan daarvan in Handelinge lees, maar dit gaan nie veel verder as dit nie. Maar dit lyk of die gordyn gelig word en kry ons meer van die geskiedenis in omtrent 150 n.C. Daar sien ons 'n kerk wat hulleself Christen noem, maar dit is 'n totaal ander Kerk, so verskillend as wat die dag van die nag is, op van af, of swart van wit is.

Vanuit ‘n geskiedenisboek, *The Decline and Fall of the Roman Empire*, Volume I en hoofstuk 15, word aangehaal: “Die karige en verdagte materiaal van geestelike geskiedenis stel ons selde in staat om die donker wolk wat oor die eerste eeu van die Kerk hang, te verban.” Ek het dit dikwels die “verlore eeu” genoem, omdat die geskiedenis van daardie Kerk, gedurende daardie tyd verlore gegaan het.

Geleerdes en kerk geskiedkundiges erken dat gebeure in die vroëere Christen Kerk tussen 50 en 150 na Christus, maar net vaagweg geskets is—asof dit deur digte mis verberg is.

Die bekende Engelse geleerde Samuel G. Green het in ‘*A Handbook of Church History*’ geskryf: “Die dertig jaar wat volg op die kanonisering van die Nuwe Testament en die verwoesting van Jerusalem is in die geskiedenis van die Kerk, inderwaarheid die vaagste. Wanneer ons uit die tweede eeu te voorskyn kom, is dit in ‘n baie groot mate in ‘n wêreld wat verander het.”

In *Lectures on Ecclesiastical History* skryf William Fitzgerald: ”In hierdie tydperk van oorgang, wat onmiddellik op die era wat tereg apostolies genoem is, gevolg het, hang groot onduidelikheid…”

In *The Course of Christian History* skryf William J. McGlothlin: “Die Christendom self, soos wat dit gevorder het, was in ‘n proses van transformasie en teen die einde van die tydperk het dit in baie opsigte heeltemal van die apostoliese Christendom verskil.”

In *History of the Christian Church* skryf Philip Schaff: “Die oorblywende dertig jaar van die eerste eeu is in geheimsinnige donkerte gehul, wat slegs deur Johannes se nagelate werke toegelig word. Dit is ‘n tydperk in die geskiedenis van die kerk waarvan ons die minste weet en waarvan ons graag die meeste sal wil weet.”

Sou ons nader deur hierdie mis kyk, kan ons begin om te sien wat aan die gebeur was.

Die wêreld waarin Christus sy Kerk gestig het, was die Romeinse Ryk—die grootse en magtigste ryk wat ooit bestaan het. Dit het van Britanje tot die verre uitgestrektheid van moderne hedendaagse Turkye, wat mense met verskillende agtergronde en kulture omring het, onder een stelsel van regering.

Rome het met ‘n ferm hand regeer maar die onderdane het aanmerklike vryheid, binne die perke van Romeinse wette, geniet. Op voorwaarde dat alle burgers en verowerde mense,

hulde aan die Romeinse keiser betoon, was hulle ook toegelaat om hulle godsdienstige oortuigings en aanbidding van hul voorvaders te bedryf.

Na Pinksterdag, het die apostels Christus se opdrag om die evangelie van God se koninkryk aan die wêreld te verkondig, begin. Eers toe die Christendom vanaf Judea na die heidenlande noorde toe versprei het, het hulle dié teengekom wat die heidense gelowe van Babilon, Persië en Griekeland beoefen het.

Die apostels het met Simon Magus, 'n self-verklaarde leier van 'n sekte wat diep ingewortel was in die mistieke geloof van antieke Babilon, kennis gemaak.

Simon Magus se probeerslag om vir homself 'n plek in die vroëere Kerk te koop, is deur Petrus gefnuik (Handelinge 8), maar vals leraars het egter kort daarna gevolg.

In sy vroeëre briewe het Paulus die jeugdige kerke van Griekeland en Galasië gewaarsku dat hulle in gevaar was om na 'n ander evangelie oor te gaan—'n vals konsep van Christus en sy boodskap.

Soos wat valse predikers die onderskeie gemeentes infiltreer het met hul leerstellings, wat in die besonder deur die gelowe van Babilon en Persië beinvloed was, is die evangelie van Christus al meer en meer afgewater.

Soos wat die eeu voortgesleep het, is die lidmate deur die oorspronklike apostels bemoedig om getrou te bly.

Judas, die broer van Jesus, het die lede vermaan om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas 3).

Die broeders is deur die apostel Johannes gewaarsku dat hulle met diegene wat valse leerstellings in bring, niks te doene moet hê nie (2 Johannes 10).

Baie wat hulself bekeerde Christene genoem het, was inderwaarheid, nie werklik bekeerd nie. Maar deur al daardie tye, het almal wat hulself Christene genoem het, baie gely vanweë optrede deur die Romeinse owerhede, daar hulle geweier het om die keiser te aanbid.

Die mal Nero het in 64 n.C. die Christene blameer vir die verbranding van Rome en hulle wreedaardig vervolg. Duisende was martelare.

Kort daarna het die Jode van Palestina in opstand teen die Romeinse owerhede gekom. Die opstand was onderdruk en Jerusalem is in 70 n.C. verwoes.

'n Klein groepie ware Christene in Jerusalem het oor die berge na die veiligheid van Pella gevlug.

## *SEWE KERK ERAS*

Die boek van Openbaring, omskryf sewe boodskappe aan sewe gemeentes wat in Asië teen die einde van die eerste eeu n.C. bestaan het

Hierdie kerke—Éfese, Smirna, Pérgamus, Thiatíre, Sardis, Filadelfía en Laodicéa—was op een van die posroetes van die ou Romeinse Ryk geleë.

Ruiters het hierdie roete gevolg en boodskappe van een dorp na 'n ander oorgedra.

Die boodskappe aan die sewe gemeentes het woorde van beide bemoediging en tugtiging bevat en het duidelik die oorheersende karaktertrekke van elk beklemtoon.

Hierdie boodskappe was egter vir 'n groter gehoor as die Christene van die klein dorpies bedoel.

Dit is 'n reeks van merkwaardige profesieë, waardeur die toekoms van die ware Kerk in breë trekke voorspel word, vandat dit op Pinksterdag in 31 n.C begin het, tot en met Christus se wederkoms.

Die geskiedenis van die Kerk sou in sewe afsonderlike eras val—elk met sy eie sterk en swak punte en hul eie uitsonderlike toetse en probleme.

Net soos 'n boodskap met die posroete van Éfese na Laodicéa gestuur kon word, net so kon God se waarheid van era na era oorgaan.

Dit was soos 'n aflosresies—waar die knuppel van hardloper na hardloper gaan en elkeen sy deel doen totdat die eindpunt bereik word.

Êrens gedurende die vroeëre dekades van die tweede eeu, het die baton vanaf die era van Éfese oorgegaan na die mense toe wat God na die Smirna era van Sy Kerk geroep het.

Magteloos, dikwels vervolg en as ketters verwerp, het die wêreld hulle uit die oog verloor. Pleks daarvan het daar in hierdie verlore eeu 'n kerk te voorskyn gekom wat in gewildheid toegeneem het, maar wat verder wegbeweeg het van die evangelie wat Jesus verkondig het.

Vervolgings het aangehou gedurende verskillende tye onder die Romeine, tot in die vierde eeu, totdat Konstantyn op daardie tydstip, die ontaarde Kerk as die amptelike geloof van die ryk erken het.

Die Kerk wat hy egter erken het, was nou baie verskillend van die Kerk wat Jesus gestig het. Die doktrines en leerstellings wat hy sy apostels geleer het, was nou begrawe onder die sieraad, seremonies misterie en rituele van 'n kerk wat hulself by die naam van Christus genoem het. Dit was hoofsaaklik die Babiloniese Misteriese geloof, wat Christen genoem word, wat die doktrine van genade aanvaar maar wat dit in vryheid om te sondig verander het. Met ander woorde, dit was die ou heidense Babiloniese geloof wat nou die baadjie van "Christendom" gedra het.

Na erkenning deur Konstantyn het hierdie Kerk met nuwe energie hul boodskap na die wêreld geneem. Leermeesters en predikers het na alle dele van die Romeinse ryk met 'n boodskap oor Christus, gegaan. Hierdie evangelie is deur duisende—miskien miljoene—gehoor en geglo. Maar dit was nie die profetiese boodskap oor die komende koninkryk van God, wat Jesus verkondig het nie.

## *KEISER BEPAAL DOKTRINE VAN VALSE KERK*

Wat het van die ware Kerk, gedurende daardie eeue waarin die evangelie onderdruk was, geword?

Keiser Konstantyn het in 337 n.C gesterf, net oor die 300 jaar nadat Christus gekruisig was. Hy het sy seën uitgespreek oor 'n Kerk wat beweer het dat hulle dié een was wat Jesus gestig het.

Noudat hulle vry van die vrees vir verdrukking was—het hulle, die vervolgdes, vervolgers geword. Diegene van die ware Kerk wat gewaag het om met hulle leerstellings te verskil, is as ketters gebrandmerk wat straf verdien.

Om en by 365 n.C het die Katolieke Raad van Laodicéa in een van sy mees bekende kanonieke geskryf: "Christene moet nie verjoods deur op die Sabbat te rus, nie, maar moet op daardie dag werk en moet eerder die Dag van die Here eer. Maar as enigeen gevind word wat verjoods is, laat hom voor God 'n vervloeking wees." Dit was eintlik 'n vonnis om gemartel/of gedood te word. Die vals Kerk self, het nie die ware gelowiges gedood nie, maar

het gesorg dat hulle gedood word. (Openbaring 13:15). Hierdie uitvaardiging van 365 n.C dui beslis daarop dat daar ware Christene was wat die Sabbat onderhou het.

Die klein oorblyfsel Christene van die Smirna era het weereens gevlug—om die godsdiens vryheid wat hulle nodig geag het om hul geloof te beoefen, te gaan soek.

Min rekordhouding is deur hulle agtergelaat. So nou en dan, het hulle in die geskiedenis as ‘n voetnota verskyn, as ketters verwerp, bespotlik en deur hul vyande jag op gemaak. Hulle sterkste getuienis het egter van Jesus gekom. Sy woorde van bemoediging aan die Kerk van Smirna was: “Ek ken jou werke en verdrukkking en armoede … Vrees vir niks wat jy sal ly nie…. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee” (Openbaring 2:9-10).

En so is die baton van die Smirna Christene na die van die Pérgamus era, aan gegee.

Hulle was geroep om die waarheid deur een van die moeilikste tye in die geskiedenis—die Donker Eeue, te dra.

Die mag en invloed van die groot wêreldwye kerk het ver en wyd versprei, dus is die wat aan God se waarheid vasgeklou het, nog verder die wildernis in verdryf.

Hulle was egter nooit ver van die bedreiging van vervolging en martelary af nie.

Sodoende het min van die Pérgamus Christene getrou gebly.

‘n Duisend jaar nadat Jesus die Kerk gestig het, het die moeë oorblyfsel van die Pérgamus era die knuppel oorhandig.

Die Thiatíre era het energiek begin. Bekering is in die Alpe Vallei in Frankryk en noord Italië verkondig. Baie het gehoor gegee en is bekeer.

Die owerhede het baie gou op hierdie uitdaging gereageer deur leiers van die ware Kerk gevange te neem en sommige te martel.

Na die dood van hul eerste leiers, het die Kerk, tydelik, begin kwyn—maar het onder die dinamiese leiding van Peter Waldo weer te voorskyn gekom. In die twaalfde eeu het hierdie Waldense vir etlike jare in die Alpe Vallei gefloreer. Hulle het die waarheid wat hulle gehad het, verkondig. Boekies en artikels is geskryf en per hand gekopieer daar dit nog voor die dae van die drukpers was.

Soos Jesus oor die Thiatíre era geprofeteer het, het hulle geloof gehad en het hulle hard gewerk. Hulle laaste werk was groter [meer intensief] as die eerste.

Soos die volle geweld van die Inkwisisie in die vreedsame valleie, wat eens veilige hawens vir God se werk was, hulle getref en vervolging toegeneem het, het baie van hulle wat agter gebly het, begin om die gewoontes en tradisies van die wêreld rondom hulle aan te neem.

Daar was nou in Europa, talle verspreide groepe mense, wat hulleself Christene genoem het.

Intussen het die wêreld verander. Die drukkuns is uitgevind—kennis het begin vermeerder. Die Protestant Hervorming het die alleenreg van die Kerk van Rome verbreek.

Soos wat godsdienstige oorloë oor die Europese vasteland gedurende die Middeleeue gewoed het, het baie vlugtelinge na die redelik veilige en verdraagsame Engeland gevlug. Onder hulle was lede van die ware Kerk. Hulle, het hul leerstellings en oortuigings, saam met hulle gebring, veral die kennis oor die Sabbat.

Die streng Sondag-vierende Puriteine het weerstand gebied, maar ten spyte van stygende teenkanting, was daar heelwat klein Sabbat onderhoudende gemeentes in die sewentiende eeu in Engeland en Jesus was besig om Sardis—die vyfde era van sy Kerk, op te rig.

Protestante Engeland het al meer onverdraagsaam oor andersdenkendes, insluitend Sabbat onderhouers, geword.

Die ware Kerk in Engeland het begin weg kwyn, maar oorkant die oseaan het mense 'n Nuwe Wêreld ontdek.

Stephen Mumford, 'n lid van die Sabbat-aanbidders kerk in Londen, het in 1664 Engeland vir Newport, Rhode Eiland verlaat wat op daardie tydstip die kleinste van die Amerikaanse kolonies was en is deur Roger Williams, 'n Baptis wat die vervolging van die Puriteine van Massachusetts ontvlug het, gestig.

Rhode Island was die eerste plek in die wêreld wat vryheid van godsdiens as 'n basiese beginsel van sy konstitusie gewaarborg het. Mumford en sy vrou het begin om saam met die Baptiste kerk in Newport te vergader, omdat hulle niemand wat die Sabbat onderhou het, kon vind nie. Hy was nie 'n bekeerling nie, maar, het sy eie geloof eenvoudig in stand gehou. Verskeie lidmate van die Sondagaanbidders het oortuig geraak

dat hulle ook die Sabbat moet hou en het hulle die eerste Sabbat-onderhoudende gemeente in Amerika geword.

In die begin het hulle in huise vergader. Hul rekordboek wat name—hul bydraes—selfs rekords van hul inseënende dienste bevat, is in die historiese museum in Newport bewaar.

Ook is die eenvoudige, maar smaakvolle vergadersaal wat in die vroeë jare, van die agtiende eeu in Newport gebou is, bewaar. Meer mense het by hul geloof aangesluit soos God mense geroep het om sy werk in die Nuwe Wêreld voort te sit.

'n Tweede gemeente is in Hopkinton gevestig wat vinnig gedy het en gou was dit 'n kerk met 'n etlike honderde lede. 'n Brug staan vandag op die plek waar hulle eens vergader het. Etlike duisende is op die walle van die Pawkatuk rivier gedoop. Toe het geestelike agteruitgang begin.

Teen die middel agtienhonderds—1831-1849—dwarsdeur die Amerikaanse Middeweste—het sterk Sabbathoudende gemeentes as gevolg van die prediking van William Miller die lig gesien.

In 1860 by Battle Creek, Michigan, was etlike duisende oorreed om die oortuigings van die volglinge van Ellen G. White te aanvaar.

Hulle het van die ware naam—die Kerk van God—afgewyk. In plaas van die ware evangelie, die koninkryk van God, vervang hulle dit met leerstellings van Ellen G White, genaamd "die geslote deur beleid," "die ondersoekende oordeel," 'n "2,300 dag" leerstelling en "die gees van profesie," wat mevrou White identifiseer as die kerk se profeet wat eintlik die kerkdoktrines bepaal.

Hulle het die naam Sewende-dag Adventiste aangeneem, tot vandag toe. Diegene wat van die ware Kerk oorgebly het, het geweier om hierdie leerstellings en doktrines te aanvaar en het sekere waarhede wat in die vorige eeu verwaarloos is, herstel.

Hulle het hul hoofkwartier na Marion, Iowa en toe na Stanberry, Missouri verskuif. 'n Tydskrif *The Bible Advocate* was gepubliseer. Hulle pogings het vrugte af gewerp—klein gemeentes het dwarsoor die nasie verrys.

So het daar een of ander tyd in die neëntiende eeu, 'n klein gemeente van die ware Kerk van God in die vreedsame Willamette Vallei in Oregon ontstaan.

Hulle was boere, sonder formele opleiding. Daar was ‘n gebrek aan opgeleide leraars om hulle te leer en te lei. Hulle het wel die naam, Kerk van God, gehad en was pligsgetrou in hul Sabbat onderhouding.

God se Kerk het ‘n vêr pad deur die onstuimige eeue, sedert Pinksterdag, gekom.

Dit was swak en het ‘n gebrek aan invloed gehad. Vervolgings en kompromieë het deur die jare hul tol geeis en baie waarheid het verlore gegaan, maar hulle het die reguit paadjie behou.

In die Willamette Vallei het hulle gewag. Dit was amper tyd vir die baton om weer van hande te verander—na die hande van diegene wat God sou roep om sy eindtyd werk te doen.

## *HERSTEL VAN GOD SE WAARHEID IN DIE KERK*

In 1931, presies 1,900 jaar later (‘n eeu van tyd siklusse) sedert die grondslag van die Kerk, het hierdie klein oorblyfsel van die ware Kerk van God, begin om nuwe lewe te kry in die Filadelfía era. Dit het tot by die “eindtyd” gekom. ‘n Nuwe besielende geestelike lewenskrag het posgevat. Die tyd was reg vir die vervulling van Jesus se Matthéus 24:14 voorspelling—“en hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.” Sulke kragtige waarheid wat verlore was, is stadig maar seker weer openbaar gemaak en verkondig.

Die Filadelfia era word in verse 7 tot 13 in Openbaring 3 beskryf. Die Sardis era (Openbaring 3:1-6) was teen hierdie tyd besig om geestelik dood te gaan en was magteloos in hul poging om die ware evangelie van Christus te versprei. Hulle het inderdaad teen hierdie tyd die werklike betekenisvolle bedoeling van die ware evangelie, verloor. Hulle het geweet van Christus se naderende wederkoms, maar hulle het geen begrip gehad van wat gedurende die duisendjarige millennium gaan gebeur nie, behalwe vir die feit dat Jesus sou regeer.

Ons lees die volgende van die Filadelfia era van God se Kerk: “Aan die engel van die gemeente….” Die woord engel, *aggelos*, uit Grieks vertaal, beteken boodskapper of agent. Dit verwys nie noodwendig altyd na ‘n geestelike engel nie, maar kan ook ‘n menslike agent wees. Dit is moontlik dat God se beginsel

van tweeledigheid hier toegepas kan word. Dit kan op 'n ware geestelike engel van toepassing wees, wat aangestel is as algehele agent of helper, van hierdie spesifieke era van die Kerk. Of dit kan ook 'n mens, boodskapper of agent wees wat God aangestel het om sy Kerk in hierdie era te lei.

Terselfdertyd kan 'n verdere beginsel van tweeledigheid ook vir verse 7-13 geld. Dit mag op hierdie era van God se Kerk as 'n geheel betrekking hê, en dit mag ook op die menslike leier wat God vir hierdie era van sy Kerk opgehef het, betrekking hê.

Ons lees verder in vers 8: "Ek ken jou werke. Kyk, Ek het voor jou 'n geopende deur gegee, en niemand kan dit sluit nie, want jy het min krag en jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie."

Hierdie era van die Kerk sou vrugte dra. Aan hierdie era—of aan sy menslike leier—het God 'n geopende deur gegee. Dit is in 2 Korinthiërs 2:12, asook Handelinge 14:27 aangeteken hoe Christus vir Paulus deure oopgemaak het om in ander lande die evangelie te verkondig. Hierdie Kerk en/of sy leier het maar min krag en het ook nie 'n groot en kragtige status in Satan se wêreld gehad nie, maar diegene in hierdie tydperk was teenoor die Woord van God getrou. Alhoewel baie van die oorspronklike evangeliese waarheid, wat Jesus self aan die apostels gegee het, verlore gegaan het, is dit deur die Bybel in hierdie era van God se Kerk, herstel, wat getrou was in die nakoming daarvan.

In Maleági 3:1-5 en 4:5-6 word geopenbaar dat God, kort voor Christus se wederkoms, iemand sou aanstel in die krag en gees van Elia. In Matthéüs 17:11, sê Jesus, selfs nadat Johannes die Doper se sending voltooi was, "dis waar, dat hierdie geprofeteerde Elia eers sou kom en alles sal herstel." Alhoewel dit duidelik was dat Johannes die Doper in die krag en gees van Elia gekom het, het hy niks herstel nie. Die menseleier wat ietwat kort voor Christus se wederkoms aangestel sou word, moes die weg voorberei—die Kerk voorberei—vir Christus se wederkoms, en die waarheid wat gedurende die vorige eras van die Kerk verlore gegaan het, restoureer. Ook sou 'n deur vir hierdie leier en/of die Filadelfia era van die Kerk, oopgemaak word sodat Matthéüs 24:14: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom," vervul kon word.

Dit sou gedurende 'n tyd wees wanneer, daar vir die eerste keer in die geskiedenis van die mens, wapens wat alle mense totaal kan vernietig, vervaardig sou word (Matthéüs 24:21-22) wat ook net voor Christus se wederkoms sou wees (verse 29-30).

Hierdie profesieë is nou beslis vervul. Die ware evangelie is gerestoureer en het nou kragtig na elke nasie op die aarde gegaan.

Die Kerk het nou 'n hernude kragtige Geestelike lewe.

Al die nuwe tegnologie en fasiliteite word aangewend.

Die radio is eerste gebruik, wat op een van die kleinste uitsaaistasies, met min stukrag, in Eugene, Oregon begin het. Daarna die drukkery wat met 'n ou tweedehandse Neostyle, stamgenoot van die mimeograaf begin het. Met verloop van tyd, is die drukpers gebruik. Die koms van televisie het in 1945—onmiddellik aan die einde van die Tweede Wêreld oorlog, plaasgevind, en het die Kerk in die somer van 1955 met televisie uitsendings begin. Die ware evangelie is vir die eerste keer na 1900 jaar, uiteindelik aan alle nasies op aarde verkondig en gepubliseer. Die Kerk het gegroei. Vir die eerste vyf-en-twintig jaar het die Kerk met 'n gemiddeld van dertig persent per jaar gegroei.

Die eerste apostels sal verstom wees as hulle nou die omvang van die werk moet aanskou. Die wyse van kommunikasie, die tegnologie en moderne hulpmiddels wat God vir die eindtyd werk beskikbaar gestel het, sal inderdaad vreemd wees vir diegene wat bykans twee duisend jaar gelede die opdrag om die evangelie aan die hele wêreld te verkondig, gekry het.

Sommige dinge sal egter nie vreemd wees nie—die Sabbat en Heilige Dae, die naam, die Kerk van God en die evangelie van die koninkryk—dié sal hulle herken—wat deur die eeue vanaf die tyd van Jesus tot by die tyd van die einde voortgedra word.

# 7

# Geheim van die Koninkryk van God

WAT WORD NOU EINTLIK BEDOEL MET "DIE KONINKRYK van God?" Dit is ook 'n onopgeloste raaisel, nie net vir die wêreld nie, maar ook vir die kerke van die wêreld, teoloë sowel as "bybelstudente".

Waarlik, hierdie raaisel is gekoppel aan die verwante raaisel omtrent Jesus Christus se evangelie. Waarom stem kerke nie ooreen oor wat "die evangelie van Jesus Christus" behels nie. Gedurende die eerste twintig of dertig jaar na die stigting van die Kerk in 31 n.C. het daar 'n heftige polemiek ontstaan, juis oor die vraag, wat "die evangelie van Jesus Christus," is. In die daaropvolgende honderd jaar, was die geskiedenis van die Nuwe Testamentiese Kerk, totaal vernietig. Dit staan bekend as "die verlore eeu van Kerkgeskiedenis." Ongeveer die middel van die tweede eeu, toe die gordyn oopgaan, het daar 'n totaal anderste kerk wat hulleself Christen genoem het, verskyn wat egter hoofsaaklik 'n evangelie "OMTRENT" Christus en nie die evangelie VAN Christus, verkondig het nie. Die evangelie VAN Christus was die boodskap wat Hy verkondig het. Hy was 'n Boodskapper wat deur God gestuur was, en daardie boodskap was DIE KONINKRYK VAN GOD. Christus se boodskap was Christus se evangelie—die evangelie van Christus. Dit was nie aan hierdie wêreld verkondig tot die eerste week van 1953 nie, toe dit vir die eerste keer in omtrent 1900 jaar—'n eeu van tyd siklusse—vanaf 'n sterk radio stasie, Radio Luxembourg in Europa, verkondig was nie..

Dit wil voorkom asof alle kerke die evangelie van Jesus Christus laat verlore gaan het. Hoofsaaklik word hulle evangelie, 'n evangelie OMTRENT Jesus Christus, verkondig.

Jesus Christus het gekom en die evangelie van die Koninkryk van God verkondig. Daar is *min* wat tans oor die Koninkryk van God preek, juis omdat alle kennis oor wat dit is, verlore gegaan het! Is daar enigiemand, behalwe God se ware Kerk, wat die ware evangelie van die Koninkryk van God, verkondig?

Die evangelie van die Koninkryk van God, is nie vir ons vandag nie, het 'n prominente evangelis oor die radio vir 'n wêreldwye gehoor gesê. Sekere denominasies verkondig 'n "evangelie van genade"; ander weer wat genoem word, 'n "evangelie van saligheid"; terwyl die meeste 'n evangelie *omtrent* Christus; of 'n sosiale evangelie; of die "*Science of Mind*" of "Godsdienstige Wetenskap," verkondig.

## *NIE EEN IS REG NIE!*

Daar is sekere kerke wat aanspraak maak daarop dat hulle besondere denominasie of "Christelikheid" in sy geheel die Koninkryk van God uitmaak. "Die Koninkryk van God is in jou binneste" het 'n prominente televisie evangelis, kwytgeraak. Ander weer het Lukas 17:21, aangehaal, "…want die Koninkryk van God is binne-in julle." Die Moffat en ander vertalings, dui dat dit, "in jul midde" moet lees—en dit beteken dat Christus in hulle midde was. Hy is die Koning van die toekomstige Koninkryk van God en in Daniël 7 en ander plekke in die Bybel, word die bewoording koning en koninkryk, alternatiewelik gebruik, wat beteken dat hy die koning is, of dat hy die koninkryk wat hy regeer, verteenwoordig.

Nie een is reg nie! Is daar enige iets wat meer ongelooflik skyn te wees? Ja, dit is heel natuurlik, vir die geestesgesteldheid van iemand wat in hierdie wêreld se beginsels grootgemaak is, maar daar is egter een ding wat nog *meer* ongelooflik is! En dit is die EENVOUDIGE WAARHEID van wat die Koninkryk van God in werklikheid is!

Die waarheid is nie net verbasend nie—dit is skokkend—verbysterend! Dit is 'n Groot Geheim! Dit is egter GOEIE NUUS—die saligste GOEIE NUUS wat nog ooit die mens se bewustheid, deurdring het!

## *CHRISTUS SE EVANGELIE*

Wat is Jesus Christus se een en *enigste* evangelie? DIE WÊRELD WEET NIE! Vreemd soos dit mag voorkom, was die evangelie van Christus vir 19 eeue nie verkondig nie. Kyk in u BYBEL. Kyk daarna van die begin af!

In Markus 1:1, word die volgende gelees, "Die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God." Verder in Markus 1:14-15, lees ons, "En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die EVANGELIE VAN DIE KONINKRYK VAN GOD verkondig en gesê: Die tyd is vervul en die koninkryk van God het naby gekom; bekeer julle en glo die evangelie."

Om gered te word is dit noodsaaklik *dat daardie* EVANGELIE *geglo* word! En hoe kan 'n mens iets *glo,* tensy jy weet wat dit is? En vir 1900 jaar het die wêreld nie geweet nie? Daardie evangelie was onderdruk en deur die mens se evangelie omtrent Christus, vervang.

Jesus het oral gegaan en die GOEIE NUUS van die KONINKRYK VAN GOD verkondig. Hy het in gelykenisse oor die KONINKRYK VAN GOD, gepraat. Hy het sewentig manne uitgestuur en hulle opgedra om die KONINKRYK VAN GOD te verkondig (Lukas 10:9). Hy het die apostels waarop God se Kerk gegrondves is, uitgestuur om net die KONINKRYK VAN GOD te verkondig (Lukas 9:1-2). Jesus het na Sy opstanding maar voor sy hemelvaart, sy dissipels omtrent die Koninkryk van God, geleer (Handelinge 1:3).

Is dit nie verbasend dat die wêreld die kennis oor wat dit is, VERLOOR het nie?

Die apostel Paulus het die KONINKRYK VAN GOD verkondig (Handelinge 19:8; 20:25; 28:23, 31). God het 'n *dubbele vloek* deur Paulus uitgespreek ten opsigte van enige persoon of engel wat dit sou WAAG om enige ander evangelie te verkondig! (Galásiërs 1:8-9).

Hoe is dit dan, dat so *baie* dit WAAG om so baie *ander* evangelies te verkondig? Om gered te word moet die goeie nuus van die KONINKRYK VAN GOD *verstaan* en GEGLO word! Jesus Christus het so gesê! Dit is dus noodsaaklik dat U uit vind *wat dit werklik is*!

Daardie evangelie—die Koninkryk van God—is die onderwerp van hierdie hoofstuk. Dit volg op die hoofstuk

omtrent die geheim van die Kerk, omdat die Koninkryk van God, die Kerk volg. Onthou, die doel van die Kerk is om diegene wat 'geroep' is voor te berei, om in die Koninkryk van God te regeer en mense te onderrig.

## *DANIËL HET GEWEET*!

Het u nie al gehoor dat mense as volg van die Koninkryk van God praat nie: "die Koninkryk van God, mag einde ten laaste in die harte van mense gesetel word, deur Christene wat oral saamwerk om wêreldvrede, verdraagsaamheid en broederliefde te bewerkstellig."

Omdat hulle 1900 jaar gelede Christus se evangelie *verwerp* het, moes die wêreld dit noodgedwonge met iets anders vervang. Om dit te kon doen moes hulle 'n *vervalsing* bedink! So het ons al gehoor dat die Koninkryk van God, as 'n algemene beskaafdheid genoem word—'n mooi sentiment in die mens se hart—wat dit na 'n eteriese, ONWERKLIKHEID, verminder! Andere weer, het 'n verdraaing gehad dat die "KERK" die koninkryk was. Ander het dit verwar met die millenium. Daar is selfs nog ander, aan die begin van die twintigste eeu, wat beweer het dat die Britse Ryk die Koninkryk van God was. Niemand maak egter daardie bewering meer nie. HOE MISLEI KAN HIERDIE WÊRELD TOG WORD?

Daniël, die profeet wat 600 jaar voor Christus gelewe het, het geweet dat die Koninkryk van God 'n egte koninkryk was—'n *regering* wat op hierdie aarde oor werklike MENSE sal regeer.

Jesus Christus het verdere kennis in daardie verband, wat moontlik nie aan Daniël bekend was nie, gebring. Nieteenstaande dit, het Daniël geweet dat dit 'n werklike Koninkryk van God, op hierdie aarde sou wees.

Daniël was een van vier buitengewone, skrandere en briljante Joodse seuns in die Judese gevangeneskap. Hierdie vier manne was in die paleis van Koning Nebukadnésar, van die Chaldese Koninkryk, gestasioneer waar hulle opleiding ontvang het om spesiale verantwoordelikhede in die Babiloniese regering uit te voer. Daniël was ook 'n profeet, wat spesiale begrip ontvang het ten opsigte van gesigte en drome (Daniël 1:17).

Nebukadnésar was die eerste werklike wêreldleier wat 'n ontsaglike ryk, insluitende die nasie van Juda, verower het.

Die koning het 'n aangrypende droom gehad wat ernstige besorgdheid by hom gewek het. Hy het aangedring, dat sy kunstenaars, astroloë, en sy heksemeesters aan hom moes verklaar *wat* hy gedroom het asook die betekenis daarvan. Dit was natuurlik onmoontlik. Hulle was totaal verstom. Toe word Daniël voor die koning gebring.

Hy het egter ontken dat hy oor 'n meerdere bekwaamheid beskik het as die Chaldese kunstenaars om drome uit lê, "MAAR," het hy gesê, "daar is 'n God, in die hemel wat geheime openbaar en Hy sal aan koning Nebukadnésar bekend maak wat aan die einde van die dae sal gebeur" (Daniël 2:28).

Eerstens was dit God se voorneme om aan hierdie wêreld-regerende koning, bekend te maak dat daar 'n GOD IN DIE HEMEL IS, WAT DIE ALLERHOOGSTE REGEERDER, oor alle nasies, regerings en konings is—dat GOD DIE HEELAL REGEER! Dit was God wat Lucifer, die gerub wat Satan die Duiwel geword het, op die troon van hierdie aarde geplaas het. Hy sal op hierdie aardse troon bly, alleenlik solank as wat dit God se wil sal wees en ook net totdat Jesus Christus deur God gestuur word, om daardie troon te beset. Satan sal dan verwyder word. Hierdie Chaldese koning het net van die talle heidense gode geweet. Van die ware *lewende* ALMAGTIGE God, het hy niks geweet nie. Soos mense en regeerders, selfs vandag, het hy nie geweet dat God die lewende, EGTE, aktiewe, REGERENDE PERSONASIE is wat nie net dit wat op hierdie aarde is, letterlik *regeer* nie, maar ook die ABSOLUTE HEELAL!

Die algehele doel van hierdie DROOM was, om die REGERING VAN GOD te *openbaar*—die *feit* dat God REGEER—die waarheid omtrent DIE KONINKRYK VAN GOD—en op die keper beskou, wat JESUS CHRISTUS se een en *enigste*, ware EVANGELIE is. Tweedens, om te openbaar—wat vir ONS TYD skriftelik bewaar is—wat "*in die laaste dae*," gaan gebeur.

## *VIR ONS, VANDAG!*

Hierdie is nie 'n droë, afgestompte, dooie geskrif vir mense van 2500 jaar gelede nie. Dit is LEWENDIGE, GEWELDIGE, *BESONDERE NUUS* vir *ONS DAG* en *TYD*. Dit is *gevorderde nuus* vir ons, *NOU*—voordat dit gebeur. Dit is nuus van die mees kolossale

gebeurtenis in die geskiedenis—wat sekerlik binne die volgende paar jaar—in ons leeftyd—gaan gebeur!

Hierdie is die WARE EN BESONDERE EVANGELIE wat Christus verkondig het. Dit is vir ons TYD bedoel! Dit is lewensbelangrik dat ons dit moet VERSTAAN!

Lees in u eie Bybel, Daniël 2, verse 28 tot en met 35. In sy droom het die koning 'n massiewe beeld gesien—groter as enige beeld wat ooit deur 'n mens gebou was—so masief dat dit selfs in die droom skrikwekkend was. Die kop van die beeld was van fyn goud, die bors en arms van silwer, die maag en dye van geelkoper, bene van soliede yster, en die voete, 'n mengsel van yster en klei.

Daar was 'n tydelement. Nebukadnésar het na hierdie beeld bly kyk, *totdat* 'n bonatuurlike ROTS vanuit die hemel, die beeld se voete getref en vernietig het. Die beeld is in klein stukkies gebreek wat deur die wind weggewaai was—dit het verdwyn! Daarna het hierdie ROTS wonderbaarlik ontdui en vinnig 'n BERG geword—wat so groot geword het dat dit die hele wêreld gevul het!

Wat het dit beteken? *Het* dit enige betekenis gehad? Ja dit het, want dit was God se toedoen. Anders as gewone drome, was hierdie een deur God veroorsaak daar Hy aan die koning, 'n boodskap van Sy, God, se soewereiniteit wou gee—en omdat dit ook deel is van God se Woord, aan ons vandag—om belangrike feite van die WARE EVANGELIE aan ons te openbaar!

"Dit is die droom;" sê Daniël (vers 36) "sy uitlegging sal ons nou vir die koning sê."

Hierdie is dan GOD SE interpretasie van die droom en beslis *nie* Herbert W. Armstrong s'n nie. Die Bybel behoort nooit deur 'n mens *vertolk* te word nie. Die Bybel verskaf GOD SE EIE VERTOLKING! Hier is dit:

"U, o koning, koning van die konings,"—hy was die eerste WÊRELDHEERSER! "aan wie die God van die hemel die koningskap, die krag en die sterkte en die eer verleen het." God was hier besig om homself aan hierdie menslike wêreld diktator te openbaar as die ALLERHOOGSTE *Heerser oor alles.*

Dit wil voorkom asof vandag se mense, net soos hierdie Chaldese koning, nie aan God wil dink as HEERSER—as die Allerhoogste wat REGEER—as die Hoof van 'n REGERING, nie. Die Allerhoogste het homself aan Nebukadnéser, deur

Daniël, geopenbaar—en deur die Bybel, *aan u en aan my*—as 'n SOEWEREINE, ALMAGTIGE, *REGERENDE* GOD wat *gehoorsaam moet word*!

Daniël het verder gegaan, "U is die hoof van goud. En ná u sal daar 'n ander KONINKRYK opstaan, geringer as dié van u; daarna 'n ander, 'n derde KONINKRYK, van koper, wat oor die hele aarde sal heers." (verse 37-39).

## *WAT IS 'N KONINKRYK?*

Neem kennis dat hier van KONINKRYKE gepraat word—regerings *wat oor die mense van die aarde heerskappy voer.* Dit praat nie van kerke of eteriese sentimente, soos van 'n koninkryk wat "binne in jou hart is" nie. Dit praat hier van REGERINGS wat letterlik met OUTORITEIT oor die nasies en MENSE van die aarde REGEER. Dit is spesifiek. Hier is geen misverstand omtrent die betekenis van die woord, KONINKRYK nie. Die betekenis word baie duidelik gestel.

Die vertolking kan nie verkeerd verstaan word nie. God gee sy eie vertolking deur die profeet Daniël. Hierdie groot beeld van verskeie metale het nasionale en internasionale REGERINGS verteenwoordig—regte, egte, letterlike *regerings.*

Dit verteenwoordig 'n *opeenvolging* van wêreldheersende regerings. Eerste was die hoof van goud. Dit het Nebukadnéser en sy koninkryk—die Chaldese ryk—verteenwoordig. *Ná* hom—later, in tydorde—was daar 'n tweede en daarna 'n derde KONINKRYK "wat oor die hele aarde sal HEERS"—*wêreldryk!*

Later, in vers 40, word 'n *vierde* wêreldryk deur die bene van yster verteenwoordig. Dit sou *sterk* wees soos yster sterk is—in militêre opsig sterker as sy voorgangers. Soos wat silwer se waarde minder as goud is, geelkoper minder as silwer, en yster minder as geelkoper is—alhoewel elke metaal harder en sterker as die vorige was—sou die opvolgende regerings verswak, sedelik sowel as geestelik. Die twee bene het beteken dat die vierde ryk verdeeld sou wees.

Na die ryk van die Chaldeërs het 'n nog groter Persiese ryk gekom, daarna die ryk van die Grieks-Masedoniërs wat deur die Romeinse ryk opgevolg was. Dié vierde ryk was verdeeld met Rome en Konstantinopel as hoofstede.

Nou, vers 44! Lees dit! Kry u Bybel. Sien met u eie oë wat in u Bybel geskryf staan. Hier, IN DUIDELIKE VERSTAANBARE TAAL, is God se verduideliking van die KONINKRYK VAN GOD: "Maar in die dae van hierdie konings…"—hier word gepraat van die tone wat deels van yster en deels van klei is. Dit, deur die profesieë van Daniël 7, Openbaring 13 en 17 te koppel, verwys na die nuwe VERENIGDE STATE VAN EUROPA wat *tans* voor ons oë vanuit die Europese Gemeenskapsmark *ontvou*! Openbaring 17:12 maak dit duidelik dat dit 'n unie van TIEN KONINGS of KONINKRYKE sal wees wat volgens Openbaring 17:8 die ou ROMEINSE RYK weer sou laat herlewe.

Let noukeurig op die *tydsaanwysing*! "Maar in die dae van hierdie konings"—in die dae van hierdie tien nasies of groepe van nasies, GEDURENDE HIERDIE TYD WAARIN ONS LEEF, sal die ou Romeinse Ryk 'n kort rukkie herleef—en kyk wat gaan gebeur:

"… sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie … dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan!"

## *JA, IN ONSTYD!*

Hier het ons vier wêreldryke wat beskryf word—die enigste *vier* wat nog ooit bestaan het! Openbaring 13 en 17 dui aan, dat na die val van die oorspronklike Romeinse Ryk, daar tien herlewings sou wees—waarvan sewe deur 'n heiden KERK—die "dogter" van die outydse BABILON, regeer sal word. Hierdie kerk maak daarop aanspraak dat sy Christelik is, maar word deur God "VERBORGENHEID, die groot BABILON" genoem—of sommer net BABILONIESE GEHEIME!

Ses van hierdie herlewings het gekom en gegaan. Die sewende, die laaste finale *kort* herlewing van die Romeinse Ryk, van tien Europese groepe of nasies, ontluik nou. Hulle word in Daniël 2 geopenbaar as die tien tone wat van yster en klei gemeng is.

In hulle dae—wat 'n baie *kort rukkie* sal wees, moontlik nie meer as twee tot drie en 'n halwe jaar nie—sal die GOD VAN DIE HEMEL 'N *KONINKRYK* oprig wat nooit vernietig sal word nie!

Dit sal dan DIE KONINKRYK VAN GOD wees!

Vergelyk dit nou met Openbaring 17 waar 'n kerk uitgebeeld word—'n GROOT kerk wat op "baie waters" sit (vers 1) wat in

vers 15 as verskillende nasies wat verskillende tale besig, beskryf word. Hierdie kerk doen haarself as die Kerk van God voor—wat deur die Skrif as (Efésiërs 5:23; Openbaring 19:7; Matthéüs 25:1-10 ens.) die verloofde "bruid" van Christus beskryf, wat by Sy WEDERKOMS geestelik met hom in die huwelik sal tree.

Maar sy het gehoereer. Hoe? Deur direkte *politiese* assosiesies met MENSLIKE REGERINGS van hierdie wêreld! Volgens Openbaring 17:3 het sy op al sewe herlewings van die Romeinse Ryk—wat die "Heilige Romeinse Ryk" genoem word, gesit. Sy het OOR menslike koninkryke REGEER—soos 'n ongetroude "houvrou" haar minnaar regeer—'n absolute onnatuurlike en ongoddelike verhouding.

Sy sal op "die kop van hierdie laaste dier sit"—hierdie finale herlewing van die Romeinse Ryk. Dit sal 'n *unie* tussen kerk en staat wees. Dit sal van *korte duur* wees. Sy sal teen CHRISTUS BY SY WEDERKOMS VEG! Dit sal haar EINDE beteken!

Ons kan sien hoe dit tans herrys. (Die tien lede van die Europese Gemeenskapsmark is waarskynlik nie dieselfde tien wat hierdie Heilige Romeinse Ryk laat herleef nie). Dus is ons *baie* NABY aan Christus se wederkoms! En aan die einde van hierdie wêreld!

## *CHRISTUS SAL ALLE NASIES REGEER*

Wanneer Christus kom, kom hy as Koning van konings, om die hele aarde te regeer (Openbaring 19:11-16); en SY KONINKRYK—*die KONINKRYK VAN GOD*—sal, soos Daniël sê, al die wêreldse koninkryke VERBRYSEL en 'n einde aan hulle maak.

In Openbaring 11:15 word dit op die volgende wyse verklaar: "Die koninkryke van die wêreld HET DIE EIENDOM VAN ONSE HERE *geword* EN VAN SY CHRISTUS, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid!"

Dit is die Koninkryk van God. Dit beteken die einde van alle huidige regerings, selfs die van die Verenigde State en die Britse nasies. Hulle sal dan die Koninkryke—die regerings—van die Here Jesus Christus word, wat as Koning van konings oor die hele aarde sal regeer.

Dit maak dit onteenseglik DUIDELIK dat die KONINKRYK VAN GOD 'n letterlike REGERING is. Net soos die Chaldese Ryk en Romeine Ryk KONINKRYKE was—net so is die KONINKRYK VAN

GOD ook ‘n regering. Dit sal die OWERHEID van die NASIES van hierdie wêreld *oorneem*.

Jesus Christus was GEBORE om ‘n KONING—‘n HEERSER te wees!

Toe Hy voor Pilatus te staan kom om verhoor te word, lees ons “Pilatus sê toe vir Hom: Is U dan tog ‘n koning? Jesus antwoord: U sê dat Ek ‘n koning is. Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, …” Jesus het egter ook vir Pilatus gesê, “My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie..”—(Johannes 18:37, 36). Hoe verbasend—wat ‘n tragedie—dat daar vandag selde, indien ooit, in kerkdienste gehoor word van Christus wat as koning en wêreldheerser sal kom. Wêreldheersers van die duisternis en bose geeste in die lug (Efésiërs 6:12) heers vandag oor die aarde. Dit is hierdie aardse regerings van Satan wat met die wederkoms van Christus vernietig en vervang sal word. Christus se Koninkryk is van DIE WÊRELD VAN MÔRE!

Het u nie gelees wat die engel aan Maria, die moeder van Jesus voor sy geboorte verklaar het nie? Jesus het Pilatus vertel dat hy *gebore* is om ’n KONING te wees. Die engel van God het aan Maria gesê, “En kyk, jy sal swanger word en ‘n Seun baar, en jy moet Hom JESUS noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die TROON van sy vader Dawid gee, en *Hy sal koning* wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar GEEN EINDE wees nie” (Lukas 1:31-33).

Hoekom word hierdie skrifgedeeltes nooit in kerke van hierdie wêreld genoem nie? Miljoene mense het gedurende hul lewe gereeld eredienste bygewoon en nog nooit hierdie skrifgedeeltes gehoor van Christus wat ‘n koning sou word, of dat ‘n Koninkryk van God aan die kom is nie.

Hierdie skrifgedeeltes openbaar openlik *dat* GOD die opperste HEERSER is. Hulle verklaar in die eenvoudigste taal dat Jesus gebore is om ‘n KONING te wees—dat hy AL DIE NASIES GAAN REGEER—dat sy koninkryk vir ewig sal regeer.

Maar hierdie is alles net ‘n *gedeelte* van die verbasende, wonderlike en regtig SKOKKENDE WAARHEID omtrent die KONINKRYK VAN GOD.

DIE KONINKRYK VAN GOD sal *oor* alle mense en nasies van hierdie wêreld regeer. Tog sal hierdie sterflike mense en nasies

NIE die koninkryk wees nie en sal selfs nie *in* die Koninkryk van God wees nie. Hulle sal slegs deur hierdie Koninkryk REGEER word!

## *HOE UTOPIA GAAN KOM!*

Laat ons meer spesifiek wees.

Laat ons sien hoe môre se utopia ingelui gaan word. Onthou, hierdie wonderlike wêreldstaat sal nie meteens volbring word nie.

Elke gebeurtenis wat binnekort gaan plaasvind word in Bybel profesieë voor ons blootgelê.

Dieselfde Jesus Christus wat oor berg en dal van die heilige land en in die strate van Jerusalem meer as 1900 jaar gelede gewandel het, gaan weer kom. Hy het gesê dat hy weer gaan kom. Na sy kruisiging en nadat hy vir drie dae en drie nagte in die graf was, het God hom uit die dode opgewek (Matthéüs 12:40; Handelinge 2:32; 1 Korinthiërs 15:3-4). Daarna het Hy na God se Troon, die Hoofkwartier van die Heelal se Regering, opgevaar (Handelinge 1:9-11; Hebreërs 1:3 ;8:1; 10:12; Openbaring 3:21).

Hy is die man van hoë geboorte wat na ‘n ver land gereis het—na dieTroon van God—die “ver land”—om as Koning van konings oor al die nasies gekroon te word en daarna na die aarde terug te keer (Lukas 19:12-27).

Weereens, hy is tans in die hemel “tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge” (Handelinge 3:19-21). *Wederoprigting* beteken om ‘n vorige toestand of staat te herstel. In hierdie geval beteken dit die herstel van God se regering op die aarde en daarmee saam wêreldvrede en utopiese omstandighede teweeg te bring.

Huidige wêreld beroeringe, toenemende oorloë en twis sal in so ‘n groot wêreldse moeilikheid uitloop, dat indien God nie ingryp nie, geen vlees lewend gered sal word nie (Matthéüs 14:22). Die wederkoms van Jesus Christus sal plaasvind wanneer hierdie dinge ‘n hoogtepunt bereik, en enige versuim daarvan sal tot gevolg hê dat alle lewe op hierdie planeet weggevee word. Hierdie keer kom hy in die krag en glorie van die heelal-regerende Skepper—(Matthéüs 24:30; 25:31). Hy hom as “Koning van konings en Here van die here” (Openbaring 19:16),

om 'n super wêreldregering daar te stel en al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Hoekom versuim belydende Christelike kerke al hierdie Bybelse verse omtrent Christus se wederkoms en dat hy die aarde gaan regeer? Jesus se werklike Evangelie was dat hy die Koninkryk van God op aarde gaan vestig. Daar is miljoene lidmate van kerke wat nog nooit hierdie skrifgedeeltes, of Jesus Christus se ware evangelie gehoor het nie.

Dink net hieroor. Die verheerlikte Christus—wat in alle prag, en bonatuurlike krag en glorie van die Almagtige God kom—om die mensdom te red—kom om toenemende oorloë, kernuitwissing, menslike pyn en lyding te keer—kom om vrede, oorvloedige welstand, geluk en blydskap vir die hele mensdom in te lei. Maar, sal hy egter deur die nasies verwelkom word?

Wêreldberoemde wetenskaplikes sê nou eerlik dat die enigste hoop wat hierdie wêreld het om te oorleef, is 'n oppermagtige-wêreldregering wat alle militêre mag beheer. Hulle erken egter dat dit onmoontlik vir die mens is om te bewerkstellig. Dit is juis wat Christus vir ons kom gee.

Maar sal hy verwelkom word?

'n Leidende Amerikaanse weekblad het die volgende verbasende skatting van die mens se enigste hoop, as volg gemaak: "Die eens optimistiese hoop van Amerika, vir 'n ordelike en stabiele wêreld is besig om te vervaag. Besteding van amper 'n triljoen dollars het nie stabiliteit meegebring nie, dit het eerder dinge versleg. Hierdie skatting toon dat die heersende siening onder amptenary dat die oplossing van spanning en wêreldprobleme wat so diep-gewortelD geraak het "alleenlik deur 'n sterke hand van iewers" moontlik sal wees."

"'n Sterke hand van iewers." Die Almagtige gaan 'n baie sterk Hand van "iewers" stuur om die mensdom te red!

## *CHRISTUS ONWELKOM?*

Sal die mensdom jubel van blydskap en hom met dolle ekstase en geesdrif verwelkom? Wat van die kerke van tradisionele Christendom?

Hulle sal nie! Hulle sal eerder glo dat hy die Antichris is, soos wat hulle deur die valse leraars van Satan mislei is (2 Korinthiërs 11:13-15). Die kerke en nasies sal kwaad wees oor sy

wederkoms (Openbaring 11:15 saam met vers 18) en die militêre magte sal selfs probeer om hom te vernietig (Openbaring 17:14)!

Die nasies sal op daardie tydstip betrokke wees in die kritieke stryd van die komende Derde Wêreldoorlog met gevegslinies te Jerusalem (Sagaría 14:1-2) en dan sal Christus terugkeer. Met bonatuurlike krag sal hy teen daardie nasies "uittrek en stryd voer" (vers 3). Hy sal hulle totaal verslaan (Openbaring 17:14). "En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant" (Sagaría 14:4).

## *HOE NASIES ONDERWERP GAAN WORD*

Tydens die wederkoms van die verhewe almagtige Christus sal die nasies kwaad wees. Die militêre magte wat by Jerusalem byeen is, sal poog om teen Hom te veg! Ek sê "poog". Baie groter en sterker magte—al die heilige engele (soos in Matthéüs 25:31 geidentifiseer word)—volg Hom vanuit die hemel (Openbaring 19:14).

Wil u 'n beskrywing van daardie stryd—en wat met daardie vyandige krygsmagte gaan gebeur—sien?

In Openbaring 17, word na die krygsmagte van die Verenigde State van Europa—die herese Romeinse Ryk—in vers 14 verwys: "Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam (Christus) sal hulle oorwin want Hy is die Here van die here en die Koning van die konings…"

Maar hoe sal Hy hulle oorwin? Ons vind dit in die 14e hoofstuk van Sagaría:

"En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke [krygsmagte] sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond" (Sagaría 14:12).

Miskien word dit nog duideliker in die Nuwe Afrikaanse Vertaling gestel: "Die Here gaan al die volke wat teen Jerusalem oorlog maak, met 'n groot ramp tref: hulle vleis sal wegvrot terwyl hulle nog lewe, hulle oë sal wegvrot in hulle oogkaste, hulle tonge sal wegvrot in hulle monde."

Hierdie verrotting en die wegteer van die vlees sal onmiddellik wees—*terwyl hulle nog op hulle voete staan.*

Wat ‘n goddelike vergelding teen die vorste wat teen Christus wil veg. Wat ‘n demonstrasie van goddelike krag waarmee die verheerlikte Christus alle nasies gaan regeer. Opstandigheid teenoor God se gebooie en God se heerskappy moet, en sal spoedig, onderdruk word.

Besef ons, dat alle ongelukkigheid, alle boosheid wat die mensdom teister, die gevolg is van God se Wet wat oortree word?

Indien niemand ooit ‘n ander god as die ware God gehad het nie; indien alle kinders opgevoed word om hul ouers te eer, te respekteer en gehoorsaam te wees; en alle ouers hul kinders in die weë van God sou opvoed; indien niemand ooit ‘n gesindheid van moord in sy gemoed sou vertroetel nie; indien daar geen oorloë sou wees nie; geen slagting van mens deur mens nie; indien alle huwelike gelukkig gehou word en daar nie oortredings van kuisheid voor die huwelik en daarna wees nie; indien almal ‘n groot besorgdheid vir die goeie en welsyn van ander sou hê sodat niemand sou steel nie—en ons alle sleutels, slotte en brandkluise kon weggooi; indien almal net die waarheid sou besig—elkeen se woord goed was—elkeen eerlik en niemand dit begeer wat nie regtelik syne is nie maar ‘n besorgdheid vir die welsyn van ander en dat hy werklik glo dat hy meer seën tot gevolg sal hê om eerder te gee as om te ontvang—wat ‘n gelukkige wêreld sal ons dan nie hê nie!

In so ‘n wêreld, waar almal God liefhet met hul hele wese, harte en krag hom aanbid—waar almal ‘n besorgdheid gelykstaande aan eie besorgdheid oor die welstand van ander sal hê—sal daar geen egskeidings wees nie—geen gebreekte huise en families nie—geen jeugoortreders nie, geen misdaad nie, geen opsluitingsplekke of tronke nie, geen polisiediens nie, uitgesonderd vir aanwysings en toesighouding as ‘n gemeenskaplikediens, geen oorloë nie, geen militêre instellings nie.

Maar God het verder fisiese wette wat in ons gedagtes en liggame werk asook geestelike wette daargestel. Daar sal geen siekte, swak gesondheid, pyn en lyding wees nie, inteendeel sal daar forse, trillende gesondheid wees, gevul met dinamiese belangstelling in die lewe en ‘n entoesiastiese belangstelling in konstruktiwe aktiwiteite wat geluk en blydskap bevorder. Daar sal reinheid, flinke aktiwiteite, werklike vooruitgang, geen

agterbuurte en geen agtergeblewenes of gebiede op die aarde wees nie.

## *OPGESTANE HEILIGES*

Soos wat Jesus na die hemel in 'n wolk opgeneem is, so sal hy weer in wolke terugkeer (Handelinge 1:9-11; Mattheüs 24:30). Terselfdertyd soos wat hy terugkeer, sal dié wat in Christus gesterf het—diegene wat God se Heilige Gees ontvang het en daardeur gelei was (Romeine 8:11, 14)—in 'n massiewe opstanding, insluitende die profete van ouds (Lukas 13:28), onsterflik gemaak word. Diegene wat dan nog lewe en die Gees van God het, sal onmiddellik van vlees in onsterflike gees verander word (1 Korinthiërs 15:50-54) en saam met dié wat opgestaan het, in die wolke opgeneem word om die verheerlikte Jesus Christus (1 Thessalonicense 4:17) aldaar in die lug te ontmoet.

Hulle sal vir ewig saam met Hom wees, waar Hy is. (Johannes 14:3). Hulle sal—saam met hom—vanuit die wolke kom, en dieselfde dag saam met hom op die Olyfberg staan (Sagaría 14:4-5).

Hierdie bekeerde heiliges, wat nou onsterflik is sal dan die nasies—die hele mensdom—onder Christus regeer (Daniël 7:22; Openbaring 2:26-27; 3:21).

## *SATAN UITEINDELIK VERWYDER!*

Hierdie glorierykste gebeurtenis in die wêreld se geskiedenis—die bonatuurlike, majesteuse neerdaling vanuit die wolke na die aarde van die verheerlikte almagtige Christus—sal uiteindelik die subtiele, bedrieglike, onsigbare bewind van Satan beëindig.

Die Wederkoms van Christus as Koning van konings en Here van die here is in Openbaring 19 opgeteken. Maar watter ander groot gebeurtenis sal eers moet plaasvind voordat daar vrede, GELUK en BLYDSKAP op die aarde kan wees? SATAN, die duiwel, sal eers van die troon van die aarde verwyder moet word.

Hierdie besondere vervroegde nuus word in Openbaring 20:1-3 gevind: "En ek het 'n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en 'n groot ketting in sy hand. En hy

het die draak gegryp die ou slang wat die duiwel en die Satan is en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. Daarna moet hy dan 'n kort tydjie ontbind word."

Die 6000 jaar wat die mensdom deur Satan mislei, bedrieg en oorheers was, sal dan verby wees.

Hy sal nie meer na die mens se gees deur die lug kan uitsaai nie. Hy sal nie langer sy sataniese natuur in die gedagtes—'n misleiding wat ons "menslike natuur" noem—van argelose mense kan inspuit nie.

## *MENSLIKE NATUUR SAL NIE ONMIDDELLIK VERDWYN NIE*

Dit sal egter nie beteken dat die verworwe sataniese houdings onmiddellik vanuit menslike gesindheid sal verdwyn nie. Vermenigvuldige miljoene mense het hierdie verworwe eienskappe aangeleer. Selfs al word Satan verhinder om hierdie sataniese eienskappe uit te basuin, sal hierdie verworwe eienskappe wat gewoonte geword het nie sommer net outomaties verwyder word nie.

God het die mensdom egter vrye morele agente gemaak. Hy het ons beheer oor ons eie gedagtes gegee, behalwe waar ons moontlik verblind word deur Satan se aantrekking tot boosheid deur misleiding.

Maar die aardse mensdom sal nie langer mislei word nie! Nou sal die almagtige Christus, en die onsterflike heiliges wat onder hom regeer, die skubbe wat die menslike brein verblind het, begin verwyder.

Dit is waarom ek sê dat utopia nie dadelik ingelei sal word nie. Veeltallige miljoene sal nog steeds aan die gesindheid van opstandigheid vasklou—van ydelheid, wellus en gierigheid. Met Christus se wederkoms sal die proses van her-opvoeding plaasvind—die oopmaak van misleide gesindhede—die verwydering van misleiding te bewerkstellig en hulle tot vrywillige bekering te bring.

Vanaf Christus se bonatuurlike oorname en die verbanning van Satan, sal die Wet van God en die woord van

die Ewige, vanuit Sion uitgaan en oor die hele wêreld versprei (Jesaja 2:3).

Die vonnis wat God op Adam se wêreld gelê het, om vir 6000 jaar van God afgesny te wees, sal dan op 'n einde wees. Christus sal dan al die sterflinge op die aarde tot bekering en saligheid roep! God se Heilige Gees sal vanuit Jerusalem uitvloei (Sagaría 14:8).

Watter glorie! 'n Nuwe dag sal dan aangebreek het. Vrede sal weldra volg. Mense sal die weë van "neem" versaak en God se weë van "gee"—die weg van God se liefde, volg.

'n NUWE BESKAWING sal nou die aarde aangryp!

Watter soort nuwe wêreld van môre sal vandaar ontwikkel? In Jesaja 2:2-4 en Miga 4:1-3 word die volgende verklaar, "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie."

Dink net daaraan! Geen oorloë meer nie. Geen vrees vir mens of dier nie. Uiteindelik wêreldvrede. Iets sal daardie vrede moet veroorsaak. Die Wet van God, wat 'n belydende "Christendom,"geleer het weggedoen was, sal nou vanuit Jerusalem uitgaan en die wêreld sal vol kennis wees van God se weg van lewe soos wat die oseanebeddings met water oordek is.

Selfs die wilde diere sal mak wees en in vrede lewe: "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:6-9).

Stel uself die veranderde toestande voor!

Kyk nou na die opgeloste probleme!

Sien nou ‘n vlugtige blik van ‘n wêreld waar ongeletterheid, armoede, hongersnood of gebrek nie meer bestaan nie, waar misdaad vinnig afneem, waar mense leer om eerlik en kuis te wees, menslike geneentheid en blydskap te openbaar—‘n wêreld van vrede, voorspoed en ‘n oorvloedige bestaanswyse.

## *BEVOLKINGSAANWAS ONTPLOFFING OPGELOS*

God voorspel onmeetlike hervormings wat orals gaan plaasvind in hierdie wonderlike utopiese era wat binnekort op die aarde gaan uitbreek.

Kan u dit uself voorstel? ‘n Wêreld waar die mees kritieke probleme wat die mensdom in die gesig staar vinnig opgelos word.

Die grootste en ernstigste probleem—vandag—is die bevolkingsaanwas ontploffing. Groeiende bevolkings, in al die nasies, is vinnig besig om die wêreld se vermoë om hulle te onderhou, te oortref.

En die gebiede waar die grootste en vinnigste aanwas plaasvind is die onderontwikkelde gedeeltes van die wêreld—die “het nie” nasies van armoede, ongeletterheid, siekte en bygeloof. Onthou dat nie meer as tien persent van die aarde beboubare of ploegbare grond is nie. Die jongste syfers van die V.N. dui aan dat die wêreld se bevolking in omtrent 34 jaar, gaan verdubbel.

Die daaglikse dreigende druk van mense is een van die werklike onbegryplike probleme van vandag.

God het egter die eenvoudige oplossing hiervoor. Maak meeste van die aarde beboubaar. Verminder die sneeu bedekte ruwe berge, maak die diep dorre woestyn valleie kweekbaar, verander die weerpatrone. Maak al die woestyne groen en vrugbaar. Maak plekke soos die Kalahari woestyn, die Sahara in Afrika, die Chad meer se opvanggebied, die Gobi woestyn in Asië en die groot Amerikaanse woestyne toeganklik. Maak die uitgestrekte woesteny van Mongolië, Siberië, Saoedi-Arabië en groot dele van die Westelike Verenigde State, groen en bloeiend.

Ontdooi die diep ysbanke en sneeuopdrifsels, die ysgronde en toendras van die uitgestrekte feitlik obeperkte grensloosheid

van die Antartika, Noord Amerika, Groenland, Noordelike Europa en Siberië. Maak die verskriklike plekke soos die Pamirgebergtes, die ontsaglike reuse van die Himalajas, die Atlas, Taurus, Pireneë, Rockies, Siërras en Hindoe-Kush gelyk—maak die groot wydgestrekte vlaktes van die Andes en al die ander afskrikkende, baie hoë en feitlik onherbergsame berge van die wêreld, gelyk.

Voorsien dan goeie gebalanseerde sagte reën op die regte tyd.

En wat gebeur?

Veelvoudige miljoene akkers met ongelooflike vrugbare, produktiewe, wonderlike plase word meteens beskikbaar—wat net wag om ontdek te word en waarop pionierswerk verrig kan word.

Onmoontlik?

Vir mense absoluut.

Maar sien wat God belowe. "Wees nie bevrees nie, wurmpie Jakob, volkie Israel! Ék help jou, spreek die HERE , en jou Losser is die Heilige van Israel.

Kyk, Ek maak jou tot 'n skerp, nuwe dorsslee wat baie tande het: jy sal berge dors en fyn maal, en heuwels maak soos kaf. Jy sal hulle uitwan, en die wind sal hulle wegneem en die storm hulle verstrooi; maar jy sal juig in die HERE , jou beroem op die Heilige van Israel.

Die ellendiges en behoeftiges soek water, maar daar is nie; hulle tong verdroog van dors; Ek, die HERE, sal hulle verhoor; Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie. Ek sal riviere op die kaal heuwels oopmaak en fonteine in die laagtes; Ek sal die woestyn 'n waterplas maak en die dor land waterbronne.

Ek sal in die woestyn gee die seder, die akasia en die mirt en die wilde-olyfboom; Ek sal in die wildernis plant die sipres, die plataan en die denneboom, dié almal; sodat hulle almal saam kan sien en beken en opmerk en verstaan dat die hand van die HERE dit gedoen het en die Heilige van Israel dit geskape het" (Jesaja 41:14-20).

## *SUIWER WATER—VRUGBARE WOESTYNE*

Kan u, uself so 'n fabelagtige toneel indink? Woestyne wat groen, vrugbaar word, lande vol bome, struike, borrelende fonteine en stroompies water; berge wat feitlik plat en woonbaar gemaak is.

Let op hoe God hierdie omstandighede in baie plekke in die Bybel beskryf.

"Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies" (Jesaja 35:6-7).

Lees die hele 35e hoofstuk van Jesaja.

In verse 1 en 2 sê God, "Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel…"

Etlike jare gelede in 'n droë, stowwerige bergkloof wat diep in 'n magdom van heuwels tussen Bakersfield en Los Angeles, Kalifornië geleë was, het 'n aardbewing plaasgevind. Die eienaars van 'n klein oord, wat byna nie meer besoek word nie, vanweë die droë opset van die omgewing, het oorweeg om die oord toe te maak en na 'n ander omgewing te verhuis.

Skielik was daar 'n kreunende stamperige aardbewing deur die droë heuwels. Nie lank nadat die aarde onder hulle voete geskommel het nie, hoor hulle 'n sagte gemurmel. Hulle hardloop na die droë, stowwerige spruitjie wat deur hul eiendom loop—en hulle was absoluut verbaas om vinnig vloeiende *water* in die spruitjie te sien. Nadat die spruitjie stadig skoon geword het, vind hulle dat die water kristalhelder en suiwer was—lekker en verfrissend om te drink.

Nodeloos om te sê, hulle besigheid het weer begin bloei.

Op die een of die ander manier het die aardbewing 'n ondergrondse waterbron oopgebreek wat die water deur hulle eiendom laat stroom het.

Dink aan die ontsaglike onherbergsame gebiede van die aarde. Klink dit so ongelooflik dat God hierdie plekke soos 'n roos kan laat blom? Hoekom sou dit?

Berge was *gevorm* deur groot en magtige kragte wat massiewe opstotings of groot skeure in die kors van die aarde veroorsaak het. Massiewe blokke graniet het in die lug in opgeskiet—die aarde wiegend en wankelend in die grootste aardbewing in sy geskiedenis. Berge en kranse het nie maar net ontstaan nie—hulle was gemaak.

Die God van alle mag, wat die berge en kranse gemaak het (Amos 4:13; Psalm 90:2), sal hulle hervorm—die hele oppervlakte van die aarde herskep.

Lees van die groot aardbewings wat nog moet kom, en regstreeks 'n groot deel van hierdie rehabilitasie van landelike gebiede tot stand sal bring (Openbaring 16:18 en Sagaría 14:4). Verder sê God, "Die berge bewe voor Hom, en die heuwels smelt weg;…" (Nahum 1:5).

## *LAND ONDER DIE SEE WORD HERWIN*

Die mens erken dat baie van die wêreld se rykdom onder die waters van die see lê. Olie, goud, silwer en dosyne soorte minerale—wat ongerep en onbereikbaar, diep onder die uitgestrekte oseane lê. Seewater op sy eie bevat ook 'n groot hoeveelheid goud, maar die meeste van die goud voorrade lê onder die oseane.

Baie gedeeltes van die aarde word deur getye verwoes—die aanhoudende gedawer van die branders wat stadig maar seker grond wegkalwe. Die laagliggende dele van Europa, veral Holland bestaan uit land wat van die see herwonne was.

Dink aan die veelvoudige miljoene, addisionele akkers vir menslike gebruik indien sommige van die groot oseane verklein sou word. En God sê dit gaan gebeur! Merk dit, "En die HERE sal die seetong van Egipte met die banvloek tref en deur sy gloeiende wind sy hand oor die Eufraat swaai en dit uitmekaar slaan in sewe strome, sodat 'n mens met skoene daardeur kan loop" (Jesaja 11:15).

Dit klink ongelooflik—maar dit is waar!

Wanneer Jesus Christus die opperste Regeerder van hierdie aarde word, sal daardie groot krag gebruik word. Johannes het in 'n visioen gesien hoedat die engele Christus prys by sy wederkoms om hierdie aarde te regeer.

Hulle het gesê, "Ons dank U, Here God, Almagtige, wat is en wat was en wat kom, dat U u groot mag aangeneem en as koning geheers het" (Openbaring 11:17).

Die gesamentlike krag van die regte opvoeding ten opsigte van gesondheid en siekes gesond gemaak word wanneer hulle berou toon, sal perfekte, utopiese gesondheid beteken.

Let op hoe God dit beskryf.

"Maar daar sal die HERE vir ons heerlik wees; dit sal 'n plek van riviere wees, van breë strome; geen vloot van roeiskepe sal daarop vaar nie, en geen trotse skip sal daaroor gaan nie. Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos.

"En geen inwoner sal sê: Ek is siek nie; aan die mense wat daarin woon, is die skuld vergewe" (Jesaja 33:21-22, 24).

Luister na hierdie wonderlike belofte: "Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas. Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos. Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word.Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel…" (Jesaja 35 :3-6)

Let op hoe die beloning van gehoorsaamheid aan sy wette van genade en liefde deur God beskryf word: "Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit…" (Jesaja 58:8).

## *BLYDSKAP IN GESONDHEID*

In die beskrywing oor die toestande van goeie gesondheid en oorvloed sê God, "Want Ek sal genesing vir jou tot stand laat kom en jou van jou wonde gesond maak…" (Jeremia 30:17).

"En hulle sal kom en op die hoogte van Sion jubel en toestroom na die seëninge van die HERE, na die koring en die mos en die olie en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos 'n welbesproeide tuin, en hulle sal verder nie meer kwyn nie."

"Dan sal die jonkvrou haar verheug in die koordans, ja, die jongmanne en die oues tesame; en Ek sal hulle rou in vreugde verander en hulle troos en hulle tot blydskap bring uit hulle kommer. En Ek sal die siel van die priesters verkwik met vettigheid, en my volk sal versadig word met my seëninge, spreek die HERE " (Jeremia 31:12-14).

En hoekom nie goeie gesondheid hê nie?

Hoekom is ons so gewillig om te glo dat absolute gesondheid en blydskap onmoontlik is? Hoekom word al hierdie geskrifte

deur 'n belydende Christendom in preke verontagsaam? Instede daarvan is hul voorstelling om hemel toe gaan waar net ledigheid en gemak is en geen prestasie behaal word nie.

Daar is seëninge vir gehoorssamheid aan die wette van gesondheids—absolute blakende gesondheid word gewaarborg—en daardie kwaal word in die derde of vierde geslag iets van die verlede.

Neem kennis wat God sy mense belowe het: "... As jy dan goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God.

"Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld. Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee. Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel" (Deuteronómium 28:1-5).

Daar word ook deur God daarop gewys dat individiuele rasse na hul eie lande teugkeer en hul herbevolk. "In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak" (Jesaja 27:6).

Verlate dele sal weer herbevolk word.

"En Ek sal mense op julle vermenigvuldig, die hele huis van Israel, almal saam; en die stede sal bewoon en die puinhope opgebou word. Ja, Ek sal mense en diere op julle vermenigvuldig, en hulle sal vermenigvuldig en vrugbaar wees; en Ek sal julle laat bewoon soos in jul voortyd ..." (Eségiël 36:9-11).

Lees die hele hoofstuk van Eségiël 36. God sê, "... sal Ek die stede laat bewoon, en die puinhope sal opgebou word. En hulle sal sê: Hierdie land wat verwoes was, het geword soos die tuin van Eden; en die stede wat in puin gelê het en verwoes en afgebreek was, is versterk en bewoon" (verse 33, 35).

Wat dan van al die ander nasies?

"In dié dag sal daar 'n grootpad wees van Egipte [wat steeds as 'n nasie bestaan] na Assirië, [van wie talle mense emigreer het na die noordsentrale Europa—moderne Duitsland] en Assiriërs sal in Egipte kom en Egiptenaars in Assirië; en Egipte sal saam met Assirië die HERE dien. In dié dag sal Israel die derde wees naas Egipte en

Assirië, 'n seën in die midde van die aarde, omdat die HERE van die leërskare hom geseën het, met die woorde: Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel" (Jesaja19:23-25).

## *TOTALE GELETTERTHEID*

Dink net wat 'n ongelooflike tree vorentoe dit sou wees, indien alle nasies en mense oral dieselfde taal lees, praat en skryf. Vandag egter is daar groot gedeeltes van die aarde wat nie eens 'n geskrewe taal besit nie. Miljoene op miljoene is ongeletterd—kan nie eens hul eie name skryf of spel nie.

By Christus se wederkoms en sy verowerng van die aarde sal Hy 'n era van totale geletterdheid inlei, totale opvoedkunde—en hierdie wêreld 'n nuwe rein taal gee.

Hierdie onderwero sal op sigself 'n boek sal verg om te beskryf. Die litirêre proses van die hele wêreld het verander. Tans is al die tale van die wêreld korrup. Elkeen van hulle is letterlik vol heidense terme—bygeloof—verkeerde benamings—reëluitsonderings—en eienaardige idiome.

In Sefánja 3:9, sê God, "Want dan sal Ek aan die volke rein lippe toebring ['n rein taal- KJV], sodat hulle almal die Naam van die HERE sal aanroep en Hom met 'n eenparige skouer sal dien."

Dink aan die nuwe tydstip van goeie literatuur, goeie musiek, die ontwyking van duplisering, misverstande vanweë taalverwarring en duisende ure se nougesette vertalings. Wat 'n era sal dit nie wees nie, wanneer die wêreld in sy geheel werklik beskaafd word—en boonop nog dieselfde taal praat.

## *WAT VAN EKONOMIESE STRUKTURE?*

God dui aan dat Jerusalem die wêreld se finansieële sowel as geestelike hoofstad sal wees.

Van hierdie nuutgeboude stad, sê die Skepper, "Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see [die wêreld se goud en silwer reserwes is grotendeels onder die seë] gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan" (Jesaja 60:5).

Soos ons egter gelees het, sê God dat Hy gebiede wat tans deur die waters van die oseane bedek is, sal oplig en sodoende

baie meer land beskikbaar stel. Wetenskaplikes weet dat meeste van die aarde se roumateriaal in die gesteentelae onder die dieptes van die oseane lê.

God sê hierdie groot rykdom sal vir gebruik beskikbaar wees gedurende Jesus Christus se bewind op aarde.

Die wêreld se rykdom, sê God sal te Jerusalem gesentreer wees en die uitgebreide bouprogramme, rehabilitasie prossesse en die nuwe era se baanbrekerswerk sal deur hierdie rykdom kragtig gerugsteun word.

"… 'n Rukkie nog, 'n kort tydjie, dan sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe. Ek sal ook al die nasies laat bewe, sodat die skatte van al die nasies sal toevloei; en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vervul, sê die HERE van die leërskare. Aan My behoort die silwer en aan My die goud, spreek die HERE van die leërskare" (Haggai 2:6-8). Hierdie groot rykdom sal daar wees vir die publieke oog. Geen goudstawwe wat diep in ondergrondsekluise bewaar word nie—absoluut nutteloos behalwe die bedoeling daarvan—daar sal geen vrees wees vir diewe of rowery nie. Die Tempel, wat die hoofgebou is waarin Christus sal woon sal asemrowend en beeldskoon versier wees.

'n Vaste standaard sal bepaal word waarvan die waardes nooit sal verander nie.

Geen spekulasie of dobbel met ander se vermoës sal meer plaasvind nie.

Nooit weer sal enige mens verryk word deur belegging in die vermoës en arbeid van 'n ander persoon nie. Effektemarke, wêreldbanke, finansieële instellings, assuransiehuise, verbandmaatskappye, leningsagentskappe, of tyduitbetalings sal nie meer bestaan nie.

Onder God se oorvloedige regering sal mense net koop wat werklik nodig is soos hulle dit kan bekostig, en hulle oor die fondse daarvoor beskik. Geen rente sal meer gehef word nie. Belasting sal iets van die verlede wees.

## *DIE SISTEEM VAN TIENDES*

Hierdie sisteem sal universeel wees.

Regerings van die dag hef van veertig tot vyftig en selfs negentig persent op erfbelasting, inkomstebelasting,

versteektebelasting, provinsialebelasting, staatsbelasting, stadsbelasing ens.

Maar God verlang net tien persent. En daarmee sal die regering, die opvoeding- en die geestelike leierskap oor die hele wêreld, gefinansier word.

"Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? [En God antwoord] In die tiendes en die offergawes. Met die vloek is julle belaai, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie! Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskare, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle 'n oorvloedige seën sal uitstort nie" (Maleági 3:8-10). Hierdie is 'n profesie vir vandag.

Wat 'n seën *sal* dit nie wees nie. Geen finansieële druk wat vandag die meeste mense teister nie.

God sê dat finansieële seën dan aan die orde van die dag sal wees.

Verwyder, diewery, rowery, ongelukke, ongunstige weersomstandighede, roes en verrotting by bedryfsinstallasies, store en fabrieke. Vir hoeveel minder sal produkte voor verkoop kan word—en teen hoeveel meer wins?

## *WEERSPATRONE*

Verwyder ongewenste weersprobleme, insekskade, skimmel en swamspoor by boere—verliese vanweë regeringskontrole en die ooraanbod op die marke—wat sal hul lot dan wees?

Al hierdie dinge sal God doen.

Ons God is 'n multibiljoenêr hemelse Vader. "Aan my behoort die goud," sê Hy (Haggai 2:8).

God wil ook hê dat elke kind van hom, waarlik moet floreer. "Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is ..." (3 Johannes 2). Christus het ook gesê, "Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê" (Johannes 10:10).

God wil volheid en oorvloed in elke lewe hê.

Kyk maar na die materiële "suksesse" waarvan u weet. Hoe gelukkig is daardie mense werklik? Dit word beweer dat J.Paul Getty, een van die rykste mense op aarde glo gesê het, "Ek sal al my miljoene vir een gelukkige huwelik gee!"

In God se Koninkryk sal sy opdragte nagekom word. Hulle sal die standaard vorm vir die regulering van handel, besigheid, finansies en die hele ekonomiese struktuur van die wêreld.

Alles sal op die 'gee' beginsel gebasseer word, Christus het gesê, "Gee, en aan julle sal gegee word. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word" (Lukas 6:38).

Die 'gee' beginsel sal, onder die heerskappy van God, op hierdie aarde gevolg word—nie die inhalige, oogluikende, strewe, valshartige, heimlike, diefagtige, gemene, afwykende, bedrog en leuenagtige foppery wat so algemeen in vandag se besigheidswêreld plaasvind nie.

Maar wanneer God die opstandige mensdom tot bekering bring deur vertoning van sy groot mag—wanneer hy sy belofte gestand doen: " So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely" (Romeine 14:11), deur die ydele, hoogmoedige menslike gees nederig te maak—sal die mens gewillig wees om te gee.

En voordat God die hooghartige gees van die mens gebreek het (Jesaja 2:10-12, 17)—sal die mense van hierdie aarde geensins geneë wees om die wonderlike, liefderyke, edelmoedige, opregte 'gee' beginsel vir die hele ekonomie te aanvaar nie.

Dit sal 'n baie dik boek verg om die wonderlike voorwaardes, wat op hierdie aarde kan heers, te beskryf—en dit *sal* van krag wees, maar eers wanneer die menslike hart uiteindelik nederig en bekeerd is—en die gesindheid van God ontvang het (2 Petrus 1:4).

Nooit weer sal enige persoon 'n gebou oprig wat hy nie kan bekostig nie, ook nie benodig nie, om aan huurders te verhuur wie hom sal help om dit af te betaal nie. Geen rente sal meer gehef word nie. God sê dat dit 'n sonde is om geld teen "woekerwins" of rente uit te leen.

Alle skuld, openbaar-en privaat sal elke vyftig jaar geheel en al afgeskryf word.

## *EKONOMIE VAN DIE WÊRELD GESOND GEMAAK*

Siende dat regerings in die hande van die Godfamilie sal wees en gedeeltelik deur menslike leiers regstreeks onder die regerende

familie bestuur word—en siende dat daar nie meer groot buro's sal wees om op ander buro's te spioeneer nie, geen militêre instellings meer wees nie; geen spioenasie agentskappe of lede van Interpol nie; geen groot kartelle, monopolieë; unies; en massiewe regerings besteding nie—sal die ekonomie van die wêreld gesond wees.

Dink net. Geen buitelandse lenings nie—geen van die biljoene wat vermors word om "minnaars" (onwettige bondgenootskappe) (Eségiël 23:9, 22; Klaagliedere 1:2, 19; Eségiël 16) te koop en wat dan later teen jou draai en jou uitmekaar wil ruk nie. Geen regeringskonsessies meer wat sekere voorbehoude aan industrieë, die wetenskap, die ruimtetegnologie, skole en navorsingsinstansies vooropstel nie.

Pleks daarvan sal die finansieële omstandighede van noodsaaklike industrieë, opvoedkundigeinstansies en besighede kerngesond wees.

Wat 'n wêreld gaan dit net nie wees nie!

## *DIE REGERINGSBESTEL VAN MÔRE SE WÊRELD*

Let nou op hoe hierdie nuwe wêreldregering vir die volgende duisend jaar gaan funksioneer. Dit sal beslis nie 'n demokrasie wees nie. Ook nie sosialisties nie. Ook nie kommunisties of fascisties nie. Dit sal nie 'n monargie, oligargies of plutokrasie wees nie. Dit sal nie 'n menseregering oor mens wees nie. Die mens het alreeds bewys dat hy onbekwaam is om oor homself te regeer.

Dit sal 'n geestelike regering wees—teokrasie—die regering van God wat die mense sal regeer. Dit sal nie 'n regering van onder na bo wees nie. Die mense sal nie stemregte hê nie. Dit sal ook nie 'n regering deur mense vir mense wees nie—dit sal egter 'n regering vir mense wees. Dit sal 'n regering van bo (God Almagtig) na onder wees. Hiërargies in vorm.

Daar sal geen stem veldtogte of geldinsamelingsetes wees nie. Geen vuil politieke veldtogte waar kandidate poog om hulself in die mees gunstige lig voor te stel deur hul opponente te belaster, te veroordeel en te diskrediteer nie. Daar sal nie tyd vermors word op moddergooi veldtogte in die najaag van begeerte om mag nie.

Geen mens sal aan die roer van enige regeringsamp wees nie. Almal in die regeringsdiens sal geestlelike wesens in die Koninkryk van God—die Godfamilie—wees.

Alle amptenare sal aangestel word deur die heilige Christus, wat mense harte ken en lees, hul innerlike karakter en hul vermoëns of gebrek daarvan ken. In Jesaja 11:2-5 is daar ʻn beskrywing van Christus se bonatuurlike insig in die karakter van ander. Neem kennis hiervan: "en op Hom sal die Gees van die HERE rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van die HERE . En Hy het ʻn welgevalle aan die vrees van die HERE ; en Hy sal nie regspreek na wat sy oë sien nie, en nie oordeel na wat sy ore hoor nie; maar aan die armes sal Hy in geregtigheid reg doen en die sagmoediges van die land met billikheid oordeel…" (Jesaja 2:4).

Onthou dat God die Allerhoogste Een is, wat liefde is—wat gee—wat regeer met ʻn diepe besorgdheid vir die hoogste goed vir diegene wie regeer word. Diegene wat die bevoegste is, die regverdigste is, die mees gepaste vir die posisie is, sal in al die poste van verantwoordelikheid en mag geplaas word.

Daar sal twee soorte van wesens op die aarde wees—sterflinge, wat deur verheerlikte wesens regeer word.

Lukas 19:17-19 verklaar dat sommige verheerlikte heiliges oor tien stede en sommige oor vyf stede sal regeer.

Dink daaroor—geen geld wat op politieke veldtogte gemors word nie. Geen tweespalt in politieke partye met gepaardgaade rusies en wrewel nie. Geen politiese parytjies nie!

## *WAT IS DIE NUWE VERBOND?*

Kortliks, wat ons onder die nuwe verbond op hierdie aarde na Christus se wederkoms sal sien, is blydskap, vrede, oorvloed en geregtigheid. Al ooit gelees wat alles onder hierdie Nuwe Verbond sal geld? Miskien gedink dat God se wet weggedoen sal word? Net die teenoorgestelde sal plaasvind. "Want dit is die verbond [wat Christus kom om te vestig, sal u in Hebreërs 8:10) lees]…Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe…"

Die menslike gees sal bedwing word wanneer God se wette in ons harte is—wanneer ons sy weë lief het en dit ons

hartsbegeerte is om daarvolgens te lewe—dan sal mense ooreenkomstig die weg van vrede, blydskap, oorvloed en blyheid sonder weerga wil lewe!

Onthou egter, dat die mense wat op die aarde sal wees na die wederkoms, nog steeds onbekeerd met hul menslike natuur sal wees, alhoewel hulle dan deur Christus en diegene wat uit die dood opgewek of hulle wat onsterflik geword het, regeer sal word.

## *TWEE MANIERE VAN OPTREDE*

Maar Christus en die regerende Koninkryk van God (Godfamilie), sal utopia deur middel van twee basiese maniere tot stand bring.

Alle misdaad en georganiseerde opstand sal met mag—bonatuurlike mag, onderdruk word.

Christus sal dan sy hand aan die ploeg slaan om die wêreld op te opvoed, te red en geestelik te bekeer.

Let eerstens op hoe die sosiale en christelike gewoontes deur goddelike krag verander sal word.

God het sewe jaarlikse feeste en Heilige Dae ingestel en gelas dat dit gedenk moet word. Hulle bevat besonder belangrike betekenis. Hulle beeld God se meesterplan vir die mensdom uit. Hulle is vir ewig vasgestel. Jesus het hulle gedenk en vir ons die voorbeeld gestel. Die Apostels het hulle gedenk (Handelinge 18:21; 20:6, 16: 1 Korinthiërs 5:8: 16:8). Die ware oorspronklike Kerk—insluitende bekeerde heidene—het hierdie dae onderhou.

Dit was God se weë – God se gebruike vir sy mense. Maar die mense het God se gebruike en weë verwerp en het hulle in die plek daarvan, hulle na die gebruike en maniere van die heidense gelowe gewend. Mens het gedoen wat reg in hul eie oë was en aangesien die menslike natuur vyandiggesind teenoor God is (Romeine 8:7) het die gesindheid van vyandigheid teen die weë van God geseëvier. Hierdie weë wat vir die mens reg voorgekom het was in alle opsigte teenstrydig met die weë wat vrede, blydskap en voorspoed tot gevolg het. Hierdie einste verkeerde gebruike word vandag nog as heeltemal reg deur die meeste mense beskou! Ons besef dat dit voorkom asof dat dit reg is—nie verkeerd is nie—vir die meeste mense wat hierdie woorde lees.

Kan ons egter besef, "Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood"? (Spreuke 14:12) En sou u na Spreuke 16:25 blaai, sal u sien dat dieselfde woorde weer herhaal word: Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."

Deur Moses het God die volgende gesê, "Julle moet nie doen net soos ons vandag hier doen nie—elkeen net maar wat reg is in sy eie oë" (Deuteronómium 12:8). En weer: "neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word … nie [deur heidense gebruike te volg], en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien?—dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie; want alles wat vir die HERE 'n gruwel is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen …" ( Deuteronómium 12:30-31).

Tans word God se heilige dae—heilig vir hom, deur 'n misleide "Christendom" gehaat. Hulle onderhou eerder heidense dae—Kersfees, Nuwejaar, Paasfees en andere—"wat God haat"! Baie weet en erken dat hierdie dae heidens is—maar hulle argumenteer dat "hulle vir Christus en God aanbid deur die gebruik van hierdie heidense gewoontes en nie as sulks heidense gode aanbid nie."

Dit is natuurlik die weg wat vir mense "reg blyk" te wees. Hul bedoelings mag nie verkeerd wees nie. Hulle is mislei. 'n Misleide mens weet nie dat hy verkeerd is nie. Hy dink hy is reg. Hy kan so opreg soos diegene wat God se weë gevind en dit volg, wees. Maar God sê dat hy nie diesulke eerbiedigheid of aanbidding sal aanvaar nie. Dit is vir Hom 'n gruwel—"wat hy haat."

Dit is die oë van hulle wat mislei is, wat deur God vir sy waarheid met die wederkoms van Christus oopgemaak sal word om al die nasie(s) en sterflinge wat lewendig oorbly te regeer.

## *ALMAL SAL GOD SE FEESTE EERBIEDIG*

Mense sal nie meer blind en mislei wees ten opsigte van God se gebooie en weë nie. Dan sal Hy gehoorsaamheid aan sy lewenswyse afdwing.

Blaai na die 14e hoofstuk van Sagaría:

"En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het [dit is, die wat nie in die krygsmagte was en

bonatuurlik vernietig was nie], sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier" (vers 16).

Die huttefees is een van sewe jaarlikse Feeste wat God aan sy mense beveel het om te na te kom. Maar Israel het daarteen gerebelleer. Hulle het God se Feeste verwerp en na heidense feeste gedraai. Na Esra en Nehemia het die Joodse mense die feeste eerbiedig. Valse "Christelike" leiers het geleer dat God se Feeste "deel is van die ou Mosaïese stelsel—nie op ons vandag van toepassing nie." Die geestelikes het mense mislei en hulle bevooroordeeld gemaak. Hulle is mislei om te glo dat Kersfees, Nuwejaar, Paasfees, ens., dae was wat deur Christus geheilig was.

Maar Christus keer terug aarde toe om die weê van God te hervestig—insluitende God se Feeste. Die opstandiges wat tans nie God se Heilige dae wil onderhou nie—wat dit met vernietigende veragting beskou—sal hulle na die wederkoms onderhou. Let op wat die Skrif sê:

"En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie" (Sagaría 14:17-19).

Hierdie gedeeltes dui op die wyse waarop Christus met 'n ysterhand sal regeer—hoe Hy bonatuurlike mag sal gebruik om mense van al die nasies na sy regte weg te bring—weê wat seën tot gevolg het.

## *DIE VOLMAAKTE REGERING*

Ja, Jesus Christus gaan binnekort na hierdie aarde terugkeer. Hy kom met mag en in glorie. Hy kom om alle nasies te *regeer!*

Hy gaan egter nie alleen regeer en toesig hou nie. Daar Hy kom om 'n wêreld regering te vestig. Dit sal hoogs georganiseerd wees. Daar sal baie ampe van outoriteit wees.

Dit is nodig om hier te verpoos om die meganisme van hierdie volmaakte vorm van regering te verduidelik.

Eerstens is dit God se regering—nie mense s'n nie. Die mensdom sal nie nou wil erken dat hy vir 6000 jaar deur onvermoë, brouery, vermorsende pogings van selfregering aangedui het, dat hy as 'n sterflike mens absoluut nie in staat is tot selfregering nie.

God sê die volgende van mense in amptelike posisies in soverre hulle kwalifiseer om te regeer en om die toepassing daarvan te behartig: "Daar is niemand wat aanklaag in geregtigheid en niemand wat 'n regstryd voer in waarheid nie; hulle vertrou op nietigheid en spreek valsheid, met moeite gaan hulle swanger en baar onheil. Hulle voete hardloop om kwaad te doen en is haastig om onskuldige bloed te vergiet; hulle gedagtes is onheilsgedagtes, verwoesting en verbreking is in hulle paaie. Die weg van vrede ken hulle nie, en daar is geen reg in hulle spore nie; hulle maak hul paaie krom, niemand wat daarop loop, ken die vrede nie."

Dan sê die mense, wat onder hierdie menslik *onbekwame* regering is, "Daarom is die reg ver van ons en bereik die geregtigheid ons nie; ons wag op lig [oplossing van siviele, persoonlike, nasionale en internasionale probleme], maar kyk, daar is duisternis; op 'n helder skynsel, maar ons wandel in dikke donkerheid. Ons tas rond langs die muur soos blindes, en soos die wat geen oë het nie, tas ons rond; ons struikel op die middag soos in die skemeraand; ons is onder die gesondes soos dooie mense" (Jesaja 59:4, 7-10).

Dan in vers 20 van hierdie hoofstuk word oor ons tyd en die finale oplossing geprofeteer: "Maar vir Sion kom Hy as Verlosser …" En voorts: "Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op" (Jesaja 60:1).

Die enigste hoop op geregtigheid—vrede—of waarheid—of regte oplossings vir al hierdie wêreld se probleme—is die magtige en glorieryke wederkoms van Christus om wêreldregering te vestig. Die regte regering. Die regering van God!

Alhier en in baie ander verse in die Woord wys God aan die mensdom hoe absoluut hulpeloos die mens is om selfregering toe te pas. Nou na 6000 jaar van menslike ervaring is die mens op die rand van wêreld selfmoord.

Met ander woorde, die eerste 6000 jaar van God se 7000 jaar plan is ingedeel om Satan die geleentheid te gee om te arbei aan sy

werk van wêreldmisleiding. Daarna volg 'n 1000 jaar ('n milleniale dag) waarin Satan nie toegelaat sal word om enige verdere "werk" wat misleiding meebring, uit te voer nie. Anders gestel, God het ses milleniale dae toe gelaat vir die mens om sy geestlike sondige werk na hartelus uit te voer, gevolg deur 'n millenium van geestelike rus, wat deur sy regering afgedwing word.

## *REGERING IS VAN DIE BEGIN BEPLAN*

En nou volg 'n wonderlike waarheid.

Nou kom ons by 'n geopenbaarde oorsig van die wonderlike beplanning, voorbereiding en die organiseering van God se volmaakte regering.

Daar sal geen onbevoegde en selfsugtige ambisieuse politisie wees wat sal poog om die hefboom van regeringsmag op 'n slinkse politieke wêreldse wyse te bekom nie. Tans word mense gevra om persone in amptelike posisies in te stem van wie hulle min weet—mense wie se kwalifikasies grootliks verdraai word. Elke amptenaar wat in 'n amtelike hoedanigheid in die komende regering van God aangestel word, sal beproef, getoets, opgelei, ervare en gekwalifiseerd ooreenkomstig God se kwalifikasies wees. Die doel en noodsaaklikheid van God se Kerk word deur hierdie feit geillustreer. Die Kerk se funksie is nie net om "uitverkorenes" te bekeer nie—nie net om diegene wat spesiaal vanuit die wêreld uitverkies tot saligheid te bring nie, maar is ter voorbereiding en afrigting vir die leiersposisies in die koninkryk wanneer die saligheid vir almal wat lewe oopgestel word.

God het vooruit beplan, maar nie net vir sy regering hier op aarde nie. In dier voege het God vir Adam gesê : "Gaan beplan jou menslike regerings, skep in jou verbeelding jou eie gode en gelowe: ontwikkel jou eie kennis en opvoedkundige strukture, beplan jou eie sosiale stelsels (m.a.w. organiseer jou eie beskawing)."

Nieteenstaande die mens se vonnis om vir 6000 jaar van God afgesny te wees, het God die prerogatief om diesulkes wie hy vir spesiale diens en kontak met hom vir sy doel sou kies en roep, gereserveer. Gedurende hierdie tyd van die mens, het God vir sy eie duisendjarige ryk—in alle die fasette daarvan—regering, opvoedkunde, geestelik—sy hele beskawing, voorberei.

Dit het alles met Abraham begin.

In sy dag was daar net een man op die aarde, wat tegelykertyd 'n man met 'n sterk karakter, terselfdertyd nederig, ten volle deemoedig en aan God gehoorsaam—aan God se wette, sy aanwysings en beheer. Daardie man was Abraham.

Met Abraham het God begin om persone vir die top poste van outoritet in sy komende wêreld te bekwaam. Op daardie tydstip het Abraham in die mees "gevorderde" beskawing gelewe—die mees ontwikkelde en na wat mense gedink het, die mees gewenste gebied.

God het aan Abraham (toe Abram genoem) gesê, "Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis, na die land wat Ek jou sal wys" (Génesis 21:1).

Daar was geen argument nie. Abraham het nie gevra, "Maar hoekom moet ek al die genot van hierdie beskawing agterlaat—my familie en my vriende?" Abraham het nie met God gestry of versuim nie.

Daar is eenvoudig geskryf, "Toe het Abram weggetrek…" (vers 4).

Abraham was ernstig getoets. Maar nadat hy oorlede is, het God gesê: "Abraham [het] na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette [van regering] onderhou" (Genesis 26:5).

Abraham was opgelei vir 'n baie hoë posisie in die regering van God, wat binnekort die wêreld sal regeer. Hy het in God se regering geglo, hy was gehoorsaam en lojaal teenoor die regering van God—die verordeninge en wette daarvan.

Aan Abraham was die beloftes gemaak waarop alle mense se saligheid deur Christus gegrond is, gemaak. Hy word die vader (menslik) van gelowiges genoem (Galásiërs 3:7). Paulus het aan die heidene in Galásiërs as volg geskrywe: "En as julle aan Christus behoort, dan is julle [heidene] die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename" (Galásiërs 3:29). In die 16de vers het hy gesê: "Nou is aan Abraham die beloftes toegesê en aan sy saad [afstammeling—Christus] …"

Met Abraham was God besig om vir sy Koninkryk voor te berei—om mense met besondere vaardighede vir hoë range in sy beskawing te bekwaam. Nadat sy gehoorsaamheid bewys is, was Abraham deur God geseën in sy arbeid en toegelaat om vermoënd

te word. Hy is deur God toegelaat om ervaring op te doen in die wyse waarop bates hanteer word en die bestuur van 'n groot mag.

Isak was deur die Godvresende, God-gehoorsame Abraham grootgemaak in onderdanig aan God se regering. Saam met sy vader, Abraham, het hy ook erfgenaam geword. Hy was ook opgelei in dienswilligheid en om ander te lei en te regeer.

Jakob wat met hierdie ryke oorerflikheid gebore was is ook opgevoed om dieselfde patroon wat Abraham en Isak geleer het, na te volg. Jakob het ook 'n welgestelde man geword, selfs nadat sy skoonvader hom bedrieg en gepoog het om hom onder te hou. Hy was menslik—soos Abraham en Isak en alle mense. Hy het foute gemaak. Maar hy het oorwin. Hy het berou gehad. Hy het met God geseëvier. Hy het nooit opgegee nie! Hy het die kwaliteite van karakter van leierskap ontwikkel. Hy het die vader van die twaalf nasies wat in die komende wêreld van môre die vernaamste sal wees, geword.

## *'N REGERINGSORGANISASIE MODEL*

God het nie woordeliks vir ons presies vertel hoe sy komende bomenslike regering georganiseer gaan word nie. Tog het Hy aan ons die algemene model gegee. Ons is spesifiek meegedeel waar 14 hoë bestuursleiers, insluitende Christus, inpas. Vandaar kan ons die res van die regeringstruktuur aflei. Baie van die komende regering se struktuur word minstens sterk aangedui deur dit wat duidelik openbaar is.

Ons weet dat dit 'n regering van God gaan wees. God Almagtig—Vader van Jesus Christus—is Oppertse Wetgewer en Hoof oor Christus en alles wat is. Ons weet dat Jesus Christus Koning van konings en Here van die here gaan wees—oor beide die staat en die kerk wat deur hom verenig is.

Ons weet dat Koning Dawid van Ou Testamentiese Israel, koning sal wees van die twaalf groot nasies wat letterlik uit die afstammelinge van die twaalf stamme van Israel sal bestaan. Ons weet dat elkeen van die twaalf apostels koning sal wees en op 'n troon sit en oor een van daardie groot nasies wat van die stamme van Israel afstam, regeer.

Ons weet ook dat dit 'n regering van bo na onder sal wees. Daar sal 'n besliste rangorde van outoriteit wees. Niemand

sal deur mense verkies word nie. Die mensdom het bewys dat hulle nie weet hoe om te oordeel oor vaardighede nie en ook nie die innerlike gesindhede van die hart, die doelstellings en bevoegdhede van mense kan bepaal nie. Almal sal deur die goddelikheid aangestel word. Diegene wat in amptelike hoedanigheid aangestel word sal opgestane heiliges, uit God gebore wees—nie langer mense van vlees en bloed nie.

Met dit gedagte—met die kennis dat Abraham die vader van almal wat aan Christus behoort en erfgename van die saligheid is—word dit duidelik dat Abraham in selfs 'n hoër amp in God se Koninkryk as Dawid sal wees—en dat hy oor beide Israelite en die heidene sal wees. Hy is "vader" van beide heiden bekeerdes en Israelite.

Die Bybel herhaal dikwels die frase "Abraham, Isak en Jakob," saam gegroepeer as 'n span en word hulle saam "die vaders" genoem. Want die beloftes is ook aan Isak en Jakob (wie se naam na Israel verander is), herbemaak.

Wat hier duidelik aangedui word is dat Abraham, Isak en Jakob as 'n topgehalte span sal funksioneer met Abraham as die voorsitter, net onder Christus, in God se komende wêreldregering.

Jesus het bevestig dat Abraham, Isak en Jakob in daardie salige en glorieryke koninkryk sal wees (Lukas 13:28).

Josef kwalifiseer ook in 'n spesiale manier maar meer oor hom later.

## *BEIDE KERK EN STAAT*

Nog 'n verdere beginsel word in God se Woord uiteengesit: Kerk en Staat sal onder Christus verenig wees. Daar sal net een regering oor alle nasies wees. Daar sal een Kerk—een God—een geloof—een onderwyssisteem—een sosiale orde wees. Hulle sal almal soos God se oorspronklike patroon in Israel, verenig wees.

Drie mense—Petrus, Jakobus en Johannes, van die twaalf apostels—was bevoorreg om die Koninkryk van God in 'n visioen te sien (Matthéüs 17:9). In hierdie visioen was Jesus, wat saam met hulle in lewende lywe was, verheerlik—en as die verheerlikte Christus voorgekom. Sy gesig het helder soos die son geskyn, sy klere het soos lig verhelder. Twee ander het

saam met hom in hierdie visioen van die koninkryk verskyn—hulle was Moses en Elía. Hierdie twee, in hierdie visioen, het die Kerk en Staat onder Christus, soos wat hulle in die koninkryk sal wees, verteenwoordig. Beide Moses en Elía, het gedurende hul lewe vir baie hoë posisies in die Koninkryk van God gekwalifiseer. Moses was die een deur wie Christus (ja, hy is die God van die Ou Testament soos talle skrifgedeeltes bewys) die wette en die verordeninge van regering vir die nasie van Israel gegee het. Moses was soos 'n seun van Farao (koning van Egipte) grootgemaak en het sy opleiding onder heidene sowel as die kinders van Israel geskied.

Elía, bokant talle ander is in die Skrif voorgestel as die profeet wat aanbidding van die ware God—en gehoorsaamheid aan sy gebooie, herstel het. Toe Elía Koning Agab beveel het om met die "hele Israel" (1 Konings 18:19-21) en al die profete van Baäl en Asjéra op die berg Karmel bymekaar te kom, het hy gesê: "Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na!…" (vers 21). En na Elía se 18 sekonde gebed (verse 36-37) het vuur wonderbaarlik uit die hemel geval en sy offer verteer, en die mense het op hul aangesigte geval en uitgeroep, "Die Here hy is God; die Here hy is God" (vers 39).

Die visie van die Gedaantewisseling (Matthéüs 16:27 tot by 17:9) het aan die apostels Petrus, Jakobus en Johannes 'n voorskou van Christus se wederkoms na sy koninkryk—soos wat hy sal kom, gegee. Dit is dus 'n indikasie dat Moses en Elía die hoofde onder Christus van staat en nasionale regering (onder Moses) en kerk of godsdientstige aktiwitete (onder Elía) sal wees.

Hierdie twee mans, sal soos die "vaders" Abraham, Isak en Israel onsterflike opgewektes met mag en glorie wees. Sekerlik word 'n aanduiding hier te kenne gegee dat onder Christus as Koning van konings en onder sy topspan—die "vaders"—sal Moses oor die georganiseerde nasionale en internasionale regering wees; en Elía oor alle godsdienstige en onderwys aktiwiteite.

Die evangelie en godsdienstige ontwikkeling is slegs geestelike opvoedling. Dit is veelseggend dat Elía die organiseerder en in beheer van drie skole of kolleges (in Bet-el, Jerigo en Gilgal; 2 Konings 2:3, 5: 4:38) was, waar onderwysing

in God se waarheid te midde van 'n wêreld deurdring met valse heidense opvoeding, plaasgevind het.

## *OP NASIONALE VLAK*

Nou verkry ons 'n diepere insig in die organisasie van God se komende wêreldregering.

Bloot op nasionale vlak sal die afstammelinge van die twee stamme Efraim en Manasse (spruite van Josef) die twee leidende nasies van die wêreld word (Jeremia 30;16-18; 31:4-11, 18-20; Jesaja 14:1-2; Deuteronómium 28:13).

Naas hulle sal die nasies, afstammelinge van die ander stamme wees. En, na hulle, die heidense nasies, steeds voorspoedig en vol oorvloedige seëninge.

Die opgestane, onsterflike Koning Dawid sal, in mag en glorie, net onder Moses koning van die twaalf stamme van Israel wees (Jeremia 30:9; Ezégiël 34:23-24; 37:24-25). Elk van die oorspronklike twaalf apostels sal onder Dawid, koning oor een van hierdie super-welvarende nasies wees (Matthéüs 19:28).

Onder die apostels, elkeen 'n koning oor een van hierdie groot nasies, sal regeerders van distrikte, state, graafskappe, provinsies en stede wees.

In elke geval sal hierdie konings en regeerders, opgestane onsterflikes wees—wat in die koninkryk van God (familie) in weergebore is, as geestelike wesens—nie vlees- en-bloed sterflinge nie. In elke geval sal hulle diegene wees wat nie net deur bekering gekwalifiseer het nie, maar ook oorwin het, geestelike karakter ontwikkel het, gegroei het in die kennis van Christus—deur God se wet en regering opgelei en regeer word en ook bekwaamheid om te onderrig, aangeleer het.

Die gelykenisse van die ponde (Lukas 19:11-27) en die talente (Matthéüs 25:14-30) maak dit baie duidelik. Die een wie se geestelike vermoëns met tien vermeerder het, sal oor tien stede regeer. Die een wat net die helfte van God se karakter en vermoëns ontwikkel het, word bemagtig om oor vyf stede te regeer. Die gelykenis van die talente kom op dieselfde neer, behalwe dat ons ook geoordeel word oor hoe goed ons doen met dit wat ons tot ons beskikking *het*. Dit wil sê dat die een wat oor mindere vermoë beskik volgens motivering, toepassing,

ywer en volharding ooreenkomstig sy begaafdheid geoordeel sal word. Aan die wie baie—natuurlike vermoëns en geestelike begaafdhede—geërf en gegee is, sal baie van verwag word. Die een met 'n mindere begaafdheid het net so 'n goeie kans op beloning in God se koninkryk as die een met meerdere begaafdhede—indien hy sy beste doen.

Maar nou wat van die baie heidense nasies? Aan wie sal die top posisies om oor hulle te regeer, gegee word?

Daar is 'n sterk aanduiding—nie 'n besliste verklaring nie—net 'n aanduiding, volgens beginsels en spesifieke take wat openbaar is, dat die profeet Daniël regstreeks onder Moses koning oor hulle almal gemaak sal word. Watter profeet—watter man van God—het God gestuur om op die hoogste vlak van regeringsoutoriteit, in die wêreld se heel eerste wêreldryk opgelei te word? Watter man het geweier om heidense maniere en gewoontes te volg terwyl hy tweede naas die koning in beheer was? Watter man het sy lojaliteit, aanbidding en gehoorsaamheid van sy wette—terwyl hy op een na, die boonste vlak in hierdie eerste wêreldryk beklee het, teenoor God bewys?

Daniël, natuurlik.

Met die eerste oogopslag sou mens miskien veronderstel dat Paulus deur Christus as die hoof van al die heidense nasies aangestel sou word—onder Homself en Moses. Paulus het inderdaad gekwalifiseer om oor die heidene 'n hoë posisie te beklee.

Daniël egter was feitlik daagliks in kontak met die koning in die eerste wêreldryk. En alhoewel dit 'n regering van mense was, het Daniël bewys dat hy absoluut getrou en gehoorsaam aan God en aan God se beheer was. Hy was gebruik om aan Koning Nebukadnéser en sy onmiddellike opvolgers te openbaar dat dit God is wat oor alle koninkryke regeer. Daniël het die koning se ryk en keurige kosse geweier—insluitende wat nadelig vir die gesondheid ooreenkomstig God se gesondheidswette was. Hy het drie keer per dag gebid, selfs al het dit beteken dat hy in die leeukuil gegooi sou word. Hy het God vertou om hom te beskerm en die leeus te weerhou. Hy het kennis en wysheid in die sake en die administrasie van die regering oor nasies opgedoen.

Daniël was een van die drie mees regverdigste mense wat ooit geleef het, het God deur die profeet Eségiël gesê, die ander twee was Noag en Job (Eségiël 14:14, 20). Dit is ook duidelik dat God

vir Noag en Job in posisies van groot belangrikheid gaan plaas. Later meer daaroor.

In die Woord het God vir Daniël verseker dat hy in die koninkryk van God sou wees (Daniël 12:13).

Terloops, dit is ʻn interessante moontlikheid dat Daniël se drie kollegas in diens van die Chaldeërs—Sadrag, Mesag en Abednego—as ʻn span saam en onder Daniël diens kan doen, soos die "vaders" moontlik as ʻn span saam en onder Christus kan dien. Feit is egter dat daar etlike spanne van dié aard is wat moontlikhede inhou.

Maar wat van Paulus? Soos wat die twaalf oorspronklike apostels na die verlore huis van Israel gestuur was, was Paulus die apostel vir die heidene. Dit is die sleutel. Christus het persoonlik gesê dat elkeen van die twaalf 'n koning oor een van die nasies van Israel sal wees. Dit is ondenkbaar dat Paulus nie oor meer as net een heidense nasies sal regeer nie. Dit mag selfs afgelei word dat Paulus ʻn effe hoër graad van bekwaamheid en begaafdheid as enige van die ander apostels gehad het. Aan die anderkant weer sal geen heidense nasie so vernaam wees soos een van die Israelitiese nasies nie.

Dit wil dan voorkom asof die aanduiding is dat Paulus as hoof oor al die heidense nasies, net onder Daniël, aangestel sal word.

Natuurlik sal daar deur Christus konings oor al die heidense nasies aangestel word. Onder hulle dan diegene wat oor distrikte en oor stede beheer sal uitoefen. Daar is egter nie enige aanduiding wie hulle sal wees nie, behalwe dat daardie apostels en evangeliste wat saam en direk onder Paulus was—Barnabas, Silas, Timótheüs, Titus, Lukas, Markus, Filémon ens.—wat ongetwyfeld ampte van belang sal beklee. Wat dan van die ander heiliges van dieselfde tyd gedurende die eerste bloeitydperk van die Kerk, toe bekeerde lidmate eers vermenigvuldig het? Wat van die baie bekeerdes sederdien tot vandag toe?

Ons kan alleenlik hier, dit wat reeds duidelik deur God aangedui was, noem.

## *DIE INTERNASIONALE VLAK*

Behalwe die toewysings van regering oor ander nasies en groepe nasies op nasionale vlak, wat reeds geopenbaar en

aangedui was, sal daar ook posisies van groot belangrikheid op die internasionale vlak op die gebied van die wetenskap en sosiale funksies wees. Daar is enkele aanduidings oor wat hierdie ondernemings sal behels en wie die moontlike—en waarskynlikste personeel–sal wees.

Kom ons bekyk Noag, aangesien hy eerste gelewe het. Die hoofoorsaak van geweld en chaos in die wêreld in sy dae was rassehaat, veelrassige huwelike en rassegeweld wat deur die mens se pogings om integrasie en die samesmelting van die rasse, wat teenstrydig met God se wette is, te bewerkstellig. Die grenslyn vir die nasies was reeds in die begin deur God daargestel (Deuteronómium 32:8-9; Handelinge 17:26). Mense het geweier om in die lande wat God aan hulle toegewys het te bly. Dit was dan ook die oorsaak van die korruptheid en geweld wat daardie wêreld ten gronde laat gaan het. Vir ‘n 100 jaar het Noag God se weë tot die mense gepreek—maar hulle wou nie gehoor gee nie.

In daardie tyd, het die wêreld net soos vandag, ‘n aanwassingsontploffing in die gesig gestaar. Dit was die tyd “toe die mense op die aarde begin vermeerder …” (Genesis 6:1). Jesus het van ons tyd, nou, gesê: “En net soos die dae van Noag was, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees” (Matthéüs 24:37)—of, soos in Lukas 17:26 “En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens.” Dit wil sê, in die dae voor Christus se wederkoms. Rasse-oorloë, rassehaat, rusverstoring en rasseprobleme is aan die orde van die dag en is van die wêreld se grootste sosiale probleme.

Gedurende sy lewe het Noag net vir die mense gepreek. Noag sal, as ‘n onsterflike met krag en glorie in die opstanding, die mag gegee word om God se weë ten opsigte van ras, toe te pas.

Dit wil voorkom asof die opgestane Noag aan die hoof sal staan van ‘n grootse projek om al die nasies en die onderskeie rasse, vir hulle eie beswil, geluk en ryke seëninge, binne die grense wat deur God daargestel is, te hervestig. Dit sal ‘n enorme taak wees. Dit sal ontsaglike en uitgebreide organisasie, versterk met mag om nasies en rasse in geheel te hervestig, verg. Hierdie keer sal mense en nasies na die plekke trek waar God dit vir hulle beplan het en geen weerstand sal geduld word nie.

Wat 'n skynbare teenstrydigheid is dit nie. Mense gaan verplig word om gelukkig te wees, om vrede te hê en om oorvloedige en gelukkige lewes te lei.

Ons het reeds genoem dat ons later na Josef, Israel se seun en Abraham se agterkleinkind sal terugkom.

Josef het voedsel administrateur vir een van die grootste nasies van daardie tyd—Egipte, geword. Hy was sinoniem met "voorspoed." "En die HERE was met Josef, sodat hy 'n voorspoedige man was; en … dat die HERE alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak" (Genesis 39:2-3). Hy was as die werklike regeerder deur Farao van die grootste nasie aangestel. Maar sy spesialiteit was egter die ekonomie—voorspoed. Hy het God se weë in alles wat hy gedoen het, gevolg.

Dit wil dus voorkom, dat Josef as direkteur van die wêreldekonomie aangestel sal word—die landbou, industrieë, tegnologie en handel—sowel as die finansiële en monetêre stelsels wat op internasionale vlak sal geld. Dit sal dieselfde in elke nasie wees.

Ongetwyfeld sal Josef 'n groot, perfekte en doelmatige organisasie van volmaakte en onsterflike wesens saam en onder hom in hierdie tamaai organisasie hê. Tewens, hierdie organisasie sal sorg dat hongersnood, gebrek en volslae armoede uitgeskakel word. Daar geen krotbuurtes wees nie. Daar sal algemene welvaart wees!

Wêreldwyd, op internasionale vlak, sal nog 'n ontsaglike projek geloods word om vervalle gebiede te herbou en die konstruksie van werklik groot geboue en strukture wat Christus sal benodig vir die wêreld wat hy sal skep, te behartig. "En hulle sal die ou puinhope bou, die verwoeste plekke uit vroeër dae weer oprig en die verwoeste stede weer nuut maak wat woes was van geslag tot geslag" (Jesaja 61:4).

In die ooste was Job die rykste en vernaamste man (Job 1:3) asook 'n baie bekende bouer. (Vergelyk Job 3:13-14 met God se uitdaging in Job 38:4-6). Job was so opreg en volmaak dat God selfs vir Satan uitgedaag het om 'n gebrek in Job se karakter te vind. Eintlik was daar egter 'n verskriklike sonde in sy lewe—eiegeregtigheid. Maar God het hom tot berou gebring (sien hoofstukke 38-42 van Job). Toe hierdie man wat soveel selfbeheersing en geregtigheid in eie krag gehad het, tot bekering

gekom het en in volle afhanklikheid van God en met God se gees vervul is—was daar sekerlik nie nog 'n man wat ooit geleef het wat sy gelyke as ingenieur oor groot ontsaglike en verbasende wêreld projekte was nie.

'n Sterk aanduiding is dat Job, direkteur sal wees van stadshernuwing wêreldwyd. Die herbouing van verwaarloosde plekke en die stede wat in puinhope gelê is, nie soos hulle nou is nie, maar ooreenkomstig God se model. Massiewe ingenieursprojekte soos damme en kraginstallasies, of soos wat die heersende Christus ookal mag besluit.

Dit wil voorkom asof Serubbábel aangedui word as 'n ander top assistent in hierdie massiewe administrasie (Haggai en Sagaría 4).

Dit is nou al van hierdie nuwe wêreld se superbeskawing op nasionale en internasionale vlak.

Nou kom ons by die wêreld van môre op individuele vlak—die Kerk—die godsdiens—die opvoedkundige sisteem.

## *MÔRE SE OPVOEDKUNDE EN GODSDIENS*

Met sy wederkoms in mag en glorie, kom Christus hierdie keer om die wêreld geestelik te red.

Wanneer hy in Jerusalem, op sy glorieryke troon sit, sal die lewende mense van alle nasies voor hom staan. Hy sal die "skape van die bokke begin skei." Vir die skape aan sy regterhand, "Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af " (Matthéüs 25:34).

Die bekeerdes, nou, is erfgename. Ons sal met Christus se wederkoms die koninkryk beërwe. Die wat in Christus dood is sal eerste opstaan—as onsterflike geestelike wesens. Die van ons wat dan nog in Christus lewe, sal onmiddellik na Geestelike onsterflikheid verander word en saam met die wat uit die dode opgestaan het, die neerdalende Christus in die lug ontmoet.

Ons sal dan met onsterflikheid van die aardmens geskei wees.

Waar Christus ookal sal wees, van daar, sal ons verewig saam met hom wees. Maar waar sal hy dan wees? Sy voete sal, volgens Sagaría 14:4, in dieselfde dag op die Olyfberg staan.

Dit is na hierdie gebeurtenis dat die skape (hulle wat berou het, glo en sy Heilige Gees ontvang) van die bokke (wat steeds in opstand is) geskei word. Hierdie skeiding—die onderwysing van bekeerdes vir die Koninkryk van God—sal deur die duisendjarige ryk van Christus se regering op aarde voortduur.

Christus sal aan al die nasies op aarde ‘n nuwe en rein taal gee: “Want dan sal ek aan die volke rein lippe toebring, sodat hulle almal die Naam van die Here sal aanroep en hom met eenparige skouers dien” (Sefánja 3:9).

Die reine waarheid van God sal aan alle mense verkondig word. Niemand sal meer bedrieg word nie. “Want die aarde sal vol wees van die kennis van die Here soos die waters die seebodem bedek” (Jesaja 11:9). Christus is die “wortel van Isai,” vader van Dawid. En na Christus sal die nasies vra (Jesaja 11:10). Christus sal sy hand uitstrek om die oorblyfsel van sy volk, Israel los te koop (vers 11). (Sien ook Romeine 11: 25-26).

Maar al hierdie werk van wêreldevangelisasie—om die wêreld (in sy geheel, nie elke individu nie maar sekerlik die volstrekte meerderheid)—geestelik te red, sal tegelykertyd heropvoeding verg.

Een van die werklike groot probleme wat die teruggekeerde glorieryke Christus in die gesig staar, sal die heropvoeding van die sogenaamde geleerdes wees. Hierdie mense met hierdie breinkrag—en hulle is werklik die wêreld se keurigste en slimstes—het so ontaard met valse onderwyskunde dat dit nie moontlik vir hulle sal wees om die waarheid te aanvaar nie, alvorens hulle nie hul dwaling *ont*leer het nie. Daarby is dit minstens tien maal moeiliker om ‘n dwaling wat stewig in die verstand ingewortel is te ontleer, as wat dit is om ‘n nuwe waarheid van die begin af, aan te leer.

Dit mag moontlik vir hulle langer vat om tot die waarheid te kom—om werklik opgevoed te word—as wat dit vir die wêreld se ongeletterdes sal neem.

Die geinspireerde Woord van God, die Heilige Bybel, is die grondslag van kennis. Maar hulle is opgelei om hierdie ware grondslag van kennis, minagtend en in veragting te hou.

Ja inderdaad, die opvoeding en heropvoeding van die wêreld sal een van die mees belangrikste take wees, wat die Koninkryk van God na Christus se wederkoms, mee sal handel. Vals- en

bedrieglike waardes word tans deur die mensdom nagestreef. Hul algehele denkwyse sal 'n totale heroriëntasie—in 'n ander rigting in—verg.

## *'N HOOFKWARTIER KERK*

Ons het gelees, dat na hierdie duisendjarige periode begin, die wêreld so vol van die kennis van God sal wees soos die waters die seebodem bedek (Jesaja 11:9). Hoe sal dit teweeg gebring word?

Die profeet Miga voorsien 'n gedeelte van die antwoord: "En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom" (Miga 4:1).

In profesieë word die woord "berg" as 'n simbool van 'n vername volk voorgehou en "heuwels" as 'n simbool van kleiner nasies. Met ander woorde, die koninkryk van God, die koninkryk van opgewekte onsterflikes—die regerende koninkryk—sal in absolute outoriteit oor die groot nasies (sterflinge) vasgestel en verhewe oor die kleinere nasies wees — en die mense sal na God se Koninkryk toe vloei. Vervolgens:

"En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion [die Kerk], sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy [Christus] sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie" (verse 2-3).

Hierdie kennis—hierdie onderwysing—hierdie kennis van die Wet van God—sal vanuit die Kerk—en vanuit Jerusalem, die wêreld se nuwe hoofstad, voortgebring word.

Christus sal vanaf Jerusalem regeer. Saam en onder die onmiddellike leiding van Elía, word daar aangedui, sal daardie onsterflikes wees wat deur Christus uitverkies was om die Kerk Hoofkwartier te vorm. Openbaring 3:12 dui aan dat diegene van die "era van Filadelfia" pilare in die Kerk Hoofkwartier sal wees.

Volgende, in hierdie allerbelangrike Hoofkwartier Kerkorganisasie, is die opgestane Johannes die Doper, wat saam

en regstreeks onder Elía gaan werk, wil dit voorkom. Hy het gekom in die "gees en die krag van Elía" (Lukas 1:17). Van hom het Jesus gesê, "Voorwaar Ek sê vir julle, onder die wat uit vroue gebore is, het daar nie een opgestaan wat groter is as Johannes die Doper nie…" (Matthéüs 11:11). Hy was die Elía wat voorspel was om te kom (Matthéüs 11:7-11).

Jesus het gesê dat geen ander man wat ooit geleef het, groter was as wat Johannes die Doper was nie. Maar selfs die kleinste in die koninkryk sal groter wees (Matthéüs 11:11). Dit is dus duidelik dat Johannes die Doper in 'n baie hoë amp geplaas sal word. Dit blyk logies dat hy saam of net onder Elía sal wees.

## *ELÍA SAL IN ONS DAG KOM*

Onthou, weereens, God se beginsel van tweeledigheid. Soos wat Jesus in Matthéüs gesê het, is die profesie van Maleági 3:1 van toepassing op Johannes die Doper as 'n tipe. Indien daar verder, vanaf vers 5 gelees word, blyk dit duidelik te word dat hierdie profesie praat van een wat die weg vir Jesus Christus se Wederkoms sou voorberei. Johannes die Doper was 'n stem wat in die fisiese woestyn van die Jordaan Rivier uitgeroep het, wat die weg vir Jesus Christus se Eerste Koms as 'n fisiese mens na sy fisiese Tempel in Jerusalem en na sy volk, Juda, voorberei het. Hy het die gevorderde goeie nuus, dat die koninkryk van God in die toekoms gevestig gaan word, aangekondig. Maar daar is ook 'n boodskapper van wie Elía 'n tipe is, wat die weg vir sy Wederkoms sou voorberei. 'n Stem wat in die wêreldwye geestelike wildernis van verwarring, die weg voorberei vir die geestelike, verheerlikte Koning van konings en Here van die here, om in sy opperste mag en glorie na sy tempel, die Kerk (Efésiërs 2:21) te kom en om die Koninkryk van God werklik te vestig.

Verder het Petrus, Jakobus en Johannes, die visioen van die verheerlikte Moses, Elía en Christus in die Koninkryk van God, soos in Matthéüs 17:1-8, beskryf word, gesien. Verder in vers 10, vra die dissipels vir Jesus, "Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elía eers moet kom?" Onthou dat Johannes die Doper reeds sy bediening voltooi het en in die gevangenis was, voordat Christus met sy bediening begin het. Toe die dissipels hierdie vraag

vra, was Johannes die Doper reeds gedood. Nietemin het Jesus geantwoord, alhoewel dit toekomstig was, "Dis waar, Elía kom eers en sal alles herstel" (vers 11).

Hierdie kon onmoontlik nie na Johannes die Doper verwys het nie. Johannes die Doper het niks herstel nie, hy het net 'n beroep tot mense gerig om tot bekering te kom ter voorbereiding op Jesus se Eerste Koms as mens.

In die eerste paar jaar van die Nuwe Testamentiese Kerk, was die ware evangelie van Jesus onderdruk en met 'n valse evangelie vervang—nie die evangelie van Christus (die Koninkryk van God) nie, maar die mens se valse evangelie van 'n Christus wat met sy Vader se gebooie weggedoen het.

Dit is ook so dat Maleági 4:5-6 aandui dat Elía heeltemal aan die einde van die Kerkeeu sou kom—gedurende 'n tyd, indien hierdie eindtyd boodskap nie sou verklaar word nie, die verheerlikte Christus sou kom en die aarde met die vloek van totale verwoesting tref. (Die woord banvloek is van die Hebrews oorvertaal, waarvan die betekenis *algehele verwoesting* is.)

## *OPVOEDKUNDE IN DIE WÊRELD VAN MÔRE*

Die Hoofkwartier Kerk sal sonder enige twyfel vanaf Christus se eie wêreld hoofstad, Jerusalem, die administrasie van die wêreld se nuwe opvoedingsisteem behartig.

Die aanduiding is ook, dat doelgerigte lering van geestelike waarheid—die ware evangelie en geestelike bekering van die wêreld—wêreldwyd deur Elía onder die oorhoofse en direkte toesig van Jesus Christus, vanaf hierdie Hoofkwartier Kerk uitgevoer sal word.

Die hoofdoel van Christus se wederkoms is om geestelike en goddelike karakter in die mensdom te ontwikkel en die wêreld te red. Die meerderheid godsdienstige mense, leraars en evangeliste (fundamentaliste), huldig die mening dat vandag, nou, die enigste dag van redding is. Hierdie mening word gebasseer op 2 Korinthiërs 6:2 wat 'n verkeerd vertaal is. Die gedeelte behoort as volg te lees, " 'n dag van heil" en nie "die" dag van heil nie. (Verwys Jesaja 49:8 in die KJV). Sou Christus die wêreld wou "gered" het, sou hy dit gedoen het. Dit is egter nog nie "gered" nie. God gebruik nie 'n babilon van verwarrende, onenigheid

onder christelike organisasies, wat verdeeld is en honderde verskillende teologiese leerstellings nahou, as sy instrumente nie.

Die egte werklike wêreldevangelisasie sal deur sy Hoofkwartier Kerk, bestaande uit opgestane onsterflikes, onder die direkte persoonlike toesig van Christus self, uitgevoer word.

Een ding wat nie by hierdie millenium Hoofkwartier Kerk sal wees nie, is 'n leerstellingkomitee van intelektuele "geleerdes" om te besluit oor die waarheid aldan nie van Christus se leerstellings.

Daar was nie so 'n leerstellingkomitee by die eerste eeu se Hoofkwartier Kerk, te Jerusalem nie. Lering het van Christus deur die apostels geskied—'n paar keer het Christus met die apostels deur profete gekommunikeer. Die Kerk van God ontvang, soos gedurende die eerste eeu, na 31 A.D., lering van die lewende Christus, deur 'n apostel.

'n Ander besondere organisatoriese funksie sal vanaf hierdie Hoofkwartier Kerk bestuur word—die bestuur van alle plaaslike gemeentes regoor die wêreld. Hierdie gemeentes sal bestaan uit diegene wat tot bekering kom—verwek deur God om sy Heilige Gees te ontvang terwyl hulle sterflinge is.

## *DUISENDJARIGE GROEI IN KENNIS, OORWINNING*

In die millenium sal Christene, net soos die bekeerde Christene nou in hierdie eeu, 'n lewe van oorwinning moet lei en geestelik groei en ontwikkel (2 Petrus 3:18). Gelukkig sal daar nie dan 'n Satan wees wat hulle sal moet oorwin nie. Hulle sal egter bose drifte, gewoontes en versoekings wat ingebore is, moet oorwin.

Met net een Kerk—een godsdiens—een geloof—sal talle gemeentes in elke stad en in landelike gebiede versprei wees. Distriksuperintendente sal in beheer oor gebiede wees, en daar sal pastore, ouderlinge, diakens en diakonesse in elke plaaslike gemeente wees.

Hiermee word 'n diepe insig verskaf oor hoe hierdie wêreld georganiseer sal word.

Dit dui ook aan hoe dat 'n bonatuurlike wêreldregering op hierdie aarde gevestig sal word.

Die Kerk se opregte doel nou is om vir God se opleidingskool of onderwysinrigting voorsiening te maak vir opleiding in geestelike kennis, opvoeding en opleiding in goddelike karakter, sodat al die poste by die begin van die wonderlike 1,000 jaar van Christus se regering hier op aarde, gevul kan word.

Aan die einde van hierdie duisendjarige ryk op aarde, sal die finale oordeel plaasvind.

In hierdie boek is genoem dat God, nadat Adam gesondig het, "die boom van die lewe," wat simbolies is van die gawe van sy Heilige Gees en die verkryging van die ewige lewe, van die mensdom afgesluit was, totdat Christus, die tweede Adam, vir Satan op die troon van die aarde sou ontsetel en oor al die nasies op die aarde sal regeer.

Intussen het ons gesien hoe die profete 'n onderbou van die Kerk van God was. Die apostel Petrus het genoem dat die OORDEEL met die Kerk van God begin het (2 Petrus 4:17). Diegene wat God deur Jesus Christus gedurende hierdie Kerk eeu na hom geroep het word tans hier en nou in hierdie lewe geoordeel, terwyl daar nog nie 'n uitspraak oor die wêreld is nie.

Beteken dit dat die wêreld vry is om te sondig? Geensins! Mense word nou deur God toegelaat om te sondig maar word huidiglik nie ten opsigte van daardie sonde geoordeel nie.

## *NA DIE MILLENIUM.*

Na die duisendjarige heerskappy van Christus en die Kerk op aarde, kom die tyd van GOD se veroordeling oor hierdie wêreld. 'n Krimineel mag miskien 'n ernstige misdaad – selfs moord—gepleeg het. Totdat hy egter gearresteer word en voor 'n regter teregstaan, is hy nie veroordeel of gevonnis nie.

In die finale veroordeling, met Christus op die regbank, sal alle mense wat in hierdie wêreld gelewe het, tot die lewe opgewek word. Hulle sal dan verantwoording doen vir al die sondes van hul vorige lewe (Openbaring 20:11-12).

Diegene wat IN Christus gesterf het sal met sy wederkoms opstaan as onsterflike Godwesens en diegene wat ten tye van sy wederkoms IN Christus lewe en wat deur sy Heilige Gees gelei word, sal onmiddellik verander word in onsterflike Godwesens. Hulle sal met en onder Christus regeer en mense gedurende die

duisend jaar onderrig. Al die ander mense wat gesterf het sal eers weer na die millenium lewe (Openbaring 20:5).

Die 37ste hoofstuk van Eségiël toon ook die heropstanding ten tye van die oordeel aan. Hierdie 37ste hoofstuk bevat die profesie van die "droë bene". Die Bybel vertolk self die "droë bene" in vers 11 waar gesê word, dat die droë bene die Huis van Israel is: "Kyk, hulle sê: Ons bene is verdor, en ons veragting is verlore…" Soos die Godspraak sê: "… Daarop sê Hy vir my: Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die woord van die HERE! So spreek die Here HERE tot hierdie bene: Kyk, Ek bring gees in julle in, sodat julle lewendig kan word. En Ek sal senings op julle lê en vlees oor julle laat opkom en 'n vel oor julle trek en gees in julle gee, sodat julle lewendig kan word; en julle sal weet dat Ek die HERE is" (verse 4-6 ).

Vervolgens vertel die profesie van die Groot Wit Troon Oordeel wanneer hierdie hele huis van Israel wat so ernstig teen God gesondig het, uit die dode sal opstaan.

Die profesie gaan verder: "Toe het ek geprofeteer soos my beveel was. En sodra ek geprofeteer het, was daar 'n geruis, en kyk—'n beroering! En die bene het nader gekom, elke been na sy been. Toe kyk ek en—daar was senings op hulle, en daar het vlees op gekom, en 'n vel is bo-oor hulle getrek, maar daar was geen gees in hulle nie. Daarop sê Hy vir my: Profeteer tot die gees, profeteer, mensekind, en sê aan die gees: So spreek die Here HERE: Kom aan uit die vier windstreke, o gees, en blaas in hierdie dooies, dat hulle lewendig kan word. En ek het geprofeteer soos Hy my beveel het. Toe het die gees in hulle gekom, en hulle het lewendig geword en op hulle voete gaan staan—'n ontsaglike groot leër!" (verse 7-10). Hier word aangedui dat almal teruggebring word tot werklike lewe en word onderhou deur lug in te adem, net soos in hul oorspronklike lewe. Dit wil sê sterflik—steeds onbekeerd. Dan sê God, "En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal julle bring in die land van Israel." Hierdie is die opstanding vir die Groot Wit Troon Oordeel. Al die Ou Testamentiese Israelite sal weer lewendig word net soos wat hulle in hul eerste lewe was. Wat gebeur dan? "En julle sal weet dat Ek die HERE is as Ek julle grafte oopmaak en julle uit jul grafte laat opkom, o my volk! En Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek

sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die HERE , dit gespreek en gedoen het, spreek die HERE" (verse 13-14).

Met ander woorde, in die Groot Wit Troon Oordeel, na die millenium, sal ou Testamentiese Israel lewend opgewek word; dan sal hulle "weet dat Ek die HERE is." Kennis van God sal tot hulle deurdring. Die opgewektes sal dan hierdie lees: "Daar sal julle dan dink aan julle weë en al julle handelinge waarmee julle jul verontreinig het, en julle sal vir julself walglik wees vanweë al jul slegte dinge wat julle gedoen het. En julle sal weet dat Ek die Here is as ek met julle handel terwille van my Naam en nie volgens julle verkeerde weë of julle verdorwe handelinge nie, o huis van Israel, spreek die Here, Here" (Eségiël 20:43-44).

Dan na berou, let op in Eségiël 37:14; "En Ek sal My Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word; en Ek sal julle vestig in jul land; en julle sal weet dat Ek, die Here, dit gespreek en gedoen het, spreek die Here."

Dus, in die Groot Wit Troon Oordeel sal hulle tot die besef kom dat Christus gekom en ook vir hulle gesterf het. Na berou sal hulle die Heilige Gees en daarmee saam verlossing en die ewige lewe ontvang.

Almal wat ooit geleef het, maar tot nogtoe nie geoordeel nie, nie alleenlik Israel nie, maar van alle nasies, sal as STERFLIKE wesens fisies lewend gemaak word soos in hul eerste lewe tot en met hul dood. Dié In hierdie oordeel is sterflik. Hulle sal dan verantwoording doen en daarna geoordeel word. Wat hierdie Groot Wit Troon Oordeel betref, het Christus gesê, "Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en hulle veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en—meer as Jona is hier! Die koningin van die Suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want sy het gekom van die eindes van die aarde af om die wysheid van Salomo te hoor, en—meer as Salomo is hier!" (Matthéűs 12:41-42 en ook in (Lukas 11:31-32). Ook: "En Ek sê vir julle: Vir Sodom sal dit verdraagliker wees in dié dag as vir daardie stad… Maar vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeel verdraagliker wees as vir julle" (Lukas 10:12, 14). Daar sal gestraf word. Die wat min gesondig het, sal min slae ontvang, maar vir hulle wat weet wat die wil van God is, en steeds baie gesondig het, sal baie slae ontvang (Lukas 12:47-48).

In die finale oordeel is die dood die loon van sonde. Siende dat almal gesondig het sal almal skuldig bevind en gevonnis word. Maar hulle sal dan verneem dat Christus hulle straf betaal het. Dan sal hulle in roubetoning wat deur prestasie bewys sal word, selfs op daardie tydstip geleentheid gegee word om die LEWE te kies en onsterflikheid te verkry.

Wat 'n genadige Skepper God wie se genade so hoog as die hemel is bo die aarde. En hy in staat is om ons oortredinge so ver te verwyder as wat die ooste van die weste af is (Psalm 103:12).

Maar daar is meer! Baie meer!

## *ONGELOOFLIKE MENSLIKE POTENSIAAL*

In die boek van Hebreërs lees ons: "Want aan die engele het Hy die toekomstige wêreld waarvan ons spreek, nie onderwerp nie" (Hebreërs 2:5). Die tema of konteks hier is die "wêreld wat kom."

Daar is net een aarde, maar die Bybel praat van drie wêrelde of beskawings—die "wêreld wat was" (voor die sondvloed van Adam tot Noag) hierdie "sondige wêreld" (vanaf die sondvloed tot die wederkoms van Christus) en "die wêreld wat kom" (vanaf die wederkoms van Christus en die vestiging van God se Koninkryk op aarde).

Hierdie vers praat asof hierdie wêreld onder beheer van die engele geplaas was. Feit is dat reg in die in die eerste hoofstuk van die boek Hebreërs, word daar van Christus en die engele gepraat en die engele se verhouding tot mense. Dit was in Hoofstuk 2 van hierdie boek bespreek.

Hou egter die algemene tema of konteks van "die wêreld wat kom, waarvan ons praat" hier in gedagte —nie hierdie huidige tyd wat vinnig die *einde* nader nie! Vervolg in vers 6: "Maar iemand het êrens getuig en gesê …" waarna 'n aanhaling van *net* die eerste ses verse van die agtste Psalm volg.

In hierdie Psalm dui Dawid spesifiek aan dat God nou die aarde met sy atmosfeer of lug en die see aan die beheer van die mens onderwerp het. Die skrywer van die boek van Hebreërs is nou geinspireer om die profesie van Dawid uit te brei en iets radikaals daartoe by te voeg—iets wat in die wêreld wat kom moet gebeur!

Hierdie geopenbaarde kennis van God se doel met die mens—hierdie ongelooflike ontsagwekkende potensiaal—is

verbluffend vir die verstand. Die wetenskap weet niks daarvan nie—geen geloof sover ek weet, openbaar dit nie—en hoër geleerdheid is totaal onbewus daarvan.

Nieteenstande, is dit wat God sê hy vir diegene wat hom liefhet voorberei het (1 Korinthiërs 2:9-10).

Ek het reeds vantevore genoem dat God dit nodig geag het om sekere kennis aan ons voorouers te openbaar *maar dat hulle geglo het wat Hy gesê het nie!* Sowat 4000 jaar daarna het Jesus Christus, die tweede Adam, op die aarde verskyn met 'n boodskap van sy Vader wat in die hemel is, wat dieselfde kennis openbaar—maar slegs 'n handjievol—'n honderd en twintig—het geglo wat Hy gesê het, terwyl daar talle was wat bely het dat hulle "in hom geglo het" (soos in Johannes 8:30-31, 37-38, 40, 45-46).

Vandag glo die wetenskap, die godsdiens en die onderwys nog steeds nie WAT HY GESÊ HET nie.

Kom laat ons sien wat in hierdie gedeelte van Hebreërs waar die aanhaling van Psalm 8 beeindig word, verklaar word: "Alle dinge het U onder sy [die mens se] voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom [die mens] het Hy NIKS uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie." (Hebreërs 2:8).

Is dit moontlik, dat God werklik bedoel wanneer hy sê ("alle dinge")? Dat daar *niks* uitgesluit word nie?

In die eerste hoofstuk, gee die Moffat vertaling van die Bybel, die Griekse vertaling van "alle dinge" weer as "die heelal" (vers 8).

Met ander woorde, vir diegene wat bereid is om te glo wat God sê, sê Hy, dat hy bepaal het dat die heelal in sy geheel—met al sy hemelstrate, die ongetelde sonne en planete—*alles*—aan die mens onderwerp sal word.

Maar *wag 'n bietjie*! Voordat ongeloof u beetpak, lees die volgende woorde in dieselfde vers 8: "Maar nou sien ons *nog nie* dat alle dinge [die eindelose heelal] aan hom [die mens] onderwerp is nie." Onthou dat hier gepraat word van die "wêreld wat kom" (vers 5)—nie vandag se wêreld nie. Maar wat sien ons nou:? "Maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon." Die mens, uitgesonderd Christus is NOG NIE "met heerlikheid en eer gekroon nie."

Vervolgens, sien hoe Christus reeds met heerlikheid en eer gekroon is. "Want dit het Hom betaam, ter wille van wie *alle*

*dinge* [die heelal] en deur wie alle dinge is, as Hy baie kinders na die heerlikheid wou bring, om die bewerker van hulle saligheid deur lyde te volmaak…om hierdie rede skaam Hy Hom [Christus] nie om hulle broeders te noem nie" (verse 10-11).

Met ander woorde, Christene wat God se Heilige Gees het is mede erfgename met Christus om alles wat hy reeds het, te ERF. Hy is nou verheerlik! Hy het reeds die heelal geërf. Dit word deur sy grote krag *onderhou*. Die mens, indien hy 'n bekeerling is, en God se Heilige Gees het (Romeine 8:9) is op hierdie stadium 'n ERFGENAAM—*nog nie* eienaar nie.

Maar sien nou hoe Christus *reeds* met eer en heerlikheid bekroon is—alreeds besitter is—en reeds geërf het. Begin in Hebreërs 1:

"God … het in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles [die heelal] aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra [onderhou] deur die woord van sy krag …" (Hebreërs 1:1-3)

Die lewende Christus onderhou reeds die heelal deur sy onbeperkte grote krag. In hierdie gedeelte word dit bevestig dat Christus die engele se meerdere is—dat hy die verwekte en gebore Seun van God is—en dat engele alleenlik individiuele geskepte wesens is. Engele is tans dienende geeste (onsigbaar vir ons), gedienstig teenoor ons—wie se status tans laer as die van die engele is—maar wie egter *erfgename* van die saligheid is, wanneer ons nes Christus, *weergebore* seuns van God sal wees (Hebreërs 1: 4-14).

## *BUITENSTE RUIMTE—PLANETE DOOD*

Voeg hierdie saam met dit wat in hoofstuk 8 van Romeine geopenbaar word. Hier praat dit van Christus as God se Seun: "… sodat Hy die *eersgeborene* kan wees onder baie broeders" (Romeine 8:29). Sterflinge wat God se Heilige Gees het, is *erfgename* van God en mede-erfgename met Christus—wie alleen deur die opstanding uit die dood God se gebore seun is (Romeine 1:4). Hy is die EERSTE van die menslike familie om in die familie van God in—die Koninkryk van God—weergebore te word. Hy is die baanbreker wat vooruit gegaan het. Ons sal met

die opstanding van die regverdiges volg wanneer Christus na die aarde met allerhoogste krag en heerlikheid sal terugkeer.

Hierdie agtste hoofstuk van Romeine, verklaar in vers 9, dat indien ons die Heilige Gees van God in ons het, is ons sy verwekte seuns is, maar indien ons nie sy Gees in ons het nie, dan is ons niks van hom nie—nie Christene nie. Vers 11 sê egter, indien die Heilige Gees van God in ons groei en ons daardeur gelei word, sal ons deur sy Gees vanuit die dood opgewek word—(of indien ons in die lewe verkeer by sy wederkoms, sal ons verander van sterfling na onsterflike).

Vervolgens: " Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God... Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus... sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word. Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie..." (Romeine 8:14-18).

Lees verder: "Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping, [al die sonne, planete, sterre en mane] is aan die nietigheid onderworpe nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele skepping [al die sonne, planete, sterre en mane] tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self [ons sterflike Gees verwekte sterflinge] wat die eerstelinge van die Gees het, [die baie min wat tot saligheid geroep is—die eerstelinge van die Gees] ons sug ook in onsself in afwagting van die [*wedergeboorte*] tot kinders" (verse 19-23).

Wat 'n verbasende en wonderlike onthulling van kennis!

Daar kan sekerlik geen ander oogluikende en fantastiese geskrif as hierdie geskryf word nie!

Dit is so 'n verbasende openbaring, dit mens dit nie ten volle sal begryp indien dit net vinnig gelees word nie.

Eerstens is vers 29 van Romeine 8 aangehaal, waarin verklaar word dat Christus die eersgeborene van BAIE BROEDERS is.

In Hebreërs 1, sien ons dat Christus, die eerste mens wat uit die dood uit opgewek was, verheerlik is en tans die heelal deur sy grote krag onderhou. Hy is die baanbreker wat vooruit gegaan het. By sy wederkoms in krag en heerlikheid, sal diegene wat bekeer is en God se Heilige Gees ontvang het, in die familie van God in gebore word deur ‘n opstanding. Die *ganse heelal* sal dan aan hulle ONDERwerp word!

Verder lees ons in Romeine 8, dat indien ons deur die Heilige Gees van God gelei word, ons tot ‘n onsterflike gees samestelling in die familie van God opgewek sal word, soos wat Christus na sy opstanding in 31n.C. was.

Nou weer verder met vers 19: “Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God.” Hierdie sal gebeur na die opstanding, wanneer diegene wat menslike sterflinge is—deur die opstanding onmiddellik van mens wees na onsterflike Gees—as seuns van God sal verander.

## *VERBASEND?—HEELAL WORD VERNUWE*

Begryp nou, asseblief. Waarom moet die heelal—die skepping—*reikhalsend* wag op die werklike geboorte en die verskyning van al die seuns van God? Die volgende verse skilder ‘n heelal waarvan al die planete vergaan in nutteloosheid—en tog asof dit aan hierdie vergangklikheid in hoop onderworpe is! “In die hoop dat ook die skepping self [die heelal wat nie nou in staat is om lewe te ondersteun nie] vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God.”

*Hoe* het dit dan gebeur dat al die planete in nutteloosheid verval het? God het hulle sekerlik nie so geskep nie!

Vergangklikheid dui op ‘n toestand of kondisie wat veroorsaak is deur verwording en ontbinding van ‘n vorige onverganklike kondisie. Hierdie planete is deur God in ‘n ONvergangklike toestand geskep

Maar iets moes hierdie verslegting te wee gebring het.

Wat was die oorsaak van hierdie “slawerny van verganklikheid?”

Dit kan nie die toestand wees waarin God hulle geskep het nie! Alles wat in God se geopenbaarde Woord van sy skepping

gelees word, dui daarop dat dit 'n perfekte skepping was. Die aarde was 'n volmaakte en glansryke skepping.

Ons weet ook dat die engele, die aarde bewoon het, voordat die mens geskep is. Engele wat vanaf hul skepping perfek was, totdat ongeregtigheid en wetteloosheid in hulle gevind was, het veroorsaak dat die oppervlakte van die aarde in 'n staat van verval, verwarring en leegheid verander het, soos wat daar in hoofstuk 2 aangedui word.

Is dit moontlik dat die heelal met sy tallose ander planete geskep was met die uiteindelike doel om lewe daarop te ondersteun? Daar word in die Woord van God nie spesifiek gestel of dit so is nie, maar wat ons vertel word, werp bykomende lig op die vraag waarom God besluit het om die mens te skep!

Lees die volgende aanhaling van Romeine 8:22 "Want ons weet dat die hele skepping [heelal] tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe." Neem in ag dat die skepping vergelyk word met 'n moeder wat op die punt staan om geboorte te gee. Hier word die skepping uitgebeeld as sou dit in barensnood verkeer maar tog in hoop (vers 20), in afwagting van die wedergeboorte van God se kinders tot onsterflikheid. Dit is asof die heelal die moeder is en God die Vader. In alle geval die volle betekenis van hierdie gedeelte, is dat wanneer ons (bekeerde mense) uit God weergebore is—en die mag en glorie van God besit—gaan ons doen wat God gedoen het toe hierdie aarde "woes en leeg" was—*tohu* en *bohu* in Hebreeus (Genesis 1:2). Christus wat die "gelaat van die aarde nuut" gemaak het (Psalm 104:30), het dit wat die sondige engele wat opstandig was vernietig het, weer nuut gemaak.

Wat deur hierdie wonderlike verse geimpliseer en aangedui word is baie meer as wat in die besonder openbaar word.

Hierdie gedeeltes bevestig wat astronome en wetenskaplike getuienis aandui—die sonne is balle van vuur wat lig en hitte voorsien; terwyl die planete, die aarde uitgesluit, in 'n dooie toestand van verval en nutteloosheid verkeer—nie vir ewig nie—maar *wagtend* op die wederGEBOORTE van die kinders van God, die familie wat die Koninkryk van God uitmaak.

Die Koninkryk van God was Jesus se evangelie. Wat hier aangedui word is dat die evangelie van Christus al hierdie geopenbaarde kennis insluit—dat die heelal in geheel deur

ons regeer sal word, saam met God die Vader en Christus die Koninkryk van God sal wees.

God is eerste van alles Skepper, terselfdertyd ook Heerser. En Hy is ook Opvoedkundige wat kennis, buite die bestek van begrip vir die menslike brein, openbaar!

Voeg al die skrifgedeeltes wat in hierdie hoofstuk gebruik is saam om ‘n begrip van die ongelooflike menslike potensiaal te verkry. Ons potensiaal is om in die Godfamilie in gebore te word en totale mag en regsbevoegdheid oor die heelal gegee te word!

Wat gaan ons dan doen? Dit word in hierdie skrifgedeeltes aangedui dat ons lewe aan biljoene en biljoene dooie planete soos wat lewe aan die aarde verleen was, sal gee. Ons sal skep soos wat God regstreeks opdra en leer. Ons sal vir ewig regeer! Openbaring 21 en 22 verklaar dat daar dan nie pyn, lyding, geen euwel sal wees nie, omdat ons dan reeds geleer het om God se weë te kies. Dit sal ‘n ewige lewe van totstandbrenging wees, en waar gedurig met vreugde en verwagting uit gesien sal word na nuwe projekte en ook nog met blydskap en vreugde terugkyk na wat reeds tot stand gebring is.

Ons sal nooit moeg of uitgeput word nie. Altyd lewendig—vol blye energie, krag, oorvloedige lewe, sterk en kragtig!

## *AARDE SAL HOOFKWARTIER VAN DIE Heelal WORD*

Uiteindelik sal God die Vader ook na die aarde toe kom. Sy troon oor die heelal in geheel sal op die aarde gevestig word.

Let op wat in 1 Korinthiërs 15 :24 geboekstraaf is, nadat daar van die onderskeie opstandings gepraat is: “Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.”

In Openbaring 21:3: “En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.”

Verder ook in Openbaring 22:3: “ En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van God en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien.”

Wanneer daar van God en die Lam gepraat word, verwys die Lam na Christus en God na die Vader.

Uiteindelik sal versoening volledig wees. Beide God die Vader en sy Seun Jesus Christus in ons en ons met hulle verenig in een groot allerhoogste Godfamilie.

Hoe wonderlik totaal en al buite die bestek van woorde om die glorie van God en sy wonderlike doel wat nou in swang is uit te druk. Lof, eer en glorie aan God en aan Jesus Christus vir ewig.

Met God se meesterplan van sewe duisend jaar uiteindelik voltooi—die geheime van die eeue finaal geopenbaar en met die herskepping van die eindelose heelal en die ewigheid wat voorlê, kom ons uiteindelik by

DIE BEGIN.

# KONTAK INLIGTING

**Om die Philadelphia Church of God te bereik vir die bestelling van literatuur, sowel as 'n besoek deur 'n leraar aan te vra:**

**Besoek ons webwerf:** www.pcog.org

**In Noord-Amerika, kan u ons tolvry skakel**: 1-800-772-8577

**POSADRESSE WÊRELDWYD**

**Verenigde State:** Philadelphia Church of God, Posbus 3700, Edmond, OK 73083

**Kanada:** Philadelphia Church of God, Posbis 400, Campbellville, ON L0P 1B0

**Karibiese Eilande:** Philadelphia Church of God, P.O. Box 2237, Chaguanas, Trinidad, W.I.

**Brittanje, Europa, Midde-Ooste**: Philadelphia Church of God, Posbus 900, Northampton, NN5 9AL, Engeland

**Afrika:** Philadelphia Church of God, Posbus 2969, Durbanville, 7551, Suid-Afrika

**Australië, Indië, Sri Lanka en die Pasifiese Eilande:** Philadelphia Church of God, Posbus 375, Narellan, N.S.W. 2567, Australië

**Nieu-Seeland:** Philadelphia Church of God, Posbus 6088, Glenview, Hamilton 3246

**Fillipyne:** Philadelphia Church of God, Posbus 52143, Angeles City Poskantoor, 2009, Pampanga

**Latyns-Amerika:** Philadelphia Church of God, Aandag: Spaanse Departement, Posbus 3700, Edmond, OK 73083, Verenigde State



HERBERT W. ARMSTRONG, regoor die wêreld deur leiers van owerhede, industrie en opvoeding, erken en gerespekteer, was pastoor-generaal van die *Worldwide Church of God* tot sy afsterwe in 1986. Hy het die *Plain Truth*-tydskrif in 1934 begin publiseer en was die hoofredakteur daarvan. In 1947 het mnr. Armstrong die *Ambassador College* gestig, toe met twee kampusse, in Pasadena, Kalifornië en Big Sandy, Texas. Hy was ook die stigter en voorsitter van die *Ambassador International Cultural Foundation*, bekend vir sy kulturele, welsyns- en humanitêre aktiwiteite. Herbert Armstrong het reeds meer as 70 lande besoek en die evangelie van die Koninkryk van God verkondig. Hy was hoogs gerespekteer deur staatshoofde in sulke kritieke streke soos Japan, China, Swart- en Suid-Afrika, Israel en Egipte. In sy negentigs, het mnr. Armstrong volgehou met die skrywe, uitsending en verkondiging van die blye boodskap dat God binnekort sal intree om die mensdom in hierdie generasie te red! Hy is ook outeur van "*The Missing Dimension in Sex*" en "Die Ongelooflike Menslike Potensiaal" wat die ongelooflike plan wat God in die menselewe uitwerk, verduidelik, "*The Wonderful World Tomorrow—What It Will Be Like*" en "Die Verenigde State en Brittanje in Profesie". Hy was onder andere ook die outeur van "*The Seven Laws of Success*" en sy *Autobiography.*